DIE ONTWIKKELING VAN 'N FORENSIES-SIELKUNDIGE EVALUERINGSMODEL VIR IMPULSMOORDE

deur

J.F. TRUTER

BSoc.Sc, Hons. BA, MA (Kliniese Psigologie)

Proefskrif voorgelê vir die graad *Philosophiae Doctor* in Psigologie aan die Potchefstroomse kampus van die Noordwes-Universiteit.

Promotor: Prof E. Van Rensburg

Mei 2012

Studentenommer: 21182256

Ek verklaar hiermee dat "*Die ontwikkeling van 'n forensies-sielkundige evalueringsmodel vir impulsmoorde*" my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

Geteken: **Datum: 2012/05/03**

DANKBETUIGINGS

Hemelse Vader, hou alle (emosionele) wissels
gesluit wat na sylyne uitdraai
en veral die wat lei na ‘n doodloopspoor
sodat ek die lewens- en verhoudingsreis kan aflê
sonder om seer te maak en stil te hou…
(Aangepas uit die spoorwegman se gebed)

- My diepste buiging voor die Lewenstuinier vir U ophelderende lig, U leiding en hierdie mees frappante navorsingsbewys van *dei sub numine viget* (met U hulp gaan dit goed).

- My promotors: Prof Esmé van Rensburg vir haar akademiese ratsheid, subtiele ontslae raak van oorbodigheid en ‘n verfrissende vriendelikheid tydens elke samekoms. Prof Karel Botha vir sy bygedagtes en fyn gekalibreerde akademiese meetlat.

- Professors Ackron en Nelson, mev Claasens – die taalkundige woordsmede en hul bydraes, kennis en verklaringsdrif.

- My kollegas in die sielkunde, regte en aanverwante professies wat ‘n kwantum-sprong help maak het: om in die weersinwekkende die lofwaardige te vind en daaroor te verklaar dat dit nektar is - ‘n Sanskrit-spreuk

- Vir die deelnemers wat langsamerhand help vorm het aan die pynlik bewuste beginsel: dat die persoon net so belangrik is as die gebeure en gevolge. Vir die gevonniste wat waardigheid preserveer en die bereidwilligheid om hul herroeping van die impulsdaad aan die wetenskap af te staan.

- Greta en Karin vir die tegniese versorging.

- Prof Smit (Polisiekundige), Generaal Stevens (SAP), Dr Mynhardt (UNISA), Advokate (SC) Ferreira, Geach, Van Wyngaard en mnr Wessels (prokureur) vir inspirasie en dieper begrip vir impulsmoorde en die praktyk. Kolonel TFH Schoeman – my lewensmentor wat logika eenvoudig maak.

- Vir die leser wat eens sou glo dat akademiese navorsing net ‘n heilige plek is. Maar met die ontwikkelingsnavorsingsmodel, ruimte bestaan vir eenvoudiger redevoering deur die crescendo van ondersoek en die behoud van die praktyk.

- Helaas aan my lewensmaat en kinders: Een haar van ‘n vrou is sterker as 1000 osse (J Howell). Ons kinders vir die tydloosheid wat deur julle voor oë geroep word, die nederigheid en die toespeling van status.

Opsomming

Suid-Afrika word gekenmerk deur ‘n kultuur van geweld en veral ‘n uitermatig hoë voorkoms van geweldsmisdade. Die impak daarvan op die individu en gemeenskap (as wisselwerkende sisteme) bly traumaties. Hierdie dade word dikwels as voorafbeplande en doelgerigte gewoontehandelinge uitgevoer. Daarteenoor bestaan ook moorde wat sonder voorafbeplanning gepleeg word en waar die moordenaar slegs eenmalig oortree - vandaar die begrip van impulsmoorde. ‘n Onderskeid behoort getref te word tussen eersgenoemde beplande konvensionele geweldsmisdade en impulsmoorde. Probleme bestaan egter in hierdie verband: weinig navorsing bestaan en insgelyks heers daar verwarring in die beskouing van impulsmoorde. Die aanvanklike doel van hierdie navorsing was gevolglik om (gewelds)misdaad te definieer, impulsmoord as geweldsmisdaad te beskryf en te verklaar en die determinante daarvan te ondersoek. Deur ‘n vergelyking tussen impulsmoorde en gepremediteerde moorde te tref, is tot die slotsom gekom dat uiteenlopende dinamika bestaan. Impulsmoorde manifesteer in bepaalde situasies, gaan gepaard met atipies optredes en lei tot impulsiewe en 'n onverwagte brutale uitbarstingsgeneigdheid (Bartol, 2005). ‘n Regsbegronding van impulsmoorde is voorts aangebied.

Die bestaande status van forensiese sielkundiges en die wyse hoe dit inspeel op psigo-forensiese evaluerings, is ook nagevors. Leemtes en dilemmas is betreffende forensies–sielkundige evalueringsprotokol in die algemeen geïdentifiseer. Dit blyk daaruit dat dit moeilik vir sielkundiges is om hul kundigheid in howe te vestig (Allan & Louw, 2001). Wat die evaluering van impulsmoorde deur forensiese-sielkundiges betref, kon slegs algemene voorstelle in die literatuur geïdentifiseer word (Niebering, Moore & Dematatis, 2002).

Die gebrek aan ‘n model waarbinne impulsmoorde beoordeel kan word, het gelei tot die behoefte aan en ontwerp van ‘n spesifieke beoordelingsmetodiek

(Coccaro & Danehy, 2006). Die gestandaardiseerde versameling van feite (binne so ‘n voorgestelde model) moes egter begripvorming by betrokke partye in litigasie kweek. Hierdie voorvonnis evaluering sluit derhalwe ook die bepaling van die individu se gemoedstoestand tydens die “beplanning en uitvoering” van die impulsiewe misdryf (*mens rea*) in en slaan terug op die beoordeling van ‘n toestand van nie-patologiese-/ tydelike (verminderde) ontoerekeningsvatbaarheid as verweer.

Die bruikbaarheid van ontwikkelingsnavorsing as paradigma is vir die ontwerp van ‘n juridies aanvaarbare evalueringsmodel vir impulsmoorde uiteengesit en verskeie ontwikkelingsmodelle is geanaliseer. Met die Algemene Sisteemteorie as metateorie en Rothman en Thomas (1994) se Intervensie-Ontwerp-en-Ontwikkelingsnavorsing as paradigma, kon ‘n psigoforensiese evalueringsmodel vir impulsmoordenaars saamgestel word. Hierdie evalueringsmodel is ontwerp, in fases en oor tyd geïmplementeer en moes eenvormigheid in die Suid-Afrikaanse regstelsel bevorder. Vyftien geargiveerde gevallestudies (‘n geleentheid-steekproef van oortreders wat aan impulsmoorde skuldig bevind is), is ontleed. Die meetinstrumente wat toegepas en die kollaterale inligtingsbronne wat verkry is, is ontleed. Hierdie model het kulmineer in ‘n beoordelingsformaat wat stapsgewys uitgevoer word en wat deurlopend met praktiese voorbeelde uit afgehandelde hofsake, geïllustreer word. Teen die agtergrond van bogenoemde beskou, was dit moontlik om bepaalde tendense by ‘n groep deelnemers te identifiseer en ‘n profielsamestelling van hierdie groep te doen. Hierdie tentatiewe aanwysers maak dit in ‘n mate moontlik om impulsmoorde van konvensionele moorde te onderskei.

Sleutelbegrippe: geweldsmisdaad, ontwikkelingsnavorsing, impulsmoorde, psigoforensiese-evaluering, intervensie-ontwikkeling, blaamwaardigheid en nie-toerekeningsvatbaarheid.

Summary

South Africa is characterized by a culture of violence, finding expression in a unique high incidence of violent crimes, the impact of which on the individual as well as the community, as interactive systems, remains traumatic. These actions are usually premeditated, goal-directed and habitual. Included in the phenomenon of violent crime are murders, which are not premeditated and where the murderer transgresses only once. Hence the concept of impulse murders. A distinction needs to be made between premeditated, conventional violent murders and impulse murders. Problems in this regard however arise: very few criteria in terms of which such a distinction can be made are to be found and much confusion exists with regard to the definition and determinants of impulsive violence and impulse murders. The initial objective of this study was to define (violent) crime, to describe impulse murders as a violent crime and to analyze the determinants of this crime. By drawing a comparison between impulse murders and premeditated murders, it was concluded that impulse murders assume different dynamics. It furthermore manifests in unique situations, is characterized by atypical actions by the person concerned and displays an impulsive explosive tendency (Bartol, 2005). A judicial view of impulse murders is also presented.

The present status of forensic psychology and the ways in which this interacts with psycho-forensic evaluations have been researched. Dilemmas regarding the evaluation protocols in psycho-forensic evaluations were identified. It seems as if it is difficult for psychologists to establish their expertise in court (Allan & Louw, 2001). As far as the evaluation of forensic-psychological cases pertaining to impulse murders are concerned, only general suggestions could be identified in the literature (Niebering, Moore, & Dematatis, 2002). The lack of a model in terms of which impulse murders could be evaluated, clearly indicated the need to construct a specific and unique model for the evaluation of this specific category

of murders (Coccaro & Danehy, 2006). By applying developmental research as a paradigmatic frame of reference, the design of a judicially acceptable evaluation model for impulse murders was embarked upon and various developmental models were analyzed in doing so. Against the backdrop of general systems theory as meta-theory and intervention design and development research as paradigm (Rothman & Thomas, 1994), a psycho-forensic model for the evaluation of impulse murders could be and was indeed constructed.

This evaluation model for impulse murders was designed in phases, tested and implemented. The contents of fifteen archived files of participants, all found guilty of impulse murder, were analyzed. Measuring instruments were applied and collateral sources of information were obtained and analyzed. This model culminates in a progressive instrument for evaluation, which is illustrated throughout with practical examples from concluded court cases. This pre-sentencing evaluation incorporates determining the state of mind of the individual, both preceding the act as well as during the execution of the impulsive transgression (*mens rea*), and also includes the evaluation of the mental state of the transgressor in terms of non-pathological/temporary (diminished) culpability, which may be used as a defense. It was possible to identify specific tendencies against the background of the abovementioned, thus facilitating the creation of a profile of impulse murderers. All these tentative indicators in turn make it (to a certain extent) possible to distinguish between conventional- and impulse murders.

Key terminology: violent crime, developmental research, impulse murders, psychometric evaluation, intervention development, blameworthiness, criminal incapacity.

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1: Moorde per 100 000 van die bevolking 22
Figuur 6.1: Voorverhoor psigoforensiese evaluering: vloeidiagram 185
Figuur 7.1: Provinsies waarin deelnemers grootgeword het 225
Figuur 7.2: Rasverspreiding uitgedruk in persentasies 229
Figuur 7.3: Godsdiensbetrokkenheid van deelnemers.....233
Figuur 7.4: Oortreder-/slagoffer-verhouding.....235
Figuur 7.5: Aantal wonde toegedien deur oortreders 240
Figuur 7.6: Die wyse waarop die moord gepleeg is 241
Figuur 7.7: Mate van samewerking met SAPD 242
Figuur 7.8: Graad van amnesie 243
Figuur 7.9: Deelnemers se intelligensievlakke.....244
Figuur 7.10: Deelnemers se metings ten opsigte van dominansie.....246
Figuur 7.11: Vlak van deelnemers op suspisie 248
Figuur 7.12: Vlak van naïwiteit by deelnemers 249
Figuur 7.13: Mate van spanningsbeheer by deelnemers 250
Figuur 7.14: Persentasie deelnemers met ernstige psigopatologie 253
Figuur 7.15: Persentasie deelnemers met hoë tellings op die Kliniese sindrome van die *MCMI*.....255
Figuur 7.16: Persentasie deelnemers met ernstige kliniese sindrome.....256
Figuur 7.17: Vyandigheid en rigting-van-vyandigheid 257
Figuur 7.18: Angsvlakke en aard van angs 258
Figuur 7.19: Selfagting van deelnemers (uitgedruk in persentasie) 260

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1: Die onderskeid tussen impuls- en gepremeditеerde moorde 25
Tabel 3.1: Beoordelingskriteria 102
Tabel 3.2: Beoordelingskriteria in die MacCAT-CA.....103
Tabel 3.3: Die Conroy standaarde 105
Tabel 3.4: Heilbrun se beginsels vir psigoforensiese evaluering 106
Tabel 3.5: Sageman se psigoforensiese evalueringsvereistes 108
Tabel 3.6: Ses kriteria waaraan psigometriese toetse moet beantwoord.....111
Tabel 4.1: Die Social R & D – model.....118
Tabel 4.2: Research Development and Utilization (RD&U) van Thomas (1981) 120
Tabel 4.3: Fases in die O & O Intervensiemodel.....121
Tabel 4.4: Bannan-Ritland se Geïntegreerde Leerontwerp Ontwikkelings-model 123
Tabel 4.5: Oorsigtelike beskouing van die kernelemente in al die modelle.....126
Tabel 5.1: Fases in die evalueringsmodel van impulsmoordenaars 148
Tabel 5.2: Skematiese voorstelling van lewende sisteme soos aangepas uit De Villiers (2000) 154
Tabel 5.3: Disseminasiestappe aangepas uit Fawcett et al., (1994).....181
Tabel 6.3: Voorbeeld van kontraktuele ooreenkoms (Die outeur, 2011).....189
Tabel 6.4: Genogram van oortreder.....191
Tabel 6.5: Indrukke en waarnemings.....196
Tabel 6.6: Psigometriese toetse.....202
Tabel 6.7: Kliniese indrukke.....210
Tabel 6.8: Relevante hofsake 216
Tabel 6.9: Rigtinggewende faktore in die formulering van ’n finale opinie 217
Tabel 7.1: Oortreders se ouderdomme.....230
Tabel 7.2: Tydsduur van verhouding tussen slagoffer en oortreder, gemeet in jare 236
Tabel 7.3: Karakterisering van slagoffer deur oortreder.....237

Tabel 7.4: Gemoedstoestand van die oortreder 238
Tabel 7.5: Reaktiewe snellers 239
Tabel 7.6: Reaksie van oortreder na die moord 242
Tabel 7.7: Metings van deelnemers op die kliniese persoonlikheidspatrone as persentasies uitgedruk 252
Tabel 8.1: Die fases van die ontwikkelingsnavorsingproses soos van toepassing op die huidige navorsing 271

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS iii
OPSOMMING iv
SUMMARY vi
LYS VAN FIGURE viii
LYS VAN TABELLE x

Hoofstuk 1

Inleiding, probleemstelling en doelstellings

1.1 Inleiding en probleemstelling 1
1.2 Doelstellings, hipoteses en metode van ondersoek 6
1.2.1 Doelstellings 6
1.2.2 Hipoteses 7
1.2.3 Navorsingsbenadering en vooruitskatting 8
1.3 Bydrae van die studie 9
1.4 Etiese aspekte 11

Hoofstuk 2

Impulsmoord as geweldsmisdaad
2.1 Oriëntering: Definisies en verheldering van die konstrukte 'geweld' en 'gewelddadig' 13
2.2 Definisies, klassifikasie en voorkoms van misdaad en geweldsmisdaad 15
2.2.1 Inleiding 15
2.2.2 Definisies en omskrywings van misdaad 16

2.2.3 Die klassifikasie van misdaad en misdadigers 17
2.2.4 Definisies en omskrywings van geweldsmisdaad 19
2.2.5 Die voorkoms van geweldsmisdaad 21
2.3 Impulsmoorde: kenmerke, determinante en regsbegronding.....23
2.3.1 Oriëntering en definisies.....23
2.3.2 'n Vergelyking tussen impuls- en gepremediteerde moorde 24
2.3.3 Gevolgtrekking.....28
2.3.4 Impulsmoord: algemene beskouings.....28
2.3.4.1 Impulsmoord as dranggedrewe.....29
2.3.4.2 Impulsmoord as gekenmerk deur 'n spanningstoestand met gevolglike realiteitsverlies/dissosiasie.....30
2.3.4.3 Impulsmoord as verwant aan opwekking en versteurde kognisie 32
2.3.4.4 Impulsmoord as intieme verhoudingsfenomeen en daad van passie...34
2.3.4.5 Impulsmoord en outomatisme: 'n regsbegrip 36
2.3.4.6 Impulsmoord gepaardgaande met amnesie.....37
2.3.4.6.1 Die werking van geheue en psigogene amnesie.....37
2.3.4.6.2 Amnesie en regsaanspreeklikheid 39
2.3.5 Impulsmoord en impulsiewe geweld: determinante 40
2.3.5.1 Psigopatologie as determinant vir impulsiwiteit en -geweld 40
2.3.5.1.1 Persoonlikheidsversteurings…….. 41
2.3.5.1.2 Impulskontroleversteuring: Onderbroke eksplosiewe versteuring (OEV) …….. 47
2.3.5.1.3 Aandagtekort/hiperaktiwiteitsversteuring (ATHV) en Gedragsteurnis 48
2.3.5.1.4 Opponerende-uitdagendeversteuring 49
2.3.5.1.5 Middelmisbruik..... 50
2.3.5.1.6 Psigoses 52
2.3.5.1.7 Organiese breinbeserings..... 54
2.3.5.2 Ontoereikende selfregulering..... 55
2.3.5.2.1 Inleiding..... 55
2.3.5.2.2 Selfregulering: intrinsieke beheermeganismes, persoonlikheid en eksterne stimuli..... 56

2.3.5.3 Sosiale leer 60
2.3.5.4 Biologiese determinante 62
2.3.5.4.1 Genetiese determinante 62
2.3.5.4.2 Chemiese determinante 63
2.3.5.4.3 Fisiologiese determinante 64
2.3.5.5 'n Eie sintese ten opsigte van determinante 67
2.4 Samevatting 68
2.5 Die regsbeskouing van geweldsmisdade en impulsmoorde 69
2.5.1 Inleiding 69
2.5.2 Kriminele aanspreeklikheid 70
2.5.2.1 Psigopatologie en aanspreeklikheid 71
2.5.2.2 Tydelike nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid 72
2.5.2.3 Impulsmoord en verminderde toerekeningsvatbaarheid 73
2.5.3 Impulsmoorde: regsgesag 74
2.6 Samevatting 78

Hoofstuk 3

Psigoforensiese evaluerings en getuienis

3.1 Inleiding 80
3.2 Forensiese sielkunde as vakwetenskap 81
3.2.1 Omskrywing 81
3.2.2 Forensiese paradigma versus terapeutiese paradigma 81
3.3 Die forensiese sielkundige 85
3.3.1 Die funksie en status van die forensiese sielkundige 85
3.3.2 Opleiding van die forensiese sielkundige 86
3.3.3 Dilemmas in die forensiese sielkunde 88
3.3.4 Die regsposisie van forensiese sielkundiges 91
3.3.4.1 Hofprosedures en rolspelers 91
3.3.4.2 Die hofkundigheid van die forensiese sielkundige 92
3.3.4.3 Terreine van psigoforensiese evaluerings 94

3.3.4.3.1 Emosionele skadebepaling 94
3.3.4.3.2 Profilering.....95
3.3.4.3.3 Risiko-identifisering.....96
3.3.4.3.4 Toesig- en beheerevaluering 97
3.3.4.3.5 Strafregtelike evaluering 97
3.3.4.4 Algemene vereistes en beginsels vir psigoforensiese evaluering 104
3.3.4.5 Die plek van psigometriese toetse in psigoforensiese evaluerings 109
3.3.5 Samevatting.....113

Hoofstuk 4

Ontwikkelingsnavorsing
4.1 Inleiding 114
4.2 Die Ontwerp- en Ontwikkelingsnavorsingsparadigma 115
4.2.1 Inleiding 115
4.2.2 Die grondbeginsels van ontwikkelingsnavorsing 116
4.2.3 Intervensie-Ontwerp en -Ontwikkelingsnavorsing: elemente 116
4.2.4 Navorsingsmodelle 117
4.2.4.1 Die Social Research and Development-model (Social R & D) van Rothman 117
4.2.4.2 Thomas se Research Development and Utilization-model (RD&U) 120
4.2.4.3 Rothman en Thomas : Intervensie, Ontwerp en Ontwikkeling (O&O) .121
4.2.4.4 Die Leerontwerp-Ontwikkelingsmodel van Bannan-Ritland 123
4.2.4.5 Die Geïntegreerde Ontwikkelingsmodel van Nel en Nel 124
4.2.4.6 Die Programmatiese Sosiale Komplekse Intervensie-ontwikkelingsmodel (PSKIOM*)* van Fenton.....125
4.2.4.7 Coughlan en Collins: ’n Deelnemende Ontwikkelingsnavorsings Model 126
4.2.4.8 Oorsigtelike beskouing van die modelle.....126
4.2.5 ’n Kritiese beskouing van die ontwikkelingsnavorsingsmodelle 128
4.2.5.1 Inleiding.....128

4.2.5.2 Rothman se model 128
4.2.5.3 Rothman en Thomas: Intervensie-Ontwerp en -Ontwikkeling (O&O) ... 129
4.2.5.4 Bannan-Ritland se Geïntegreerde Leerontwerp- ontwikkelingsmodel ... 129
4.2.5.5 Die Geïntegreerde Ontwikkelingsmodel van Nel en Nel 130
4.2.5.6 Die Programmatiese Sosiale Komplekse Intervensie-ontwikkelingsmodel (PSKIOM) van Fenton 131
4.2.5.7 Coughlan en Collins: 'n Ontwikkelingsnavorsingsmodel 131
4.2.5.8 Meta-analise van die teorie 132
4.2.6 'n Eie geïntegreerde sintese 134
4.2.7 Die Algemene Sisteemteorie as konseptualiseringsraamwerk en Navorsingsbenadering 135
4.2.7.1 Inleiding: historiese aannames en denke 135
4.2.7.2 Hoofkenmerke en uitgangspunte van sistemiese denke 136
4.2.8 Gevolgtrekking 144

Hoofstuk 5

Die ontwikkeling van 'n psigoforensiese evalueringsmodel vir impuls-moordenaars vanuit 'n ontwikkelingsnavorsingsperspektief
5.1 Inleiding 146
5.2 'n Eie geïntegreerde evalueringsmodel vir impulsmoordenaars 146
5.2.1 Inleiding 146
5.2.2 Fases in die ontwikkeling van 'n evalueringsmodel vir impuls-Moordenaars 147
5.2.2.1 Fase 1: Inwin van inligting en probleemanalise: Analisering en beoordeling van bestaande navorsing en probleme 149
5.2.2.2 Fase 2: Herdefiniëring en ontwerp van 'n evalueringshulpmiddel 153
5.2.2.2.1 Inleiding 153
5.2.2.2.2 Algemeen Sistemiese benadering 153
5.2.2.2.3 Diverse sistemiese insette 155
5.2.2.2.4 Die deelnemers / kliëntsisteem 158

5.2.2.3 Fase 3: Ontwikkelingsfase 159
5.2.2.3.1 Die elemente van ’n evalueringsmodel vir impulsmoordenaars..... 160
5.2.2.3.1.1 Etiese oorwegings en stelrëels 160
5.2.2.3.1.2 Meervoudige kollaterale inligtingsbronne 162
5.2.2.3.1.3 Hipoteses, vrae en afleidings 164
5.2.2.3.1.4 Sielkundige toetse.....166
5.2.2.3.1.5 Onderhoude en observasie.....177
5.2.2.4 Disseminasie: diffusie 180
5.3 Samevatting.....182

Hoofstuk 6

‘n Evalueringsmodel vir impulsmoordenaars: praktiese toepassingsriglyne.
6.1 Inleiding 184
6.2 Evalueringstappe van die model 187
6.2.1 Stap 1: Beoordeel die deskundige se vakkundige kennis 187
6.2.2 Stap 2: Die kontraktuele fase.....187
6.2.3 Stap 3: Insameling van inligting 191
6.2.4 Stap 4.Integrasie van inligting 206
6.2.5 Stap 5: Samestelling van verslag en aanbevelings.....215
6.3 Bepaal of die impulsmoorde gegrond is op algeheleontoerekenings-vatbaarheid vanweë ’n geestesiekte 219
6.4 Samevatting.....222

Hoofstuk 7

Profielsamestelling van ’n groep impulsmoordenaars
7.1 Inleiding 223
7.2 Metode van evaluering 223
7.3 Onderskeie indekse soos op impulsmoordenaars toegepas.....224
7.3.1 Kinderjare van die oortreder 224
7.3.1.1 Sosio-demografiese omgewing.....225

7.3.1.2 Probleemouers en traumatiese kinderjare 225
7.3.1.3 Kriminogene geskiedenis van die oortreder se gesinslede 226
7.3.1.4 Sosio-ekonomiese status van gesin.....226
7.3.1.5 Aantal sibbe van die oortreder 227
7.3.1.6 Skool- en/of aanpassingsprobleme: rebelsheid of opponerende gedrag.....227
7.3.1.7 Aanwesigheid van kinderpsigopatologie 228
7.3.1.8 Wetsoortredings as kind.....228
7.3.2 Volwasse indekse van oortreders 229
7.3.2.1 Etnisiteit/Rasverspreiding.....229
7.3.2.2 Geslagtelikheid van oortreders 229
7.3.2.3 Oortreder se ouderdom ten tye van die oortreding 230
7.3.2.4 Opvoedingsvlak en skoolkwalifikasie 230
7.3.2.5 Werkgeskiedenis.....231
7.3.2.6 Sosiale gewoontes (middelgebruik) 231
7.3.2.7 Seksuele probleme/prestasie.....232
7.3.2.8 Mediese geskiedenis 232
7.3.2.9 Gebruik van chroniese medikasie (insluitend psigiatriese medikasie) .232
7.3.2.10 ’n Geskiedenis van amnesie 233
7.3.2.11 Godsdiensbeoefening voor die misdryf 233
7.3.2.12 Voorafgaande sielkundige behandeling en/of berading 234
7.3.2.13 Misdaadgeneigdheid/-geskiedenis.....234
7.3.3 Kontekstuele faktore 235
7.3.3.1 Verhouding tussen oortreder en slagoffer.....235
7.3.3.2 Tydsduur van die verhouding tussen oortreder en slagoffer 236
7.3.3.3 Persoonlikheidsaspekte van die slagoffer: kollaterale bronne.....237
7.3.3.4 Gemoedstoestand van oortreder voor die moord.....238
7.3.3.5 Die aard van die moord.....238
7.3.3.6 Seksuele aanranding op slagoffer voor of ná die moord.....238
7.3.3.7 Snellers wat misdaad voorafgegaan het 239
7.3.3.8 Die aantal wonde/beserings aan die slagoffer(s) 240

7.3.3.9 Die metodiek van die moord 241
7.3.3.10 Reaksie van die oortreder na die moord 241
7.3.3.11 Die oortreder se samewerking met SAPD.....242
7.3.3.12 Pleit: Skuldig of onskuldig 243
7.3.3.13 Versteuring van die moordtoneel 243
7.3.3.14 Amnesie ten opsigte van gebeure.....243
7.3.4 Psigometriese indekse 244
7.3.4.1 Raven se toets: Intelligensievlakke van die deelnemers 244
7.3.4.2 16PF-vraelys: Introversie en ekstroversie 245
7.3.4.3 16PF-vraelys: Ego-sterkte van deelnemers 246
7.3.4.4 16PF-vraelys: Dominansie teenoor onderdanigheid 246
7.3.4.5 16PF-vraelys: Impulsiwiteit teenoor soberheid.....247
7.3.4.6 16PF-vraelys: Gewetensontwikkeling 247
7.3.4.7 16PF-vraelys: Emosionele sensitiwiteit teenoor gehardheid 248
7.3.4.8 16PF-vraelys: Suspisie/agterdog 248
7.3.4.9 16PF-vraelys: Naïwiteit 249
7.3.4.10 16PF-vraelys: Skuldgeneigdheid 249
7.3.4.11 16PF-vraelys: Beheer van spanning-/frustrasie 250
7.3.4.12 16PF-vraelys: Spanningsvlakke 250
7.3.4.13 Geneigdheid tot distorsie soos gemeet op die 16PF en CAQ-vraelyste en die *MCMI* 251
7.3.4.14 MCMI: Kliniese Persoonlikheidspatrone 251
7.3.4.15 MCMI: Ernstige psigopatologie 253
7.3.4.16 *MCMI*: Kliniese sindrome 254
7.3.4.17 *MCMI*: Ernstige kliniese sindrome.....256
7.3.4.18 *HDHQ*: Vyandigheidsvlakke.....257
7.3.4.19 *IPAT-angsskaal*: Angsvlakke (simptomaties of onbewus).....258
7.3.4.20 Selfreguleringsvraelys (SRV) *(Self-Regulation Questionnaire – SRQ)*: Selfregulering.....258
7.3.4.21 *Barratt Impulsiveness Scale (BIS)*: Impulsiwiteit 259
7.3.4.22 *Lokus van Beheer-Vraelys*: Lokus van beheer.....260

7.3.4.23 *CAQ, 16PF* en *Onvoltooide sinnetoets*: Berou/Selfverwyt 260
7.3.4.24 *Rosenberg-selfbeoordelingskaal*: Selfagting.....260
7.4 Samevatting.....261

Hoofstuk 8

Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings
8.1 Inleiding 263
8.2 Gevolgtrekkings voortspruitend uit die studie.....263
8.2.1 Impulsmoord as geweldsmisdaad.....264
8.2.2 Psigoforensiese evaluerings en getuienis.....268
8.2.3 Ontwikkelingsnavorsing.....269
8.2.4 Die ontwikkeling van ’n psigoforensiese evalueringsmodel vir Impulsmoorde vanuit ’n ontwikkelingsnavorsingsperspektief.....271
8.2.5 ’n Evalueringsmodel vir impulsmoordenaars: toepassingsriglyne..274
8.2.6 Die profielsamestelling van impulsmoordenaars 275
8.2.6.1 Algemene tendense 275
8.2.6.2 Psigometriese indekse.....281
8.2.6.3 Terloopse bevindings.....288
8.3 Bydraes van hierdie studie 289
8.4 Leemtes en aanbevelings.....290
8.5 Slot.....292

Bronnelys

Hoofstuk 1

Inleiding, probleemstelling en doelstellings

1.1 Inleiding en probleemstelling

Misdaad is ’n nasionale en internasionale verskynsel wat ook in Suid-Afrika epidemiese afmetings aanneem (Du Plessis, 2005; Schönteich, 2000; Schönteich & Sekonyane, 2002). Wat veral kommerwekkend is, is die voorkoms en toename in geweldsmisdaad (Altbeker, 2006, 2007) wat verkragtings, aanrandings en konfrontasies (Reddy 2003, 2010) insluit. In ’n publikasie deur die Institute for Security Studies (2001) word na Suid-Afrika verwys as die ‘misdaadhoofstad’ van die wêreld, ’n uitlating wat bydra tot die omstrede beskouing dat die SA samelewing nie oor die nodig morele rigtingwysers beskik nie (Vorster, 1985).

In die geval van geweldsmisdade (veral moorde), bestaan meer diverse determinante as wat in die geval van algemene misdade geld. Die omvang daarvan word in die geheel teruggevoer na onvoldoende misdaad-bekampingstrategieë en ander veranderlikes soos psigopatologie, middel-misbruik, onvoldoende selfregulering en biochemiese determinante (Anderson & Bushman, 2002; Dobash, Dobash, & Cavanagh, 2009; Goldenson, Geffner, Foster, & Clipson, 2007; Hampton & Gelles, 1994; Kocsis, 2006a; Mauricio, Tein, & Lopez, 2007; Walker & Bright, 2009). Dit sluit volgens Bartol en Bartol (2006) ook sosiaal-sielkundige faktore in.

Gewelddadige moorde word dikwels primêr vir eie gewin of as gewoontehandeling gepleeg, gaan gepaard met voorafbeplanning en betrek dikwels nie-spesifieke slagoffers. Daarteenoor pleeg persone ook moorde eenmalig en sonder voorafbeplanning, vandaar die tipering daarvan in die reg as nie-gepremediteerde- of impulsmoorde. Hierdie impulsgedrewe moorde verskil oorwegend ingrypend van konvensionele moorde: dit is ondermeer ryker aan emosie en word teen die

agtergrond van dieperliggende psigodinamika gepleeg (Cartwright, 2001, 2002). ’n Impulsmoord geskied met weinig onmiddellike eie gewin voor oë en word dikwels gevolg deur selfverwyt. Diegene wat hulle daaraan skuldig maak tree onverwags, vlietend, atipies en buite alle verwagtinge van waartoe hulle in staat is, op. ’n Sistematiese opbou van frustrasies en bepaalde snellers/stressore is gewoonlik teenwoordig (Ludsin & Vetten, 2005) wat reflekstipe-, gedereguleerde woede ontketen (Bartol & Bartol, 2006).

Impulsmoord is inderdaad ’n swak beheerde innerlike dwanghandeling wat ongepremediteerd en onnadenkend-impulsief uitgevoer word. Juis as gevolg hiervan word dikwels ’n pleit van verminderde morele blaamwaardigheid as verweer in die howe geopper (Morgan, 2002). Deskundiges vind dit dikwels moeilik om die aan- of afwesigheid van laasgenoemde te bepaal, dit wil sê om te bepaal of die oortreder (as gevolg van die emosionele onderbou en reaksie) in staat was tot rasionele beoordelingsvermoë (Morgan, 2002).

Die kompleksiteit van hierdie dinamika word verder versterk deur die moontlike afname in die hoër kognitiewe funksies wat gedeeltelik en selfs ten volle teenwoordig kan wees. Hierdie verweefde kompleksiteit word egter nie altyd erken vir wat dit is nie, ondanks die feit dat dit ’n eiesoortige karakter aanneem, in besondere situasies manifesteer en dus ook ’n unieke evalueringsbenadering vereis.

Ten spyte van pogings om hierdie verskyningsvorm van ongekontroleerde woede vanuit verskeie perspektiewe te verklaar, bly dit steeds kompleks van aard, psigies verstrengel en sistemies verweef met velerlei ander gelyklopende psigiese-, sosiale-, kontekstuele- en biologiese faktore. Dit is dus ooglopend ondenkbaar dat die verweer vir ’n impulsmoord enigsins sal slaag sonder die aanbieding van deskundige forensies-sielkundige getuienis om juis hierdie grondliggende eiesoortigheid te belig. Die forensiese sielkundige vervul dus hier ’n kardinale funksie, om vanuit ’n wetenskaplike vertrekpunt die hof by te staan met ’n

verantwoordbare evaluering tydens die bepaling van aanspreeklikheid en die beantwoording van verbandhoudende vrae (Allan & Louw, 2001; Bartol & Bartol, 2006).

Om impulsmoorde egter doeltreffend te kan evalueer, moet die forensiese sielkundige oor begrip vir die aard en dinamika van die persoon betrokke, sowel as die interpersoonlike- en kontekstuele faktore wat dié tipe moorde (en ook konvensionele moorde) voorafgaan, beskik. Impulsmoorde en ander moorde bly egter, ten spyte van geringe ooreenkomste en ooreenstemmende regskenmerke, gepolariseerde verskynsels.

Bartol (1995) beklemtoon problematiese aspekte betreffende impulsmoorde wat inspeel op die psigoforensiese evaluering van dié verskynsel soos:

i) dat geen juridiese definisie daarvan bestaan nie;
ii) dat dit op die ingewing van die oomblik geskied; en
iii) dat, vanweë emosionele oorspoeling, verminderde aanspreeklikheid moontlik ter sprake behoort te wees.

Gebrekkige kontrole en regulering van emosies is kenmerkend van hierdie misdrywe en die oortreders is dikwels eerste oortreders met gelykmatige persoonlikhede (Bartol, 1995; Cartwright, 2002). Spesifieke dinamika en veranderlikes soos byvoorbeeld die motief vir die moord, atipies impulsiewe optrede en berou onderskei die impulsmoordenaar van die konvensionele moordenaar (Bartol,1995; Cartwright, 2002; Exner & Thurstone, 2009). Hierdie aspekte word moeilik konkreet gevestig, geëvalueer en in die sielkunde as vakwetenskap opgeneem.

Die afwesigheid van ‘n erkende registrasiekategorie as psigoforensiese sielkundige, ’n bepaalde etiese kode en evalueringsriglyne in die algemeen, maak die situasie verder kompleks vir dié sielkundige praktisyn wat die forensiese veld

as spesialiteitsrigting wil betree of reeds gekies het. Die afwesigheid van ’n geverifieërde evalueringsmodel laat ’n gebrek aan eenvormige opleiding- en beoordelingstandaarde en dra sekerlik nie by tot gevestigde- en erkende riglyne en praktyke in hierdie spesialisveld nie. Dit skep voorts onsekerheid in veral die strafregtelike litigasieproses wat deur eng en objektiewe regsreëls gereguleer word. Dit kan lei tot diskreditering van die beroep in sy geheel. Hierdie siening word gestaaf deur Allan en Louw (2001) wat die persepsie van regsgeleerdes oor die hofbydraes van forensiese sielkundiges ondersoek het en tot die slotsom kom dat dit slegs gering is.

Die professie van die forensiese sielkundige kan slegs relevant bly en diskreditering voorkom word indien eenvormige riglyne vervat in ’n model, ontwikkel word waarin probleemareas uitgeskakel en erkende evalueringskriteria opgeneem is vir gebruik tydens hofsake en verwere waarby impulsbelaaide gewelddadige optrede betrokke is. Die oorhoofse doelwit met hierdie navorsing is om ’n psigoforensiese model te ontwikkel vir die evaluering van impulsmoorde, wat eenvormig en sonder die vooroordeel van subjektiwiteit in die Suid-Afrikaanse regstelsel benut kan word.

Die literatuur toon dan ook ’n betreurenswaardige gebrek aan so ’n raamwerk in die RSA. Die feit dat impulsmoord ’n komplekse verskynsel met juridiese- sowel psigologiese grondslae is, vergemaklik sekerlik nie die evaluering daarvan nie. Die hieruit voortvloeiende navorsingsprobleem word saamgevat in die stelling dat die begrip impulsmoord onvoldoende geïdentifiseer, omskryf en verklaar word. Die forensiese sielkundige moet eenvoudig in staat wees om impulsmoord nie slegs te beskryf en te definieer nie, maar moet ook die dinamika onderliggend daaraan kan verklaar en bepaalde gevalle kan evalueer.

Faktore ter strafversagting (vanweë verminderde toerekenbaarheid) moet aan die hof voorgehou kan word en die ‘dwingende en wesenlike omstandighede’ ter sprake, moet deur die sielkundige in ’n evalueringsmodel geïdentifiseer en uitgelig

kan word. ’n Wetenskaplike en eenvormige evalueringswyse behoort daaruit ontwikkel te word. Hieruit kristalliseer die volgende navorsingsvrae:

- Watter wetenskaplik-aanvaarbare definisies, omskrywings en verklarings van impulsmoorde bestaan in die literatuur?

- Watter leemtes en dilemmas betreffende die forensiese evaluering van impulsmoorde kan geïdentifiseer word?

- Hoe kan ’n wetenskaplik-gefundeerde evalueringsmodel vir forensiese sielkundiges saamgestel word?

- Watter tendense en verklarings betreffende impulsmoorde kan geïdentifiseer word vanuit geargiveerde gevallestudies waar persone aan impulsmoord skuldig bevind is?

Oorkoepelend ontstaan die vraag na ’n navorsingsparadigma waardeur perspektiewe uit die beantwoording van hierdie vrae verkry in ’n nuwe psigoforensiese evalueringsmodel saamgevoeg kan word. Die motivering vir hierdie studie is grootliks geleë in die identifisering en regstelling van evalueringsleemtes in die beoordeling van impulsmoorde asook die gebrek aan algemene aanwysers vir hierdie moorde. Hierdie model is geskoei op “ontwikkeling” *per se* en derhalwe is ontwikkelingsnavorsing en meer spesifiek intervensie-navorsing (de Vos & Strydom, 2011) as hulpmiddel benut.

’n Fase-model sal opgestel word met die onderskeie stappe wat sistematies gevolg word (Rothman & Thomas, 1994; Van Rensburg, 2001). Daar sal gepoog word om binne die intervensie-navorsingsmodel ’n kwalitatiewe navorsingsbenadering te volg. Hierdie benadering verskil van kwantitatiewe navorsing deurdat ’n gestruktureerde en vasgelegde navorsingspatroon nie noodwendig gevolg word nie (de Vos, Strydom, Fouché, & Delport, 2011). Die eienskappe van die

onderskeie rolspelers vorm deel van die kwalitatiewe data en sal in hierdie intervensie-navorsing vervat word.

Die voordeel van so ’n evalueringsmodel is dat dit as ’n tussenganger tussen die regsproses en die deskundige se hofbydrae benut kan word. Dit strek van die daarstel van evalueringsriglyne tot by die wyse waarop en konteks waarin inligting voor die hof aangebied word. Dit sal saamgestel word na afloop van die ontleding van ander ontwikkelingsmodelle, nadat die verskeie wigte en teenwigte in die onderskeie modelle in ag geneem is en die finale opeenvolging van selfstandige stappe en fases as deel van die intervensie gevolg is. Dit is dus ’n stap-vir-stap beoordeling waarin verskeie kollaterale inligtingsbronne op sistematiese wyse betrek sal word.

1.2 Doelstellings, hipoteses en metode van ondersoek

Na aanleiding van bogenoemde navorsingsvrae is die volgende doelstellings geformuleer:

1.2.1 Doelstellings

Die volgende vier doelstellings ontstaan vanuit ’n psigoforensiese denkraamwerk en ingesteldheid:

- Om deur middel van ’n literatuurstudie tot ’n wetenskaplik-aanvaarde definisie, omskrywing van en verklaring vir die begrip impulsmoord te kom;

- Om deur middel van ’n literatuurstudie leemtes en dilemmas betreffende bestaande tegnieke en modelle vir die forensiese evaluering van impulsmoorde te identifiseer;

- Om ’n wetenskaplik-gefundeerde evalueringsmodel vir impulsmoord vir gebruik deur forensiese sielkundiges saam te stel en te toets. So ’n model sal geskoei wees op die paradigma van ontwikkelingsnavorsing; en

- Om deur die bestudering van geargiveerde gevallestudies van persone wat aan impulsmoorde skuldig bevind is, profiele en tendense saam te stel en verklarings vir die verskynsel van impulsmoord te vind.

1.2.2 Hipoteses

Die hipoteses wat in hierdie studie gestel word, is die volgende:

- Vanweë die eksploratiewe aard van hierdie navorsing kan hipoteses nie gestel word nie, maar kan die begrip impulsmoord wel omskryf en gedefinieer word;

- Eweneens kan vanweë die eksploratiewe aard van hierdie navorsing geen hipoteses geformuleer word betreffende die forensies-sielkundige evaluering van impulsmoordenaars nie, maar kan dit wel ontleed en beskryf word;

- ’n Model kan aan die hand van ontwikkelingsnavorsing saamgestel word vir die evaluering van impulsmoordenaars wat bruikbaar is vir forensiese sielkundiges en regslui; en

- ’n Profielsamestelling van impulsmoordenaars (insluitende die bepaling van tendense) kan op grond van die implementering van bogenoemde model gedoen word.

Teen hierdie agtergrond sal die navorsingsbenadering en vooruitskatting vervolgens bespreek word.

1.2.3 Navorsingsbenadering en vooruitskatting

In die literatuurstudie (Hoofstuk 2) sal gefokus word op impulsmoord as ’n geweldsmisdryf. Definisies, sowel as die beskrywing van die aard van hierdie misdrywe en impulsiewe woede in die algemeen sal, tesame met sistemiese indekse in die literatuur, ondersoek word. Die data vir hierdie literatuur-oorsig sal uit nasionale, sowel as internasionale bronne bekom word. Enkele uitgewysde strafsake van gevalle wat met verswakte selfregulering en kontrole verband hou, sal insgelyks belig word.

Die unieke konteks waarin die forensiese sielkundige moet funksioneer en getuig (die funksie, status en regsposisie van hierdie professie), asook die spesialisterreine en eiesoortige evalueringskriteria en grondbeginsels daaraan verbonde, sal in Hoofstuk 3 beklemtoon word.

Ontwikkelingsnavorsing en algemene modelle binne die ontwikkelings-navorsingsveld en ook psigo-juridiese evaluerings sal in Hoofstuk 4 ondersoek en ontleed word. Die beginsels van die Algemene Sisteemteorie (Miller, 1978) sal bespreek en van toepassing op die forensiese sielkundige se werkswyse gemaak word. Die Intervensie-Ontwerp en-Ontwikkelings-navorsingsparadigma van Rothman en Thomas (1994) sal as basis vir die ontwikkeling en ontwerp van ‘n psigoforensiese evalueringsmodel dien. Bogenoemde outeurs het die behoefte aan navorsing geïntegreerd met praktykgerigte toepassings-moontlikhede ondervang deur die konsep Ontwerp-en Ontwikkelings-navorsing (O&O). Na beoordeling het dit geblyk dat basiese navorsing ’n minder geskikte tegniek vir die ontwikkeling van ’n model of (innovatiewe) evalueringshulpmiddel is, synde kennis-versameling en –toepassing die hooffokus van laasgenoemde navorsing is (Rothman, 1980; Rothman & Thomas, 1994; Van Rensburg, 2001).

In Hoofstuk 5 sal die ontwikkeling van ’n psigoforensiese evalueringsmodel vir impulsmoordenaars vanuit ’n ontwikkelingsnavorsingsperspektief aandag geniet,

terwyl die praktiese toepassingsriglyne van hierdie evalueringsmodel vir impulsmoordenaars, in Hoofstuk 6 bespreek sal word. Dit sal stapsgewys, in kontrole-formaat, tesame met illustrasies uit die ondersoeker se huidige evalueringsmodel gedoen word. Die rasionaal, motivering vir die gebruik van en die geldigheid van psigometriese instrumente sal volledig in Hoofstukke 5 en 6 bespreek word.

Hoofstuk 7 word opgevolg met die profielsamestelling van ‘n groep deelnemers. Gevallestudies, gefokus op die intensiewe studie van 15 oortreders (wat deel van 'n beskikbaarheidsteekproef was en oor tyd met die evalueringsmodel beoordeel is) sal as vertrekpunt benut word. Hierdie geargiveerde gevalle en dokumentasie (*archived documents*) is oor ’n periode saamgestel en bevat inligting van afgehandelde impulsmoorde en soos dit stapsgewys in die evalueringsmodel weerspieël is. Prosesnotas, hofverslae, -uitsprake, kollaterale inligting, misdaadinligting en psigometriese data van impulsmoordenaars sal gebruik word. Die navorsing sal dus ook ‘n kwalitatiewe ondersoek en -ontleding insluit.

Die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings word in Hoofstuk 8 gedoen.

1.3 Bydrae van die studie

Hierdie studie sal op verskeie terreine ’n bydrae lewer. Sover bekend is ’n soortgelyke evalueringsmodel nog nie plaaslik ontwikkel nie en bestaan ook weinig inligting op internasionale vlak ten opsigte van die evaluering en profiele van impulsmoordenaars. Wat die sielkunde as vakwetenskap betref word die noodsaaklike skakeling met ander dissiplines (in hierdie geval veral die regte) tans onderspeel. Met hierdie model word riglyne vir hierdie noodsaaklike skakeling aangebied.

Die regsprofessie staan ook dikwels skepties teenoor forensiese sielkundiges omrede hulle bydraes nie altyd eenvormig en volledig is nie. Met die

gepaardgaande model sal die dinamika van die oortreders met die misdaad en vonnis in verband gebring word. Hierdie evalueringsproses kulmineer voorts in ’n verslag wat deur die terapeutiese sielkundige in die gevangenis, vir die formulering van intervensies, benut kan word.

Die bydrae van die evalueringsmodel kan verder die sielkunde professie bevorder deurdat foutering beperk word en opleidingsriglyne vir psigoforensiese sielkundiges daargestel word. Hierdie model sal vanweë die vloeibare aard en eienskappe daarvan ook moontlikhede vir aanhoudende en deurlopende transformasie omsluit. Dit is nie ’n dogmatiese en vaste plan nie, maar sal verdere evolusionêre ontwikkeling oor jare vereis, terwyl die kriteria soos vervat in die regsproses, wat ook aan evolusie onderworpe is, nie op die agtergrond geskuif word nie. Met die huidige gebrek aan psigoforensiese evalueringsriglyne is dit die plig van die sielkundige wat hierdie terrein betree om inderdaad ’n evalueringsraamwerk te benut en dit suiwer binne die bestaande regsreëls te hou.

Op wetenskaplike vlak lewer die studie ’n bydrae deurdat die mistieke aspekte wat dikwels aan die verskynsel van impulsmoord gekoppel word, daardeur afgewys kan word. Dit toon dat profiele van ’n groep impulsmoordenaars saamgestel kan word, dat eenvormigheid in omstandighede rondom die moorde geïdentifiseer kan word en dat, juis in hulle uniekheid, impulsmoorde tog ooreenkomste toon.

Die wetenskap is nie ’n doel op sigself nie, maar het uiteindelik ten doel die verbetering van die lewensomstandighede van mense, ook diegene wat die grense van aanvaarbare optrede oorskry. In hierdie verband lewer die studie ’n bydrae - na dese is dit nie langer moontlik om gepremediteerde moorde en –moordenaars in dieselfde wetenskaplike vakkies as impulsmoorde en impulsmoordenaars te plaas en dieselfde strawwe aan hulle toe te meet nie. Die belangrikste bydrae is sekerlik daarin geleë dat dit alles bereik is binne die grense wat die wetenskaplike metode daarstel en deur middel van die tegnieke wat dit bied.

1.4 Etiese aspekte

Maatreëls is daargestel om hierdie navorsing binne ’n eties verantwoordbare raamwerk te volvoer:

Die navorser is geregistreer by die Raad op Gesondheidberoepe as Kliniese Sielkundige, as senior (“*chartered*”) lid van die Instituut vir Personeelpraktisyns en ook as toetsgebruiker by nasionale- en internasionale instansies. ’n Onderneming is gegee dat ten alle tye by die voorgeskrewe standaarde en navorsingsetiek (soos verwoord deur die onderskeie professionele liggame) gehou is, terwyl die onderhoude slegs deur die ondersoeker gevoer is.

Die oortreder gee ook toestemming aan die verwysende regsbron deur ’n sielkundige aan te stel. Dit impliseer *per se* ’n bepaalde etiese werkswyse wat tussen die onderskeie professies gevolg is. Magtiging en opdrag is deur die beskuldigde (aan die sielkundige en/of regspan) gegee om ’n verslag saam te stel. Van hierdie inligting is dikwels later weer in paroolaansoeke gebruik en met ander soortgelyke gevalle vergelyk.

Geen skade of wanvoorstelling is met die beoogde studie voorsien nie. Die reeds veroordeelde individue se identiteit is vertroulik hanteer, ongeag die regsiening dat sodra getuienis in ’n hof aangehoor word, die sielkundige verslag (die inhoudelike daarvan sowel as die gelewerde getuienis) van openbare belang is en dat eersgenoemde derhalwe dan ook kwalifiseer vir etikettering as ’n openbare dokument - vandaar die juridiese regverdiging vir die publisering daarvan in die pers na afloop van deskundige getuienislewering.

Voorts is dit praktyk vir die hof om na veral prominente moordsake, die volledige sielkundige verslag aan joernaliste beskikbaar te stel; met die gevolg dat inligting daarin vervat dikwels verbatim in tydskrif- en koerantartikels gepubliseer word. Die

klerk van die hof het ook nie die reg om verslae van die publiek en joernaliste te weerhou na afhandeling van die saak nie.

In die onderhawige en beplande evaluerings was nooit aansoeke geloods vir ’n verbod op die bekendmaking van inligting, die beskuldigde se identiteit en/of versoeke dat geslote verhore (in *camera*) gehou moet word nie. Alle inligting in die verhore vervat is derhalwe van publieke belang (ongeag die moontlike aantasting van die persoon se menswaardigheid en selfs privaatheid) en kan nie onder die kleed van geheimhouding verberg word nie. Dit strook met internasionale rigtingwysers soos die Amerikaanse GR 31 – Public Access to Court Records, asook nasionale riglyne: Artikel 14 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, No 2 van 2000.

Die navorsing is deur die etiese komitee van die Noordwes Universiteit: (Etiese sertifikaat: NWU – 00052-11-51) goedgekeur.

Hoofstuk 2

Impulsmoord as geweldsmisdaad

2.1 Oriëntering: Definisies en verheldering van die konstrukte “geweld” en “gewelddadig”

Ten spyte van die onlosmaaklike deel wat die begrippe “geweld” en “gewelddadig” van die forensiese sielkunde vorm, bly die betekenis van hierdie begrippe ontwykend. Geweld (“*violence, force”*) is afgelei van *violentus, vi force* – letterlik vertaal uit Frans in Latyn as *voortspruitend uit krag* (Collins English Dictionary*,* 2003*)*. Dit word voorts in die American Heritage Dictionary of the English Language (2004, p. 499) beskryf as “… *marked by, acting with, or resulting from great force, caused by unexpected force or emotional intensity”*.

Sinonieme vir geweld *(“violence”)* word in die Engelse literatuur as “*impetuous, furious, fierce”* en *“outrage”* aangegee, terwyl gewelddadig (“*violent”*) in wese die *kwaliteit van geweld* behels (Cambridge English Dictionary, 1990, p. 456). Dit word gereduseer tot die betrokkenheid van fisiese krag en die bedoeling om leed of skade aan te doen (Alswang & Van Rensburg, 1995; New Choice English Dictionary, 1999). Die ondersoeker lei af dat eiebelang, motivering en uitkoms dus aan die begrip “geweld” gekoppel word.

Geweld word ook beskryf as ‘n verskyningsvorm van destruktiewe aggressie (Lindgren, 1973) en as “gevaarlik” (Bartol & Bartol, 2006). In hierdie konteks kom dit vir die ondersoeker voor of dit ’n vorm van fisiese krag omsluit wat skade en/of beserings aan mense en/of eiendom ten doel het. Van der Westhuizen (1982) haal Debuyst aan en lê klem op die verband tussen geweld, aggressie en aggressiwiteit; met slegs graadverskille tussen die onderskeie begrippe. Aggressie is volgens Debuyst gedrag wat gerig is op die vernietiging van ’n voorwerp of persoon, terwyl aggressiwiteit ’n ingesteldheid is met ’n potensiaal vir aggressie en

geweld. Dit omsluit ’n doel en word ook met aggressie, aggressiwiteit en gewelddadigheid geassosieer.

Uit bogenoemde volg die volgende interpretasie: geweld kan slegs geweld wees as ‘n “krag” uitgeoefen word, wanneer ’n element van dwang daaraan gekoppel word en wanneer die ontvangs daarvan of onderwerping daaraan as onaangenaam ervaar word. Volgens Bartol en Bartol (2005), Cloete (1982) en Tshiwula (1998) hou dit veral verband met die begrippe opset, ’n skadelike gevolg, ’n potensiële slagoffer en strafbaarheid.

Gewelddadigheid daarteenoor verwys na die *eienskap van ’n handeling* wat ook ander eienskappe kan openbaar en word in die Pharos Tweetalige Woordeboek (2005, p. 187) beskryf as ’n *“act of violence*”. Die ondersoeker is dit eens met Ludsin en Vetten (2005) dat gewelddadigheid in die menslike domein ’n fisiese, seksuele, sielkundige en verbale oorsprong kan hê. Dit word insgelyks so in die Wet op Huishoudelike Geweld (WHG, Wet 116 van 1998) vervat waarin spesifiek melding gemaak word van beherende of mishandelende gedrag wat die veiligheid, gesondheid en psigiese welstand van ’n persoon kan benadeel.

Hierdie krag kan oorgaan tot ’n gewelddaad (konasie) met die bedoeling om ’n ander party of die slagoffer leed aan te doen (Armour, 2006) en is dus ’n nadelige aantasting op fisiese, ekonomiese, emosionele en psigologiese vlakke (Burchell & Milton, 2000, Ludsin & Vetten, 2005; Tshiwula, 1998). Die psigiese letsels wat deur die geweldenaar op slagoffers in intieme verhoudings gelaat word, word soos volg in *Osland v The Queen (1998) High Court of Australia 75* beskryf: vrees, skaamte, herbelewings, verswakte fokus, emosionele opwekking, waaksaamheid en geheimhouding. Die onwettige (en dikwels) subtiele psigiese teistering van die geweldenaar dra inderdaad by tot die beeld van patologiese passiwiteit en magteloosheid by die slagoffer en behoort tot die sindroom van gewelddadigheid gevoeg te word (*R v Babsek (1998) QCA 116 [Supreme Court of Queensland – Court of Appeal]*. In hierdie konteks beskryf Ludsin en Vetten (2005, p. 18) dit as

'n "*serious invasion of the complainant's privacy, liberty, integrity or security ... ensuring ... compliance"*.

Die eienskap van gewelddadigheid kan varieer ten opsigte van die hewigheid en die vlak van "onstuimigheid" daarvan (Ludsin & Vetten, 2005; Van der Westhuizen, 1982). Dit kan kragdadig of self subtiel oor tyd teenwoordig wees en kan manifesteer in 'n geïsoleerde gewelddadige episode of in 'n deurlopende geneigdheid. Die vraag wat ontstaan is: hoe skakel dit by misdaad in?

2.2 Definisies, klassifikasie en voorkoms van misdaad en geweldsmisdaad

2.2.1 Inleiding

In die geestes- sowel as natuurwetenskappe is oor die jare heen gepoog om die oorsprong van veral geweldsmisdade vanuit talryke nuwe perspektiewe te verklaar (Edens & Douglas, 2006; Kenny & Press, 2006; Kilpatrick, 2004; Stanford, Houston, Mathias, Villemarette-Pittman, Helfritz, & Conklin, 2003). Die antropologiese skool het byvoorbeeld gefokus op liggaamlike gebreke as die oorsprong van misdaad in die algemeen; oorerwing is deur die biologiese wetenskaplikes uitgelig as veroorsakende faktor; psigopatologie[1] as oorsaak was die fokus in die psigologiese en psigiatriese denkskool en die medies-georïenteerde ondersoekers het fisiologiese siektetoestande as sentraal beskou in hul verklaring vir geweld (Bartol, 1995, 2006; Bartol & Bartol, 2006; Cloete, 1982; Henshel & Silverman, 1975; Reid, 1976; Shoemaker, 1990; Tshiwula, 1998; Vold, 1979; Williams III & McShane, 1994). Volgens die ondersoeker het dit gelei tot gekompartementaliseerde teoretiese aannames (Edens & Douglas, 2006) en semantiese invalshoeke (Williams III & McShane, 1994). 'n Herbesinning was derhalwe noodsaaklik.

[1] Indien optrede as voortspruitend uit 'n psigologiese versteuring geëtiketteer kan word, kan dit as psigopatologie gedefinieer word (Sadock & Sadock, 2007). In die Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders (DSM-IV-TR) van die American Psychiatric Association (2000) word daarna verwys as: *"... a clinically significant behavioral or psychological syndrome or pattern that occurs in an individual ... is associated with present distress ...".* Dit gaan hier om gedrag en die siektebeeld wat dit skep (ICD-10 Classification of Mental and Behavioural Disorders: World Health Organization, 1992).

2.2.2 Definisies en omskrywings van misdaad

Misdaad word in die algemeen (ook in die Suid-Afrikaanse hofkonteks) beskou as ’n oortreding, ’n delik wat gepleeg is (Snyman, 2002). Labuschagne en Eksteen (1992, p. 11) beskryf dit as sinoniem met onder meer ’n “*slegte daad ... ’n misdryf”* en om ’n “*strafbare ding te doen*”. Dit impliseer die skending van ’n gemeenskapsnorm of gedragsreël (Cronjè, Van der Walt, Retief, & Naudè, 1976; Garland, 1991; Kleyn & Viljoen, 2010). Dit is dus strafwaardig, ’n wetlike oortreding wat bepaalde regsgevolge inhou (Garland, 1991; Snyman, 2002). Sonder wette is daar geen straf nie: *nulla poena sine lege*. Die graad van intensie, boosaardigheid en gedrewenheid moet ook beoordeel word.

Burchell en Milton (2000), Schonborn (1975) en Snyman (2002) betrek ook terme soos aanspreeklikheid, handeling, opset (’n kriminele bedoeling) en verbodsbeskrywing om die misdaadbegrip te definieer. Hulle wys daarop dat ’n persoon wat daartoe oorgaan, verwyt word en dat blaamwaardigheid met die strafbare handeling (waarby die dreigement van pyn en leed gevoeg kan word) gepaard moet gaan. Dit impliseer ook toerekeningsvatbaarheid (Nel, 2007).

Nettler (1978, p. 33) haal Tappan se bekende internasionale omvattende definisie van misdaad aan as *“... a crime is an intentional violation of the criminal law, committed without defence or excuse and penalized by the state”*. Hierdie oortredings val in twee groepe, naamlik ernstige oortredings wat in die meeste samelewings veroordeel word (*mala in se* – verkeerd in wese) en optrede wat slegs in bepaalde samelewings gesanksioneer word (*mala prohibita*) (Burchell & Milton, 2000).

Die vraag ontstaan of so ’n geïntegreerde beskouing van die klassifikasie van misdaad ook moontlik is.

2.2.3 Die klassifikasie van misdaad en misdadigers

Die klassifisering van misdaad vergemaklik nie net die statistiese meting van misdaad nie, maar bepaal ook watter howe jurisdiksie daaroor het. Die Irish Crime Classification System (ICCS) kan met reg as een van die volledigste internasionale juridiese indelings van misdaad beskou word (Central Statistics Office, 2008) en omskryf 16 misdaadkategorieë. Voorgemelde indeling is nie net omvattend nie, maar ook pragmaties en die elemente van die misdaad word volledig in die prosedures beskryf. Net so word die eenvormige aanmelding van misdaad in die Verenigde State van Amerika oor jare verseker deur die Uniform Crime Reporting System (Federal Bureau of Investigation, 1997; 2000) as klassifikasieriglyn.

Hoewel hierdie sisteem tot die klassifikasie van misdaad bydra, bly dit by uitstek inligting wat vir verslagdoening benut word en word die blote aanmelding van ’n misdaad nie dieselfde gedokumenteer as in die geval van die arrestasie vir ’n misdaad nie. Die verdere vraag wat ontstaan behels die klassifikasie van minder ernstige misdade.

In die juridiese indeling van misdaad in Suid-Afrika word die fokus op die skending van die regsbelang geplaas en De Wet en Swanepoel (1985) se tienledige indeling word algemeen as sprekend van hierdie beskouing erken. Hierdie outeurs verwys onder meer na misdade teen die lewe, liggaam, eiendom en godsdiens, asook vermoënsregtelike misdaad soos diefstal. Ongeag die volledigheid van hierdie indeling ontstaan die vraag by die ondersoeker of daar nie meer pertinent voorsiening gemaak behoort te word vir misdade wat gepleeg word deur diegene wat minder toerekeningsvatbaar is nie (soos jeugdiges en psigies versteurdes).

Wat die RSA betref, verkies Burchell, Milton en Burchell (1983) die volgende nasionale klassifikasie:

i) misdaad teen die staat en die gemeenskap in die algemeen, bv. hoogverraad en lykskending;
ii) misdaad teen die persoon, bv. moord;
iii) seksuele en nie-seksuele misdaad wat liggaamlike veiligheid bedreig, bv. verkragting en menseroof; en
iv) misdaad teen eiendom en gelyksoortige ("*kindred*") misdaad, bv. bedrog en saakbeskadiging.

'n Bruikbare indeling word deur hierdie outeurs voorgestel wat byvoorbeeld die indeling van huisbraak (met die doel om te steel) onder "misdaad teen eiendom" klassifiseer, terwyl toegegee word dat 'n inbraak ook kan geskied met die doel om te moor. Laasgenoemde impliseer dan dat dit eerder onder "misdaad teen die persoon" geklassifiseer moet word.

Snyman (2002) bied in dieselfde vakgebied die volgende vierledige juridiese indeling van misdaad aan:

i) misdaad teen die staat en die administrasie (bv. hoogverraad);
ii) misdaad teen die gemeenskap (seksmisdrywe ressorteer hieronder);
iii) misdaad teen die persoon (moord is 'n voor-die-handliggende voorbeeld); en
iv) vermoënsmisdade soos bedrog.

Die finale vraag is egter of alle misdade nie in wese teen die gemeenskap (en die lede van die gemeenskap in die algemeen) gepleeg word nie.

Die volgende tersaaklike argument van Burchell et al. (1983) word deur die ondersoeker gesteun: die feit dat die meeste skrywers misdaad teen die staat as vertrekpunt neem, mag impliseer dat die staat se belange voorrang bo die individu geniet, terwyl dit in stryd is met die SA Handves van Menseregte. Die individu bestaan nie ter wille van die staat nie, maar andersom.

Probleme met bogenoemde indelings van misdaad is dat dit nie altyd voorsiening maak vir oortredings deur jeugdiges of misdaad wat met tegnologiese hulpmiddels (soos rekenaar- en Internet-(seks)oortreders) verband hou nie en in enkele gevalle word gewoontemisdade ook oor die hoof gesien. Die klassifikasie van misdaad volgens motief is onvoldoende omdat misdaad deur meer as een dryfveer gemotiveer kan wees.

Die vraag ontstaan voorts of misdade wat impulsief en sonder voorbedagte rade gepleeg word, asook dié wat aan tradisionele gebruike gekoppel kan word (soos moetie-moorde) met vrymoedigheid onder moorde getipeer kan word. Soortgelyke twyfel bestaan oor die beskouing van verkragting as aggressie-daad, terwyl dit ook as ’n sedelikheidsoortreding gegroepeer kan word. Dit is verder opvallend dat min aandag aan die straf as klassifikasiemaatstaf gegee word, terwyl dit ’n aanduiding van die ernstigheidsgraad gee. Die vraag ontstaan vervolgens wat die beskouing van ’n ernstige misdaad soos geweldsmisdaad is.

2.2.4 Definisies en omskrywings van geweldsmisdaad

Geweldsmisdaad betrek alle strata van die samelewing en manifesteer nie slegs in ’n enkele stratum nie. Geweldsmisdaad kan selfs binne die geslote gesinsmilieu voorkom en aanleiding gee tot plofbare woede (Craissati, 2005, Ludsin & Vetten, 2005; *S v Larsen 1994 (2) SACR 149 (A); S v Nursingh 1995 (2) SACR 331 (D)*).

Die dieperliggende beskrywings en beweegredes vir geweldsmisdaad is uiters divers van aard (Edens & Douglas, 2006; Stanford 2003). Dit strek so wyd soos wraak (as die gevolg van konflik en vendettas), persoonlike gewin en verryking (tydens rooftogte) en sluit buitesintuiglike, sowel as esoteriese en realiteitsverbrokkelde motiewe in soos die pleeg van moord tydens ’n psigotiese episode of gedrewe deur satanistiese oorwegings (Dobash 2009; Dussich, 2008; Englander, 2007; Greene, Coles, & Johnson, 1994; Hampton & Gelles, 1994; Kaliski, 1993; Kocsis, 2006b; McClintock, 1963; Morland, 1971; Stanford 2003). Gevalle is ook bekend waar geredeneer is dat die geweldsmisdryf in die belang

van ’n land en nasie gepleeg is, soos wat gedurende die apartheidsjare in Suid-Afrika die geval was (Gordin, 1998).

In die Amerikaanse reg (Federal Bureau of Investigation, 2006) word geweldsmisdaad in vier kategorieë ingedeel, naamlik moord en manslag; verkragting; roof; en aanranding met die doel om ernstig te beseer. Die samelopende definisie sluit dié misdade in wat dwang of dreigemente van dwang bevat. Geweldsmisdaad word in die vonnisriglyne van die Florida Department of Corrections (1997) as fisiese benadeling of dreigement van fisiese benadeling gedefinieer. Een van die volgende vier elemente moet teenwoordig wees:

i) fisiese leed;
ii) ’n dreigement van fisiese leed;
iii) ’n waarskynlikheid dat die kriminele daad fisiese leed kon veroorsaak; en
iv) ’n waarskynlikheid dat dit ’n dreigement van fisiese leed kan inhou.

In die klassifisering en definiëring van misdaad deur die Colorado Bureau of Investigation (2005) word na geweldsmisdade in ooreenstemming met bovermelde outeurs se beskouings verwys, maar ’n unieke geweldsmisdaad bekend as haatmisdaad word ook bespreek. In hierdie geval word die delik ook teenoor ’n persoon of eiendom gepleeg, maar dit word gemotiveer deur die oortreder se rasse-ingesteldheid, godsdienstige oortuigings, etnisiteit of seksuele oriëntasie.

In die National Immigration Project of the National Lawyers Gild, Practice Pointer (2004) word die volgende toevoegings gemaak ten einde ’n misdryf as ’n gewelddadige misdryf te tipeer: die gebruik van geweld, poging daartoe en selfs die dreigement van fisiese geweld moet teenwoordig wees. Die risiko moet bestaan dat fisiese krag teen ’n persoon of eiendom gebruik gaan word. Hierdie elemente van dreigement en risiko word verder gevoer deur Ludsin en Vetten (2005) wanneer hulle geweld ook as “wyse van beheer” beskou. Hulle gee toe dat geweldsmisdaad soos gesinsgeweld veelvoudige oorsake het en dat omskrywings

inderdaad fisiese, verbale, emosionele en sielkundige aspekte asook dreigemente moet insluit.

In die Suid-Afrikaanse konteks word Snyman (2002) se omskrywing van geweldsmisdade en sy klassifikasie daarvan geredelik in die strafregtelike stelsel aanvaar. Hy beskou geweldsmisdaad as *Misdade teen die persoon* en klassifiseer dit dan as misdade teen lewe, teen liggaamlike integriteit en teen bewegingsvryheid. Die aanwending van fisieke krag wat uitloop op besering of die dood onderskei dus geweldsmisdaad van ander misdade.

Hoewel die meeste geweldsmisdade voorafgegaan word deur fisiese en selfs psigiese dreigemente, bestaan daar tog gewelddadige optredes wat op die ingewing van die oomblik plaasvind sonder langdurige provokasie. Sulke geweld is nie-gepremediteerd, word onverwags ontlok en is selde moontlik om te voorspel. Hierdie tipe misdryf is die fokus van hierdie studie en word in meer detail bespreek ná die ondersoek rakende die voorkoms van algemene geweldsmisdrywe.


2.2.5 Die voorkoms van geweldsmisdaad

Geweldsmisdaad is ’n internasionale fenomeen wat epidemiese afmetings aanneem en in eentonige reëlmaat toeneem (Cilliers, 2009; Jewkes, 2002; Jewkes, Abrahams, & Mathews, 2009; South African Police Service, 2007, 2010; Schönteich, 2000; Thomson, 2004). Volgens die Federal Bureau of Investigation (1997, 2006) beloop die koste van misdaad in die VSA miljarde dollars per jaar en word beraam dat daar ongeveer 1.5 miljoen geweldsoortredings in 2006 was. Ooreenkomstig hierdie FBI-verslag het elke Amerikaner ’n realistiese kans om ’n slagoffer van ’n geweldsmisdaad te wees. Pienaar (2009, p. 7) verwys eweneens na die statistiek van geselekteerde lande en noem dat bykans 18% van Colombiaanse vroue in ’n 2005-studie aangetoon het dat hul een keer gedurende hul vrugbare lewensjare verkrag is, terwyl meer as 40% van Liberiese vroulike en 32% manlike soldate slagoffers van seksuele geweld was. In 2007 het die

organisasie Dokters Sonder Grense (MSF) wêreldwyd hulp verleen aan bykans 13 000 slagoffers van seksuele geweld. Pienaar (2009) verwys ook na die plaaslike beweging People Opposing Women Abuse (POWA) wat rapporteer dat daar elke 26 sekondes ’n vrou in Suid-Afrika verkrag word. Die verbandhoudende gevolge vir die RSA is ’n groot bron van kommer (Alda & Cuesta, 2010).

Geweldsmisdaad is ook ’n omvangryke bron van kommer in die Verenigde Koninkryk. Cowburn (2010) verwys argumentsonthalwe na die syfers wat bestaan ten opsigte van seksuele geweld: een uit elke 90 manspersone in Brittanje is teen die ouderdom van 40 van ’n ernstige seksuele oortreding aangekla en verdere ontleding van die British Crime Survey (BCS) dui daarop dat daar gedurende 1999, 61 000 slagoffers van verkragting in Engeland en Wallis was. In aansluiting hierby verwys Thomson (2004) na die RSA se gewelddadige geskiedenis en bevestig dit met die hoë plaaslike moordsyfer. In 2002 was die moordsyfer in Suid-Afrika 49 per 100 000 van die populasie, terwyl dit in Europa en die VSA onderskeidelik 4 en 5,6 per 100 000 was. In 2007/8 was daar 18 487 moorde en die syfer van mans wat vermoor is, was 113 per 100 000. In Suid-Afrika is hierdie syfer meer as agt keer hoër as die wêreldgemiddeld (Jewkes 2009). In 2009/2010 is meer as 2.1 miljoen ernstige misdade in die RSA geregistreer, waarvan ‘n derde “kontakmisdaad” was (South African Police Service, 2010).

Die volgende diagram toon die verskil tussen die moordsyfers van geselekteerde lande aan:



Figuur 2.1 Moorde per 100 000 van die bevolking (Du Plessis, 2005)

Suid-Afrika se moordsyfer blyk aansienlik hoër te wees as dié van state soos Brittanje, Spanje en die VSA, dog vergelykbaar met dié van ontwikkelende state soos Columbië. Wat moorde betref, beklee die RSA egter steeds die eerste plek onder die bogenoemde tien lande. Die ondersoeker wys egter daarop dat die meting van geweld van land tot land verskil en dat die definiëring van geweld eweneens ruimte vir dwaling laat. Dit wil dus voorkom asof die vergelyking van statistiese gegewens met betrekking tot geweldsmisdaad in verskillende state nie sonder meer en sonder voorbehoud moontlik is nie.

Wat interpersoonlike geweldsmisdade betref stel Cilliers (2009) dit dat Suid-Afrikaanse vroue se kanse om deur ‘n intieme lewensmaat vermoor te word, ses keer hoër is as in die res van die wêreld. Hy verwys na die navorsing van Jewkes (wat oor 15 jaar gestrek het) en waarin beweer word dat 38,6 uit elke 100 000 Suid-Afrikaners jaarliks vermoor word (dit is gelykstaande aan ongeveer 19 000 mense in 2007 en 2008). Geen bepaalde onderskeid word egter tussen hormiese (doelgerigte) drangmoorde en impulsmoorde getref nie.

Dit is vervolgens noodsaaklik om te bepaal wat impulsmoorde (as onderbou van geweldsmisdade) is en wat daartoe aanleiding gee.

2.3 Impulsmoorde: kenmerke, determinante en regsbegronding

2.3.1 Oriëntering en definisies

Soos reeds beklemtoon, sluit geweldsmisdaad as anargistiese verskynsel onder meer roof, verkragting, moord en poging tot moord in. Voorgenoemde geweldsfenomene is kenmerkend van beide aggressie en voorafbeplanning. Stanford et al. (2003, p. 183) onderskei en definieer egter ook ’n bykomende subtipe naamlik impulsiewe aggressie as “... *a hair-trigger aggressive response to provocation with loss of behavioral control*”. Monroe (1970) het dit meer as 40 jaar gelede gedefinieer as ‘n “*episodic dyscontrol syndrome*”, terwyl Barratt (1991) in sy

beskouing van impulsmoord dit vereenselwig met reaktiwiteit, ‘n prikkelbare gemoed, fisiese opwekking en gevolglike beheerverlies.

Dobash en ander (2009, pp. 194-195) voeg hierby die begrip “*out of the blue murders*”, gesneller deur provokasie en gevolglike “*unthinkable act of violence beyond ... ‘normal’ character’”*. Die impulsiewe daad geskied sonder voorafbesinning (Alswang & van Rensburg, 1995; Gouws, Louw, Meyer, & Plug, 1979).

Laasgenoemde moorde is en bly ’n kategorie van geweldsmisdaad in die algemeen, maar dit is ’n komplekse verskynsel en die strewe om dit te verstaan is nog betreklik resent. Die onversoenbare verskille tussen hierdie twee tipes moord behoort eers opgeklaar te word voordat reg kan geskied aan die opvattings wat daaraan gekoppel word. Ten einde verwarring uit te skakel, kan die volgende vergelyking benut word:

2.3.2 ’n Vergelyking tussen impuls- en gepremediteerde moorde

Elemente van impulsmoorde word in hofsake soos *S v Chretien* 1981 (1) SA 1097 (A) en *S v Domoney* (90/86) [1986] ZA SCA 81 (26 Augustus 1986) en *S v Nursingh* 1995 (2) SASV 383 (N) belig. Uit hierdie en ander sake, asook die beskikbare literatuur (veral die geskrifte van Bartol (1995), Cartwright (2002), Dobash et al. (2009), Exner & Thurstone (2009) en Ludsin & Vetten (2005)), kan elemente geïdentifiseer word, maar nie noodwendig ’n vergelykende ontleding gemaak word nie. In hierdie elemente, asook verskeie hooggeregshofsake rondom impulsmoorde waarby die ondersoeker oor jare betrokke was, tree die volgende onderskeid tussen impuls- en gepremediteerde moorde na vore:

Tabel 2.1 Die onderskeid tussen impuls- en gepremediteerde moorde:

Impulsmoorde	**Gepremediteerde moorde**
• ’n Oënskynlike, egalige en voorspelbare persoonlikheidstruktuur bestaan by die oortreder	• Psigopatologie (soos middelafhanklikheid, en bepaalde persoonlikheidsversteurings) word dikwels met hierdie misdaad vereenselwig
• Hier is sprake van emosionele opwekking en soms gedereguleerde “oorspoeling” deur impulse en woede by die moordenaar	• Hierdie misdrywe gaan nie noodwendig gepaard met skielike opwekking, verminderde beheer en impulsiwiteit nie
• Geen voorafbeplande optrede kan geïdentifiseer word nie – gedrag is impulsief, grens aan outomatisme en is refleksief	• Deeglike voorafbeplanning ten opsigte van die uitvoer van die misdaad is gewoonlik primêr
• Impulsiewe geweld word gesneller deur ’n eksterne gebeurtenis	• Geweldsoptrede spruit dikwels uit gewoontehandelinge en geskied dus sonder ’n eksterne sneller
• ’n Element van passie is dikwels gelyklopend met die impulsmoord	• Dit is onwaarskynlik dat ’n element van passie teenoor die slagoffer ter sprake is
• Gemeenskaplike en eenvormige beoordeling deur kollaterale bronne bestaan ten opsigte van die persoonlikheidsbeskrywing en atipiese optrede van die oortreder	• Minder eenvormigheid bestaan by kollaterale bronne ten opsigte van die beoordeling van die persoonlikheidstipe van die oortreder
• Die moordwapen is toevallig tot die oortreder se beskikking en vorm deel van die oortreder se impulsiewe refleksiwiteit	• Die oortreder maak voorsiening vir die aanval deur geskikte wapens te bekom en dit met oorleg te gebruik; dikwels met militêre presisie
• ’n Sistematiese psigiese opbou van frustrasie kan oor tyd geïdentifiseer word en lei uiteindelik tot die impulsmoord. Die kumulatiewe opbou van spanning kulmineer in ’n impulsmoord	• Aggressie manifesteer nie noodwendig as gevolg van provokasie nie en volg ook nie noodwendig na die opbou van innerlike spanning nie
• ’n Emosionele verbintenis bestaan tussen die oortreder en die slagoffer	• ’n Verbintenis tussen die oortreder en slagoffer is selde teenwoordig

• Die oortreder is gewoonlik ’n individuele oortreder wat bekend is aan die slagoffer	• Hierdie geweldsoptrede word dikwels in groepsverband beplan en gepleeg en die slagoffer is nie altyd aan die oortreder bekend nie
• Berou is gewoonlik teenwoordig	• Selfverwyt en berou manifesteer as ’n reël nie
• Sekondêre gewin is selde ter sprake en gevolglik ook nie ’n duidelik omlynde motief nie	• Die motief is duidelik en die doel is dikwels finansiële, seksuele en fisieke gewin (soos tydens rooftogte, ontvoerings, kapings en verkragtings)
• Seksuele stimulasie speel nie ’n rol nie	• Seksuele opwekking kan nie uitgesluit word nie
• Amnesie bestaan dikwels ten opsigte van gebeure as gevolg van psigogene redes	• Die gebeure word helder in die geheuebank vasgelê
• ’n Kortstondige beswyming/droom-toestand/verwarring volg gewoonlik na ’n impulsmoord. Hierdie alter-toestand met verminderde bewustheid verklaar die amnesie	• Die oortreder is helder, tree rasioneel op en geen dissosiatiewe simptome volg na die moord nie. Geen alter-toestand ontwikkel nie
• Die oortreder se verwardheid en gebrekkige insig maak dit moeilik om die redes vir die gewelddadige optrede te verklaar	• Die oortreder bly geestesgeoriënteerd en het insig in die redes en motief vir die handeling
• Oortreders kan hulself gewoonlik nie assosieer met die brutale handelinge nie; vandaar die verdringing van die trauma.	• Oortreders vereenselwig hul met die misdaad, optredes, die toneel en met tye ook die gewin wat daaruit verkry is
• Oortreders is gewoonlik psigies geskok, kontak paramedici en geregsdienaars en gee hulself oor	• Na die pleeg van die geweldsdaad vlug die oortreders en gee hulself selde uit vrye wil oor.
• In die meeste van die gevalle word die impulsmoord in sosiale isolasie gepleeg en word die enigste getuie vermoor	• In die geval van alledaagse gepremediteerde geweldsmisdade bestaan daar gewoonlik ’n bron van getuies
• Dit is nie ’n makro-sosiaal problematiese fenomeen nie en word dikwels onderrapporteer	• Dit gaan gepaard met wetteloosheid en ’n besetting van die bevolking se vryheid en geniet gewoonlik wye aandag in die media

	en die statistiese vergelykings van misdaad
• Vanweë die impulsiewe aard van hierdie moorde is dit nie werklik moontlik om voorkomende en proaktiewe maatreëls en intervensies te tref nie	• Voorkomende en proaktiewe maatreëls kan in ’n mate getref word op grond van beskikbare misdaadintelligensie en ander tendense
• Hierdie moordenaars is geneë tot samewerking in die ondersoek	• Moordenaars is dikwels nie bereid om met die vervolgingsgesag saam te werk nie
• ’n Pleit van skuldig (met verminderde toerekeningsvatbaarheid) word meer geredelik aangeteken	• Oortreders pleit dikwels onskuldig en verwag dat hul skuld in die litigasieproses bewys moet word
• Dwingende en wesenlike straf-versagtende omstandighede is meer geredelik teenwoordig	• Meer strafverswarende as strafversag-tende omstandighede is gewoonlik teenwoordig
• Die oortreder kan die verloop van gebeure nie altyd logies verklaar nie, maar aanvaar wel verantwoordelikheid vir die daad (al is dit indirek en vanweë hul latere vereenselwiging met byvoorbeeld die toneel en bepaalde bewyse)	• Dit is nie vreemd vir oortreders om verantwoordelikheid te ontken deur esoteriese dryfkragte soos satanisme aan te voer as motiewe vir die moord nie
• ’n Impulsmoord is ’n eenmalige misdryf wat onwaarskynlik weer in die toekoms sal herhaal. Die prognose en rehabilitasie-uitkoms is goed	• Hierdie is dikwels gewoontegebaseerde en herhalende moorde. Oortreders staan dikwels tereg op meer as een klag van moord. In die algemeen bestaan onsekerheid oor die prognose en die residivisme-syfers is hoër
• ’n Tradisionele beskouing word nog gehuldig dat die slagoffer se geëmansipeerde geslagsrolverdeling die oorsaak is vir die geweld	• Tradisionele oortuigings en -posisies speel selde ’n rol in die pleeg van hierdie tipe moord

Bronne: Bartol (1995); Cartwright (2002); Dobash et al. (2009); Exner & Thurstone (2009); Ludsin & Vetten (2005) en die huidige ondersoeker.

2.3.3 Gevolgtrekking

Die ondersoeker is van mening dat impulsmoorde nie met premeditasie gepaard gaan nie. Hierdie moorde word gekenmerk deur die opbou van spanning, verswakte meganismes vir selfregulering en ’n predisposisie tot impulsiewe plofbaarheid by die moordenaar. Aspekte soos gewin, bevrediging en motief manifesteer nie altyd duidelik nie. Dit kom in eiesoortige omstandighede voor en kan gevolglik nie aan moord in die algemeen gelyk gestel word nie. Dit is volgens die ondersoeker meestal beperk tot intieme verhoudings en kan as “binnekamergeweld” beskryf word (vandaar die foutiewe etikettering as passiemoord). Dit word gekenmerk deur tydelike, onverwagse emosionele opwelling en fatale impulsiewe plofbaarheid.

Daarteenoor is gepremediteerde geweldsmisdade meer voorspelbaar. Die fundamentele aanname dat alle moorde voorspelbare en gepremediteerde doelbewuste handelinge is (Wood, Gove, & Cochran, 2009), kan dus bevraagteken word. ’n Wesenlike onderskeid tussen impuls- en gepremediteerde moorde blyk uit die tabel hierbo en verklaar waarom dit as twee afsonderlike tipes handelinge beoordeel behoort te word. Vervolgens is dit sinvol om te bepaal watter faktore impulsmoorde op populêre en sielkundige vlak het.

2.3.4 Impulsmoord: algemene beskouings

Aangesien impulsmoorde ’n braak navorsingsveld is, bied dit besondere uitdagings aan die forensiese sielkundige (Nel, 2007). Die beperkte navorsing in hierdie veld is waarskynlik die rede waarom die verskynsel met soveel nuanses (populisties sowel as minder gewild) beskryf word. Deur die populêre beskrywings en assosiasies wat daarmee (asook met geweldsmisdade in die algemeen) verband hou te bestudeer, word (ongeag die oorvleuelings daaraan verbonde) beter insig in die elemente van impulsmoord verkry.

2.3.4.1 Impulsmoord as dranggedrewe

Uit die breë omskrywing van moord tree een sentrale tema na vore, naamlik begeerte: ’n drang om ’n ander die lewe te ontneem (Bartol, 1995; Reid, 1976). Nettler (1978, 1982) ontleed hierdie drang uit ’n bepaalde hoek deur te verwys na die “saad van misdaad” wat potensieel in ieder en elk van ons teenwoordig is. Dit blyk uit die literatuur dat geweldsoortreders ’n inherente drang of behoefte het om die gewelddaad uit te voer. Die International Centre for Alcohol Policies (2008, p. 30) verwys na “*enduring characteristics that increase the likelihood of violence in all situations or in specific kinds of situations*”. Wood (2009, p. 1) kom tot die slotsom dat “*persons who commit violent crimes find the acts to be intrinsically pleasurable*”. Dit wil dus voorkom asof hierdie tipe geweldsoortreders ’n onversadigde “psigiese aptyt” vir geweld ontwikkel.

Uit tabel 2.1 blyk hierdie uitgangspunt minder oortuigend en ontoepaslik van impulsmoorde te wees. Die drang om te moor kan wel langdurig in bepaalde individue sluimerend wees en met gereelde (gewoontevormende) tussenposes ontluik, maar dit kan ook op die ingewing van die oomblik in ’n bepaalde interpersoonlike situasie na vore kom. Dit is dan ’n moordimpuls en beantwoord nie werklik aan die kriteria vir bogenoemde gepremediteerde gewelddadigheid nie. ’n Wesenlike onderskeid word derhalwe nie in hierdie beskouing getref tussen die patroonmatige gedrag van ’n gewoonteoortreder en gedrag wat verbygaande, onverwags en situasioneel van aard is nie. Die tipering van impulsmoord as ’n drang onderskei dit dus nie duidelik van gepremediteerde moord nie.

2.3.4.2 Impulsmoord as gekenmerk deur ’n spanningstoestand met gevolglike realiteitsverlies/dissosiasie

Impulsmoorde word deurlopend as ’n emosionele “katatimie” (‘n onverwagse reaksie) beskryf en die terme “skielik” en “na-buite-reagerende impulsiwiteit” as gevolg van spanning word reeds vir jare in die literatuur daaraan gekoppel (Weiss,

Lamberti, & Blackburn, 1960). Dit word as “willose en outomatiese stresverwante handelinge” deur Bartol (1995) beskou (sien latere bespreking). Kernberg (1970) voeg hierby die beskouing van impulsmoord as ’n buitengewone primêre affektiewe toestand. Dit geskied as gevolg van “*a crucial weakening of ego controls*” (Lennings, 2004, p. 6).

Met bogenoemde onvoorspelbaarheid en verbrokkelde egofunksies word hierdie fenomeen vervolgens verskraal tot ’n toestand van realiteitsverlies (*S v Nursingh* 1995 (2) SASV 383 (N)). Dit word vereenselwig met ’n verlies van die essensie van menswees (“*dehumanization*”) (Lennings, 2004, p. 8) en ’n gevolglike beskouing as dissosiasie-fenomeen.

’n Dissosiatiewe versteuring kom voor wanneer ’n persoon wat aan psigiese of fisiese trauma blootgestel word (en gevolglike intense emosionele opwekking beleef) dissosieer – ’n ontkoppeling met die werklikheid ontstaan (soos reeds hierbo beskryf) en die grense van die ego word getransendeer (Moskowitz, 2004; Sadock & Sadock, 2003). Verswakte of algehele disoriëntasie ten opsigte van tyd, plek, liggaamlike bewustheid en eksterne sensasie ontstaan tydens die manifestasie van hierdie verskynsel. Impulsmoord word gepas beskryf as ’n tydelike en nie-patologiese dissosiatiewe reaksie op spanning. Volgens Moskowitz (2004) kan dissosiasie inderdaad geweld voorspel.

In die vakliteratuur word dissosiasie beskou as ’n toestand wat deur die volgende gekenmerk word:

i) bepaalde sielkundige prosesse word van die persoonlikheid ontkoppel (Gouws 1979), bedoelende dat geïntegreerde gedagtes (kognisie), affeksie en konasie afwesig is; en
ii) ’n gedeeltelike of algehele losmaking tussen geheue, bewustheid (van identiteit) en liggaamlike beheer/bewegings, met gevolglike verwarring wat intree (Colman, 2001; Sadock & Sadock, 2003).

Hierdie toestand pas in by die onbewuste versperring van die toegang van inligting as "*a defence mechanism whereby unacceptable thoughts, feelings, or wishes are banished from consciousness*" (Colman, 2001, p. 32). Dit is psigogeen van aard en verklaar waarom diegene wat dit ondervind steeds samehangend en logies reageer en hul optrede later na normaal terugkeer.

Lennings (2004) verwys in hierdie verband na die navorsing van Heide waarin episodiese woede in eiesoortige (en gesinsverwante) geweldsmisdrywe voorgekom het en dan dissosiasie en verandering in opwekking tot gevolg gehad het. Hierdie dissosiasie is voorafgegaan deur 'n intense emosionele oplewing en spanningsdruk voor die pleeg van die moord. Dit is van verbygaande aard en daar kan hoogstens gepraat word van die teenwoordigheid van 'n dissosiatiewe verskynsel ten tye van die impulsmoord.

Tydens hofverrigtinge verwys regsgeleerdes dikwels na hierdie moorde as 'n onbeheerbare spanningsimpuls ("*irresistible impulse"*), "impulsgedrewe emosionele storm", 'n toestand van "verswakte selfkontrole", 'n katarsis – dit wil sê 'n psigiese inploffing vanweë uitsonderlike inherente spanning wat opbou. Dit word gevolg deur 'n toestand van tydelike beswyming en dissosiasie ("*trans-like state"*). In 'n toonaangewende hofuitspraak ten opsigte van hierdie fenomeen – *S v Eadie (1)* 2001(1) SAVS 172 (K) – verwys regter R. Griesel na ekstreme provokasie ('n spanningstoestand) as sneller en die gevolglike ontwikkeling van 'n tydelike toestand wat versoenbaar is met 'n "emosionele ineenstorting", "emosionele spanning" en selfs 'n "persoonlikheidsdisintegrasie".

In 'n internasionale uitspraak deur regter Langford (*Western Agricultural Insurance Company v Brown R*: Supreme Court in Mohave County, Case no. 95-CV-404) word verwys na "*derangement of his intellect*" en "*an irrational impulse"* (p. 2) en tegelyk ook na die bestaan van "*the irresistible impulse"* as gevolg van spanning (p. 4). Die atipiese aard van dié optrede vorm ook deel van die kliniese spanningstoestand of -beeld.

Verskeie knelpunte tree onmiddellik na vore: die abstrakte begrippe waarna hierbo verwys is, is nie altyd meetbaar nie en word soms moeilik in die juridiese omgewing verkonkretiseer (gedagtig daaraan dat die hof sigself met realiteite en konkrete begrippe besig hou). Dit verg ’n unieke onderskeidingsvermoë om te bepaal watter emosionele (plofbare) en sielkundige faktore ongekontroleerde gedrag aanhits en in watter mate en op watter tydstip dissosiasie intree en werklikheidskontak weer terugkeer.

Die aanvang en einde van die psigiese spanningstoestand en disintegrasie kan ook moeilik aangetoon word. Sekere howe aanvaar dat dit kortstondig van aard is, terwyl ander toegee dat dit oor tyd kan strek soos die urelange toestand wat in die saak *S v Nursingh* 1995 (2) SASV 383 (N) aanvaar is. Die kumulatiewe opbou van spanning en die “drukkoker”-gevolg moet ook prakties aangetoon word. Verklarings waarom hierdie toestand wel tydens die impulsmoord manifesteer het, terwyl ander hanteringswyses in ander stresvolle situasies intak gebly het, verg kundige verduidelikings.

2.3.4.3 Impulsmoord as verwant aan opwekking en versteurde kognisie

In sy verklaring van impulsmoord verwys Kaliski (1993) na impulsiewe diskontrole. Die aard daarvan is dikwels onverwags en die handelinge wat daaruit voortspruit is ongeorganiseerd – vandaar die gedagte van impulsiewe opwekking met verlaagde kognisie. Davidson, Putnam en Larson (2000) reduseer die verskynsel tot affektiewe impulsiwiteit of opwekking. Cartwright (2002, p. 5) verwys na ’n gramskap (“*rage-type”*) moord as ’n “*aberrant act”,* dus ’n handeling wat afwyk van die normale of gewone (Alswang & van Rensburg, 1995). Hier val die klem deurgaans op impulsiwiteit wat geassosieer word en verweef is met ’n bepaalde emosionele toestand van opwekking soos woede, met veral verswakte kognisie, beheer en selfregulering.

Bartol (1995, pp. 266, 268) bied die volgende verklaring vir hierdie opwekking en verswakte kognisie: "*thinking processes are greatly impaired at extreme levels of emotional arousal. Under high excitement, such as anger, behavior normally controlled by thought becomes controlled by mindless habits. Therefore, at high levels of emotional upset, hostile or aggressive behavior is likely to become impulsive".* Hy verwys dan inderdaad daarna as "*sudden murders*" en "*one quick, highly violent or murder episode"* wat gekenmerk word deur impulsiewe woede en sinneloosheid.

Davidson et al. (2000, p. 591) brei hierop uit en praat tereg van "*faulty emotion regulation"* wat volg op kognitiewe verwarring en opwekking. Redding (2006) beoordeel dit as 'n fenomeen wat gepaard gaan met 'n ongewone gebrek aan beheer in unieke emosionele omstandighede. Dit volg op impulsiewe opwekking wat onderworpe is aan kognitiewe distorsie. Soos dit uit die voorafgaande blyk is onnadenkende woede sentraal aan hierdie moorde. Omskrywings soos "*impulsive, slashing out at a victim without much forethought or planned strategy"* word byvoorbeeld deur Bartol (1995, p. 265) gebruik. Hy omskryf die optrede verder as "*... resulting from the impulsive, spur-of-the-moment, and unpredictable acts of enraged individuals. The person who savagely assaults and sometimes kills is operating on impulse."*

Die deskundiges wat onderskeidelik vir die staat en die verdediging optree, bevorder gewoonlik nie vertroue in die sielkunde as wetenskap wanneer hierdie beskouing eng gevolg word nie. Diegene wat namens die staat optree lê dikwels klem op alternatiewe handelinge (soos onttrekking, konflikvermyding en beredenering) wat die pleeg van die moord sou kon verhoed (optredes en denke wat nie hoëvlak-kognisie verg nie), terwyl klem andersyds deur die verdediging gelê word op die kwesbaarheid en veranderlikheid van menslike gedrag wat die gevolg van uitsonderlike spanning is. 'n Enkele verdere beswaar is dat hierdie beskouing so sterk op die intra-psigiese dinamika van die oortreder fokus dat slagofferskade (gemeenskapsbelang) selde aandag kry.

2.3.4.4 Impulsmoord as intieme verhoudingsfenomeen en daad van passie

In die geval van gepremediteerde geweld is die slagoffers nie beperk tot ’n bepaalde kategorie van persone nie (Bartol, 1995; Dobash, Dobash, Cavanagh, & Lewis, 2004; Sutherland & Cressey, 1990). Impulsmoorde en -geweld kom dikwels voor in situasies waar die slagoffers aan die geweldenaars bekend is en ewe dikwels in intieme saamblyverhoudings verbind is (Craissati, 2005; Edens & Douglas, 2006; Jooste, 2005; Pienaar; 2009; Rosenberg, O’Carrol, & Powell, 1992). Exner en Thurstone (2009, p. 9) verwys na “*love killings”.*

Impulsmoord is volgens Cartwright (2002) en Dobash et al. (2004) ’n unieke en spesifieke tipe “nabye moord” wat volgens dié outeurs tydens die belewing van emosionele plofbaarheid gepleeg word. Met die uitsondering van een geval verwys Cartwright (2002) in sy gevallestudies na psigies-“gekweste” vaders wat hul nabye gesinslede op hierdie wyse leed aangedoen het. Weiss et al. (1960, p. 670) verwys na “*sudden murders”* wat voorkom in nabye en gesinsverhoudings. Dit blyk interpersoonlike geweld wat deur emosionele perspektiewe gemotiveer word. Bartol (1995) haal in hierdie verband vir Toch, Berkowitz en Zillman aan en verwys na “kragtige emosionele reaksies” (heftige opwekking) tussen die betrokke partye, waarvan die gevolge nie rasioneel beoordeel word nie.

Die meeste vorms van geweld teenoor vroue word deur mans (’n eggenoot of lewensmaat) gepleeg (Exner & Thurstone, 2009, pp. 1 & 9), vandaar die beskrywing daarvan as “*intimate partner homicide (IPH)”* en “*femicide”* wat volgens hierdie outeurs wêreldwyd toeneem. In soverre hierdie misdryf soms ook ’n impulsiewe karakter kan aanneem, behoort die verklaring daarvan moontlik ook betrekking te hê op impulsmoorde as sodanig.

Dit wil vir die huidige ondersoeker blyk of die mees waarskynlike oorsake in bepaalde kulture gesoek moet word, veral dié met sterk patriargale tradisies waarin

die vrou ’n beperkte en onderdanige rol in die huweliksverhouding vertolk. Dit verklaar nie slegs gewelddadige optrede in intieme verhoudings nie, maar waarskynlik ook die grusame wyse waarop lewensmaats dikwels doodgemaak word. Dit kan selfs verklaar waarom die slagoffer wat oorleef soms later bereid is om met die verhouding voort te gaan.

Omdat die slagoffers van impulsmoorde dikwels aan die oortreder bekend is en ewe geredelik in ’n noue verhouding met laasgenoemde staan, word die elemente van passie ook met impulsmoord in verband gebring (Bartol, 1995; Cartwright; 2002; Exner & Thurstone, 2009). ’n Onderskeid behoort eerstens getref te word tussen impulsmoord en sogenaamde passiemoord. Passie word in die Cambridge English Dictionary (1990, p. 295) beskryf as ’n gevoel of emosie, liefde en ook as “*violent anger, vehement desire*”, vandaar die assosiasie met die begrip “intieme moord”.

Die begrip passiemoord is ’n modewoord wat veral deur die media geskep is en daardeur versterk word (Exner & Thurstone, 2009) en word dikwels verwar met impulsmoord. Alle passiemoorde is nie impulsgedrewe nie. Dit verwar selfs deskundiges. ’n Meer inklusiewe beskrywing sou “intieme impulsmoord” wees, maar dit sou noodwendig die “beplande” passiemoord uitskakel. Die beskouing van passiemoord as sinoniem met impulsmoord blyk dus foutief te wees – eersgenoemde daad kan gepaard gaan met voorafbesinning en op sekondêre gewin gebaseer wees.

Die begrip passiemoord behoort eerder as ’n afsonderlike kategorie van geweldsmisdaad beskou te word. Dit is deels soortgelyk aan, maar verskil ook van, impulsmoord omdat dit met voorafbeplanning gepaard kan gaan. Dit pas wel in by impulsmoord omdat dit nie ’n sosiale fenomeen is wat herhaaldelik voorkom nie. In die navorsing (onder andere Exner & Thurstone, 2009) is daar ook geen geskiedenis van gewelddadigheid by oortreders gevind nie en is dit derhalwe geïsoleerde insidente.

Die klem op die intieme verhouding as die enigste teelaarde vir impulsiewe optrede is egter ’n onvolledige beskouing omdat so ’n fenomeen eweneens kan voorkom in situasies van ekstreme spanning en dreiging waar die betrokke partye onbekend aan mekaar is. Die oorreaksie van ’n persoon tydens ’n gesinsrooftog is maar ’n enkele voorbeeld. Die affektiewe reaksie van die oortreder word ook in hierdie beskouing oorbeklemtoon ten koste van ander faktore soos persoonlikheidsversteurings (byvoorbeeld antisosiale persoonlikheidsversteuring (ASPV)) en verhoudingsproblematiek wat ontstaan as gevolg byvoorbeeld suspisie en minderwaardigheid.

2.3.4.5 Impulsmoord en outomatisme: ’n regsbegrip

Die regsgeleerdes Nel (2007) en Lambecht (2005) verkies om in bepaalde gevalle die terme outomatisme en tydelike nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid vanweë eksterne snellers aan impulsmoord te koppel. Met die begrip outomatisme word letterlik bedoel dat die persoon soos ’n outomaat funksioneer en tydelik nie toerekeningsvatbaar is nie. In die Suid-Afrikaanse strafreg word twee tipes outomatisme onderskei, naamlik ongesonde en gesonde outomatisme (Lambrecht, 2005).

In eersgenoemde geval spruit die motivering vir die onwillekeurige handeling uit ’n patologiese toestand (soos byvoorbeeld epilepsie of hipoglukemie) en in laasgenoemde geval is die toestand van kortstondige aard en kan dit nie met ’n siekte in verband gebring word nie. In albei gevalle is daar nie sprake van willekeurigheid in handelinge nie. In Lambrecht (2005, p. 37) se analise oor outomatisme word tot die slotsom gekom dat *“die dader nie op bewuste gewaarwording handel nie, maar op die prikkels van die onderbewussyn*”.

Die normale skakel tussen die verstandsprosesse en gedrag is afwesig en is dit dus ’n abnormale bewussynstoestand (wat as delusioneel, verwarring en dissosiasie kan presenteer). Dit word volgens die ondersoeker gekenmerk deur

ontoepaslike en ongekontroleerde reaksies en is atipies aan die individu se karakter.

Hierdie beskouing laat hoofsaaklik ruimte vir deduktiewe afleidings deur howe omdat begrippe soos onderbewuste, onwillekeurigheid en outomatisme klinies moeilik meetbaar is (veral nadat die dader se gedrag na die status van willekeurigheid teruggekeer het). Die redes vir die herstel en die tydsduur van die outomatiese handelinge berus eweneens op gevolgtrekkings. Dit is in hoofsaak gebaseer op die inligting wat van die optreder verkry is. Ooreenkomstig hierdie beskouing kry die psigiese sneller(s) min aandag; daarteenoor kan impulsmoorde nie naastenby as juridiese verweer aangebied word in die afwesigheid van sulke snellers nie.

Amnesie word volgens Nel (2007) dikwels by geweldsmisdrywe as verweer aangevoer. Lambrecht (2005, p. 36) maak die volgende aanhaling uit die World Book Medical Encyclopedia waaruit die sameloop tussen amnesie en onwillekeurigheid duidelik blyk: "*Automatism is a condition in which a person performs acts without conscious knowledge or later memory of what he or she is doing.*"

2.3.4.6 Impulsmoord gepaardgaande met amnesie

Alvorens die verwantskap tussen amnesie en aanspreeklikheid tydens impulsmoorde ondersoek word, behoort die werking van geheue en amnesie toegelig te word.

2.3.4.6.1 Die werking van geheue en psigogene amnesie

Geheuefunksies (beide lang- en korttermyn) verwys na die stoor van inligting (Strauss, Sherman, & Spreen, 2006) en word deur 'n spektrum van faktore

beïnvloed wat tot amnesie kan lei (Lezak, 1995). Sadock en Sadock (2003) isoleer twee groepe oorsake vir amnesie, naamlik organies en emosioneel:

i) eersgenoemde dui byvoorbeeld op ’n blywende organiese skade soos ’n breinbesering (Lezak, 1995; Squire & Slater, 1978) en kan ook ’n organiese inslag hê vanweë alkoholmisbruik (Schuckit, 2009), fronto-temporale demensie (Neary, Snowden, & Mann, 1990) en ’n aandagspanversteuring met hiperaktiwiteit (Sadock & Sadock, 2003); en
ii) onder die nie-organiese of emosionele faktore wat amnesie kan veroorsaak, ressorteer onder meer psigoses, depressie en angs (Sadock & Sadock, 2003).

Lezak (1995, p. 325) verwys na verskeie studies waarin ’n verwantskap tussen depressie en verswakte kognisie gevind is en kom tot die volgende slotsom: “*This finding lends support to the hypothesis that memory dysfunction in depression results from weak or incomplete encoding strategies*”. Sadock en Sadock (2003) noem dat geheue ook beïnvloed word deur spanning en meer spesifiek die oormatige adrenalienafskeiding wat leer kan inhibeer. Lezak (1995, p. 429) steun hierdie opvatting dat emosies tot ’n patroon van “*diminished mental efficiency*” kan lei.

Om dit te verklaar, behoort gelet te word op die rol wat bogenoemde faktore soos depressie, spanning of organiese oorsake speel by die kodering, vaslegging en herroeping van inligting (Strauss 2006) tydens die pleeg van impulsmoorde. Geheue is ’n uiters komplekse neurofisiologiese proses wat ook ruimte laat vir potensiële wan- of afwesige registrasie wat in bogenoemde omstandighede mag voorkom. Die begrip psigogene amnesie spruit hieruit voort. Hierdie toestand word in die DSM-IV-TR en deur Van Rensburg en Verschoor (1989) ook as dissosiatiewe amnesie beskryf.

2.3.4.6.2 Amnesie en regsaanspreeklikheid

Die onvermoë om ’n traumatiese komponent van gebeure op te roep dui sigself nie op onskuld en gevolglike nie-strafregtelike aanspreeklikheid nie. Dit is egter dikwels kontroversieel en insgelyks ook ’n onbevredigende aspek van beskuldigdes se weergawe van gebeure, veral omdat beskuldigdes gewoonlik andersins gedetailleerde weergawes van voorafgaande gebeure kan voorsien. Amnesie moet dus nie met onwillekeurigheid verwar of selfs noodwendig daarmee geassosieer word nie. Amnesie is nie ’n onafhanklike verweer nie (*S v Domoney* (90/86) [1986] ZASCA 81 (26 Augustus 1986). In die saak *S v Pederson* 1998 (2) SAVS 383 (N) maak die voorsittende regter die volgende opmerking: “*Mere loss of memory is not and it never has been a defence to a charge of murder.”* Dit kan egter wel van waarde wees as dit deel uitmaak van ’n groter beeld of van ’n bepaalde verweer soos impulsmoord met gepaardgaande dissosiasie en amnesie.

Bogenoemde uiteenlopende beskouings van en assosiasies met die verskynsel van impulsmoord dui daarop dat geen standaardomskrywing daarvan bestaan nie. Die begrip impulsmoord bied wel in sigself buigsaamheid en praktiese toepassingswaarde om bogenoemde uiteenlopende sienings te akkommodeer. Dit word ook in verband gebring met die gedagte van spanning en provokasie (die affektiewe stressor) wat aanleiding gee tot die verkrummeling van persoonlikheidstrukture, beheer- en reguleringsprosesse (konasie) en die gevolglike vertroebeling van die intellek (kognisie).

Vir doeleindes van hierdie studie word aanvaar dat bogenoemde uiteenlopende omskrywings konvergeer in ’n regskonstruksie bekend as volledige of deels teenwoordige “nie-patologiese kriminele ontoerekeningsvatbaarheid”. Bepaalde faktore (soos onder meer die gemoedstoestand van die persoon, eksterne provokasie en gepaardgaande persoonlikheidsdinamika) kan in wisselwerking verkeer met die begrip toerekeningsvatbaarheid en, soos Nel (2007, p. 12) dit stel, kan dit selfs tot ’n “*volkome verweer teen strafregtelike aanklagte [ ] lei*.”

Wat hierdie verskynsel des te meer anders as beplande moorde maak, is dat affeksie, kognisie en konasie wedersyds op mekaar inspeel en in bepaalde omstandighede aanleiding gee tot impulsiewe ontbranding en gevolglike optrede (Bartol, 1995; *S v Eadie (1)* 2001(1) SAVS 172 (K); *S v Nursingh* 1995 (2) SASV 383 (N)). ’n Verminderde vermoë of algehele onvermoë kan ontstaan om tussen reg en verkeerd te onderskei en om ooreenkomstig hierdie onderskeidingsvermoë op te tree (dit wil sê gedrag logies te rig).

Determinante wat geweld en meer bepaald impulsiewe geweld ten grondslag lê, word vervolgens bespreek.

2.3.5 Impulsmoord en impulsiewe geweld: determinante

Impulsmoord is ’n onderbou van geweldsmisdade en veral impulsiewe geweld. Die determinante kan derhalwe nie altyd onderling en onafhanklik van laasgenoemde veranderlikes geskei word nie.

2.3.5.1 Psigopatologie as determinant vir impulsiwiteit en -geweld

Die rol wat psigopatologie in die voorkoms van gewelddadige optrede speel is wyd nagevors (Andrew & Andrew, 2005; Arrigo & Shipley, 2005; Bartol, 1995; Bartol & Bartol, 2005, 2006; Kamphuis & Emmelkamp, 2005; Kandel & Freed, 1989). Oor psigopatologie en die verband daarvan met geweldsmisdaad bestaan daar weinig eenvormigheid in die literatuur. Die meeste persone met diagnoseerbare psigopatologie is nie gewelddadig nie. Fazel en Grann (2006) het bevind dat gediagnoseerde psigopatologie met slegs 5% van gewelddadige misdade verbind kan word, terwyl Di Giacomo en Clerici (2010) ook nie ’n verband tussen sielkundige diagnoses en gewelddadige gedrag by psigiatriese pasiënte kon vind nie.

Lennings (2004, p. 7) kom ook tot die volgende slotsom: *“in general there are few case studies or reports of severe mental illness as a precipitator of adolescent homicide”*. Hierdie outeur meld verder dat in een studie (in die Verenigde Koninkryk) slegs ongeveer 3,6% van oortreders aan ernstige psigopatologie gely het. In Australië het 0,09% van mans en 0,01% vroue wat van manslag aangekla is, aan skisofrenie gely.

’n Parallel word wel getrek tussen impulsiwiteit, geweld en ’n veelheid van begrippe soos sensasiesoeke, risikogedrag, roekeloosheid en selfs ekstroversie en ongeduld (Hollander & Evers, 2001). So word ’n antisosiale persoonlikheids-versteuring (ASPV) byvoorbeeld deurlopend vereenselwig met swak selfbeheer en verminderde selfregulering.

Sadock en Sadock (2003) verwys egter na veel meer psigopatologiese toestande soos maniese toestande, bepaalde persoonlikheidsversteurings, depressie, skisofrenie en impulskontroleversteurings. Painuly, Sharan en Mattoo (2005) asook Sayar et al. (2000) sluit hierby aan en verklaar dat impulsiewe aggressie dikwels in depressie met gepaardgaande spanning voorkom.

Kaliski (1993) boekstaaf bepaalde organiese toestande en vorms van middel-intoksikasie, wat meestal ook met impuls-diskontrole vereenselwig kan word. Hoewel sommige van bogenoemde toestande teoreties aan impulsiwiteit en geweld gekoppel kan word, bestaan daar gebrekkige navorsing ten opsigte van die voorkoms daarvan in veral impulsiewe geweldsmisdade. Derhalwe word by die volgende toestande (wat in diepte nagevors is) volstaan:

2.3.5.1.1 Persoonlikheidsversteurings

Die mees bekende en prominente persoonlikheidsversteuring wat gereeld in die strafregspleging na vore kom, is dié van ’n antisosiale persoonlikheidsversteuring (ASPV) en grensgraadpersoonlikheidsversteuring (GPV) (Edwards, Scott, Yarvis,

Paizis, & Panizzon, 2003; Fountoulakis, Leucht, & Kaprinis, 2008; Paris, 2005; Sunderland, 1997). Beide persoonlikheidsversteurings vorm die hoeksteen van en is verweef met impulsiewe geweld. Volgens Fountoulakis et al. (2008) kan ASPV en GPV geredelik en veral met gepaardgaande middelgebruik, tot geweld aanleiding gee, maar die leser word terselfdertyd gemaan om nie die risiko's te ignoreer wat biologiese faktore en (lae) intelligensie ten opsigte van geweld inhou nie.

- Antisosiale persoonlikheidsversteuring (ASPV)

'n ASPV is sinoniem met die begrip "psigopatie" en dui op 'n persoonlikheidsversteuring wat onder andere gekenmerk word deur onverantwoordelikheid, impulsiwiteit, gebrek aan berou en onbeheersde aggressie. 'n Psigopaat maak hom dikwels reeds op jeugdige ouderdom skuldig aan antisosiale optredes (Gouws 1979).

Wat 'n ASPV betref, koppel Carson, Butcher en Mineka (1996, p. 341) dit onlosmaaklik aan "*impulsiveness, acting out, and intolerance of discipline*". Volgens Sadock en Sadock (2003) behoort hierdie tipe versteuring binne die konteks van persoonlikheidsontwikkeling bestudeer te word: dit word dikwels voorafgegaan deur 'n gedragversteuring by kinders wat dan as die enkele beste voorspeller vir die ontwikkeling van 'n ASPV gedurende die latere adolessente jare dien. Kinders met 'n gedragversteuring konformeer nie aan sosiale norms nie en is geneig tot promiskuïteit en aggressie, wat later tot die ontwikkeling van 'n ASPV lei. Ouers straf gewoonlik sodanige gedrag en sodoende ontstaan 'n patroon van wedersydse beïnvloeding en kondisionering wat deur vyandigheid en aggressie-belaaide interaksies gekenmerk word.

'n ASPV word as 'n risikofaktor vir misdaad sowel as residivisme beskou. Hare (1999) en Maden (2007) se navorsing in hierdie verband was gerig op die beskerming van die publiek teen verdere gevaarlike optrede deur vrygelate

misdadigers. Volgens beide is die teenwoordigheid van ’n ASPV die mees betroubare voorspelling dat residivisme (vir sover dit ’n geweldsmisdaad betref) sal presenteer.

In hul ondersoek na manlike geweldenaars het Mauricio et al. (2007) ’n statisties beduidende verband gevind tussen bepaalde persoonlikheidsversteurings (ASPV ingesluit) en fisiese, sowel as psigiese geweld. Hierdie bevindings word ook deur Carson et al. (1996, p. 338) gesteun in hul verduideliking dat hierdie tipe persoonlikheidsversteurde geneig is “*to act out tensions and problems rather than to worry them out*”.

Anders as in die DSM-IV-TR is die benaming vir ASPV in Brittanje deur navorsing gewysig na *Dangerous and Severe Personality Disorder* (hierna verwys as *DSPD).* Die *DSPD*-model is gegrond op die aanname dat bepaalde sielkundige en persoonlikheidsabnormaliteite tot gewelddadige misdaad kan lei en bydra tot die voortgesette deelname daaraan. Volgens Maden (2007) kan hierdie psigopatologie betroubaar geïdentifiseer word en sal residivisme voorkom indien veranderinge in die betrokke individue se psigiese en sosiale funksionering nie bewerkstellig kan word nie.

Die verskynsel van vroue wat hulself aan gesinsgeweld skuldig maak is vir lank verontagsaam. In navorsing deur Goldenson et al. (2007) is veranderlikes soos trauma-simptome en die persoonlikheidstrekke van 33 vroulike geweldenaars ondersoek. Daar is tot die slotsom gekom dat traumaverwante simptome wel by hierdie oortreders teenwoordig was, maar dat hul ook hoë tellings verkry het op sogenaamde “*cluster B*”-persoonlikheidstrekke (soos gemeet op die Millon Kliniese Multi-aksion psigometriese toets). Die persoonlikheidspatologie het ASPV ingesluit. ’n Verwantskap bestaan dus tussen ASPV en beide manlike (Hare, 1999; Mauricio 2007) en vroulike gesinsgeweldenaars.

Navorsing bevestig dat geweldsmisdaad stewig in ASPV veranker is. ’n ASPV word egter ook gekenmerk deur slinksheid en manipulasie wat lei tot die pleeg van misdrywe sonder gepaardgaande geweld. Die blote identifikasie van ’n ASVP differensieer derhalwe nie tussen die onderskeie misdrywe wat daarmee gepaard kan gaan nie en dat ASPV ook nie met impulsmoorde verband hou nie (sien Tabel 2.1 waar psigopatologie eerder met gepremediteerde geassosieer word).

- Grensgraadpersoonlikheidsversteuring (GPV)

GPV word gekenmerk deur ’n verskeidenheid van sielkundige simptome soos selfmoordgeneigdheid, maar veral impulsiwiteit en emosionele onstabiliteit (Louw, 1982; Paris, 2005). Hierdie versteuring begin reeds in adolessensie en beide temperamentstrekke en omgewingsfaktore kan met die verdere ontwikkeling daarvan in verband gebring word (Paris, 2005). GPV word gekenmerk deur endogene gemoedskommelinge, onvoorspelbare gedrag en impulsiwiteit (DSM IV-TR). Verdere kenmerke is ontoepaslike woede-uitbarstings en gewelddadige optrede en daar mag ook sprake van selfverminking en selfmoord-ideevorming wees (Sadock & Sadock, 2003).

Volgens Carson et al. (1996) het sulke persone ernstige identiteitsprobleme en is hulle gedrag hoogs onstabiel. Die GPV word gekenmerk deur intense en onvoorspelbare optrede wat uiteindelik tot ’n ASPV kan lei. Dit hou uiteraard die potensiaal in vir die pleeg van impulsiewe geweld en word waarskynlik gesuperponeer deur ander eksterne en interne snellers. Onstabiele interpersoonlike verhoudings ontstaan as gevolg van hierdie innerlike onstabiliteit.

Aggressie vorm volgens hierdie skrywers ‘n deel van die kliniese geheelbeeld: “... *feeling slighted, they might, for example become verbally abusive toward loved ones or might threaten suicide over minor setbacks ... they may display intense anger outbursts with little provocation and have difficulty controlling their anger. They tend to have a low tolerance for frustration*”. (Carson 1996, p. 324). Hierdie

versteurdes kan intense woede beleef in reaksie op geringe provokasie en ondervind moeite om hul aggressie te beheer: hulle is inderwaarheid onsuksesvol om hul gemoedstoestand te beheer en dit verklaar die eksplosiewe aard van hul gedrag (Carson 1996).

Goldenson et al. (2007) het 33 vroulike huishoudelike geweldenaars ondersoek en inderdaad drie faktore geïsoleer: hul afhanklikheid, antisosiale gedrag en die voorkoms van grensgraadpersoonlikheidstrekke. Die bevindings deur Mauricio et al. (2007) sluit hierby aan en dui daarop dat mans met ’n GPV inderdaad geassosieer kan word met fisiese en psigiese gewelddadige optrede teenoor vroue. Sansone, Reddington, Sky en Wiederman (2007) het die geskiedenis van huishoudelike geweld bestudeer en ’n verband met GPV probeer vasstel, juis omdat geweld as een van die kenmerke van hierdie persoonlikheidsversteuring beskou word. ’n Beduidende korrelasie is gevind tussen tellings op die *Self-Harm Inventory* (wat GPV meet) en die geskiedenis van gesinsgeweld soos gemeet op die *Severity of Violence Against Women Scale (SVAWS)*.

Navorsing deur Logan en Blackburn (2009) wys daarop dat gewelddadige oortreders ’n veel groter kans (tot vier keer hoër) het om met GPV gediagnoseer te word as diegene wat vir minder ernstige oortredings gevonnis is. Jordan, Schlenger, Fairbank en Caddell (1999) het onderhoude met 805 vroulike oortreders gevoer en eweneens tot die slotsom gekom dat 28% van hierdie deelnemers aan die kriteria van ’n GPV beantwoord het. Edwards et al. (2003) het in dieselfde konteks tot die slotsom gekom dat impulsiwiteit met fisiese geweld in intieme verhoudings en ook met BPV en ASPV in verband gebring kan word (Edwards, 2003).

- Ander persoonlikheidsversteurings

Wat ander persoonlikheidsversteurings betref, is min (indien enige) navorsing beskikbaar waar dit in verhouding met (impulsiewe) geweld ondersoek is. ’n Studie

deur Kamphuis en Emmelkamp (2005) het wel ’n verband tussen impulsiewe geweld en vermydende persoonlikheidsversteurings gevind. Vanweë die aggressieverwante kriteria word ’n ASPV meer geredelik met impulsiewe geweld geassosieer, terwyl ’n vermydende persoonlikheidsversteuring gewoonlik nie met impulsiewe geweld vereenselwig word nie. Hierdie versteuring word eerder deur sosiale inhibisie en afsydigheid as aggressie gekenmerk.

Kamphuis en Emmelkamp (2005, p. 170) kritiseer egter die onvolledigheid van hierdie denkrigting. Hulle verklaar dat dit inderdaad makliker is om op grond van hierdie persoonlikheidsversteuring (by ’n groep veroordeeldes) te voorspel wie sy lewensmaat gewelddadig vermoor het, as wat dit die geval met ’n ASPV is: “*It seems that conflict-avoidant, non-assertive dynamics can produce violent explosions in some avoidant personalities”.*

Outeurs soos Sadock en Sadock (2003) beskryf die paranoïese persoonlikheidsversteuring (PPV) as kenmerkend van suspisie en wantroue en brei verder uit op die gepaardgaande teenwoordigheid van vyandigheid, woede en irritasie. Dit wil voorkom of die diepgaande ondersoek na die verband tussen PPV en geweld beperk is, moontlik vanweë die seldsame voorkoms daarvan (dit betrek volgens Sadock en Sadock (2003) ongeveer 0,5% tot 2,5% van die bevolking). PPV-lyers beleef ook vyandigheid en misbruik deur andere, gebruik projeksie as verdedigingsmeganisme en is eerder emosioneel afgestomp as impulsief en gewelddadig.

In terme van die persoonlikheidsversteurings in die breë kom dit voor of impulsiewe geweld/-gedrag wel in bepaalde versteuring voorkom en daardeur gekenmerk word, maar dat dit nie altyd met sogenaamde impulsmoorde verband hou nie. Impulsmoord kan nie tot ’n enkele persoonlikheidstrek of -gebeurtenis beperk word nie, maar vorm deel van ’n meer omvattende vorm van psigopatologie en ’n veelheid van veranderlikes.

2.3.5.1.2 Impulskontroleversteuring: Onderbroke eksplosiewe versteuring (OEV)

Die onderbroke eksplosiewe versteuring is volgens die DSM-IV-TR ’n impulskontroleversteuring (IKV) en impliseer, soos die benaming aandui, dat die persoon ’n onvermoë het om impulse te onderdruk. Voordat ’n bepaalde daad uitgevoer word, is daar ’n toename in inherente spanning teenwoordig – dit wil sê ’n mate van psigiese opwekking (Sadock & Sadock, 2003) – wat tot nie-deurdagte en onwettige optredes kan lei.

Die OEV manifesteer in afwisselende episodes waarin beheerverlies en aggressiewe impulse na vore kom, vandaar Sadock en Sadock (2003) se verduideliking daarvan as ’n “*epileptoid”* persoonlikheid. Dit het dikwels ernstige beserings aan mense en ook skade en vernietiging van eiendom tot gevolg. Dit verskil van die algemene gedrags- en persoonlikheidsversteurings omdat dit nie deel uitmaak van die persoon se karakter nie (destruktiwiteit is dus atipies aan die persoon) en die intensiteit van die gewelddadigheid hou dikwels weinig verband met die stressors. Die persoon beleef dikwels ’n mate van verligting (en selfs bevrediging) na hierdie optrede.

Volgens Sadock en Sadock (2003) bring Aichhorn hierdie toestand in verband met swak ego- en superego-ontwikkeling (wat die misdadige element verklaar) en Fenichel assosieer dit met verdraaide aggressie en irrasionele impulsiwiteit. Hoewel ’n OEV ook soms met ’n bipolêre versteuring in verband gebring kan word, behoort dié diagnose ook onderskei te word van byvoorbeeld ’n ASPV, GPV en moontlike bestaande mediese toestande soos middelmisbruik en ’n traumatiese breinbesering (McElroy, Soutullo, Beckman, Taylor, & Keck, 1998, 1999). Louw (1982) postuleer fisiologiese sowel as aangeleerde verklarings vir hierdie versteuring.

Raj en Sidhu (2011) beskryf ’n rare sameloop van toestande naamlik die diagnose van Tourette-sindroom en ’n impulskontroleversteuring in woede-aanvalle en

plofbare uitbarstings. Verskeie ander oorsake soos abnormale neuro-oordragsisteme, hormonale veranderinge, brein-abnormaliteite wat aan emosies gekoppel word, asook ’n familiegeskiedenis van gemoedversteurings en middelafhanklikheid word as verdere oorsake vir hierdie versteuring beskou (Ploskin, 2007). Die voorkoms van hierdie toestand in die pleeg van geweldsmisdrywe in die algemeen en impulsmoorde in die besonder is nog nie werklik nagevors nie en kan waarskynlik te wyte wees aan die siening dat hierdie diagnose selde in die praktyk gemaak word. Volgens Sadock en Sadock (2003) kom dit voor by slegs 2% van pasiënte wat by psigiatriese instansies aanmeld.

2.3.5.1.3 Aandagtekort/hiperaktiwiteitsversteuring (ATHV) en Gedragsteurnis (GS).

’n Aandagtekort/hiperaktiwiteitsversteuring (hierna verwys as ATHV) is een van die mees ontwrigtende gedragversteurings by kinders en adolessente en word gekenmerk deur impulsiwiteit, rusteloosheid, swak aandaggewing, lae frustrasietoleransie en aggressie. Dié adolessente is gereeld in fisiese gevegte betrokke en reageer impulsief en met woedeuitbarstings. Volgens August, Steward en Holmes (1983) asook Weiss (1990) kan hierdie kinderaggressie as voorspeller dien vir toekomstige gewelddadigheid. Hiperaktiwiteit word onder meer uitgesonder as risikofaktor vir misdadigheid omdat dit dikwels tot verswakte skoolvordering aanleiding gee wat op sy beurt uiteindelik weer misdadigheid tot gevolg het.

’n Gedragsteurnis (GS) word volgens Verster (2009) met ATHV geassosieer en manifesteer dikwels in samehang met opponerende gedrag, middelmisbruik en volwasse ASPV. Dit word onder andere gekenmerk deur woedeuitbarstings, humeurigheid en gebrekkige samewerking. In die klassifikasie daarvan in die DSM-IV-TR (APA, 2000) word voorsiening gemaak vir kategorieë wat beserings aan mense en diere, beskadiging van eiendom, diefstal en skending van ander se regte insluit. Drie kenmerkende gedragsprobleme by kinders wat op die latere

ontwikkeling van geweld kan dui, naamlik enurese, wreedheid teenoor diere en brandstigting word deur Hickey (2003) beskryf en uiteengesit. Hy postuleer dat die genetiese samestelling van kinders verskil en derhalwe bestaan daar ook verskille ten opsigte van hul afweermeganismes vir die hantering van lewenstressors. Bepaalde kinders beskik dus oor ’n groter risiko om gedragsprobleme te ontwikkel. Die genoemde drie gedragsprobleme het dan ook meer geredelik voorgekom by kinders wat later as volwassenes geweldenaars geword het as by nie-oortreders. Hickey beantwoord egter nie die vraag of hierdie geweld altyd ’n impulsiewe vorm aanneem nie.

Die volgende patroon neig volgens die ondersoeker om te ontwikkel: die kind het aandagspanprobleme, vaar swak op skool, ontwikkel ’n swak selfbeeld, is ongewild by sy portuurgroep en neig gevolglik later tot na-buite-gerigte aggressie. Hoewel hierdie geestestoestand blyk die potensiaal te hê om tot geweld te lei, moet ander kontekste en veranderlikes ook in ag geneem word.

2.3.5.1.4 Opponerende-uitdagendeversteuring

’n Opponerende-uitdagende versteuring is ’n gedragversteuring wat gekenmerk word deur opstandigheid teen gesagsfigure. Dié tipe opponerende en uitdagende gedrag is teenstrydig met die bepaalde ontwikkelingsvlak van die kind (Sadock & Sadock, 2003) en die gepaardgaande negativisme en uitdagende aggressiewe kom neer op die skending van die basiese regte van ander. Diegene wat daaraan ly neig verder om met die gereg te bots. Die blote feit dat een vereiste vir die diagnosering van ’n gedragversteuring die herhaaldelike “*violation of the basic rights of others”* behels*,* impliseer volgens Englander (2007, p. 99) indirek ook betrokkenheid by ongewenste gedrag soos diefstal en geweld.

Navorsers soos Hay en Castle (2000) het inderdaad ’n direkte verband gevind tussen gedragversteurings, aggressie en geweld in die deelnemers se volwasse lewensjare. Hierdie mening word deur Carson et al. (1996, pp. 535, 537) gesteun;

hulle verwys daarna as ’n “*oppositional defiant disorder”* gekenmerk deur vyandige gedragsuitinge. Dit kan volgens hulle – in samewerking met faktore soos depressie, sosio-ekonomiese faktore en spanning by ouers – aanleiding gee tot die ontwikkeling van ’n ASPV en gevolglike gewelddadigheid.

Lennings (2004) het ’n groep jeugdige geweldenaars ondersoek en hoewel die verwantskap tussen gedragversteurings en latere psigopatie nie volgens hom geïgnoreer kan word nie, glo die navorser dat gewelddadigheid eerder aan disfunksionele families, fantasieë oor geweld, psigopatologie by ouers en familiekonflik gekoppel kan word. Laasgemelde beskik oor die potensiaal om langtermyn wanaangepastheid te stimuleer.

2.3.5.1.5 Middelmisbruik

In bepaalde samelewings is middelgebruik ’n onlosmaaklike deel van die daaglikse bestaanswyse en word die vraag dikwels gevra of hierdie gebruik ’n bepalende rol in die aanvuur van geweldsmisdadigheid speel (Altbeker, 2006). Koss en Gaines (1993) steun die bevindings van verskeie ander navorsers ten opsigte van die wisselwerking tussen alkoholmisbruik in bepaalde situasies en seksuele geweld. Hulle bevind dat die misbruik daarvan deur die slagoffer sowel as die geweldenaar tot seksuele geweld aanleiding gee. Alkohol dien as sneller vir geweld en impulsiwiteit deur middel van selektiewe inhibering (Lennings, 2004). ’n Afname in inhibisie tree in as gevolg van die irrasionaliteit wat met alkohol vereenselwig word en dit speel dan ’n rol in die wisselwerking tussen die individu en ander omgewingsveranderlikes.

Pogings is ook aangewend om middelmisbruik te korreleer met geweldsmisdade in die algemeen en nie slegs met seksuele geweld nie (Butler, Levy, Dolan, & Kaldor, 2003). Meer as 700 gevangenes is by verskillende aanhoudingsentra in die Nieu-Suid-Wallis-distrik van Australië by die studie betrek. 64% van die groep was dwelmgebruikers, alkohol ingesluit. Die navorsers het daarin geslaag om ’n

verband te vind tussen alkoholgebruik en geweldsmisdaad in die algemeen. Hierdie bevindings word gesteun deur Swartz en Lurigio (1999 , 2004) wat aantoon dat die gebruik van alkohol en middels soos marijuana die kans op arrestasie vir misdrywe verhoog.

Soortgelyke verbande is tussen seksuele geweld en ander middelmisbruik gevind (Barbaree, Marshall, & Yates, 1983, Simonds & Kashani, 1980; Taylor, Walton, & Young, 1973; Wolfgang & Ferracuti, 1967). Waar alkohol (soos hierbo aangetoon) die oorwegende middel is wat met die pleeg van geweldsmisdade in verband gebring kan word, wys Simonds en Kashani (1980) daarop dat die hoeveelheid dwelms wat ’n gebruiker neem, eerder as die tipe dwelm, tot geweldsmisdaad aanleiding gee.

Navorsers is dit eens dat alkoholmisbruik wel as primêre voorspeller vir die voorkoms van geweldsmisdade kan dien en dat, hoewel dwelmgebruik in die algemeen tot adolessente en volwasse gewelddadige misdade aanleiding gee, dit nie alkohol ewenaar nie (Federal Bureau of Investigation, 1997).

Volgens die ondersoeker is middelgebruik en geweldsmisdaad weliswaar verwant, maar middelgebruik is nie sinoniem aan misdaad nie – alle dwelmgebruikers pleeg nie altyd misdaad nie. Middelgebruik word dikwels as skans gebruik om onderliggende patologie te verskuil en kan dit na die oppervlakte dwing. Tydens alkoholinname verkeer verskillende omgewingstoestande en -invloede in wisselwerking wat dan tot impulsiewe reaksies aanleiding kan gee.

French (1992) verwys in sy beskrywing van ’n organiese persoonlikheidsversteuring met eksplosiewe kenmerke eweneens na middelmisbruik en intoksikasie as een oorsaak van onvoorspelbare impulsiewe persoonlikheidsveranderings.

Di Giacomo en Clerici (2010) identifiseer risikofaktore vir gewelddadigheid en sluit alkohol en middelgebruik (saam met veranderlikes soos ’n geskiedenis van gewelddadigheid, jeugdigheid, geslag (manlik) en gebrekkige impulskontrole) in as belangrike peilers. Holcomb en Ahr (1988) het bevind dat diegene wat middels misbruik ’n groter kans staan om gearresteer te word as byvoorbeeld skisofrene of diegene met persoonlikheidsversteurings, terwyl Rudolph en Hughes (2001) ’n geskiedenis van alkoholmisbruik as die sterkste voorspeller vir huishoudelike geweld beskou.

Lennings (2004) illustreer ’n soortgelyke verband tussen manslag en kokaïen-misbruik deur na die bevindings van Auerhahn en Parker te verwys; meer spesifiek dat geweld aangevuur word deur die gevolge van hierdie dwelm vanweë intoksikasie en onttrekkingsimptome. Verskillende outeurs is dit egter eens dat impulsiewe aggressie ’n komplekse aard het wat nie geredelik en ooreenkomstig enkelvoudige faktore verklaar kan word nie.

2.3.5.1.6 Psigoses

Psigoses is ernstige psigopatologiese toestande wat nie net ’n mate van werklikheidsverlies impliseer nie, maar ook gepaard kan gaan met hallusinasies, delusies en denkversteurings. Vanweë die ernstige belemmering wat dit by die pasiënt tot gevolg het word dit dikwels met afwykende optredes soos onvoorspelbare aggressie vereenselwig.

Sunderland (1997) beskou (benewens persoonlikheidsversteurings soos hierbo bespreek, organiese breinversteurings en middelmisbruik) nie psigotiese toestande as noodwendig verbandhoudend met geweld nie. Hy beklemtoon dat slegs ’n klein persentasie psigiatriese pasiënte moordenaars is en verwys eerder na die genetiese oorsake van geweld. Hierdie denkrigting verskil van Bartol en Bartol (2005) se siening dat, van alle skisofreniese tipes, die paranoïede skisofreen die

meeste met kriminele gedrag geassosieer word. Beide navorsers huldig egter nie ’n bepaalde mening oor hierdie toestande en geweld sigself nie.

Impulsiewe aggressie kom kenmerkend voor by ouers wat hul kinders vermoor. Papapietro en Barbo (2005) beskryf hierdie impulsiewe aggressie wat op skielike moord-aksies uitloop weliswaar (en sonder voldoende begronding) as ’n “psigotiese daad” of “akute psigose”, maar verklaar dat ander risikofaktore ook ter sprake is. Papapietro en Barbo (2005, p. 505) stel voor dat “... *it is important to know what psychiatric symptoms may result in violence; we believe that for prediction and prevention it is necessary to explore psychodynamic factors as part of a constellation of risk factors* …”. Alle ouers wat aan ‘n psigose ly, vermoor egter nie hul kinders nie en hierdie toestande kan dus nie as voldoende voorspellers vir impulsiewe aggressie dien nie.

Novak, McDermott, Scott en Guillory (2007) verwys na seksuele oortreders wat vanweë hul geestestoestand ontoerekeningsvatbaar bevind is en veral na die relatief groot persentasie wat as skisofrenies en met skiso-affektiewe versteurings gediagnoseer is. Wat hierdie deelnemers uniek maak is dat gepaardgaande middelmisbruik ook as veranderlike ondersoek is (in vorige studies is dit geïgnoreer). Die navorsers steun die verband tussen psigoses en geweld indien middelmisbruik as bydraende faktor in ag geneem word.

Voorbeelde van die oorsake van bogenoemde impulsiewe woede is gebrekkige ego-kontrole en die individu dan kwesbaar vir spanning maak. Dit kan in uitsonderlike gevalle lei tot psigose. Die rol van situasionele faktore in die opbou van spanning kan egter ook nie ontken word nie. Dit veroorsaak volgens die huidige ondersoeker dikwels die verkrummeling van intra-psigiese reserwes en -strukture (eerder as psigotiese gedrag), waarop impulsiewe moorde dan volg.

2.3.5.1.7 Organiese breinbeserings

’n Verdere diagnose wat dikwels onlosmaaklik aan gewelddadigheid gekoppel kan word, is ’n organiese breinbesering (Englander, 2007; Sadock & Sadock, 2003; Ponsford, 1995). ’n Organiese breinbesering kan ontstaan vanweë ’n primêre hoofbesering, sekondêre breinbesering of ander trauma wat byvoorbeeld as gevolg van medikasie opgedoen is. Alkohol-onttrekkingsdelirium en -hallusinasies sou ook onder hierdie versteuring ressorteer. Dit omsluit ’n konstellasie van gedragsimptome en impliseer gewoonlik drastiese persoonlikheids-, intellektuele en gedragsveranderinge (soos impulsiwiteit en aggressie) indien dit met die individu se premorbiede geskiedenis en funksionering vergelyk word.

Benewens die geneigdheid tot aggressie as gevolg van lae frustrasietoleransie, is gebrekkige vermoë tot abstraksie, die swak hantering van daaglikse eise en verswakte oordeel (wat tot kortgebakerdheid lei) volgens die ondersoeker ook teenwoordig. Hierdie verswakte oordeel, asook onvoorspelbaarheid vanweë die organiese aard van die versteuring en gepaardgaande verswakte regulerings-funksies, kan geredelik gewelddadige optrede tot gevolg hê.

Opsommenderwys: die gebruik van psigopatologiese verklarings vir gewelds- en impulsmisdrywe word algemeen gekritiseer vanweë die eng fokus op die individu, wat daartoe lei dat dit moeilik is om bepaalde samelopende patrone te identifiseer en veralgemenings op grond daarvan te maak. Die meeste navorsing is gedoen met relatief min deelnemers – dikwels geïnstitusionaliseerdes (Kaliski, 1993) – wat weer die inwerking van ander veranderlikes kan meebring.

Hoewel impulsiewe aggressie slegs sinvol beskou kan word mits ’n ASPV, ’n vermydende persoonlikheidsversteuring en bepaalde middelverwante versteurings in ag geneem word, verklaar die meeste psigopatologiese toestande nie waarom ’n bepaalde geestestoestand (wat argumentshalwe deur impulsiwiteit en ’n lae frustrasiedrempel gekenmerk word) impulsiewe misdadige optrede by een individu

veroorsaak, maar nie by ’n ander nie. Hofervaring het die ondersoeker geleer dat psigopatologie nie uitgesluit moet word nie, maar dat oënskynlik min (indien enige) impulsmoordenaars werklik aan ’n psigopatologiese toestand gely het. Die vraag ontstaan dus in welke mate psigopatologie moontlik in samehang met ander sielkundige determinante impulsiewe aggressie kan verklaar.

2.3.5.2 Ontoereikende selfregulering

2.3.5.2.1 Inleiding

Die blote benaming “impulsmoord” impliseer dat selfregulering ook oorweeg moet word. Kehr, Bless en Von Rosenstiel (1999) verwys na die motiveringsteorie van Kuhl en die gepaardgaande suksesvolle konflikhantering van die persoon deur middel van aanpasbaarheidstrategieë. Selfregulering vereis in die algemeen dat standaarde daargestel word, dat dit gemonitor word (Carver & Sheier, 1982) en dat wilskrag/-sterkte (Baumeister & Vohs, 2007) benut word om deursettingsvermoë en/of selfbeheer toe te pas.

Selfbeheer is die algemeenste vorm van selfregulering. Baumeister, Vohs en Tice (2007, p. 351) wys daarop dat outeurs dit dikwels as dieselfde begrippe in navorsing gebruik, terwyl selfbeheer inderwaarheid “*the deliberate, conscious, effortful subset of self-regulation”* is. Kehr et al. (1999, p. 487) formuleer die volgende “... *self-regulation is associated with higher volitional competence”* omdat regulering met ’n groter mate van wilsbedrewendheid en -uitdrukking gepaard gaan. Dit hou volgens Alswang en Van Rensburg (1995) ook verband met die breë begrip dissipline, om te reguleer en om optrede voor te lig. Kehr et al. (1999) verwys na selfbeheer as aktiwiteit met die onderliggende oogmerk om ten spyte van moontlike alternatiewe, met doelwitbereiking voort te gaan – dit is derhalwe ook ‘n meer spesifieke en konkrete konsep as selfregulering (McCullough & Boker, 2007). Interne reserwes word benut om byvoorbeeld gewoontes, situasionele

spanning en fisiologiese reaksies te inhibeer of te vervang (Schmeichel & Baumeister, 2004).

Omrede selfregulering primêr op beloning geskoei is, ontlok dit positiewe emosies en volgens Baumeister en Vohs (2007) en Zimmerman (2000) verhoog selfregulering beide die aanpassing en buigsaamheid van ’n persoon. In hierdie reguleringsproses geniet selfbeheer voorkeur bo impulsiewe selfgesentreerde optredes. Beide selfregulering en die sosiale aanvaarding wat daaruit voortspruit, lei tot sukses en omgekeer (Polivy, 1998).

Soos selfregulering, kom selfbeheer noodwendig in die geval van impulsmoorde ter sprake. Ludsin en Vetten (2005, p. 169) is meer spesifiek en verklaar dat geestestoestande daartoe kan lei dat selfbeheer faal en heftige impulsiewe reaksies kan volg: *“…[it] could serve as a basis for the pathological impairment that results in the loss of control...*” (wat dan selfs tot impulsmoorde aanleiding kan gee). Onvoldoende selfbeheer kan ook die oorsaak wees van onder meer middelmisbruik, probleme met woede-beheer en impulskontrole, geweld en eetversteurings (Baumeister 2007; Tangney, Baumeister, & Boone, 2004).

Selfbeheer verlaag aggressie en kriminogene gedrag (Friese & Hofmann, 2009). Daarteenoor is gevind dat voldoende selfregulering beloning inhou in terme van geestesgesondheid, gesonde verhoudings en akademiese sukses (Baumeister & Vohs, 2007). Die uitkoms van selfregulering berus op die wyse waarop dit toegepas word (Tangney 2004) en sluit die beheer oor denke en gedrag in (Friese & Hofmann, 2009).

2.3.5.2.2 Selfregulering: intrinsieke beheermeganismes, persoonlikheid en eksterne stimuli

Die teorieë oor die patogenese van impulsiewe eksplosiwiteit in die algemeen (en derhalwe ook gebrekkige selfregulering) omsluit ook verklarings wat dui op ’n

onvermoë om behoeftes uit te stel en dus onmiddellike drangbevrediging voorop stel (Holland, Baker, Kahn, & Stein, 2006). Impulsiwiteit word verklaar deur begrippe soos sensasiesoekende gedrag en die individu se uitsluitlike fokus op die hede – volgens Carson et al. (1996) leef so ’n persoon vir die “hier-en-nou”. Langtermynvisie en die beoordeling en inagneming van die verlede is afwesig. Hieruit word afgelei dat die moordenaar geneig is tot buitengewone impulsiwiteit, dat so ’n persoon nie fisiese en psigiese behoeftebevrediging kan uitstel nie en voortdurend op soek is na bevrediging van sensasiesoekende drange. Quay (1965) beskryf dit as optredes wat voortdurend aangehits word deur oproering en opwinding (“*thrill and excitement”)*. Dit gaan dus om ’n behoeftebevrediging met die gepaardgaande fokus op die hede en die denke van die oortreder op die oomblik.

Aggressie en impulsiwiteit word oor die algemeen beskou as ’n karaktertrek wat ’n produk is van intrinsieke faktore (Lennings, 2004) en wat stabiel oor tyd by ’n individu presenteer of andersyds op voorspelbare wyse afwesig is. Lennings haal navorsing aan wat in die 1997-Carcach-studie gepubliseer is en wat betrekking het op adolessente wat by moorde in Australië betrokke was, maar nie vorige misdaadrekords gehad het nie (en dus ook nie in gewelddadige misdade betrokke was nie). Hy verklaar hierdie impulsiewe gewelddadige optrede met behulp van die begrippe oor-gekontroleerdheid en onder-gekontroleerdheid.

Beide begrippe is reeds in 1945 (Hodge, 1945, p. 472) met die impulsiewe misdadiger in verband gebring deur ’n onderskeid te tref tussen enersyds ’n oorwegend aggressiewe misdadiger (diegene wat sogenaamde episodiese impulsiewe aggressiewe optrede openbaar soos in die geval van “*instance murders”)* en ’n andersyds oorwegend passiewe persoonlikheid. Die oor-gekontroleerde individu neig om moreel-absoluut te lewe en nie-vakkundige begrippe soos “oorsorgvuldige” en “oorversigtige persoonlikheid” kan waarskynlik op so ’n persoonlikheid van toepassing gemaak word. Hierdie teorie kom daarop neer dat “*if over-control is a feature, … when such control is breached, the*

resultant reaction leads to these excessive and apparent abhorrent acts of brutality … a crucial weakening of ego-controls during the commission of the offence" (Lennings, 2004, p. 6).

Megargee (1966) sluit hierby aan en het ook hierdie tipes persoonlikhede geïdentifiseer wat betrokke raak by moorde wat met verminderde selfbeheer gepleeg word, naamlik diegene by wie "oorkontrole" ingewortel is en diegene wat chroniese "onder-gekontroleerde" aggressiewe gedrag toon. In laasgenoemde geval lei onvoldoende beheer gewoonlik dat die impuls bewustelik nagestreef word, terwyl die "oorgekontroleerde" individu gevoelens internaliseer en geneig is tot eenmalig onverwagse eksplosiwiteit. Die oorgekontroleerde persoon wat by impulsmoorde betrokke raak, beleef intense inherente psigiese spanning wat oor tyd kumulatief opbou en in 'n toestand van psigiese disintegrasie en impulsiewe ongekontroleerdheid kulmineer (Bartol, 1995; Bartol & Bartol, 2005). Met disintegrasie word spesifiek verwys na die afwesigheid (gedeeltelik of volkome) van die organiserende aspek van 'n sisteem oftewel die egostrukture wat vir regulering verantwoordelik is (Reber, 1995). Die persoon verloor kalmte en beheer – wat atipies van 'n andersins beheerste temperament is.

Die toleransie vir spanning en emosionele plooibaarheid (ook die verlies aan die vermoë tot emosionele regulering en beheer) is geleë in verskeie ineengestrengelde faktore, onder meer biologiese determinante, genetiese predisposisie, sosiale aanleer en ook die persoon se eie wilsbeheer. Bepaalde karaktertrekke is meer afhanklik van genetiese samestellings, terwyl optrede deur hierdie genetika sowel as byvoorbeeld sosiale faktore beïnvloed word. 'n Ekstrovert en uitgesproke persoon se gevoelens en optrede kan veel makliker beoordeel en voorspel word as dié van iemand wat 'n uiterlike skyn van kalmte voorhou en nie werklik gevoelens demonstreer nie.

Kaliski (1993) maak 'n sintese van die beginsels onderliggend aan die leerparadigma en propageer op grond hiervan dat assosiasies tussen bepaalde

optredes en bepaalde snellers plaasvind (provokasie word byvoorbeeld met spesifieke reaktiewe optrede vereenselwig). So ook word impulsiwiteit gedryf deur verwagte gepaardgaande belonings, ongeag wat die gevolge daarvan mag wees. Verder gevoer, lei hierdie siening tot die aanname dat ekstroverte meer positief op beloning reageer, terwyl introverte deur negatiewe terugvoer soos byvoorbeeld straf beheer word. Kaliski trek geen verdere parallelle wat ook impulsmoorde sou kon insluit nie. Tog kan hierdie ’n waardevolle invalshoek wees om juis te verklaar waarom ’n noemenswaardige aantal persone wat by impulsmoorde betrokke raak introversiewe geaardhede het (Bartol, 1995; Megargee, 1966) en derhalwe reageer as hul in verhoudings te na gekom word. Die rede hiervoor is dat hierdie twee persoonlikheidstipes hul emosies verskillend reguleer. Uiteraard speel die regulering van emosies by die individu ’n rol in die keuse van optrede, maar so ’n keuse word ook deur die situasie (en veral die intensiteit en die langdurigheid van blootstelling aan spanning) beïnvloed.

Provokasie of kritiek kan lei tot verlaagde agting/waardering by diegene wat oor weinig konflikhanteringsmeganismes beskik (veral wat verbale vermoëns betref) en hierdie kragdadige omgewingstimuli kan sodoende tot geweld aanleiding gee. Bartol (1995, p. 266) verwys voorts na aksies wat as “*mindless, impulsively striking out … automatically in response*” beskryf word. In dié verband redeneer Cartwright (2002) dat impulsiwiteit ontketen kan word in gevalle waar die oortreder deur eksterne faktore verneder word (die tydsduur en intensiteit van hierdie vernedering speel ’n bepalende rol in die aard van die impulsiewe woede). Beheer oor optrede word tydens die pleeg van impulsmoorde aan die omgewing en eksterne stimuli afgestaan, terwyl interne meganismes en beheermaatreëls verswak. Bartol (1995, p. 266) word in hierdie verband ondersteun deur Berkowitz se siening van impulsiewe geweld waarvolgens persone soms gewelddadig reageer – nie omdat die optrede met bepaalde positiewe of negatiewe gevolge in verband gebring word nie, maar omdat die individu deur interne en eksterne faktore daartoe gepredisponeer word (“*because situational stimuli have evoked the response (they) are predisposed or set to make in that setting*”).

Dit wil dus voorkom asof die individu wat ingestel is op streng selfbeheer en wat psigiese reguleringsmaatreëls in plek het, wel deur eksterne faktore gesneller kan word en dan ’n psigiese breekpunt of punt van persoonlikheidsdisintegrasie kan bereik (*S v Eadie* 2002 (1) SASV 663 (HHA)). Dit kan lei tot die ontlading van teleurstellings en ontnugterings in die vorm van impulsiewe optrede teenoor die bron van frustrasie. Die parallel wat getrek kan word met nie-selfgeldende individue wat verkies om konflik te vermy en onverwagte geweldsoptrede (eksplosiwiteit) openbaar, is uiteraard versoenbaar met bogenoemde beskouing.

Hoewel die omskrywing en verklaring van gebrekkige selfregulering en impulsiewe aggressie kompleks is, is navorsing in hierdie verband sekerlik nie onhaalbaar nie. Selfregulering moet onlosmaaklik aan die verskynsel van impulsmoord gekoppel word, maar die rede waarom dit nie in ’n bepaalde situasie as beperkende faktor op optrede gefunksioneer het nie, sal waarskynlik van geval tot geval verskil. Die ondersoeker steun in hierdie verband Krakowski (2003, p. 294) se opmerking dat “*serotonergic dysfunction will influence aggression differently, depending on the individual’s impulse control, emotional regulation, and social abilities”.* ’n Holistiese beoordeling van hierdie veranderlikes word derhalwe voorgestel.

Opsommenderwys: die mees inklusiewe siening en integrale beskouing van impulsiewe gewelddadigheid is dat dit uit verskeie risikofaktore voortvloei. Die reeds bestaande kwesbaarheid word versterk en kan deur eksterne versterkers en aangeleerde gedrag in die individu se omgewing tot die punt van optrede gevoer word. Die vraag wat ontstaan is: watter rol kan sosiale determinante in die aanvuur van gedrag speel?

2.3.5.3 Sosiale leer

Frustrasiegedrewe en aangeleerde oor- en onder-gekontroleerde aggressiewe karaktertipes kan (soos reeds uitgewys) volgens Bartol (1995) ook selektiewe impulsiewe aggressie verklaar. Die argument word gevoer dat impulsiwiteit

teruggevoer kan word na die individu se kinderjare en gekoppel kan word aan die oortreder se aangeleerde frustrasiedrempel en intrapsigiese konflikte (Hickey, 2003). Dit beteken dat oorerflikheid en sosiale leer ’n rol speel.

’n Verdere parallel word getrek tussen ouerlike verwaarlosing en afwesigheid, asook die latere predisposisie om psigopatologie, persoonlikheidsprobleme en ’n geneigdheid tot impulsiewe woede te ontwikkel. Hickey (2003) koppel dit aan emosionele deprivasie en argumenteer dat kinders wat emosioneel en fisies ly, geneig is om na buite te reageer; vandaar die verwantskap met jeugdige impulsiewe gedrag en misdaad. Die rol van genetiese dwang, tesame met die blootstelling aan en aanleer van aggressie in die gesinsmilieu (meer spesifiek die modellering en nabootsing van ouerlike gedrag in hierdie milieu) funksioneer *in concerto* en kan ook latere impulsiwiteit verklaar.

Hierdie mening word egter nie deur Robins en Price (1991) gedeel nie. In hul navorsing kon ingewortelde impulsiwiteit in die volwasse lewensfase nie met aangeleerde kindertoestande soos bepaalde gedragsversteurings en hiperaktiwiteit verbind word nie. Hul bevindings is daarteenoor weer strydig met Englander (2007) se slotsom dat kinders wat sogenaamde problematiese persoonlikhede het (en impulsiewe temperamentstrekke openbaar soos geïdentifiseer en omskryf deur Ellis (1991), wel later aggressie en gewelddadige optrede kan openbaar.

Die verwantskap tussen gewelddadigheid en die aanleer daarvan in ’n gewelddadige omgewing kom ook ter sprake, veral indien die idee ontstaan dat geweld die mees geskikte oplossing vir probleme is. Dit lei dan tot die ontwikkeling van ’n stres-respons-toestand. Kinders wat in ’n gewelddadige omgewing grootword, ondergaan veranderinge in die sentrale senuweestelsel in ’n reaksie op bedreigings (Perry, 1994). Dit manifesteer in hipersensitiwiteit en aandagspanprobleme wat met hiperaktiwiteit, asook met ’n graad van gedrag-impulsiwiteit en reaktiewe geweld vereenselwig kan word. In so ’n situasie word selfs verwys na ’n alomteenwoordige vrees en blywende fisiologiese opwekking by

kinders. Hulle is voortdurend so sterk op nieverbale leidrade vir moontlike geweld ingestel dat dit tot leergestremdheid kan aanleiding gee. Perry (1997) wys egter daarop dat alle getraumatiseerde kinders nie gewetenloos gewelddadig raak nie en dat fasiliterende geloofstelsels ("*belief systems*") wat aangeleer word, die deurslaggewende verklaring is vir hierdie tipe geweld.

2.3.5.4 Biologiese determinante

Biologiese determinante verwys onder meer na genetiese, chemiese en fisiologiese invloede.

2.3.5.4.1 Genetiese determinante

Navorsers beskou genetiese kwesbaarheid as 'n gelyklopende en bydraende faktor tot impulsiewe geweld. White (2001) aanvaar die bydrae van genetiese oorsake by impulsmoordenaars (gebaseer op tweelingstudies) wanneer hy bevind dat dit veral chromosoom abnormaliteite is wat individue predisponeer tot hierdie tipe impulsiewe aggressie.

Navorsing deur Hur en Bouchard (1997, p. 461) waarby 106 pare tweelinge betrek is, het getoon dat genetika 'n noemenswaardige rol in die voorspelling van gedrag speel: "*the correlations* [wat impulsiwiteit en sensasiesoekende gedrag behels] ... *were almost entirely mediated by the shared genetic factors*". Eley, Lichtenstein en Stevenson (1999) erken die invloede van beide biologiese en genetiese veranderlikes en die rol daarvan in die voorkoms van langdurige aggressie. Bogenoemde invloede kan volgens Englander (2007) 'n mate van psigiese kwesbaarheid by geweldenaars bewerkstellig wat in bepaalde omstandighede tot wanoptredes kan lei.

2.3.5.4.2 Chemiese determinante

Kaliski (1993) poog om biochemiese verklarings vir geweldsverwante optrede te formuleer en noem onder meer verlaagde monoamien-oksidasievlakke en ’n metaboliet van dopamien as moontlike chemiese faktore wat geassosieer word met verhoogde aggressie. Hy kom tot die gevolgtrekking dat dit algemeen aanvaar word dat neuro-oordragsisteme tydens overte gedrag in onderlinge interaksie verkeer, maar dat die bepaalde rol en werking van elke oordragsisteem steeds ontwykend is.

Englander (2007) huldig die mening dat die manlike geslagshormoon, androgeen, wel moontlik aan geweldsoptrede gekoppel kan word (hoewel die outeur in haar finale beoordeling dit eerder as ’n indirekte bydraende faktor beskou). Dit laat haar met die finale analise dat meer konkrete faktore soos minimale breinskade, voorafbestaande perinatale komplikasies en oorerflike faktore by mans as voorspellers vir latere gewelddadigheid kan dien.

Steun word ook gevind in die assosiasie van bepaalde neuro-oordragsisteme soos verminderde serotonien-funksies (en gevolglike veranderinge in die serotonien-reseptore) met impulsiewe aggressie (Coccaro & Danehy, 2006; Dolan, Deakin, Roberts, & Anderson, 2002). Hierdie biochemies-gefundeerde predisposisie word ook deur Krakowski (2003) en Seo, Patrick en Kennealy (2008) as redes vir impulsderegulering beskou. Hul sien dit as die gevolg van ’n wanfunksionerende interaksie tussen serotonien- en dopamienstrukture in die serebrale korteks.

White (2001) haal ook verskeie studies aan waarin neuro-oordragsisteme (meer spesifiek CSF 5-HIAA) met aggressie en selfmoord geassosieer kan word, maar kom tot die gevolgtrekking dat dit eerder as voorspelling vir impulsiewe gedrag behoort te dien.

Die chroniese afwesigheid van serotonien kan aanleiding gee tot impulse wat uitloop op gewelddadigheid, maar die breë biochemiese wisselwerking behoort ook in ag geneem te word. In ’n artikel getitel “*Bitumen battles – the phenomenon of road rage”* (Australian Academy of Science, 2006) word erkenning gegee aan die rol wat die amigdala (’n gedeelte van die limbiese sisteem) in die voorkoms van impulsiwiteit speel. Hierdie sisteem interpreteer sensoriese inligting en stuur data na die hipotalamus en neuro-oordragsisteme, waarna hormone vrygestel word. Die afskeiding van hormone in die bloedstroom lei tot fisiologiese reaksies soos spiersametrekkings, verhoogde hartklop en bloeddruk, ekspansie van die lugweg en die vervaardiging van glukogeen in die lewer. Dit verklaar die skielike impulsiewe uitbarsting wat in bepaalde omstandighede kan volg.

Die gedagte van die biologiese oorsaaklikheid van impulsiwiteit word gesteun deur die korrelasie tussen dié verskynsel en aggressie en lae serotonienvlakke wat by ’n groep psigiatriese pasiënte en by ’n groep van ongeveer 780 geweldsoortreders gevind is (Englander, 2007). Die verband tussen serotonien, impulskontrole en regulering (beide vir individue en vir groepsdinamiek) word ook deur Krakowski (2003) bevestig.

Die terapeutiese effektiwiteit wat verkry word wanneer impulsiewe en aggressiewe toestande deur die manipulering van neuro-oordragsisteme behandel word, verleen steun aan bogenoemde siening (Hollander & Evers, 2001). Biochemiese elemente soos serotonien en dopamien is dus ooglopend ook betrokke by impulsiewe en aggressiewe toestande.

2.3.5.4.3 Fisiologiese determinante

Hollander en Evers (2001) verwys na breinletsels by diere en die gevolge daarvan op impulsiwiteit, die bepaalde keuses wat gemaak word en veranderinge in aktiwiteitsvlakke. Daar word veral gefokus op die prefrontale korteks en die rol daarvan by impulsiwiteit. Hulle bevind ook dat die amigdala ’n sleutelrol speel in

die aard van besluitneming en wys daarop dat daar ’n korrelasie bestaan tussen swak besluitnemingsprosesse en letsels in hierdie betrokke breinstruktuur.

Selfregulering word ook in verband gebring met bepaalde breinareas en -netwerke – meer spesifiek die aktiwiteit in die prefrontale korteks wat gewoonlik met die impulslewe geassosieer word (Davidson et al., 2000; Posner, Rothbart, Sheese, & Tang, 2007). Die navorsers is dit egter eens dat genetiese faktore, omgewingsinvloede, nabootsing en kondisionering ook ingesluit moet word in die verklaring van konsepte soos selfregulering.

Impulsiewe aggressie en veral Onderbroke Impulsiewe Versteuring (OIV) word met gelokaliseerde breinletsels in die prefrontale lobbe geassosieer (Best, Williams, & Coccaro, 2002). Persone met sodanige letsels het min beheer oor hul gedrag en/of die gevolge van hul optrede.

Voorstanders van die biochemiese grondslag van reaksies op spanning huldig die siening dat fisiese strukture soos die hipotalamus onder meer vasopressien tydens ’n bepaalde optrede vrystel en dat die pituïtêre klier daarna ook groot hoeveelhede hormone vrystel. ’n Kettingreaksie ontstaan dan tussen hierdie fisio-chemiese vrystellings en die adrenale korteks (Jezova, Skultetyova, Tokarev, Bakos, & Vigas, 1995). Verandering in hierdie fisiologiese strukture lei vervolgens tot gedragsverandering.

Die mees resente navorsing met betrekking tot die fisio-biologiese oorsaaklikheid van emosionele regulering is die perspektiewe van De Brito et al. (2009) wat die verband tussen die morfometries-bepaalde grysmassa-volume van die brein en seuns se gedragprobleme en emosionele verharding ondersoek het. Volgens hierdie outeurs kan psigopatie (wat onder meer gekenmerk word deur impulsiwiteit) geassosieer word met abnormaliteite in die limbiese sisteem en prefrontale korteks. Hierdie studie berus op die beskouing dat emosionele verharding (ongevoeligheid) en gedragsprobleme (soos impulsiwiteit) later tot

antisosiale persoonlikheidsprobleme aanleiding kan gee. Die navorsers toon aan dat seuns wat gedragsprobleme openbaar ’n groter volume grysstof in bepaalde breinareas (soos die temporale lobbe) het en lei af dat ‘n vertraging in kortikale ontwikkeling in bepaalde breinareas teenwoordig is. Dit blyk die primêre rede vir hul emosionele afstomping, gedragsprobleme, gebrekkige moraliteit en swak besluitnemingsvermoë te wees.

Broomhall (2005) en Ito, Okazaki, Takahashi, Muramatsu, Kato en Onuma (2007) bring ook neurosielkundige en neurofisiologiese toestande met impulsiewe aggressie-uitbarstings in verband. Laasgenoemde groep navorsers het epilepsielyers ondersoek en kort periodes van aggressiewe gedrag (fisies en verbaal) in die postiktale periode na toevalle waargeneem. Die outeurs het frontale en temporale lobdisfunksie as oorsake gediagnoseer en beskryf die sindroom as subakute postiktale aggressie (SPA). Die rol van limbiese breinsisteme (Siegel & Shaikh, 1997) en traumatiese breinbeserings, met letsels in veral bepaalde breinlobbe (Ponsford, 1995), word ook aan veranderings in woedebeheer gekoppel.

Die kwantitatiewe ontleding van EEG-resultate by veroordeelde moordenaars beaam volgens Vendemia, Caine en Evans (2006) die verwantskap tussen gewelddadigheid en bepaalde breinabnormaliteite. Basoglu et al. (2008) steun ook die verwantskap tussen breinmetaboliese afwykings (soos gediagnoseer met magnetiese resonansies) en geweldsmisdade by soldate.

Uit voorgaande is dit duidelik dat fisiologiese en biochemiese determinante inderdaad as verklarings vir impulsiewe aggressie aangebied kan word. In die geval van neurologiese skade of letsels is dit blywend van aard, kan maklik met laboratoriumondersoeke geïdentifiseer word en sal ook bepaalde implikasies hê vir die toerekeningsvatbaarheid en vonnisoplegging van oortreders.

Biochemiese veranderinge kan daarteenoor meer kortstondig en ook moeiliker meetbaar wees (veral ná die oortreding en nadat die oortreder se fisiologiese toestand genormaliseer het). By uitbreiding en met die isolering van hierdie faktore mag dit in die regstelsel daartoe lei dat impulsiewe aggressie as ’n permanente mediese toestand (of toestand wat weer kan opvlam) beskou kan word. Die gepaardgaande voortgesette gevaar wat dit vir die samelewing kan inhou, mag dus versoeke deur die staat vir die sertifisering van die oortreder regverdig.

Verdere kritiek is dat psigologiese en ander veranderlikes buite rekening gelaat word en dat gedrag hoofsaaklik as biofisiese predisposisie beoordeel word. Dit beïnvloed weer die aanspreeklikheidsvlak van die oortreder en verminder persoonlike blaamwaardigheid.

2.3.5.5 ’n Eie sintese ten opsigte van determinante

Die ondersoeker kon voorlopig enkele veranderlikes as deel van ’n bepaalde persoonlikheidstruktuur identifiseer wat waarskynlik tot verminderde beheer in bepaalde situasies aanleiding gee. So ’n persoon blyk ’n rigiede individu te wees wat ’n hoë premie op voorspelbaarheid plaas – derhalwe is ’n weerstandigheid teen verandering teenwoordig.

Vanweë beperkte blootstelling aan sosiale veranderinge en intieme verhoudings (en ook aan die turbulente en onvoorspelbare buitewêreld) word aanpassings moeilik gemaak. Veranderinge, teleurstellings en lewenskrisisse word met inherente spanning geduld en verwerk. Hierdie individue verkies die sekerheid van die bekende in verhoudings, steun gewoonlik op rigiede tradisies en kultureel gevestigde gebruike (soos bepaalde rolverdelings in verhoudings).

Innerlike broosheid word beskerm deur die omgewing rigied te struktureer en sodoende word innerlike sekerheid bewerkstellig. Angstigheid, onsekerheid, wantroue en innerlike wroegings ontstaan as hierdie bestaanswêreld verander na

meer onsekere werklikhede. In hierdie geval kan ’n eksterne sneller of provokasie (gewoonlik as gevolg van die kumulatiewe opbou van spanning oor tyd en geaktiveer deur ‘n prominente persoon/lewensmaat) tot impulsiewe eksplosiwiteit aanleiding gee.

Interne sowel as eksterne veranderlikes word in die literatuur as moontlike verklarings vir impulsiewe aggressie aangebied. Sommige van hierdie veranderlikes is meer geredelik meetbaar as ander en bepaalde veranderlikes is meer breedvoerig nagevors as ander. Voorts is dit ook nie altyd moontlik om bepaalde (innerlike) veroorsakende veranderlikes te identifiseer nadat die daad reeds gepleeg is nie. Hoewel ’n sterk verwantskap tussen bepaalde persoonlikheidsbeelde, toestande en impulsiewe aggressie bestaan, is dit steeds nie moontlik om dit deurlopend as die enigste bepalende faktor uit te sonder nie.

Hoewel die verklaring vir impulsiewe aggressie met verswakte tydelike beheer kompleks bly, is navorsing in hierdie verband sekerlik nie onhaalbaar nie. Dit is nietemin noodsaaklik om die rol wat veranderlikes in impulsmoorde speel in ’n regsraamwerk te begrond, om die juridiese en sielkundige konsepte van toerekeningsvatbaarheid daarmee te versoen en om dit vervolgens te integreer.

2.4 Samevatting

Sommige faktore kan die meeste vorms van geweld ten grondslag lê, terwyl ander faktore weer uniek is aan bepaalde optrede. Dit is onwaarskynlik dat die dryfkragte agter konvensionele geweld dieselfde sal wees as dié wat tot impulsgeweld lei. Omdat bepaalde openbare geweldsverskynsels dieselfde oorsake mag hê, bemoeilik dit voorspelling, voorkoming en proaktiewe optrede. Dit maak dit egter nie vergesog of onmoontlik nie. Openbare geweld behels dikwels planmatige, herhaalde handelinge en die motief is aanranding, verkragting, roof en/of moord. Hoewel dit soms op die ingewing van die oomblik kan geskied (Englander, 2007), gaan dit gewoonlik met premeditasie gepaard.

Ander gewelddadige optrede (soos onvoorspelbare impulsiewe moorde) neem ’n totaal ander karakter aan, manifesteer in unieke omstandighede en is dikwels eenmalige verskynsels. Hoewel daar ooreenkomste ten opsigte van moontlike oorsake is, kan die verklarings daarvoor moontlik ook verskil van dié van bogenoemde algemene en voorspelbare geweldsmisdade.

Volgens die International Centre for Alcoholic Policies (2008, p. 30) behoort hierdie twee denkbeeldig geskeide geweldsmisdrywe nie onafhanklik beoordeel te word nie: “… *perceive this as a casual structure in which the broad factors* (ten opsigte van algemene geweld) *come to impact on more specific factors that ultimately play out in a given violent episode”.* Daar sal vervolgens na die regsbeskouing van geweldsmisdade (insluitend die regsverwante aspekte van impulsmoorde) gekyk word.

2.5 Die regsbeskouing van geweldsmisdade en impulsmoorde

2.5.1 Inleiding

Wat geweldsmisdrywe betref, bestaan daar ’n regsraamwerk waarvolgens onder meer gedrag, motief en die aanspreeklikheid van die dader beoordeel word. Suid-Afrika het daarin geslaag om oor tyd bepaalde algemene regsreëls te formuleer wat steeds aan die vereistes van (strafregtelike) wetenskaplikheid beantwoord en in die land se eiesoortige behoeftes voorsien (Burchell 1983; Burchell & Milton, 2000; Snyman, 2002). In ’n konstitusionele demokrasie verseker die regbank dat hierdie prosesse regmatig verloop. Die elemente van kriminele aanspreeklikheid word egter nie net in die regsproses beliggaam nie, maar die ontwikkeling, verloop en formulering hiervan staan ook sentraal in die sielkunde.

Vir die forensiese sielkundige is die begrippe “kriminele aanspreeklikheid” en “toerekeningsvatbaarheid” van kardinale belang omdat dit betrekking het op die psigologiese begrip van insig en vermoë tot selfbeheer wat by die dader teenwoordig moet wees. Nel (2007) haal in hierdie verband vir Snyman aan wat

dit begryplikerwys koppel aan die persoon se geestesvermoë om die ongeoorloofdheid van die handeling te besef (insig) en ooreenkomstig hierdie besef op te tree (selfbeheer/weerhoudingskrag).

Volgens Strauss (1995) gaan dit oor die vraag of die dader oor die nodige geestesvermoëns beskik het om strafregtelik vir sy/haar optrede verantwoordelik gehou te kan word of nie. Die fokus is hier op die (hoër) psigiese funksionering en samestelling en nie op ’n ingesteldheid nie.

2.5.2 Kriminele aanspreeklikheid

Om krimineel aanspreeklik te wees impliseer dat die oortreder sy dade toegevoeg (toegereken) kan word en daarom toerekeningsvatbaar is. Die strafreg is gemoeid met die toepassing van hierdie aanspreeklikheid. Skrywers soos Burchell en Milton (2000), De Wet en Swanepoel (1985) en Snyman (2002) brei uit op die beginsels van kriminele aanspreeklikheid:

- Gewone kriminele gedagtes is nie strafbaar nie. Burchell et al. (1983, p. 105) verwys na ’n voorvereiste vir strafbaarheid wat moet bestaan*: “… the law is not concerned with punishing persons with guilty minds unless such persons do some act of criminal nature”.* Strafbaarheid impliseer dus van meet af die uitvoer/pleeg van ’n willekeurige daad: ’n fisiese handeling wat teenstrydig is met die wet, dit wil sê wat onwettig (*actus reus*) is.

- So ’n handeling gaan gepaard met kriminele aanspreeklikheid (“*criminal capacity”*) en is afhanklik van en berus op die teenwoordigheid van *actus reus* by die beskuldigde. ’n Handeling stel die oortreder se misdadige gedagtegang en intensie in werking (De Wet & Swanepoel, 1985; Snyman, 2002). In die reg word ’n beginsel gehandhaaf dat ’n bepaalde daad nie onwettig en strafwaardig is as daar nie sprake van skuld (“*guilty mind”*) is nie.

- Kriminele aanspreeklikheid vereis ’n sogenaamde “*unlawful mental condition* (*mens rea*)”. ’n Misdaad kan dus nie gepleeg word as die geestestoestand van die oortreder van so ’n aard is dat skuld nie met die optrede vereenselwig kan word nie (Burchell 1983). Die begrip *mens rea* verwys na blaamwaardigheid wat intensie en agtelosigheid insluit.

Wat toerekeningsvatbaarheid betref, verklaar Burchell en Milton (2000, p. 95) verder: “*For criminal liability to result, the prosecution (the State) must prove, beyond reasonable doubt, that the accused has committed a) voluntary conduct which is unlawful … and that this conduct was accompanied by b) criminal capacity and c) fault (sometimes referred to as mens rea)”.* Kriminele aanspreeklikheid is dus afhanklik van die teenwoordigheid van intensionele onwettige willekeurigheid, kriminele vermoë en ’n “boosaardige ingesteldheid” (soos dit in regsake begrond word). ’n Misdaad kan argumentshalwe nie gepleeg word tydens ’n epileptiese toeval nie. Dit is ook in regskringe bekend dat bepaalde toestande as onbestrafbaar deur howe geag word (sien latere bespreking). Psigopatologies-gefundeerde optrede spruit voort uit ’n heersende psigologiese versteuring soos byvoorbeeld ’n psigose, met gevolglike verlies aan werklikheidsbesef en verlies aan beheer. Die oortreder is in hierdie geval ook nie blaamwaardig nie en howe sal institusionalisering aanbeveel.

2.5.2.1 Psigopatologie en aanspreeklikheid

’n Psigologiese versteuring is volgens Hall en Pritchard (1996) ’n toestand wat op ’n feitebasis gebaseer is. As gevolg van die toestand ontbreek rasionele oordeel en die vermoë om aksies te rig en dus is so ’n persoon nie blaamwaardig nie. Die versteurde het geen begrip van die regsprosedure nie: “*Generally speaking, fault in the form of intention or negligence is a requirement for criminal or civil liability, and as a mentally ill person is doli and culpae incapax, he is not responsible for his crimes or delicts”* (Cronje & Heaton, 2002, p. 117).

In voorgenoemde geval kan die daad wat gepleeg is die oortreder (op grond van ’n siektetoestand) nie toegereken word nie en die persoon is nie in staat om die verhoor te volg nie. Die geestes(psigologiese)-ingesteldheid wat ten tye van die pleeg van die misdryf geheers het, is dan nie ter sake nie en irrelevant.

Die Geestesgesondheidswet (Wet 18 van 1973) is ’n wysiging van die Geestesgesondheidswet (Wet 38 van 1916) en sluit psigopatologie en gebrekkige verstandsontwikkeling in. Die versteurde individu wat die misdaad gepleeg het se toestand is van so ’n ernstige graad dat toesig, beheer en behandeling noodsaaklik geag word. Opname kan vrywillig wees, deur ’n hofbevel geskied of andersins in werking gestel word na verslagdoening deur ’n polisie- of mediese beampte. Sertifisering geskied en hierdie individue word in afsondering by ’n toepaslike psigiatriese instelling aangehou. Sodoende word die pasiënt teen sigself en die samelewing teen potensieel skadelike handelinge beskerm. Die finale ontslag van so ’n persoon berus by die minister van justisie.

2.5.2.2 Tydelike nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid

’n Verweer wat toenemend in die howe voorkom (en waarin differensiasie tussen die onderskeie verbandhoudende verwere moeilik deur sommige howe gedoen word), is dié van tydelike nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid (Nel, 2007). Metafories word dit soms as “gesonde outomatisme” in howe beskryf en in leketaal as “*temporary madness”.* In hierdie gevalle word vryspraak of verminderde morele blaamwaardigheid deur die hof beslis. Dit dui op ‘n tydelike nie-patologiese onvermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei en ooreenkomstig so ‘n onderskeidingsvermoë te handel. Sodanige kognitiewe belemmering is nie aan psigopatologie te wyte nie. Snyman (2002) verwys na die begrip nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid as algemeen geldend waar verwere op dronkenskap, provokasie en emosionele redes gegrond word.

Volgens Burchell en Milton (2000, p. 278) "... *provocation and severe emotional stress may deprive a person of the capacity to appreciate the wrongfulness of his or her conduct or to act in accordance with this appreciation*". Hierdie is 'n tydelike reaksie, die dader is nie geestesongesteld nie en dit gaan gepaard met intense gemoedsveranderinge en luimskommelings. Die heftige reaksie op byvoorbeeld provokasie (wat substantief van aard moet wees) geskied op die ingewing van die oomblik en dit ontaard in 'n impulsmoord. Die skrywers verklaar verder dat *"… to act in the heat of the moment* (`*impetu*`) *and thus without direct intention or premeditation …* [causes the person to be] *... entitled to a lesser punishment*" (Burchell & Milton, 2000, p. 279).

2.5.2.3 Impulsmoord en verminderde toerekeningsvatbaarheid

Hoewel begrippe soos verminderde toerekeningsvatbaarheid regstegniese begrippe en definisies is wat in die juridiese arena val, word daar van die forensiese sielkundige verwag om misdadige gedrag soos impulsmoorde binne hierdie konteks te verklaar. Toeligting deur die forensiese sielkundige word dikwels deur die hof versoek ten opsigte van die wisselwerking tussen die impulsmoord en aspekte soos wilsbesluit, wilsbeheer, emosies en intensie (wat weer dui op die mate van toerekeningsvatbaarheid). Howe verwag dikwels dat misdrywe (veral ten opsigte van willoosheid en/of verswakte wilsbeheer) deur die forensiese sielkundige op 'n arbitrêre kontinuum beoordeel moet word.

Dit wil sê die misdaad word nie eksak as geleë op een van twee pole beoordeel nie, maar aspekte soos verminderde blaamwaardigheid word op 'n kontinuum aangestip. Die status van die beskuldigde word dus nie tot 'n absolute skeiding tussen toerekeningsvatbaarheid en ontoerekeningsvatbaarheid beperk nie, maar op 'n glyskaal geplaas (Snyman, 2002). Die integriteit van die individu se psige word beoordeel op grond van die wisselwerking tussen die kognitiewe (denke), affektiewe (gevoel) en konatiewe (wilsaktiwiteit wat in optrede presenteer) en word dan in verband gebring met impulsiewe nie-gepredisponeerde diskontrole.

Die wet op minimum vonnisse maak dan ook voorsiening dat dwingende en wesenlike omstandighede (soos byvoorbeeld provokasie en die moordenaar se psigologiese samestelling, asook konstrukte wat aanleiding kon gee tot verswakte kontrole en gevolglike impulsiwiteit) voor die hof as strafversagtende faktore gebring kan word met vonnisoplegging. Dit staan tans onbetwis dat unieke omstandighede een van verskeie faktore is wat in die Suid-Afrikaanse regstelsel beskou word as ’n moontlike determinant wat blaamwaardigheid en kriminele toerekeningsvatbaarheid kan verminder (Snyman, 2002).

Die wet neem steeds in ag dat eiesoortige omstandighede soos ’n kwesbare persoonlikheid, psigiese spanning en uitlokking nie in dieselfde lig as die psigies normaal-funksionerende oortreder of normale omringende omstandighede beoordeel en gestraf behoort te word nie.

Die impulsmoordenaar kan ’n verweer van tydelike, patologiese of verminderde toerekeningsvatbaarheid opper. Die vraag ontstaan hoe hierdie verwere in die praktyk (howe) beoordeel word en of dit in hofgesag onderskryf word.

2.5.3 Impulsmoorde: regsgesag

Verwere van tydelike of verminderde ontoerekeningsvatbaarheid word met uiterste versigtigheid deur howe beoordeel en selfs met ’n mate van agterdog bejeën, aangesien dit verwere is wat toenemend gebruik word en deeglik getoets moet word. Dit is noodsaaklik vir die forensiese sielkundige om die begrip geestesgesondheid (wat kan inspeel op patologiese ontoerekeningsvatbaarheid) en faktore wat op ’n tydelike toestand van volkome of verminderde toerekeningsvatbaarheid kan dui, prakties te verstaan en te evalueer.

Die bedoeling moet ten alle tye wees om te moor en ’n moordklag word geformuleer ingevolge die regsbeginsel van *dolus eventualis* – die aangeklaagde moes voorsien dat die slagoffer kon sterf (die intensie moes dus wees om leed aan

te doen). Die volgende dien as rigtinggewende uitsprake waarin hierdie juridiese fenomeen met gelyklopende psigologiese veranderlikes geïllustreer word:

- Van die eerste hofuitsprake waarin tydelik-oorheersende emosionele faktore in ag geneem is, was in 1875: *The Plea of Insanity in Case of Murder: The case of Tierney* (Yellowleer & Edin, 1876). Die regbank het in die Glasgow rondgaande hof ’n steenkoolwerker skuldig bevind aan moord nadat hy en ’n medewerker in langdurige argumente gewikkel was en hy die medewerker doodgeslaan het. Uit die beperkte hofspraak wil dit voorkom of die woede ten tye van die moord impulsief en kortstondig van aard was. Die voorsittende beampte som hierdie rigtinggewende uitspraak op met verwysing na die dader wat steeds tussen reg en verkeerd kan onderskei, maar ’n verminderde sin vir verantwoordelikheid en selfbeheer oor optrede beleef (Yellowleer & Edin, 1876, p. 551).

  Voorts verwys die regter in dieselfde saak na morele beoordelingskriteria en verklaar hy dat, met inagname van bogenoemde verminderde aanspreeklikheid, ’n mylpaal bereik is in die vonnisoplegging van diegene met geestesprobleme.

- *R v Hercules* (1954) (3) SA 826 9 (A): Een van die eerste strafsake in Suid-Afrika wat in ooreenstemming met die sielkundige beginsels onderliggend aan impulsmoorde beoordeel is, word gevind in die uitspraak van regter Van den Heever in *R v Hercules* (1954) (3) SA 826 9 (A). Hy verwys daarin na ’n hibriede of middeweg – dat die intensie bestaan om moord te pleeg, maar dat daar sprake is van onvolledige intensie-vorming en dat ’n mate van verskoonbaarheid (*excuse*) teenwoordig mag wees. In hierdie geval word die verminderde vonnisopsies as uitvloeisel van hierdie tydelike fenomeen (impulsmoord) deur die regter uitgelig.

Nel (2007, p. 25) haal ’n leerstuk aan waarin die begrip verminderde toerekeningsvatbaarheid omarm word: die beskuldigde bly aanspreeklik, maar word ligter gestraf as wat “normale persone” (wat volkome toerekeningsvatbaar is) gestraf sou word. Hier is verminderde insig en weerstandkrag teenwoordig, begrippe wat gewoonlik by die kwantifisering van skuld en straf ter sprake kom. Dit dui op die verminderde aanspreeklikheid van die oortreder en sal ook bepalend wees ten opsigte van verminderde straf.

- Roe, Ronen, Lereya, Fennig en Fennig (2005, p. 222) verwys na die ingewikkelde aard van ’n onderneming om toerekeningsvatbaarheid tydens impulsmoorde te bepaal. Die psigologiese toestand van die oortreder word beoordeel deur dit met “*significantly restricted capacity*” te vergelyk. Hierdie begrip kan geïllustreer word in die hofsaak van *S v Laubscher* 1988 (1) SA 163(A). In dié uitspraak word die oortreder se psigologiese vermoë gestel teenoor die normale psigologiese ingesteldheid waar tussen reg en verkeerd onderskei kan word en vermoë tot weerstand na vore tree in die vorm van weerhouding van onregmatige handelings.

  Indien enige (of albei) van laasgenoemde twee faktore of psigologiese gesteldhede ontbreek, is die dader ontoerekeningsvatbaar. In hierdie geval het die dader irrasioneel opgetree, oor die algemeen min weerstand teen spanning getoon en atipies aan sy persoonlikheid opgetree, maar daar is bevind dat hy wel willekeurig en met ’n mate van weerstandkrag opgetree het. Hy was dus nie volkome ontoerekeningsvatbaar nie, maar wel verminderd toerekeningsvatbaar.

- Dit is van wesenlike belang dat die onwettige handeling(e) plaasvind ten tye van die beweerde staat van “geestelike onvermoë” en nie daarvoor of daarna nie. Die uitdrukking en gevolge van die impulsiewe uitbarsting en swak regulering geskied gewoonlik binne ’n kort tydperiode, hoewel daar in

’n enkele saak na langdurige “dissosiasie” en “emosionele katarsis” verwys word. In *S v Nursingh* 1995 (2) SASV 331 9 (N) bevind regter Squire dat hierdie tipe oortreding oor tyd versprei kan wees en ook met verskeie komplekse tussenhandelinge gepaard kan gaan. In die meeste ander sake word aanvaar dat komplekse (tussen-) aksies voor en na die moord eerder aanduidend is van willekeurige beplanning en goeie werklikheidsbesef.

- In die geval van impulsmoorde moet ’n identifiseerbare sneller(s) teenwoordig wees. Hierdie sneller(s) kan ’n eenmalige stresvolle, degraderende, onverwagte en/of provokerende gebeurtenis wees. Emosionele skok, persoonlikheidsdisintegrasie, psigiese trauma en stresvolle sosiale of maatskaplike omstandighede is van die enkele faktore wat kan bydra tot ’n toestand van verswakte kontrole en ’n impulsiewe emosionele “ontploffing” (*S v Campher* 1987 (1) SA 940 (A), *S v Ingram* 1999 (2) SAVS 127 (WLD) en *S v Kalogoropoulos* 1993 (1) SASV 12 (A).

- In gerapporteerde hofsake soos *S v Henry* 1999 (1) SASV 13 HHA, *S v Potgieter* 1994 (1) SASV 61 (A) en *S v Wiid* 1990 (1) SASV 561 (A) word verwys na impulsiewe ontlading en verklaar dat dit kan voorkom in gevalle waar die individu se geestelike integriteit soos trots, menswaardigheid, selfagting en algehele innerlike harmonie bedreig word (dit word beoordeel as ’n aantasting van psigiese integriteit). Die sneller of stimulus (byvoorbeeld die onverwagte verbreking van ’n langdurige verhouding of ontrouheid) moet as buitengewone stressor beleef word – dit kom voor in situasies wat deur ekstreme provokasie gekenmerk word.

  Die uitsonderlike aard van hierdie provokasie word in die regspraak *S v Eadie* 2002 (1) SASV 663 (HHA*)* en *S v Eadie (1)* 2001 (1) SASV 172 (K) toegelig en kan nie vergelyk word met optrede wat op elementêre daaglikse stressors gegrond is nie. Die resepterende faktor kan nie alledaags wees nie, maar moet ’n merkwaardige impak op die individu hê en as ’n uitsonderlike stressor met seldsame gevolge kwalifiseer (dus die grense van

redelikheid oorskry). Dit moet verwag kan word dat dit emosionele disharmonie en opwelling by enige redelike mens sou veroorsaak.

Hoewel geen spesifieke regsdefinisie van impulsmoord bestaan nie, word dit in die reël verskillend as “tradisionele” moorde beoordeel en behoort gelet te word op watter van bogenoemde regselemente daarmee geassosieer word. Op grond hiervan sal die hof dan “toets” of ’n redelike persoon ook in soortgelyke omstandighede tot ’n impulsiewe handeling sou oorgaan (Ludsin & Vetten, 2005).

2.6 Samevatting

’n Misdaad word beskou as ’n afwyking van ’n bepaalde gemeenskapnorm en die daad word deur middel van juridiese reëls gesanksioneer. Wat geweldsmisdaad betref, word ook melding gemaak van beherende of mishandelende gedrag wat die veiligheid, gesondheid en psigiese welstand van ’n persoon kan benadeel. Die bedoeling om ’n ander party leed aan te doen, impliseer dus ’n nadelige aantasting op verskeie vlakke.

Die klassifikasie van misdaad het volgens die ondersoeker gelei tot gekompartementaliseerde teoretiese aannames. ’n Leemte ontstaan vanweë die feit dat psigokriminogene determinante nie werklik by die klassifikasie van misdaad in ag geneem word nie.

Impulsmoord en -geweld word gewoonlik beskou as kompleks, impulsgedrewe, ongekontroleerd, sonder beplanning en die gevolg van verminderde selfregulering – nie soos konvensionele moorde wat met duidelike voorafbeplanning en voorbedagte rade uitgevoer word nie. Impulsmoorde neem ’n ander karakter as konvensionele moorde aan en word geassosieer met realiteitsverlies, kognitiewe inperkings, passie en drangverwante snellers. Die determinante van gewelds- en impulsmoorde kan ook teruggevoer word na bepaalde psigopatologiese toestande

(veral middelmisbruik, ASPV en GPV), sosiale leer, verswakte selfregulering, interne en eksterne veranderlikes, en biologiese en fisiologiese determinante.

Verskeie elemente moet teenwoordig wees voordat ’n impulsverweer enigsins sal slaag of as versagting aangebied kan word. Die teenwoordigheid van hierdie elemente kan bydra tot volkome ontoerekeningsvatbaarheid of verminderde toerekeningsvatbaarheid – ‘n beoordeling gebaseer op deduktiewe afleidings wat gemaak word en gefundeer is op die teenwoordigheid en intensiteit van bogenoemde elemente.

Dit is vervolgens belangrik om te bepaal welke bydraes forensiese sielkundiges op grond van die voorafgaande bespreking kan maak in die evaluering van hofgevalle. Die haalbaarheid daarvan sal berus op die aanvanklike regsbegronding en die in-verband-bring daarvan met die groter geheel (met inagneming van die determinante en die onderskeie eiesoortige elemente wat daarmee gepaardgaan).

Hoofstuk 3

Psigoforensiese evaluerings en getuienis

3.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om psigoforensiese evaluerings en die aanbied daarvan aan die hand van deskundige psigoforensiese getuienis in die algemeen te ondersoek en dit as vertrekpunt te neem vir die latere samestelling van ’n model vir die evaluering van impulsmoorde.

Die howe is instellings wat gemoeid is met die beoordeling van die faktore wat in bogenoemde prosesse vervat word, terwyl toegesien word dat die fundamentele regte van elke individu (ook die reg op ’n billike en regverdige verhoor) eerbiedig word. Sover dit die strafreg betref, is dit veral gemoeid met die subjektiewe en komplekse individualistiese menslike element wat deur die psigoforensiese sielkundige geëvalueer word. Hierdie menslike feilbaarheid kan lei tot gebreke in die regsproses (Knoetze, 2007). In gevalle waar beoordeling synde suiwer “reg” of “verkeerd”, gegrond op meganiese logika, moeilik bereikbaar is, word gevolglik op die prosedurele bydraes van psigoforensiese deskundiges gesteun. In die literatuur word egter weinig na die psigoforensiese evaluering van impulsmoorde verwys en vrae oor dié kundiges se doeltreffendheid word as wankelbaar beskou.

Tydens ’n kongres wat deur die American Academy of Psychiatry and Law (AAPL) aangebied is, sluit Felthous (2000) aan by die dilemma en verwys hy na die onakkuraatheid van hierdie evaluasies en voorts word verwys na vraagstukke en uiteenlopende, wisselende en selfs afwesige beoordelingskriteria gevind. Die verweer vir impulsmoorde in bepaalde Amerikaanse state is afgeskaf. Dit is daarom belangrik om die huidige stand van forensiese sielkunde en evaluerings te ondersoek.

3.2 Forensiese sielkunde as vakwetenskap

'n Tweeledige perspektief, naamlik enersyds die omskrywing van die vakgebied van forensiese sielkunde en vervolgens aspekte verwant aan die forensiese sielkunde *per se* behoort lig te werp op implisiete vrae in hierdie veld.

3.2.1 Omskrywing

Forensiese sielkunde is 'n spesialiteitsrigting wat ten nouste verweef is met die regsproses: dit vorm 'n essensiële skakel tussen psigologie as vakwetenskap en die regsisteem. Dit behels dus die toepassing en in verband bring van die sielkunde-wetenskap met die regspleging (Sageman, 2003). Dit het die afgelope aantal dekades noemenswaardig ontwikkel, as vakgebied uitgebrei en is die mees snelgroeiende en populêre veld in die kliniese sielkunde (Archer, 2003; Sageman, 2003).

Die vrae wat onder meer beantwoord moet word, is dié na die uniekheid van die psigoforensiese werkwyse en hoe dit van tradisionele sielkunde verskil?

3.2.2 Forensiese paradigma versus terapeutiese paradigma

Die forensiese sielkundige benader 'n evaluering vir litigasiedoeleindes totaal anders as die praktiserende sielkundige in 'n konvensionele / tradisionele evalueringsituasie (Nicholson & Norwood, 2000). Waar empatie en *rapport* aanvanklik 'n voorvereiste vir sukses in laasgenoemde konteks is, is die juistheid van inligting, objektiwiteit en verantwoordbaarheid die sentrale waarde in hof-evaluerings. In laasgenoemde is emosionele belewenis en die psigiese groei van die kliënt (Lezak, 1995) sekondêr tot feiteversameling. Dit geskied ook binne 'n aanvaarbare juridiese en psigologiese raamwerk (Frost, 2006).

In die terapeutiese konteks, soos dit in tradisionele praktykevaluerings toepassing vind, is die verwysingsbronne dikwels die kliënt self, mediese kenners en familie van die kliënt. ’n Gees van samewerking heers tussen die sielkundige en die kliënt (Sageman, 2003, p. 321). In die geval van forensiese evaluerings, word die kliënt deur die hof of die regspan verwys. Die graad van samewerking kan in ’n forensiese evaluering wissel omrede meer partye en ander oogmerke ter sprake is.

Benewens die professionele regulatoriese owerhede en voorskrifte, bestaan vir die forensiese sielkundiges ook ’n verdere raamwerk waarin hulle moet opereer naamlik statute, administratiewe regulasies, aanspreekvorms in hoër en laer howe, regsreëls en hofbevindinge en -uitsprake (Frost, 2006). In hierdie verband verwys Zillmer (2003) na die term “magnetiese noord” wat hy as ’n rigtinggewer vir die etiese, teoretiese en toegepaste werkareas van die psigoforensiese sielkundige beskou.

Hierdie wigte en teenwigte as uitgangspunt maak dit moontlik om die volgende onderskeid tussen die wyses van evaluering te tref, ’n vertolking wat deur die ondersoeker en onder meer outeurs soos Gutheil (2002), Lezak (1995), Melton, Petrila, Poythress en Slobogin (2007) en Poythress (1979) ondersteun word:

- kliniese aspekte en inligting betreffende diagnoses en behandelingregimes is nie werklik van soveel belang tydens psigoforensiese evaluerings nie;

- die inligting wat in ’n forensiese sielkundige verslag beskikbaar gestel word, word as minder vertroulik beskou en word ’n openbare hofdokument;

- binne die terapeutiese omgewing en tradisionele sielkundige evaluerings word minder klem gelê op rigiede standaarde en meer op waarneming;

- psigoforensiese evaluering geskied dikwels by instansies van aanhouding waar die evalueringsomgewing verskil van die spreekkameromgewing;

- die reëling vir psigoforensiese evaluering is dikwels meer kompleks as “spreekkamer afsprake”, want dit vereis die inagneming van ander rolspelers soos die polisie, korrektiewe beamptes, logistieke en administratiewe aansoeke;

- die emosionele onbetrokkenheid en interpersoonlike ruimte tussen sielkundige en kliënt is groter in psigoforensiese evaluering;

- in die geval van terapeutiese hulpverlening, meld die kliënt oor die algemeen vrywillig aan. Forensiese evaluering word op versoek van ’n derde party gedoen en gaan soms gepaard met weerstand deur die kliënt;

- die aard van die forensiese evaluering en instrumente word hoofsaaklik bepaal deur die tipe regsdispuut wat bestaan, terwyl die kliënt onder “tradisionele” behandeling meer insae in terme van meetinstrumente mag hê;

- groter outonomie en ruimte vir wisselwerking en aanpassings tussen sielkundige en kliënt bestaan in die tradisionele sielkundige-kliënt verhouding;

- dit is ongehoord om te onderhandel en kontraktuele ooreenkomste te sluit oor die bepaalde geldestruktuur in terapeutiese verhoudings; terwyl dit in die geval van die psigoforensiese evaluerings die reël eerder as die uitsondering is;

- die moontlikhede vir onegtheid, verskalking en skynsiekte is groter in die forensiese evaluering; en

- in die geval van die tradisionele terapeutiese verhouding kan die kliënt en die behandelende sielkundige die tempo van behandeling na willekeur bepaal en wysig, terwyl die forensiese sielkundige uitgelewer is aan

hofsperdatums en beskikbare evalueringsdatums wat deur die owerheidsinstansies bepaal word.

Die gasredakteur van ’n vaktydskrif vra in ’n artikel: Introduction to a Special Issue on Psychological and Neuropsychological Assessment in the Forensic Setting, of psigoforensiese werk ’n wetenskap of kuns is (Zillmer, 2003). Die volgende kenmerke wat teenwoordig is by psigoforensiese werk word belig:

i) elke hofsaak is uniek, verskil van elke ander saak en stel nuwe eise;
ii) die psigoforensiese evaluering vind nie noodwendige plaas ten einde die toetsling te bevoordeel nie; en
iii) die regspleging verg ’n groter mate van eksaktheid.

Bowenal benodig die psigoforensiese kundige bykomende vaardighede wat Zillmer (2003, p. 318) as “*know-how*” beskryf en wat verkry word deur blootstelling in howe, interaksie met regsgeleerdes en begrip vir die teoretiese en praktiese aspekte in hofgedinge. By hierdie vaardighede voeg hy dan sy beskouing dat die psigoforensiese kundige (as “*artist*”) op kreatiwiteit en intuïsie moet staatmaak.

Psigoforensiese sielkunde verskil ingrypend van die tradisionele sielkunde in sover dit verwysings, interpersoonlike ruimte, doelstellings en akkuraatheid betref. Die bepaalde werkwyse van die forensiese sielkundige word ook deels deur die regspleging bepaal. Die prosedures sowel as die rolspelers daarby betrokke is eiesoortig en word bepaal deur die onderskeie spesialisvelde.

Met voorgenoemde spesialisvelde in gedagte behoort die rol en status van die forensiese sielkundige ondersoek te word.

3.2 Die forensiese sielkundige

Die status wat hierdie deskundige beklee, behoort lig te werp op intrinsieke vrae rondom die opleiding van en kritiek jeens hierdie veld.

3.2.1 Die funksie en status van die forensiese sielkundige

Forensiese sielkundige dienslewering geskied deur middel van deskundige getuienislewering wat gewoonlik voorafgegaan word deur evaluerings, diagnoses verslagdoening en aanbevelings; in bepaalde gevalle selfs opinies oor rehabilitasiemoontlikhede en residivisme. Sodoende definieer die American Board of Forensic Psychology die vakgebied omvattend as: "... *the application of the science and the profession of psychology to questions and issues relating to law and the legal system*" (Archer, 2003, p. 317).

In aansluiting hierby beskou die Australiese Sielkundevereniging hierdie spesialiteitsrigting as gemoeid met die toepassing van: "... *psychological theory and skills to the understanding and functioning of the legal and criminal justice system...*" Hierby lewer dit ook veelvlakkige bydraes tot die bepaling van die oorsake en die voorkoming van kriminele gedrag (Australian Psychological Society Ltd, 2008, p.1).

Die huidige posisie en status van die forensiese sielkundige noodsaak dikwels ellelange pogings om hul kundigheid in howe te vestig en te bewys en lei daartoe dat sielkundiges dikwels as deskundige getuies gediskrediteer word en ander velde as verhewe bo dié van die sielkunde beskou word. Dit bly egter ondenkbaar dat 'n verweer van strafvermindering enigsins sal slaag sonder die bydraes van deskundige psigoforensiese evaluerings en getuienis.

Die nuttigheidsfunksie van forensiese sielkundiges word vervolgens aangedui deur uitsprake soos: "... *by reason of their special knowledge and skill they are better*

qualified to draw inferences than the judicial officer ..." (Ludsin & Vetten, 2005, p.191). Dit is veral hier waar die etiese optrede en onkreukbaarheid van die sielkundige getoets word (Bartol & Bartol, 2006).

Voorts berus dit by die howe om hierdie deskundige getuie se bedrewenheid (ooreenkomstig sy/haar opleiding- status, ervaring, blootstelling en kwalifikasies) te beoordeel en te aanvaar of te verwerp (Hoffmann & Zeffert, 1998). Met die kundigheid sodoende verkry, word die regbank bygestaan met vonnisoplegging en –opsies na inagname en oorweging van velerlei psigososiale- en psigologies-verwante faktore.

Die vrae wat onder meer beantwoord moet word, is dié betreffende die deskundige opleiding en uniekheid van die psigoforensiese sielkundige.

3.2.2 Opleiding van die forensiese sielkundige

Forensiese sielkundiges kan internasionaal in verskeie vertakkinge van die vakgebied opgelei word en dienooreenkomstig registreer en praktiseer (soos onder andere vervat in die Speciality Guidelines for Forensic Psychologists in the USA). ’n Bepaalde forensiese vertakking (Division for Forensic Psychology: DFP) bestaan ook reeds geruime tyd in die Britse Sielkundevereniging en insgelyks word aan Amerikaanse sielkundiges (verbonde aan die Amerikaanse Sielkundevereniging: APA, 1994) die geleentheid gebied om byvoorbeeld in die forensiese sielkunde te spesialiseer en te registreer (APA, 1994).

In Australië word forensiese sielkundiges vir ses jaar opgelei (voltyds aan ’n universiteit) en volg daarna ’n goedgekeurde forensiese kurrikulum vir twee jaar (Australian Psychology Society Ltd, 2008). Voorts word daar van die praktisyn verwag om vir ’n bepaalde periode onder toesig te funksioneer. Die keuse bestaan om in een van tien forensiese kategorieë te spesialiseer.

In SA is die amptelike erkenning van forensiese sielkundige as outonome spesialisveld in die proses om gelegitimeer te word. Forensiese sielkundiges spesialiseer egter reeds in byvoorbeeld straf- / kriminele aangeleenthede, rehabilitasie binne gevangeskap (*prison psychology*), sivielregtelike aangeleenthede soos persoonlike beserings en emosionele skadebepaling (Archer, 2003) en derdeparty- / padongelukfondseise. Profilering (deur die polisiemag en as deel van krimineel ondersoekende sielkunde) en beheer- en toesigaangeleenthede kan hierby gevoeg word (dit word later bespreek). Wat viktimologie (die studie van die slagoffers se gedrag) betref is hierdie forensiese veld nog relatief onontgin.

Bepaalde etiese kodes reguleer die aktiwiteite van hierdie spesialiste en strategiese areas in hul beroepsvelde word op deurlopende grondslag geïdentifiseer. Sodoende word hierdie beroepsrigting intern georden (tussen die lede van die professie) en ekstern genavigeer (binne die breër toepassingsveld soos verteenwoordig deur byvoorbeeld die howe en ander instansies). Benewens die etiese regulering deur die betrokke professionele beheerliggame, het die kundiges vasgestelde riglyne wat gedrag rig (soos byvoorbeeld vervat in die APA se sestien riglyne vir forensiese sielkundiges wat in toesig- en beheer gedinge betrokke is). Hierdie riglyne word deur die APA beskou as riglyne gerig op die bevordering van effektiwiteit (American Psychological Association, 1994).

In Suid-Afrika bestaan daar egter agterstande wat in die proses is om in wetgewing vervat en verander te word. Wat sielkundiges in die breë betref registreer hulle by die Health Professions Council of South Africa (HPCSA*)* / Raad op Gesondheidsprofessies van Suid-Afrika (RGPSA) (2008) wat bestaan uit verskillende Professionele Rade (Professional Boards). Die Professionele Raad vir Sielkunde (wat funksioneer onder regulasie no R1066 gedateer 28 Julie 2003) het in die verlede altyd voorsiening gemaak vir vyf kategorieë van registrasie. Die kategorie vir forensiese sielkunde het eers onlangs ontstaan. Die begrip vir en die

aard van hierdie opleiding- en registrasieleemtes lei noodwendig tot vrae oor die stand en netelige posisie wat dié professie beklee.

3.2.3 Dilemmas in die forensiese sielkunde

Die potensiële waarde van forensiese sielkundiges en hul bydrae tot die litigasieproses word aanvanklik deur Morey en Quigley (2002, p. 333) positief beoordeel en soos volg belig: " ... *it can bring a particularly well-established body of theory and data to bear upon clinical forensic practises".* Maar, soos die interseksie tussen die reg en die geestesgesondheidsberoepe deur kontroversie gekenmerk word, geld verskille ook ten opsigte van die waarde van forensiese evaluerings (Haag, 2006). So word kritiek reeds sedert die vroeë tagtigerjare op hierdie veld gelewer (Spiegel & Spiegel, 1991).

Die volgende veelhoekige opinies illustreer die moeilike posisie waarin hierdie vakgebied verkeer: "*It is suggested that legal and policy analysis of the court-ordered forensic assessment to date is lacking in detail and comprehensiveness, and that research needs to be directed more toward the decision making and referral practises of the court"* (Menzies, Webster, Butler, & Turner,1980, p. 471).

Outeurs soos Allan en Louw (2001) en Naudé, du Preez en Zwiegers (2005) koppel begrippe soos gebrekkige kennis en bydraes, spekulasie, kontroversie, tekortkominge en subjektiwiteit aan die forensiese sielkunde. Hierdie siening word onafhanklik gestaaf deur Allan en Louw (2001, p.12) wat tot die volgende slotsom gekom het: "... *lawyers generally did not believe that the potential value, or actual contribution of psychological testimony was high*". Ward, Gannon en Vess (2009) voeg daarby die beskerming wat die individu (die kliënt) in terme van menseregte geniet en die slaggate wat dit vir die sielkundige inhou. Hierdie tese beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n nuwe beskouing ten opsigte van forensiese praktisyns en wys ook op die agterstande wat in die RSA bestaan.

Dit lei tot die volgende sensitiewe kwessies:

- Daar bestaan onvoldoende riglyne vir die forensiese sielkundige en skep dikwels ’n aansienlike mate van verwarring by ondersoekbeamptes en regsgeleerdes asook, in bepaalde hofgevalle, ten opsigte van die rol wat emosies in hierdie impulsmoorde en gedragmanifestasies speel of gespeel het.

- Van Rensburg (2001) verwys na Gourley en Stolberg se navorsing en meer bepaald hul siening dat sielkundiges onwillig is om forensiese werk te doen. Die sielkundige se objektiwiteit word dikwels vanweë verskeie faktore bevraagteken en dit laat verdere onsekerheid en selfs vrese om aan die litigasieproses deel te neem. In internasionale verenigings soos APA: Amerika word etiese beginsels en gedragskodes vir forensiese sielkundiges omskryf (APA Ethical Principles of Psychologists and Code of Conduct).

  In die Etiese en Professionele Reëls van die Raad op Gesondheidsprofessies van Suid-Afrika - soos gepromulgeer in die Staatskoerant R717/2006 en wat dien as etiese raamwerk vir praktisyns wat geregistreer is onder die Beroepsgesondheidswet, 1974 (wet no 56 van 1976) - word daar nie pertinente etiese voorstelle gemaak of riglyne neergelê vir die forensiese sielkundige nie, uitgesonder die verwysing na internasionale standaarde wat gehandhaaf behoort te word. ’n Forensiese sielkundige kwalifiseer hom- of haarself slegs op grond van sy/haar ervaring, reputasie en bekwaamheid – veranderlikes wat subjektief en onafgebaken blyk te wees. Die afwesigheid van ’n geverifieerde werkmodel en evalueringsraamwerk laat ’n gebrek aan eenvormige opleiding- en beoordelingstandaarde en beperk die kundiges dikwels net tot getuienislewering.

- Daar word ook dikwels van forensiese sielkundiges verwag om in bepaalde litigasies in spanverband te funksioneer (saam met byvoorbeeld psigiaters,

kriminoloë, paroolbeamptes en polisiekundiges). Gebrekkige opleiding en riglyne by sielkundiges laat egter leemtes en agterstande wat moeilik oorbrug word omrede ander professies meer geredelike opleiding in forensiese werk ontvang.

- Die keuse van ’n deskundige sielkundige (die aanstelling van ‘n ekspertgetuie) kan negatiewe gevolge inhou vir die beskuldigde en ook die betrokke sielkundige (in dié sin dat deskundige getuienis op grond van verskeie redes verwerp kan word en klagtes gevolglik aanhangig gemaak kan word by die Professionele Raad). Die publiek raak meer bewus van hul regte en dit word gestaaf in die feit dat ’n ombudsman onlangs deur die Raad op Gesondheidsprofessies aangestel is om hangende sake te finaliseer. Die kommerwekkende jaarlikse toename in aangemelde klagtes by die raad (wat wissel tussen 12% tot 27% vanaf 2001 tot 2005) dien as verdere aanduiders van publieke bewustheid van regte en dui ook op die verwagtinge wat aan die professie gestel word (HPCSA, 2008). Strafregtelike stappe is selfs moontlik in bepaalde gevalle.

- Namate regsgeleerdes meer gesofistikeerd raak en onderlê word in die omskrywing van die rol wat die forensiese sielkundige in hofgedinge behoort te vertolk (veral met betrekking tot die aanbied van dwingende en buitengewone omstandighede in impulsgedrewe moord-aksies), kom die geloofwaardigheid van die spesialis in gedrang (Road Accident Fund Commission Report, 2002). Die vraag na watter spektrum van veranderlikes in so ’n evalueringsmodel omarm kan word om ’n sinvolle hofbydrae te kan lewer, kan dus gevra word.

3.3.4 Die regsposisie van forensiese sielkundiges

3.3.4.1 Hofprosedures en rolspelers

Die Suid-Afrikaanse regspleging is soos beskryf deur du Toit (2005, p. 15) gefundeer op die beginsel: om die persoon wat aangekla word te verhoor en vervolging in te stel na skuldigbevinding (*the accusatory criminal system).* Die denkleier Frost (2006) noem die volgende rolspelers in die regsproses, naamlik die regspan vir die verdediging en die staat onderskeidelik. Eersgenoemde tree vir die beskuldigde op, terwyl laasgenoemde aangestel word deur die vervolgingsgesag (die staat) en nou saamwerk met die ondersoekbeampte(s). Zizkin en Faust (1995) wy ’n hele volume van hul werk aan die uitdagings in hierdie proses aan sielkundiges en psigiaters in howe gestel kan word.

Die forensiese sielkundige staan in werklikheid dus in ’n tweeledige fyn gekalibreerde werkomgewing; een voet in die akademiese wêreld en met die ander in die regsmilieu en moet deurlopend hierdie twee ervaringsvelde versoen. In die geval van impulsmoorde sluit dit die konsultasie met die regspan in en vereis begrip vir die regsproses: “... *to understand the actors and the phases in the criminal justice system*” (Frost, 2006, p.17) en ook kennis van hofuitsprake waarin hierdie verskynsel beoordeel word. Die haalbaarheid van impulsmoord as verweer behoort ook in deskundige voorverhoorsamesprekings ondersoek te word. Konsultasies geskied in oorleg met die regspan en ander deskundiges, maar wel sonder dat professionele integriteit en onafhanklikheid ingeboet word.

Voordat die forensiese sielkundige in die hof getuig ten opsigte van ’n impulsmoord behoort die deskundige hom of haarself te vergewis van die moontlikheid van ’n pleitooreenkoms: “... *in a plea bargain, both sides agree on a disposition for the case and the defendant pleads guilty under the terms of the agreement”* (Frost, 2006, p. 24). In hierdie proses word ruimte gelaat vir die voorsittende beampte om die pleitooreenkoms van die hand te wys of desondanks die pleitooreenkoms,

steeds die forensiese sielkundige te roep om die hof in te lig betreffende bepaalde aspekte.

Die forensiese sielkundige vorm dikwels ook deel van ’n multi-dissiplinêre span wat gemoeid is met die observasie van pasiënte in psigiatriese instansies. Diegene word deur die hof verwys. Hierdie proses behels die afneem van psigometriese toetse, die bestudering van verpleegrekords, die doen van mediese toetse, saalbesprekings en die verkryging van biografiese, persoonlike en kollaterale inligting. Voorgenoemde behoort, tesame met kliniese onderhoude, diagnosering te vergemaklik en die moontlike verweer van ’n impulsmoord bevorder of nie steun nie. Die ignorering van bogenoemde prosesse, protokol en prerogatiewe kan tot beduidende problematiek aanleiding gee. Melton et al. (2007, p. 45) stel dit soos volg: “*Unless aware of these differences, otherwise competent clinicians may prove to be naive forensic examiners, selecting familiar but less optimal procedures for conducting their assessments, and offering opinions that do not withstand the scrutiny of the adverse system*”.

Vrae wat in hierdie verband beantwoord moet word is watter faktore in die algemeen sielkundiges as deskundiges laat kwalifiseer, wie verantwoordelik is vir die toesegging van so ’n etiket en bykomend: wat word van so ’n deskundige verwag?

3.3.4.2 Die hofkundigheid van die forensiese sielkundige

Die forensiese sielkundige wat in impulsmoorde getuig behoort die skakel tussen die sielkunde en die reg te vestig en te oorbrug. Die hof neem die opleiding en ervaring van die psigoforensiese sielkundige in ag om te bepaal of die kundige oor spesifieke kennis en vaardighede beskik om die hof by te staan in die bereiking van ’n beslissing (Greenberg, Otto, & Long, 2003). Kocsis (2006a, p. 727) steun dit soos volg: “... *forensic psychology can be conceived of as being at a disciplinary crossroad between the practise of psychology and law*”. Sielkundige deskundigheid

en bedrewenheid word gemeet aan die sielkundige se vaardigheid en vermoë om hierdie twee dissiplines gelyktydig in ag te neem en kruisbestuiwing te kultiveer.

Opleiding en akkreditasies moet aangevul word met ’n mate van regskennis, tesame met praktiese vaardighede en ervaring (Sageman, 2003). Om as deskundige beskou te word, impliseer dat die getuie (anders as ’n feitegetuie) ook die reg het om tot gevolgtrekkings te kom; dit wil sê die deskundige forensiese sielkundige mag ’n opiniegetuie wees (Conroy, 2006). Die finale beslissing ten opsigte van die toelaatbaarheid van hierdie tipe getuienis berus by die hof. Conroy (2006, pp. 243-244) verwys in hierdie verband na die voorsittende beampte as the “*gatekeeper*” en brei uit op hierdie uitgebreide funksie wanneer deskundigheid beoordeel word: “... *examine whether the theory or evidence has been scientifically tested, whether it has been published and peer reviewed, whether there is an established error rate, and whether this is accepted in the relevant professional field*”.

Soos reeds aangetoon, word impulsmoorde met verskeie kenmerke en begrippe geassosieer. Dit behoort dan in bruikbare vaktaal en verstaanbare teoretiese begrippe deur die deskundige aan die hof voorgehou te word (Knoetze, 2007). Die evaluering en getuienis is nie net gefokus op ’n bepaalde uitkoms nie, maar word begrens deur regsstandaarde (Frost, 2006). Die getuienis wat ná evaluering deur ’n psigoforensiese deskundige aangebied word, mag wel opinie-getuienis insluit, maar dan steeds teen die agtergrond van ’n bewustheid van die perke op die formulering van professionele opinies, afleidings, waarnemings en feite-gebaseerde aanduiders.

Die vraag na die algemene terreine en vereistes vir die evaluering van psigoforensiese gevalle moet egter beantwoord word voordat die evaluering van impulsmoorde in die volgende hoofstuk van nader bekyk word.

3.3.4.3 Terreine van psigoforensiese evaluerings

Voordat psigoforensiese evalueringsriglyne in strafsake bekyk word, is dit nodig dat ook begrip vir veral die minder bekende mikro-spesialiteitsvelde verkry word. Arrigo en Shipley (2005) verkies om ’n onderskeid te tref tussen volwasse-, kinder-, familie- en internasionale (insluitend dade van terrorisme) forensiese spesialisvelde. Dit vind in die algemeen neerslag in die volgende belangrikste werkwyses:

3.3.4.3.1 Emosionele skadebepaling

Emosionele nood en ’n psigiese letsel is in wese ’n regsterm, is persoonlik van aard en is nie soos in die geval van ’n mediese besering, altyd ewe geredelik waarneembaar en diagnoseerbaar nie. Dit kan manifesteer in ’n veelheid van sielkundige simptome. Dit berus by die forensiese sielkundige om die aard en omvang van hierdie simptome (wat lei tot emosionele nood en gevolglike siviele litigasie) te beoordeel (Abele, 2003). Diegene wat ’n eis vir emosionele skade instel moet aan ’n klinies diagnoseerbare psigologiese toestand (’n psigiese letsel) ly wat ’n noemenswaardige invloed op die persoon se funksionering uitoefen.

Wat die professionele status van die deskundige in hierdie geval betref, bestaan daar nie ’n afwyking van ander professionele vereistes nie. So is vir ’n internasionale hofsaak (*Turek v. Saint Elizabeth Community Health Centre*, 241 Neb 467, 488 NW2d 567 (Neb 1992):109) pertinent verwys na die deskundige se vereiste registrasie by ’n professionele liggaam om as deskundige in dié betrokke terrein erken te word. Die uitspraak in ’n ander saak steun ook die konkretisering van inligting en die beskikbaarheid van kliniese notas (van die deskundige) as voorvereistes vir die suksesvolle hantering van hierdie tipe eise (*Nelson v Womble*, 657 So2d 1221 (Fla App 5 Dist 1995): 111).

3.3.4.3.2 Profilering

Profilering van die oortreder (kriminele profilering) beteken dat die misdaadtoneel en –inligting benut en geanaliseer word om oortreders met behulp van ’n profiel (insluitende gedrag, emosies en persoonlikheid) te identifiseer (Kocsis, 2006b; Muller, 2006; Turvey, 2008). Arrigo en Shipley (2005) beskryf dit as “*goodness-of-fit*”-profiele. Dit is ook ’n evalueringsmetode waarin gevestigde profiele van oortreders gebruik word ten einde ooreenstemmende veranderlikes by bepaalde oortreders te identifiseer (Dowden, Bennell, & Bloomfield, 2007; Peters & Murphy, 1992).

Pinizzotto en Finkel (1990, p. 215) resoneer die sielkundige se bydrae in hierdie proses soos volg: “*A psychological profile focuses attention on individuals with personality traits that parallel traits of others who have committed similar offenses”.* Dit sluit ’n panorama van inligtingsbronne in. Met hierdie werkswyse word onder andere klem gelê op die *modus operandi* van die oortreder en is op die identifisering van moontlike rituele of ander kenmerkende gedrag gemik (Bartol,1995).

Inligting word in die vorm van analises, die klassifisering daarvan en verslagdoening verwerk (Labuschagne, 2006). Muller (2006) gee ’n krities-realistiese beskouing in sy werke betreffende die profilering van reeksmoordenaars, beskryf die potensiaal wat hierdie tegniek vir misdaadontleding inhou en stel verdere navorsing in hierdie dissipline voor. Hierdie metode steun swaar op ervaring en aanvoeling van die forensiese sielkundige en volgens Bartol (1995) en Muller (2006) word afleidings onder meer gemaak wat uiteraard ruimte laat vir spekulering en foutiewe interpretasie.

Arrigo en Shipley (2005) konstateer in hierdie geval Peters en Murphy se beskouing van profilering: dat, selfs indien die beskuldigde se persoonlikheid wel inpas by ’n bepaalde misdaadkategorie, die klassifikasie en groepering steeds nie

met die daad of aksie vereenselwig of daarmee in verband mee gebring kan word nie.

Hoewel dit uit bogenoemde blyk of sielkundige profilering soms bevraagteken word, is baanbrekerswerk oor jare deur die SA Polisie se Investigative Psychology Unit (IPU) gedoen (Omar, 2008). Hierdie navorsing bring die interaksie tussen die misdaad en die misdadige profiel op berekende wyse nader aan die realiteit. Hierdie misdaadverklarende werkswyse blyk nie net op verskeie wyses nuttig te wees, maar is (soos byvoorbeeld in die geval van reeks- en moetie-moorde) kultuurspesifiek en eiesoortig aan die RSA (Labuschagne, 2004, 2006).

Profilering kan as gespesialiseerde psigoforensiese tegniek veral bydra tot die afbakening van die ondersoekproses in bepaalde geweldoortredings (waar die oortreders dikwels moeilik opspoorbaar is). In die geval van impulsmoorde bestaan geen voorkeur *modus operandi* nie en die identifisering van bepaalde gewoontevormende misdadige gedrag en patrone is eweneens ook nie altyd eie aan so ’n misdryf nie.

3.3.4.3.3 Risiko-identifisering

Die forensiese sielkundige lewer ’n bydrae in die risikobepaling van gedrag en die formulering van ’n oortuigende argument vir behandelingsprogramme wat gewoonlik daarmee gepaard gaan. In hierdie verband het navorsers soos Grann en Lángströng (2007) verbonde aan die Sentrum vir die Voorkoming van Geweld in Stockholm, Swede ’n evalueringsmodel vir die meting van risikogeweldsfaktore saamgestel. Hierby is ’n aanvullende nuwe beoordelingskema so onlangs soos 2006 ontwikkel ten einde risikofaktore en vatbaarheid vir moontlike vorme van behandeling by ’n groep forensies-psigiatriese pasiënte te identifiseer (Nicholls, Brink, Desmarais, Webster, & Martin, 2006). Dié bevindinge was deurslaggewend en is opgevolg met soortgelyke navorsing deur Doyle, Lewis en Brisbane (2008) wat Nicholls en sy medewerkers se model geïmplementeer het. Die werke van

Edens en Douglas (2006) wat meer spesifiek fokus op die meting van interpersoonlike geweld as risikofaktore vir misdadigheid, sluit hierby aan.

3.3.4.3.4 Toesig- en beheerevaluering

Toesig- en beheerevaluasies word volgens die Wet op Egskeidings van 1979 gereguleer en is gerig op gesamentlike of gedeelde toesig of toesig aan ’n enkele ouer (Van Rensburg, 2001). Dit word gedoen in die beste belang van die minderjarige en met behulp van psigometriese toetse, onderhoude, observasies en psigologiese passing. Ouerskappotensiaal moet ook bepaal word. Die forensiese sielkundige kan ook kollaterale bronne raadpleeg en selfs rugsteun op die bydraes van ’n span van saamgestelde deskundiges. Aanbevelings word aan die gesinsadvokaat of direk aan die hof gemaak.

3.3.4.3.5 Strafregtelike evaluering

Die rol van die psigoforensiese evaluering kan nie as losstaande van die bewyslas wat noodwendig daarmee in die Strafreg gepaard gaan, beoordeel word nie. Die verwagtinge van die regsbron is geskoei op die potensiële bydrae wat so ’n psigoforensiese evaluering in bepaalde strafsake kan lewer. Die verwagtinge word deur Allan en Louw (2001) in kategorieë verdeel en word deur Knoetze (2007) tot die volgende bevoegdheidsreëls in die Bewysreg gereduseer:

i) die deskundige se getuienis moet in ewewig wees met die kwalifikasies en ervaring van die sielkundige (en nie ’n wyer interpretasienetwerk omsluit en betrek nie);
ii) die getuienis moet relevant wees in die lig van die bepaalde aspekte voor die hof; en
iii) dit moet objektief wees en in terme van verstaanbare begrippe, vertolkings en taal voor die hof aangebied word.

Die vraag na die betroubaarheid daarvan moet voortdurend gevra word. Die redes vir potensiële distorsie by die aangeklaagde is verreweg gerig op sekondêre gewin: daar word gereeld gepoog om ’n beter voorstelling te maak of om die idee van verswakte algemene aanpassing by die sielkundige te skep (Morey & Quigley, 2002). Bogenoemde outeurs beskryf hierdie fenomeen en die hantering daarvan as *“... impression management ...”* en beklemtoon dat bepaalde prosedures ingespan moet word om dit uit te wys (Morey & Quigley, 2002, p. 334). In hierdie verband spreek Hall en Pritchard (1996) en Rogers (1997) hulle ook sterk uit ten gunste van die meting en inagneming van moontlike distorsies en die verskuiling van inligting deur oortreders.

Strafregtelike evaluasies sluit mediese-ondersoeke (soos in observasieverslae voorkom), kollaterale inligting, die inhoud van die saakdossier, ander deskundige verslae, skool- en werkrekords, die klagstaat en unieke sielkundige toetse vorm egter ook ’n integrale deel van die evaluering van geweldsoortreders. Die psigoforensiese sielkundige wat in strafsake soos moord (insluitend impulsmoord) spesialiseer, word noodwendig ook met ander bykomstige prioriteite getaak: die eerste vereiste is om moontlike psigopatologie te identifiseer. Volgens Archer (2003) bestaan (deels gelyklopend met bovermelde) twee verdere en veel meer komplekse toepassingsvelde vir die evaluering van geweldsoortreders:

i) die bepaling van die mate van kriminele aanspreeklikheid (toerekeningsvatbaarheid) by die beskuldigde; en
ii) die beoordeling van ’n persoon se vermoë om verhoor te word. Hieruit vloei begrip voort vir die momentale verwagtinge wat aan die psigoforensiese evalueerder gestel word. Dit sal van waarde wees om na riglyne in hierdie verband in die literatuur te kyk.

- **Die bepaling van kriminele aanspreeklikheid**

Ten opsigte van kriminele aanspreeklikheid is meer as vyf dekades gelede reeds gepoog om meetinstrumente te identifiseer ten einde die sielkundige by te staan in die identifisering van gevalle waar verminderde of algehele kriminele aanspreeklikheid bevraagteken word. Dit sluit in vraelyste, onvoltooide sinnetoetse, self-verslagdoening en onderhoudgebaseerde instrumente wat volgens Zapf en Viljoen (2003) soms twyfelagtige nasienmetodiek impliseer. Laasgenoemde outeurs is pragmaties en beklemtoon in hul navorsing die noodsaaklike onderskeid wat getref moet word tydens siftingsevaluerings (om diegene wat toerekeningsvatbaar is te onderskei van diegene wat nie toerekeningsvatbaar is nie en ook nie ’n bydrae tot hofverrigtinge sal kan lewer nie). Klem behoort dus op wetenskaplike meting en onderhoudvoering sonder, sowel as met kriteria-gebaseerde nasienmetodes, gelê te word. Dié resultate moet in verband gebring word met inligting wat gelyklopend bekom is en moet laastens op ’n bepaalde wyse aan die betrokke partye oorgedra word.

Die volgende praktiese beoordelingsraamwerk kan as vertrekpunt gebruik word:

- Eerstens is dit noodsaaklik om na moontlike verdoeseling en foutiewe voorstelling deur oortreder te kyk en om die moontlike sekondêre gewin wat laasgenoemde vir die kliënt kan inhou, te bepaal. Hall en Pritchard (1996) bespreek tekens van oneerlikheid wat onder meer absurde en teenstrydige optrede (of ’n kombinasie daarvan) insluit en verwys ook na simptome wat nie met neuropsigologiese teorieë verklaar kan word nie. Faktore wat verder opvallende bydraes kan lewer is om na die doel van die evaluering te kyk (of dit spontaan of deur eksterne druk aanvaar is), deur wie die evaluering aangevra is en wie die betrokke evalueerder gekies het (Rogers, 1997). Voeg daarby die aanname van die American Psychiatric Association (2000) wat skynsiekte vermoed as ’n reg-psigologiese opinie verlang word,

gebrekkige samewerking bestaan, ’n APV gediagnoseer is en wanneer klagtes teenstrydig is met objektiewe metings.

- Tweedens behoort deeglike onderhoude gevoer te word en aanvullende inligting behoort volgens Gutheil (2002) bekom te word. In hierdie verband word bepaalde bronne soos slagoffers, getuies, famlielede, behandelende praktisyns, polisie-beamptes, werkgewers, geliefdes, vriende en ook die beskuldige se vorige mediese of sielkundige geskiedenis gemeld. Kortliks, behoort alle moontlike inligting ondersoek en aangetoon te word. Dit kan die weergawe van gebeure van die oortreder steun of weerlê.

- Meer in besonder moet die optrede van die oortreder na die uitvoer van die misdryf hoë prioriteit te geniet. Is daar byvoorbeeld van die toneel gevlug, is daar probeer om die toneel te verander of te versteur en is wapens en ander verbandhoudende items (wat oor potensiële getuie-waardes mag beskik) vernietig?

- Kriminele ontoerekeningsvatbaarheid vanweë psigopatologie (die sogenaamde *insanity defence*) se bewyslas strek so ver terug soos die Griekse gemeenskappe waarin die geestesversteurde van vervolging gevrywaar is omrede hul nie hul dade toegereken kon word nie (Whitlock, Feix, Barnes, Gerdes, Santina, & Trageser, 2010). Hierdie fundamentele grondbeginsels geld steeds: dit moet onteenseglike bewys word dat die “oortreder” ten tye van die uitvoering van die daad aan psigopatologie gely het wat daartoe bygedra het dat insig in die aard van die daad afwesig was en/of dat insig nie ten opsigte van die wederregtelikheid van so ’n daad bestaan het nie. Dit is insiggewend dat hierdie verweer slegs in 1% van gevalle in verskeie Amerikaanse state geopper word en dat dit in slegs 25% van die gevalle suksesvol is (Whitlock, 2010).

  Die forensiese sielkundige word nie gereeld met so ‘n verweer gekonfronteer nie en indien wel, word dit merendeels in spanverband (en in

samehang met ‘n psigiatriese opinie en die observasie van verpleegpersoneel) beoordeel. Implisiet aan en gelyklopend met die beoordeling van toerekeningsvatbaarheid is die evaluering van die aangeklaagde se vermoë om hofverrigtinge te volg en dit te deurstaan.

- **Bevoegdheid om verhoor te word**

Die forensiese evalueringskriteria word formeel bevraagteken deur Morris, Haroun en Naimark (2004). Leong (2004) kritiseer egter hierdie bevindinge vanweë metodologiese foute in die ontwerp van hierdie navorsing en die wyse waarop data ontleed is. Voorts word verwys na navorsing waarin op die verskille in vermoë om nuanses waar te neem en regsbegrip te toon tussen geestesgesondheidwerkers en prokureurs uitgewys word. Leong skets ook ’n beeld van kompleksiteit as drie verskille standaarde van beoordeling (wat in die Amerikaanse reg geld) bespreek word.

Hierdie beoordelingstandaarde is gerig op die vasstelling van ’n rasionele begrip wat berus op beide kognitiewe en ’n gedragstandaard: dit wil sê dat enersyds bepaal moet word in welke wyse die aangeklaagde begrip toon vir toepaslike regsbeginsels/prosedures en andersyds oor die vermoë beskik om inligting toepaslik en tydens die verdedigingsproses te benut – ’n prosedure wat algemeen bekend is as die *Dusky* standaard (Leong, 2004). Dit sluit die rasionele begrip vir die prosedures waarvan hy of sy aangekla word en die vermoë om met die regspan te konsulteer in (Whitlock, 2010).

Pogings is aangewend om sogenaamde “*minimal constitutional standards for competency”* in verskille state in Amerika te vestig, maar eenvormige beoordelingskriteria bly steeds ontwykend. In die lig van voorgemelde leemte verkies Leong (2004, p. 247) om te steun op die werke van McGarry en sy kollegas, asook die beoordelingsinstrumente wat deur MacArthur ontwikkel is (MacArthur Competence Assessment Tool-Criminal Adjudication – MacCAT-CA).

Met die uitskakeling van bepaalde prosesse (soos byvoorbeeld die juriestelsel wat daarin gedek word en nie internasionaal geld nie) kan bogenoemde beoordelingskriteria ten opsigte van die beskuldigde soos volg in Tabelle 3.1 en 3.2 opgesom word:

Tabel 3.1 Beoordelingskriteria:

- die mate van insig wat die beskuldigde in die verdedigingsprosesse toon;
- die teenwoordigheid van onbeheerste gedrag;
- die aard van die verhouding tussen kliënt en prokureur;
- die beskuldigde se beplanningsvermoë;
- die mate van insig in die onderskeie rolverdelings in die regsproses waaroor die beskuldigde beskik;
- die begrip van die beskuldigde vir die regsproses, die oortreding, moontlike straf en uitkoms;
- die vermoë van die beskuldigde om relevante inligting onder die regspan se aandag te bring;
- die vermoë om inligting weer te gee en die ondervragingskennis van getuies, te benut;
- die vermoë om relevante getuienis te lewer; en
- die motivering van die beskuldigde soos weerspieël in byvoorbeeld self-ondermynende gedrag.

Bron: Leong (2004)

Die onderstaande tabel 3.2 bevat van die belangrikste items in die MacCAT-CA :

Tabel 3.2 Beoordelingskriteria in die MacCAT-CA:

Beoordelingskriteria
Insig in: • die rolle en funksies van die regspanne; • die elemente van ’n misdaad; • die rol en funksie van die regter; • potensiële vervolging en die gevolge daarvan; • ’n pleit van skuldig en die regte wat daarmee saamgaan; • strafversagtende faktore; • die hantering van vervolgingsgesag se getuienis; • moontlike provokasie; en • die rol wat emosies soos vrees kan speel in die verklaring van gedrag.

Bron: Leong (2004).

In die TDMHDD: Forensic Evaluator Training Manual (Whitlock, 2010) word die vermoë van die aangeklaagde om die getuienis vir die vervolging te beoordeel, dit te weerlê en ook wetlik en strategies te besin, ingesluit as beoordelingskriteria. Twee verdere kriteria is die beoordeling van die aangeklaagde se vermoë om vergelykings te tref en gevolge teen mekaar op te weeg. Hierdie kriteria val onder die persoon se beredeneringsvermoë.

Die debat rondom die beskuldigde se vermoë om die hofverrigting te volg word verder gevoer en lei tot definisies van “... *sufficient present ability*...”, “... *rational as well as factual understanding ...*” (Zapf & Viljoen, 2003, p. 352). Die evaluering van sodanige begrippe is volgens laasgenoemde outeurs*: “... left largely unguided ...”*. Voorgenoemde leemte is teenwoordig ten spyte daarvan dat hierdie tipe evaluering

(beide ten opsigte van toerekeningsvatbaarheid en die bepaling van die aangeklaagde se vermoë om hofverrigtinge te volg), hoog in aanvraag is by geestesgesondheidpraktisyns.

Die proses word verder bemoeilik deurdat bevindinge en observasies altyd in ooreenstemming met die bepaalde versoeke van die regsopdrag en algemene regspraak moet geskied. In verreweg die meeste sielkundige evaluerings wat in hierdie konteks gedoen word, word bovermelde skakel tussen rasionele en feitelike begrip en vermoë om hofverrigtinge te volg nie belig nie. So het Skeem, Golding, Cohn en Berge (1998) in ’n studie bevind dat 90% van psigoforensiese verslae nie hierdie verband identifiseer en/of bespreek en verklaar nie.

Ter herhaling volstaan Zapf en Viljoen (2003) daarby dat elke sielkundige meetinstrument ’n bepaalde bydrae moet lewer in die globale akademiese evalueringsproses en behoort die forensiese sielkundige bewus te wees van moontlike tekortkominge in veral die meetinstrumente. Minder eng geïnterpreteer, word aanbeveel dat aanvullende stappe gedoen moet word ten einde die leemtes te ondervang – juis te meer in die geval van die evaluering van ’n komplekse fenomeen soos strafsake.

3.3.4.4 Algemene vereistes en beginsels vir psigoforensiese evaluering

Kundiges in die psigiatriese en sielkundevelde het oor jare ’n raamwerk probeer daarstel waarvolgens forensiese verslagdoening en evaluering kan geskied (Conroy, 2006; Heilbrun & Collins, 1995; Nicholson & Norwood, 2000). Die volgende is as eenvormige vertrekpunte aanvaar, naamlik dat:

i) die verslag aanpasbaar moet wees;
ii) dat dit dus van forensiese situasie-tot-situasie verskillend mag wees; en
iii) dit ook ruimte moet laat vir die individuele afbeelding.

Hierdie verslag behoort nie net die betrokke vraagstuk in die regsveld aan te spreek nie, maar moet ook aan bepaalde standaarde gemeet kan word. Onder meer word gemeld dat daar bepaalde regsvereistes bestaan, dat hierdie vereistes uitgespel word deur die statute en dat daaraan voldoen moet word. Die inhoud en strekking van die hofbevel, asook inligting wat van die regspan bekom word, behoort ook as rigtinggewers vir verslagdoening te dien. Die volgende standaarde word onderskei:

- Die Conroy standaarde: Conroy (2006) identifiseer bepaalde professionele standaarde waaraan ’n forensiese verslag behoort te voldoen, en dus ook aan watter tipe inligting in so ’n verslag weggelaat of vermy behoort te word. ’n Opsommende ontleding van haar voorstelle word in Tabel 3.3 aangebied.

Tabel 3.3 Die Conroy standaarde:

Noodsaaklike inligting	**Aspekte wat vermy moet word**
Die rede vir verwysing	Vakterme wat moeilik verstaanbaar is
’n Bespreking van die klagtes	Nie-direk verbandhoudende inligting
’n Toestemmingsbrief van die beskuldigde; dit wil sê ’n mandaat aan die sielkundige om inligting in die verslag weer te gee	Subjektiwiteit soos simpatieke taalgebruik en treurmares
’n Aanduiding van kollaterale inligtingsbronne wat benut is	Feitelik onbegronde inligting
Die evalueringsproses wat gevolg is	Kommentaar oor inligting en vraagstukke buite die deskundige se ervarings- en kennisveld
Die forensiese afleidings en ’n slotopinie	Aspekte wat die sielkundige se mening kan weerlê

Bron: Conroy (2006)

Aspekte wat nie pertinent in Conroy se raamwerk vervat word nie, maar tog noodsaaklik is, is die identifiserende besonderhede, die *modus operandi* wat deur die beskuldigde gevolg is en inligting met betrekking tot die dokumentasie (byvoorbeeld getuigskrifte en korrespondensie wat in die bylaes aangebied word). Ruimte word ook nie in haar model gelaat vir verslagdoening oor berou by die oortreder, strafverswarende en -versagtende faktore nie. Klem word wel gelê op die besonderhede betreffende kollaterale inligting: wanneer, hoe en by wie dit bekom is. Hierdie inligting mag van deurslaggewende belang wees wanneer oortreders feite verdoesel of verdraai, of wanneer vergesogte aansprake inderdaad waar mag wees.

- Heilbrun se beginsels: Volgens Heilbrun, Marczyk, DeMatteo, Zillmer, Harris en Jennings (2003) kan die volgende beginsels as raamwerk vir psigoforensiese evaluering gebruik word:

Tabel 3.4 Heilbrun se beginsels vir psigoforensiese evaluering:

<u>Vereistes vir objektiwiteit</u>

- die psigoforensiese evalueerder moet deurgaans bewus wees van die bepaalde regsvraag, moontlike faktore wat kan bydra tot subjektiwiteit en partydigheid en veral die feit dat bepaalde deskundiges dienste lewer op ’n gebeurlikheidsbasis (dit wil sê dat betaling vir dienste geskied na gelang van die uitkoms van die saak). As objektiwiteit moontlik in gedrang kan kom, moet die verwysing nie aanvaar word nie
- die evalueerder behoort ook deurgaans te waak teen die versoeking om die rol van terapeut te vertolk (nie tydens die voorafbestudering van dokumentasie en ook nie of later tydens die evaluering nie), maar om te hou by dié van die evalueerder

Inleidende fase:

- bepaal of die opdrag binne die deskundige se spesialiteitsveld val en klaar die potensiële bydrae van die deskundige uit met die regspan
- verkry skriftelike verwysingsmagtiging en onderhandel oor die geldestruktuur
- kies ’n bepaalde evalueringsraamwerk wat gevolg gaan word om data in te win

Insameling van inligting

- gebruik veelvuldige inligtingsbronne en verkry historiese inligting
- ondersoek kliniese gedrag, simptome en regsverwante optredes op ’n geldige wyse
- verseker dat die omgewing waarin die evaluering geskied bevorderlik is vir die verkryging van betroubare resultate
- verseker dat die beskuldigde nie die evaluering as terapeutiese verhouding beskou nie, die beperkte vertroulikheid van inligting begryp en insig het in die wyse van en rede vir die evaluering

Vertolkingsfase

- identifiseer bepaalde regskonsepte, -gedrag en -bewyse en bring dit (op wetenskaplik verantwoordbare wyse) in verband met die resultate verkry
- gebruik geldige en betroubare meetinstrumente
- benut kollaterale/derdepartye as inligtingsbronne om hipoteses te staaf of te weerlê
- beskryf die bevindinge en die beperkings van data en waak om nie die regsvraag onmiddellik te beantwoord nie

Formulering- en oordragingsfase

- verbind die verkreë inligting met die bronne wat geraadpleeg is
- vermy tegniese en hoogdrawende taalgebruik

- formuleer die verslag op so ‘n wyse dat inligting sistematies in die hof aangebied kan word

Bron: Aangepas uit Heilbrun et al. (2003).

Bogenoemde beginsels kan met sukses in bepaalde psigoforensiese evaluerings benut word, mits die stappe nie rigied gevolg word nie, maar ruimte gelaat word vir vloeibaarheid en aanpassings namate nuwe inligting ingewin word. Die vertolkingsfases is verreweg die noodsaaklikste fase en moet die regsvraag daardeur beantwoord word. Hoewel leemtes in hierdie fase tot hewige kritiek in die hof teenoor die sielkundige kan lei, behoort dit aanvanklik (en aan die begin van getuielewering) aan die hof uitgewys word.

- Sageman (2003) propageer die volgende vereistes:

Tabel 3.5 Sageman se psigoforensiese evalueringsvereistes:

<u>Kennis van die regsaspekte:</u>

- Begrip vir die term kriminele aanspreeklikheid
- Begrip vir die term regsbevoegdheid
- Die regsvraag en die geestestoestand van die beskuldigde moet in verband gebring word

<u>Vaardighede wat deur die regstelsel vereis word</u>

- Die inwin van volledige inligting
- ‘n Rekonstruksie moet van die verlede gedoen word
- Die toekoms moet voorspel word

Praktiese vaardighede

- Die aanbied van inligting binne die raamwerk van die verwysingsbron se strategie
- Doeltreffende kommunikasie
- Die regsvraag moet met versigtigheid beantwoord word. Dit is uiteindelik die voorreg en prerogatief van die regter of ander voorsittende beampte

Bron: Sageman (2003).

Die waarde van hierdie raamwerk is geleë in die beoordeling van inligting teen die agtergrond van regsaspekte en die relevansie daarvan tot die pleit. Inligting word ingewin om hierdie aspekte te sinchroniseer met die optrede van die misdadiger en regsaanspreeklikheid. Dit vereis noodwendig ‘n herskepping van die verlede (die “geskiedenis van die misdryf”). ’n Leemte bestaan egter in die feit dat die praktifisering en die “van toepasmaking” van hierdie gebeure op die misdryf en die *modus operandi* per se nie ’n onderdeel van die model vorm nie en die uitwys van atipiese gedrag by die oortreder ook nie belig word nie.

Omrede psigometriese toetse dikwels die meeste tyd van die psigoforensiese evaluasie in beslag neem en ook heel dikwels ’n punt van dispuut in hofsake is, behoort dit volledig toegelig te word.

3.3.4.5 Die plek van psigometriese toetse in psigoforensiese evaluerings

Inligting wat in die forensiese sielkundige verslag opgeneem word, word bekom tydens die kliniese onderhoud en vanuit die kollaterale inligtingsbronne en dan in samehang met gestandaardiseerde psigometriese toetsresultate benut. Die gebruik van psigometriese meetinstrumente in tradisionele sielkundige omgewings word danksy bydraes deur verskillende navorsers, geredelik as hulpmiddel

aanvaar (Piotrowski, 1999; Piotrowski, Sherry, & Keller, 1985; Watkins, Campbell, Nieberding, & Hallmark, 1995). Grisso (1996) en Meintjes-van der Walt (2001) propageer die inagneming van etiese kodes vir professionele gedrag en vergewis Grisso (1987, p. 835) die volgende: "... *operationalization, standardization, and quantification have always distinguished psychology from other mental health professions in their contributions to assessment".* Dié metings verleen struktuur aan die evalueringsproses en verhoog die kwaliteit sowel as die bydrae van die sielkundige.

Nicholson en Norwood (2000) formuleer bepaalde vrae in hulle indirekte verwysing na faktore wat die kwaliteit van forensiese verslae sal verhoog en lê veral klem op psigometriese toetse:

i) het die ondersoek aan die etiese eise vereistes van so 'n evaluering beantwoord?
ii) watter bronne het die ondersoeker geraadpleeg?
iii) watter psigometriese toetse is afgeneem?
iv) is die sielkundige toetse korrek en toepaslik aangewend?
v) is kollaterale inligting van eksterne bronne (derde partye) bekom?
vi) is 'n mening geformuleer ten opsigte van die regsvrae wat bestaan? en
vii) is hierdie mening gefundeer op die verkreë inligting en kliniese inligting?

Vir soverre dit die benutting van sielkundige toetse in die forensiese veld betref, is vraagstukke in hierdie verband algemeen. Die heersende *de facto* kontroversie oor die algemene bydrae van forensiese sielkundige tot hofverrigtinge, bestaan insgelyks ten opsigte van die benutting van sielkundige meetinstrumente. In dié akademiese debat is sterk voorstanders vir die gebruik van psigometrie as 'n hulpmiddel te vinde, maar ook diegene wat argumente daarteen aanvoer. Ziskin en Faust (1995) analiseer die voor- en nadele en steun die doelmatigheid benutting van toetse in die regspleging, mits dit aan ses kriteria beantwoord:

Tabel 3.6 Ses kriteria waaraan psigometriese toetse moet beantwoord:

1. Is die instrument betroubaar?
2. Bestaan ’n verband tussen die betrokke toets en die vereiste wat in die evaluering van belang is?
3. Kan positiewe identifikasie die toets van basisanalise weerstaan?
4. Beantwoord dit aan die geldigheidskriteria?
5. Is die bevolking waarop dit gestandaardiseer in ag geneem?
6. Is die voorspellingswaarde van die toets bo verdenking?

Bron: Ziskin en Faust (1995).

Desondanks die kritiek wat sielkundige toetse moet verduur, bestaan daar ook groeiende belangstelling en meer positiewe sienings daaroor. Psigometriese toetse verskil in wese van ander tegnieke wat benut word om inligting ten opsigte van ’n persoon in te samel. In hierdie verband verwoord Lezak (1995 , p. 145) die volgende siening van Green: “... *it elicits behavior samples in a standardized, replicable, and more or less artificial and restricted situation”* – ‘n voordeel wat sekerlik nie gering geag kan word nie. Die teenvraag ontstaan, naamlik die leemte wat in evaluerings van hierdie aard gelaat word indien psigometrie totaal uitgelaat word? Om uitsluitlik net op die meningsvorming van die sielkundige staat te maak, sal wat die ondersoeker betref, lei tot groter subjektiwiteit.

Gelyklopend daarmee is die vertrekpunt dat psigometriese toetsresultate in ieder geval gebruik behoort te word vir die formulering van hipoteses (Greenberg et al., 2003). Feite moet bevestig word deur verskeie ander ondersoeke en inligtingsbronne: die toetsdimensie in veral strafregtelike sake vervaag voor ’n meer uitgebreide beoordelingsperspektief. Die sielkundige moet op grond van omvangryke inligting (psigometrika ingesluit) ekstrapoleer en vergelykings tref.

Greenberg et al. (2003) bied ’n raamwerk aan waar ooreenkomstig bepaalde faktore in ag geneem behoort te word wanneer psigometriese toetse gekies word. Met nominale wysigings kan dit in die volgende forensiese model saamgevat word:

i) die premorbiede funksioneringsvlak van die individu moet bepaal word;
ii) die aard van die individu se heersende geestestoestand moet bepaal word;
iii) die aard en omvang van voorafbestaande patologiese of andersins noemenswaardige belemmerde areas van funksionering moet geïdentifiseer word; en
iv) die moontlike psigiese oorsake van verswakte funksionering moet bespreek word.

Greenberg verwys voorts na die veelvlakkige en uiteenlopende wyses waarop hierdie aspekte geëvalueer moet word en stel die volgende aanvullende vereistes:

- noukeurige waarneming van die toetsling se reaksiestyl op die toetse;
- konsensus bestaan dat geen meetinstrument werklik volkome daartoe instaat is om die toetsling se premorbiede funksioneringsvlak te meet nie;
- ander nie-oortredingsverwante trauma behoort geïsoleer te word;
- hipoteses moet aan die hand van die meetinstrumente getoets word;
- van wesenlike belang is die volgende: “... *they* (hipotese-formulering en -toetsing) *must be considered in conjunction with other clinical forensic examination techniques*” (Greenberg et al., 2003, p. 416); en
- die aanbieding van die toetsdata moet in verstaanbare taal geskied.

In pogings om kritiek te vermy moet die sielkundige in hierdie verband met oordeel staatmaak op verskeie beskikbare meetinstrumente en die gepaardgaande etiese verantwoordelikheid om ’n gegewe doel met die evaluering te bereik.

3.3.5 Samevatting

Behoudende standpunte kan wel in bestaande psigoforensiese evalueringsmetodes geïdentifiseer word. Hierdie metodes mag prosedureel korrek en vakkundig gepas wees om in bepaalde evaluerings benut te word, maar word menigmaal gekritiseer. In die toepassing van die psigoforensiese evaluerings is ruimte vir meer tegniese beheer oor eiesoortige saakinligting, ’n groter mate van volgehoue objektiewe “sinisme” wat vergestalt in die afstand tussen evalueerder en kliënt, die inwin van kollaterale inligting en die in-pas-bring van menslike dinamika met die *modus operandi*. Die psigoforensiese vakgebied staan nie in afsondering nie en vereis die evalueringsmetodiek ook inter-kontekstuele inagneming en ’n voortdurende omvorming.

Die vraag wat ontstaan is hoe hierdie evalueringsprobleem (meer spesifiek impulsmoorde) prakties aangespreek kan word? Die psigoforensiese evaluering van laasgenoemde misdrywe word egter nie afsonderlik in die literatuur belig nie - selfs nie in die gedetailleerde resente opleidingshandleiding vir forensiese evalueerders van Whitlock (2010) nie. In die lig daarvan word die bespreking vervolgens gefokus op die bewese evalueringsriglyne met ontwikkelingsnavorsing as navorsingsontwerp.

Hoofstuk 4

Ontwikkelingsnavorsing

4.1 Inleiding

’n Navorsingsontwerp fokus tradisioneel (en as fundamentele paradigma) op kennisontginning, terwyl toegepaste navorsing weer op die oplossing van ’n spesifieke vraagstuk fokus (Bailey,1987; de Vos 2011; Guy, Edgley, Arafat, & Allen, 1987; Neuman, 1991). In veral basiese navorsing kan dit egter bestaande teoretiese kennis van die praktyk verwyder (Van Rensburg, 2001).

In die onderhawige studie het die behoefte ontstaan aan ’n kruisbestuiwing tussen praktyk en navorsing, sowel as aan ’n nuwe, prakties-relevante werkswyse met die doel om verandering in ’n komplekse verskynsel soos die evaluering van impulsmoorde te bewerkstellig. Derhalwe is besluit om ontwikkelingsnavorsing (meer spesifiek intervensie-ontwerp) te benut om ’n praktiese produk (’n psigoforensiese evalueringsmodel vir impulsmoordenaars) en ’n kennisproduk (die bepaling van die uitwerking en aanvaarding van só ’n model in die juridiese en sielkundige vakgebiede) te verseker.

Hierdie intervensie is plooibaar en kon by veranderinge (soos wetwysigings) aanpas. Dit maak ook voorsiening vir die evaluering van kultuur-diverse groepe en kan as ’n *deus ex machina* – dit wil sê as werktuiglike tussenkoms benut word tussen die regsproses en die deskundige se hofbydrae. Dit strek van die daarstel van evaluasieriglyne tot die wyse en konteks waarin inligting voor die hof aangebied word. Dit vereis ook dat eksterne invloede (van byvoorbeeld hulpprofessies en kollegas) voortdurend in ag geneem word en dat moontlike vrae (van byvoorbeeld regslui) wat mag ontstaan, insgelyks aandag sal geniet.

Ontwerp in hierdie konteks verwys volgens Rothman en Thomas (1994) na:

i) ontdekkende ingesteldheid (vergelyk die eksploratiewe aard van die hipoteses insake impulsmoorde wat in hoofstuk 2 geformuleer is); en
ii) die missiegedrewe nut daarvan vir die primêre gebruiker (in hierdie geval die psigoforensiese sielkundige).

4.2 Die Ontwerp- en Ontwikkelingsnavorsingsparadigma

4.2.1 Inleiding

Die toepassingwaarde van dié tipe navorsing verklaar die gewildheid daarvan in die geesteswetenskappe (Monette, Sullivan, & De Jong, 1998) en steun die aktiewe kultuur by navorsers om betrokke te raak by aksie-, intervensie- en deelnemende navorsing (Landman, Hill, Coetzee, Möller, & Van Dyk, 1983; Coughlan & Collins, 2001). Die toepassing daarvan was aanvanklik beperk tot die terrein van maatskaplike werk (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995). Daaruit het die benamings Ontwikkelings- en Benuttingsmodel en die Gedragswetenskaplike model gegroei.

Die navorsers Jack Rothman en Edwin Thomas word allerweë as die grondleggers van ontwikkelingsnavorsing beskou en het hulle werk volgens De Vos en Strydom (2011) gelei tot die opkoms van hedendaagse intervensienavorsing. Die Ontwerp- en Ontwikkelingsmodel met die bykomende klem op *ontwerp* is in 1984 deur Thomas gepropageer (De Vos & Strydom, 2011), wat aansluiting vind by Rothman (1980) se meer losstaande beskouing van ontwikkelingsnavorsing as “sosiale wetenskap, navorsing en ontwerp“. Dit verteenwoordig ‘n metodologie wat die samevloei van denke oor enersyds navorsing *per se* en andersyds die werklikheid as navorsingsterrein, moontlik maak.

4.2.2 Die grondbeginsels van ontwikkelingsnavorsing

Landman et al. (1983) en Van Rensburg (2001) toon aan dat die doel van navorsing in die menswetenskappe ook is om deur middel van *toegepaste navorsing,* na oplossings en "spoedige praktykverbeterings" te soek. Dit sluit die ontwikkeling van praktykmetodes in om 'n bepaalde probleem te hanteer (Rothman, 1980). Met betrekking tot toegepaste navorsing gaan dit dus hier om die vraag of die produk funksioneel en doeltreffend is, eerder as om die navraag na hoe die produk ontstaan en ontwikkel het. Daarmee kan realistiese probleme in die kontemporêre omgewing bespreek word (Rothman, 1980) en stappe vir die ontwerp, toetsing en verfyning van instrumente en innovasies vloei daaruit voort.

'n Behoefte aan 'n bepaalde denkwyse wat onlosmaaklik gekoppel is aan praktykkennis en veral die toepassingsmoontlikhede daarvan, is reeds in die vroeë negentigerjare deur Rothman en Thomas (1994) geïdentifiseer. Dit is hanteer deur die intervensienavorsingsparadigma. Dit omsluit die ontwikkeling van tegnologiese hulpmiddels (*technological items*) - ook bekend as innovasietegnologie - wat deurgetrek kan word na verskeie professies en velde (de Vos & Strydom, 2011). Daarmee saam word 'n sterk argument uitgemaak vir kennisontwikkeling, kreatiewe verryking en volgens Landman et al. (1983), onmiddellike kennisverbreding. Met die klem op "ontwikkeling" (eerder as op "navorsing" *per se*) verklaar Rothman (1980) dit as kreatiewe, intuïtiewe en "vloeibare" proses.

Ontwikkelingsnavorsing is dus inherent instrumenteel en praktykgerig en vereis 'n onbevange en kreatiewe benadering met as doelwit 'n hoë toepassingpotensiaal. Dit is vervolgens belangrik om na bepaalde omskrywings in hierdie veld te kyk.

4.2.3 Intervensie-Ontwerp en -Ontwikkelingsnavorsing: elemente

Intervensie-Ontwerp en -Ontwikkeling word deur navorsers soos Bailey-Dempsey en Reid (1996) en Corrigan en McCracken (1997) kortweg as

Intervensienavorsing(paradigma) beskryf. Dit verteenwoordig ‘n verfyning van die algemene ontwikkelingsnavorsingsmodel en getuig ruim van die ontwerp van tegnieke en die toetsing daarvan om die probleme wat in gemeenskappe bestaan, op te los (Struwig, 2006).

In ‘n seminaarpublikasie (Population Health Intervention Research Initiative for Canada, 2010) word die funksionele elemente en voordele van dié paradigma voorgestel as die (potensiële) veranderinge wat verkry kan word by ‘n populasie deur wetenskaplike kennis en programingrepe te benut. Samevattend impliseer dit dat:

i) navorsing en evaluering benut kan word om die uitkoms van die intervensie te toets;
ii) navorsing en die infrastruktuur (soos dit voorkom in die praktyk) in wisselwerking verkeer;
iii) die intervensie eerder as navorsing *per se* beklemtoon word; en
iv) besluitneming verband hou met en berus op ‘n voortdurende verbetering van die intervensie (dit is onderworpe aan en eis ‘n evolusieproses).

4.2.4 Navorsingsmodelle

Vervolgens word na onderskeie modelle teen die agtergrond waarvan ontwikkelingsnavorsing kan plaasvind, verwys.

4.2.4.1 Die Social Research and Development-model (Social R & D) van Rothman

Rothman (1980), ’n gerespekteerde navorser, doen baanbrekerswerk met sy Social Research and Development (Social R & D) model wat hy op die ingenieurswese skoei. Hy beskryf dit as sosiale ingenieursmetodologie (Rothman, 1980) en begrond die stappe daarin kortliks soos volg:

Tabel 4.1 Die Social R & D – model:

Fase 1 : KENNISVERWERWING: KODIFISERING EN VERALGEMENING

- Definieer die probleem
- Identifiseer algemene inligting wat relevant en beskikbaar is
- Identifiseer bepaalde kennisbronne
- Bepaal die omskrywings en die grense van kennisverwerwing
- Bepaal die navorsingsprosedures
- Bepaal die prosedures vir kodifisering
- Voortoetsing
- Herformulering van die program

Fase 2 : FORMULERING VAN TOEPASSINGSKONSEPTE

- Omsetting (Konversie) as kognitiewe funksie
- Ontwerp as geartikuleerde konsep
- Beoordeling van etiese, administratiewe en strukturele faktore

Fase 3 : OPERASIONALISERING : VOORTOETS

- Ontwikkeling en funksiebepaling van ’n voortoets
- Konseptualisering van die metodologie
- Hersiening van die loodselemente
- Strukturering van die veldtoets
- Omskrywing van personeelfunksies
- Hantering van inligting

Fase 4 : HOOFVELDTOETS 1: DOEL EN FUNKSIE

- Ontwikkeling van spesifikasies
- Proses- en uitkomsevaluering
- Aanwending van instrumente om die proses te meet
- Analisering van die voorvereistes vir ontwikkeling
- Formulering van spesifikasies

Fase 5 : HOOFVELDTOETS 2: PERSONEEL EN ORGANISERING

- Bepaling van moontlike hindernisse
- Doen van strukturele voorbereidings
- Toesighouding

Fase 6 : PRODUKONTWIKKELING

- Bepaling van die beginpunt
- Identifisering van die interim doelwit
- Identifisering van die realistiese en korttermyndoelwitte
- Identifisering van die oorkoepelende doelwit en die algemene doel van die innovasie

Fase 7 : ONTKNOPING, VERSPREIDING EN SOSIALE BEMARKING

- Bepaling van ’n proaktiewe bemarkingsbenadering
- Ontwikkeling van ’n strategiese plan vir verspreiding
- Toets van gebruikers se reaksie

Die fases van die Social R & D-model is gegrond op die verwerwing van kennis, ‘n voortoets en twee hoofveldtoetse en die finale verspreiding van die ontwikkelde produk.

4.2.4.2 Thomas se Research Development and Utilization-model (RD&U)

Thomas (1981) formuleer ’n model genaamd Research Development and Utilization (RD&U) en tref hierin ’n onderskeid tussen ontwikkeling en toepassing:

Tabel 4.2 Research Development and Utilization (RD&U) van Thomas (1981):

FASES	**STAPPE**
Analise	• Probleemidentifisering en -analise • Bestudering en oorsig van bestaande tegnologie/ kennis • Bepaal die uitvoerbaarheid van die studie
Ontwerp	• Identifisering van beskikbare bronne en hulpmiddels • ’n Aksieprogram vir die skep van ’n hulpmiddel word geformuleer deur middel van sistematiese beplanning en skepping van ’n prototipe
Evaluering	• Implementering van ’n voorstudie • Die evaluering van die produk • Aanpassings van die produk (na uitkomsevaluering van die tegniek en indien nodig) • Herhaling van fases 1 en 2
Diffusie	• Dit behels opleiding, werksessies, die skryf van handleidings en publikasies rakende die innovasie
Aanvaarding	• Toepassing van die praktykproduk

Die Research Development and Utilization (RD&U) van Thomas maak ’n bydrae deur die redusering van die model tot ’n aanvanklike analisefase, die ontwerp, die voorstudie (met latere wysigings), opleiding en die produktoepassing.

4.2.4.3 Rothman en Thomas : Intervensie, Ontwerp en Ontwikkeling (O&O)

‘n Meer prakties uitvoerbare model is deur Rothman en Thomas (1994) ontwikkel en staan bekend as die Intervensie-Ontwerp en -Ontwikkelingsmodel (O&O) wat uit die volgende fases bestaan:

Tabel 4.3 Fases in die O & O Intervensiemodel:

Die onderskeie fases in hierdie model kan soos volg weergegee word:

Fase 1 : PROBLEEMANALISERING EN PROJEKBEPLANNING

- Kliëntidentifisering en die vestiging van toeganklikheid
- Die analise van voorgenoemde areas en die identifisering van bekommernisse by die deelnemers
- ’n Analise van geïdentifiseerde probleme en die vasstelling van doelwitte en doelstellings

Fase 2 : INLIGTINGINSAMELING EN -SINTETISERING

- Benutting van bestaande inligtingsbronne
- Bestudering van natuurlike voorbeelde, beskikbare modelle en bruikbare en doeltreffende elemente

Fase 3 : ONTWERP

- Die ontwerp van ’n waarneembare intervensiesisteem
- Spesifikasie van elemente binne die intervensieprosedure

Fase 4 : VROEË ONTWIKKELING EN LOODSSTUDIE

- Die ontwikkeling van ’n voorlopige intervensie (’n prototipe)
- Die uitvoer van ’n voorstudie
- Die toepassing van ontwerpkriteria vir die voorlopige intervensie

Fase 5 : EVALUERING EN GEVORDERDE ONTWIKKELING

- Selektering van ’n eksperimentele ontwerp
- Insameling en analise van inligting
- Duplisering en verfyning van die intervensie in veldtoestande (natuurlike toestande)

Fase 6 : DISSEMINASIE/VERSPREIDING

- Voorbereiding van die finale produk
- Identifisering van potensiële markte en reklame
- Identifisering van potensiële toepassingsmoontlikhede
- Voorsiening van tegniese ondersteuning en opleiding vir potensiële gebruikers

4.2.4.4 Die Leerontwerp-Ontwikkelingsmodel van Bannan-Ritland

Die verspreiding van die ontwikkelingsnavorsingsparadigma het sedert die werke van Rothman en Thomas in momentum steeds toegeneem. Ten nouste verbonde aan die werke van Brown en Collins, het Bannan-Ritland (2003) ‘n algemene leerontwerp-ontwikkelingsmodel vir opvoedkundige navorsing saamgestel. Die werke van Urlich en Epppinger word deur Bannan-Ritland (2003) uitgebrei om die volgende fases en stappe in te sluit:

Tabel 4.4 Bannan-Ritland se Geïntegreerde Leerontwerp-Ontwikkelingsmodel:

FASES	**STAPPE**
Ingeligte ondersoek	• Probleemidentifisering • Literatuuroorsig • Probleemdefiniëring.
Uitvoering	• Aanvanklike intervensie-ontwerp • Samestelling van ’n ontwerpprototipe
Evaluasie: impak	• Die plaaslike impak van die produk word beoordeel • Bepaling of die intervensie die kliënte tevrede stel
Die evaluasie van die breër impak	• Ondersoek na die moontlikheid om die intervensie in ’n breër konteks te ontplooi • Oorweging van die verlenging van die disseminasiefase • Publikasies • Aanpassing van die navorsingsintervensie

Bovermelde behels ’n geïntegreerde leerontwerpraamwerk waarin die volgende voorvereistes navolgenswaardig is: dit moet aanpasbaar en praktykvriendelik wees en moet riglyne neerlê. Hierdie geïntegreerde ontwerp moet voorts dinamies wees, toegepas kan word op verskeie terreine en moet veld- en eksperimentele navorsingsmetodologieë insluit.

4.2.4.5 Die Geïntegreerde Ontwikkelingsmodel van Nel en Nel

Nel en Nel (1993) se bekouing behels ter aanvang dat die modelle van beide Rothman en Thomas (afsonderlik en ook individueel) nie sonder voorbehoud toegepas en aanvaar kan word nie. Die relevansie van bepaalde fases en stappe word bevraagteken en leemtes uitgewys. Hierdie navorsers neem ook die tydskaal, kostes en effektiwiteit van die navorsing in ag.

Hul grondves hul Geïntegreerde Ontwikkelingsmodel op die volgende fases:

- Analisefase: Hierdie fase impliseer die raadpleging van bronne en het betrekking op die probleem wat geïdentifiseer en geformuleer word, tesame met die tydspan en koste-effektiwiteit van die navorsing wat in berekening gebring word.

- Ontwerpfase: Hierdie fase sluit onder meer in geïdentifiseerde doelstellings (ideale toekomstige veranderinge) en meetbare doelwitte, asook die ontwerp van ‘n toepassingsmodel, tesame met voorstelle en innovasieprosedures.

- Ontwikkelingsfase: Hierdie fase vind gestalte in ‘n ontwikkelingsplan, voorstudie, verkryging van voorstudie-inligting en die loodsimplimentering van die innovasie wat beoordeel word in terme van die geskiktheid daarvan.

- Evalueringsfase: Hierdie fase bepaal die doeltreffendheid van die innovasie en bepaal of dit in die bepaalde formaat benut gaan word of herontwerp moet word. Die koste daaraan verbonde en die vraag of dit die gewenste doelwitte bereik het, sal laasgenoemde bepaal.

Bogenoemde fases word sinvol verdeel in logiese, doelmatige en kostedoeltreffende eenvoud.

4.2.4.6 Die Programmatiese Sosiale Komplekse Intervensie-Ontwikkelingsmodel (PSKIOM*)* van Fenton

In ‘n meer resente publikasie getitel A Programmatic Approach to Socially Complex Intervention Development (2000) vra Fenton of daar ruimte is om farmakologiese programme in die psigiatrie te toets en hy kom dan tot die slotsom dat intervensie-ontwikkeling ‘n programmatiese programtrajek behoort te volg en dat dié studies wel gepas is in gevalle waar klem veral op die volgende geplaas word: ontdekking, ontwikkeling, effektiwiteit en doelgerigte praktyknavorsing.

Die volgende proses word deur die outeur (Fenton, 2000) in sy Programmatiese Sosiale Komplekse Intervensie-Ontwikkelingsmodel (PSKIOM) voorgestel: die pre-intervensie navorsingsfase, die ontwikkelings-, doelgerigte, effektiwiteits- en praktyknavorsingsfase.

4.2.4.7 Coughlan en Collins: ’n Deelnemende Ontwikkelingsnavorsings-model

Die haalbaarheid van ontwikkelingsnavorsing is veral getoets in die maatskaplike veld en verteenwoordig ’n steeds groeiende paradigma. In 1997 is daar in die White Paper for Social Welfare (1997) in Suid-Afrika aangedring op die toenemende benutting van ontwikkelingsnavorsing as bruikbare paradigma en as ontwikkelingsintervensie.

Daarmee saam is samewerking tussen betrokke partye vir ’n bepaalde doel voorgestel: “... *gives those within the system a real sense of ownership of the change*“ en “... *giving up the hierarchical imperative and giving ownership of the process – from problem definition to solution generation – to the organization and to the people ...*“ (Coughlan & Collins, 2001, pp. 505, 508). Alles in ag genome verklaar die outeurs dat weinig modelle vir ontwikkelingsnavorsing bestaan, ‘n situasie wat uiteraard kennis- en praktykontwikkeling kortwiek. Met voorvermelde

situasie as vertrekpunt is ‘n nuwe model oor ‘n periode van twee jaar ontwikkel wat eksponensieël tot die volgende gegroei het:

- Die eerste fase behels toegang en analise, wat die skep en bou van verhoudingsprobleemdefiniëring en –analise, ’n lewensvatbaarheidstudie en die uitbrei van ’n breër perspektief, asook die finale probleemdefiniëring insluit.

- Ontwerp behels dat samewerking verkry word, ’n loodsmodel ontwerp word en die intervensie gemoniteer word.

- Ontwikkeling strek vanaf die implementering van die ontwerp tot die verfyning daarvan.

- Samewerking en evaluering gaan gepaard met die beskikbaarstelling en implementering van die ontwerp.

Coughlan en Collins se Deelnemende Ontwikkelingsnavorsingsmodel word geïmplementeer en beliggaam in “samewerking en verhoudingsbou”.

’n Kritiese ontleding van bogenoemde modelle sal vergemaklik word deur die elemente van die onderskeie modelle in ’n oorsigtelike beskouing saam te vat:

4.2.4.8 Oorsigtelike beskouing van die modelle

Tabel 4.5 Oorsigtelike beskouing van die kernelemente in al die modelle

Tipe model	**Kernelemente van die model**
Rothman se Social R&D	• Kennisverwerwing • Formulering van konsepte • Voortoets

	• Hoofveldtoets • Hoofveldtoets 2 • Produkontwikkeling • Verspreiding en bemarking
Thomas se RD & U	• Analise • Ontwerp • Evaluering • Diffusie • Aanvaarding
Rothman en Thomas se O&O	• Analise • Inligtinginsameling • Ontwerp • Loodstudie • Evaluering en voorlopige ontwikkeling • Verspreiding
Bannan-Ritland	• Ondersoek • Uitvoering • Evaluering en impak • Evaluering en breër impak
Nel en Nel	• Analise • Ontwerp • Ontwikkeling • Evaluering
Fenton se PSKROM	• Pre-intervensie navorsingsfase • Intervensie-ontwikkeling • Doelgerigte navorsing • Effektiwiteitsnavorsing • Praktyknavorsing

Coughlin en Collins	• Toegang en analise • Ontwerp • Ontwikkeling • Samewerking en evaluering

Bron: Outeur, 2011

4.2.5 ‘n Kritiese beskouing van die ontwikkelingsnavorsingsmodelle

4.2.5.1 Inleiding

Losstaande beoordeel van die omslagtigheid onderliggend aan die hele spektrum van fases, kan vier fases, naamlik navorsingsanalise, -ontwerp, -ontwikkeling en -diffusie as selfstandige vertrekpunte dien in die ondersoek van ander modelle (sonder om noodwendig wetenskaplikheid en eenvoud in te boet). Die stappe impliseer nie noodwendig ‘n bepaalde opeenvolging nie en met inbegrip van vraagstukke wat mag opduik, kan op enige tydstip terugbeweeg word na ‘n vorige fase en aanpassings gemaak word. Met bovermelde rigtingwysers en tematiese fokus, kan die volgende kritiese beoordeling gemaak word:

4.2.5.2 Rothman se model

Die inhoud van Rothman se model is sekerlik een van die uitdagende toevoegings. Dit is ‘n ryk verwysingsveld waarteen toekomstige ontwikkelingsmodelle gemeet en wat as aansporingsmeganisme gedien het. Dit tref ‘n essensiële onderskeid tussen ontwikkeling- en toepassingsnavorsing. Op ‘n dieper vlak kan kritiek egter wel daarteen gelewer word: die onkonvensionele omgang met taal en begrippe vanweë die vervlegtheid daarvan met die natuurwetenskappe kan dit moeilik maak vir die geesteswetenskaplike om geredelik te begryp. Die lang proses wat elke stap vereis, mag ook weerstand skep.

Die implementering van die stappe en fases in die model is op sigself ‘n projek; hoofsaaklik vanweë die gebrek aan simplisiteit wat die begrip van die standaard-elemente daarvan soms ook bemoeilik, veral omdat dit nie altyd volledig uiteengesit word en nie geredelik verstaanbaar is nie. Heelparty van die stappe is gerig op die meting van ‘n innovasie in byvoorbeeld die industrie, dit behels die bestuur van personeel en is moeilik en oorbodig om toe te pas op die ontwikkeling en toets van ‘n intervensie deur ‘n enkele navorser in ‘n relatief afgebakende navorsingsveld. Dit skep daarom ‘n behoefte aan ‘n meer konvensionele modelraamwerk van ‘n meer simplistiese aard.

4.2.5.3 Rothman en Thomas: Intervensie-Ontwerp en -Ontwikkeling (O&O)

Soos in die geval met die RD & U model van Thomas, word die aanvanklike analisefase en die inwin van inligting (as bykomende fase voor die ontwerpfase) in bogenoemde model beklemtoon. Ruimte word ook gelaat vir gevorderde ontwikkeling en die toepassing van die intervensie in ‘n natuurlike omgewing. In wese verskil hierdie ses-fase model nie van beide Rothman (se aanvanklike) en Thomas se latere model nie. Laasgenoemde is meer kompak en word gekenmerk deur logiese opeenvolgende stappe.

Die noodsaak vir die toevoeging van twee bykomstige fases is (as dit vergelyk word met Thomas se (RS + U) model wat van eenvoud spreek) egter nie verhewe bo kritiek nie (‘n fase wat ook in hierdie fases omsluit word, kan lei tot mistasting).

4.2.5.4 Bannan-Ritland se Geïntegreerde Leerontwerp-ontwikkelingsmodel

Die outeur het sonder om weg te beweeg van die begrippe ontwikkeling en ontwerp, fases in wese verkort en kom sodoende veel gouer by die prototipe en die finale ontwerp uit. Sy beskou ‘n intervensie as ‘n sosiale konstruksie wat

sistematies saamgestel moet word en ook gereeld hersien moet word. Vandaar die voorgestelde uitlating en vervanging van byvoorbeeld die diffusie- en aanvaardingsfases (soos in Thomas se RD&U-model vervat is). Verkorte stappe impliseer ook dat die uitvoerbaarheid van die studie, die ondersoek na beskikbare hulpbronne, ‘n voorstudie en die bepaling van beskikbare hulpbronne, eweneens weinig aandag geniet.

Die aanwending van die praktykproduk staan ook sekondêr tot die hertoets/hersiening van die intervensie. Hierdie model is ‘n verkorte variant van Thomas se RD & U-model en kan met veel vrug aangewend word in navorsing wat deur ‘n enkele navorser onderneem word, ook in die geval van die onderhawige navorsing waar hulpbronne nie werklik benodig word nie en die intervensie reeds oor tyd in verskeie hooggeregshofsake getoets is.

4.2.5.5 Die Geïntegreerde Ontwikkelingsmodel van Nel en Nel

Hoewel die Geïntegreerde Ontwikkelingsmodel verskeie mededelers met ander ontwikkelingsmodelle deel is, kan dit in wese as veral toepaslik in ‘n ontwikkelings-opleidings-milieu en programontwikkeling beskou word. Dié outeurs verbind hulle ook nie werklik ten opsigte van bronraadpleging nie en daar bestaan ook ‘n gebrek aan die ontwikkeling van ‘n bepaalde innovasie- of evalueringstegniek. Wat die rolverdeling en –beskrywing (soos inbegrepe in die ontwerpfase) betref, word veel aandag gewy aan die toeken van verantwoordelikhede aan diegene wat betrokke is by byvoorbeeld opleiding.

Daar word ook pertinent melding gemaak van die identifisering van leerbehoeftes en onderrigstrategieë. Dit lok kortliks die volgende kritiek uit: in die geval waar sielkundige intervensies in die praktyk getoets word, word die bedrewenheid en professionaliteit van die toetsproduk en –gebruiker as ‘n gegewe aanvaar en behoort dit in die onderhawige ondersoek nie soveel prominensie te geniet as wat die outeurs voorstel nie. Die verandering wat die intervensie teweegbring, behoort

steeds die primêre fokus van navorsing te wees en die daaruit voortvloeiende opleidingsbehoeftes sekondêr tot eersgenoemde.

4.2.5.6 Die Programmatiese Sosiale Komplekse Intervensie-Ontwikkelingsmodel (PSKIOM) van Fenton

Die onderskeie stappe wat deur Fenton in sy PSKIOM-model voorgestel word, blyk uiters gepas te wees in die mediese veld, in besonder die geval van goed gekontroleerde deelnemers en te midde van die noodsaaklikheid van eksakte bepaling van die uitkomste en die versekering van interne geldigheid. Dit verwyder die toepaslikheid van die ontwerp egter grootliks van die terrrein van innovasies wat gerig moet wees op die kontemporêre werklikheid - "*the real world settings*" soos Fenton (2000, p. 114) dit tereg omskryf.

4.2.5.7 Coughlan en Collins: 'n Ontwikkelingsnavorsingsmodel

Die intreefase verskil nie veel van die ander ontwikkelingsmodelle nie. Deelname word egter reeds sedert die ontwerpfase verseker en sluit gesamentlike doelwitformulering in deur die betrokke partye. Heron (1996) se voorskrifte word gebruik om die ontwerp te evalueer en te rig. Dit impliseer onder andere dat die verskillende perspektiewe van die groeplede/navorsingspan verkry word en besluitneming grootliks aan laasgenoemde oorgelaat word.

Wat die waarde van die model vergroot, is dat disseminasie opgevolg word deur die moontlikhede vir toepassing van die ontwerp op verskeie ander terreine te ondersoek. In die geval van die onderhawige studie mag dit veral van nut wees om 'n model, wat spesifiek ontwerp is vir die evaluering van impulsmoorde aan te pas om in ander strafregtelike sake (soos seksuele oortredings en witboordjiemisdade) te benut.

4.2.5.8 Meta-analise van die bestaande teorie

Sinergisties beoordeel, kan die volgende oorhoofse leemtes geïdentifiseer word:

- Die stappe kan nie altyd voldoende geskei word nie.

- Van die modelle skep soms interfaseverwarring en is nie altyd in alle sielkundenavorsingsvelde prakties toepasbaar nie. Die inherente aard van die model mag voorts daartoe lei dat die navorser geredelik kan vasval in die kompleksiteit en detail van die interne netwerk van die model, terwyl die geheelbenadering in die proses grootliks verlore gaan.

- Die aksent val in die meerderheid van die modelle nie deurlopend en voldoende genoeg op die ontwikkeling van ’n prakties uitvoerbare psigotegniese intervensie nie. In sommige gevalle vervaag die fokus op die ontwikkeling van ’n intervensie grootliks ten gunste van minder pragmatiese en komplekse stappe wat gevolg behoort te word.

Sou enige van hierdie modelle dus op nie-diskriminerende wyse nagevolg word, is die kans nie weglaatbaar klein nie dat die doelwit in die onderhawige studie, naamlik om deur middel van die sinchronisering van regs- en psigologiese beginsels ’n sinkretiese evalueringsmodel te ontwikkel, moeilik verwesenlik sal word. So ’n model vereis in die onderhawige studie allermins omslagtigheid - wat hofverrigtinge onnodig kan rem, tot frustrasies kan lei en selfs verleentheid kan veroorsaak. Die soeke is veel eerder na ’n model wat kollektief gesproke en met grondige rede as prakties en toeganklik getipeer kan word. Die elemente behoort ’n logiese samehang te vorm en die uitgangspunte moet geredelik versoenbaar en penetreerbaar in die regspleging wees.

Intervensie-ontwikkeling en modelsamestelling bied dus ‘n pragmatiese fokus op navorsing en maak dit moontlik om ‘n fenomeen te verklaar en insig in veral

veranderingstrategieë te bekom. Die klem val veel eerder op die samestelling van ‘n model as op die toetsing daarvan.

Die lewensvatbaarheid van die onderskeie modelle kan stellig nie bevraagteken word nie: hoewel die onderskeie modelle verskillende permutasies en variante aanbied, beklemtoon almal die ooreenstemmemde noodsaaklikheid om eietydse ontwerpoplossings vir probleme te vind. Die modelle is plooibaar en steun die sirkulêre aard van ontwikkelingsnavorsing.

Al die modelle is ten nouste verbind tot die identifisering van ‘n navorsingsbehoefte, die raadpleeg van bronne, ‘n navorsingsontwerp- (of andersyds ontwikkelingsfase) en die toepassing van die intervensies (hoewel Thomas (1981) ‘n onderskeid tref tussen ontwikkeling en toepassing). Oorhoofs beskou, is daar bepaalde ankerfases wat in elke model voorkom.

Sommige modelle ag dit wel belangrik om argumentshalwe die noodsaaklikheid van opleiding en samewerking in die betrokke proefbevolking te reflekteer, terwyl ander modelle weer ‘n meer verkorte faseproses voorstel en aspekte soos opleiding, koste-effektiwiteit en voortoetse as minder noodsaaklik ag.

Debatsopponente kan sekerlik na gelang van die betrokke beplande navorsing geïdentifiseer word, maar deurstaan kritiek grootliks vanweë die momentum wat hierdie paradigma die afgelope aantal jare verkry het.

Hoewel die onderskeie modelle sekerlik aan evolusie blootgestel is, wysigings nie verskans is nie en dit ’n veelvoud van navorsingsopsies tot gevolg het, val die behoefte aan ’n eiesoortige proses van intervensie-ontwikkeling en -ontwerp, steeds op. Al bogenoemde modelle gaan gebrek aan ’n eie meta-teoretiese vertrekpunt en paradigmatiese aannames.

4.2.6 ’n Eie geïntegreerde sintese

Uit die meganika van bogenoemde modelle kan gemeenskaplike en samebindende fases en elemente geïdentifiseer word wat beskou teen die agtergrond van hierdie gemenedelers wat binne die raamwerk van die Intervensie-Ontwerp en -Ontwikkelingsparadigma ontwikkel is, ’n vertrekpunt vorm vir die formulering van ’n eie model. Die ontwikkelingsfases van só ’n model bly steeds gegrond in die funksionele elemente van bostaande modelle.

Van Rensburg (2001) merk tereg op dat die gebrek aan ‘n eiesoortige meta-teorie sentraal staan in al bogenoemde modelle. Sy postuleer dat selfs in die proses van die ontwikkeling van ‘n innovasie / intervensie dit belangrik is om metateoretiese aannames en vertrekpunte te verklaar en dat ‘n nuwe denkrigting slegs kan onstaan na empiriese, sowel as teoretiese besinning. Sy lewer die volgende kommentaar: “... *die ondersoeker se grootste beswaar ... is dat nie een van die modelle aandag gee aan die belangrikheid van ‘n eie metateoretiese uitgangspunt nie ...“* (Van Rensburg, 2001, p. 137) en gaan voort met haar verwysing na Madsen se ontwikkelingsraamwerk vir die skepping van ‘n nuwe paradigma.

Die onderhawige navorsing ten opsigte van forensiese kwessies vind aansluiting by hierdie uiteensetting van Van Rensburg (2001), in besonder waar sy die volgende verklaar: bestaande werkswyses is nie meer verklarend in die praktyk nie en kan beswaarlik benut word om bepaalde vraagstukke op te los. Sy verwys voorts na lukrake gissings en pogings om probleme op te los. Dit eis nie net die daarstelling van ‘n nuwe denklyn nie, maar ook die skepping van ‘n nuwe instrument/ingreep: “*‘n Nuwe teorie het dus onstaan vir die verklaring van empiriese data, asook vir die verklaring van die anomalie wat aanvanklik gelei het tot die ontstaan van die nuwe paradigma*“ en wat “ ... *ook relevant* (sou) *wees vir die ontwikkeling van ‘n nuwe innovatiewe hulpmiddel ...* “ (Van Rensburg, 2001, p. 138).

Met riglynkeuses verbonde aan die Intervensie-Ontwerp en -Ontwikkelings-navorsingsparadigma en die Algemene Sisteemteorie as metateorie kan ‘n fundamentele basis vir die ontwikkeling en integrering van die bogenoemde forensies-sielkundige evalueringsmodel vir impulsmoordenaars daargestel word. Die Algemene Sisteemteorie word gereeld as metateorie in gedrags-wetenskaplikenavorsing benut (Lifschitz, 1991; Scheepers, 1993) en het die volgende toepassingswaarde:

4.2.7 Die Algemene Sisteemteorie as konseptualiseringsraamwerk en navorsingsbenadering

4.2.7.1 Inleiding: historiese aannames en denke

Die algemene sisteemteorie is deur ‘n bioloog, Ludwig von Bertalanffy (1950) uit konsepte van verskeie ander dissiplines ontwikkel en het mettertyd ‘n belangrike perspektief in die geesteswetenskappe geword. Dit word baie keer in verskeie studievelde as metateorie aangewend. Die begrip “sisteem“ impliseer dat ‘n verskynsel nie as ‘n outonoom funksionerende entiteit bestaan nie. Begrip vir die geheel van ‘n verskynsel bly ontwykend as die dele / subsisteme / elemente daarvan in afsondering bestudeer word (Jordaan & Jordaan, 1998). Die fundamentele uitgangspunt van hierdie teorie is dus dat ’n verskynsel slegs in terme van interafhanklike kontekse ondersoek en verklaar kan word.

’n Sisteem word sodoende deur Gerber, Nel en Van Dyk (1998, p. 34) soos volg beskryf: “… *simply a number of interdependent components that form a whole and work together with a view of attaining a common goal*”. Verskeie interaktiewe en verbonde subsisteme of elemente binne ‘n bepaalde sisteem kan onderskei word (Schoeman, Nel, & Wessels, 1983). Die kernbegrippe in die sisteembenadering is dus dié van eenhede en interverhoudings tussen hierdie eenhede en komponente binne ‘n bepaalde konteks.

Die voortbestaan van ‘n sisteem is afhanklik van die koppeling en wisselwerking tussen die verbandhoudende elemente daarvan en derhalwe is navorsing met hierdie perspektief as vertrekpunt op die optimale integrasie en koördinasie tussen bepaalde prosesse en interaksies gefokus. Dit maak die ontleding van ’n verskeidenheid van komplekse interaksies (in hierdie geval ’n verskynsel soos impulsmoord) moontlik. Hierdie interafhanklikheid vorm die grondslag in die onderhawige studie deurdat die kruisbestuiwing tussen die sielkunde, die regte, maatskaplike werk en polisiekunde die gemeenskaplike doel is, naamlik die identifisering, hantering en evaluering van impulsmoorde.

Oosthuizen (2008) omskryf primêre sisteme (van “*eerste klas orde*”) wat vergestalting vind in die komplekse prosesse wat tussen individue en groter organisatoriese sisteme bestaan. Na analogie van natuurwetenskaplike prosesse wat deur selfregulering voortbestaan, vind wisselwerking ook tussen individue (die primêre sisteme) en organisatoriese sisteme plaas. In hierdie opsig oorvleuel die natuur- en die menswetenskappe en is die prosesse wat in die nie-menslike sisteme plaasvind dus ook van toepassing in menslike sisteme (Oosthuizen, 2008).

Van Rensburg (1975, p. 44) verkies om te praat van ‘n sosiale sisteem, bedoelende daarmee “... *enige kollektiwiteit of meervoudigheid van mense wat sodanig in wisselwerking met mekaar is“.* Die fokus word op die konteks waarin gedrag of verskynsels manifesteer, geplaas en waaruit die toepassingswaarde van die algemene sisteemteorie as metateorie in vakrigtings soos die sielkunde dan voortspruit. Veranderlikes word aan die hand van interaksiepatrone verklaar en word deur die volgende gekenmerk:

4.2.7.2 Hoofkenmerke en uitgangspunte van sistemiese denke

Skrywers soos De Villiers (2000); Gerber et al. (1998); Katz en Kahn (1996); Miller (1978); Oosthuizen (2008); Schoeman et al. (1983) en Van Rensburg (1975) onderskei die volgende dimensies en eienskappe van sisteme:

- Die ingewikkeldheid van die saamgestelde geheel word as vertrekpunt aanvaar. Inligting word verkry deur die interafhanklikheid van verskillende vlakke of skakels in die menslike leefwêreld. In die onderhawige studie sal inligting vanuit verskeie geesteswetenskaplike velde (die regte ingesluit) en verbandhoudende domeine soos parool-, maatskaplike- en polisieverslae gesintetiseer word.

- Die struktuur van elke sisteem is eiesoortig. Ongeag die kompleksiteit of eenvoud daarvan, kan binne elke sisteem ‘n eiesoortige struktuur met reëlmatigheid onderskei word (Van Rensburg, 1975). Die “struktuur“ en tendense soos persoonlikheid, genogram, historiese inligting en verhoudingslewe van die impulsiewe oortreder sal as eiesoortige, interne en eksterne dinamika bestudeer word.

- In sover dit verandering in ‘n enkele sisteem betref, lei dit noodwendig tot verandering in ‘n ander sisteem of sisteme en gevolglik tot verdere kringloopbeïnvloeding van die oorspronklike sisteem. Hierdie proses van voortdurende omvorming berus op die proses van terugvoering wat eweneens in die verhoudingslewe van die impulsmoordenaar bestaan.

  Lewende sisteme is afhanklik van insette en uitsette van ander sisteme en terugvoering is derhalwe bepalend vir die dinamiese voortbestaan van ‘n sisteem. Gerber et al. (1998, p. 35) beskryf dit vanuit ‘n menslike hulpbronbenadering soos volg: “ ... *during this process it takes in resources which it tranform into products and services made available to the environment in the form of outputs*”.

  In die geesteswetenskappe word inligting wat sinvol is in ‘n deurset verwerk en deur “… *die integrering van hierdie inhoude in die verwysingsraamwerk word ‘n uitset gelewer. Die terugvoering van die doeltreffendheid van die integrering verifieer of die behandeling verantwoordbaar en wetenskaplik was“*. (Grobbelaar & Schoeman, 1980, p. 205). Die interaktiewe proses

van inset-deurset-uitset/transmissie (by die oortreder, die slagoffer en omringende faktore wat die misdaad vooraf gegaan en gesneller het) en terugvoering deur die hof, sal dit moontlik maak om riglyne en behoeftes in die onderhawige navorsing te identifiseer.

- Die aard van die subsisteme is nie noodwendig ‘n weerspieëling van die karakter van die groter saamgestelde sisteem nie omrede ‘n sisteem meer as die somtotaal van die onderskeie subsisteme is. In die lig hiervan moet aanvaar word dat impulsmoord as primêre sisteem van ondersoek ‘n komplekse verskynsel met ‘n eiesoortige samestelling is. Dit het ander kenmerke en manifestasies wat nie noodwendig by die saamgestelde subsisteme aangetref word nie (juis omrede dit as onverwags en atipies in die groter sisteem beoordeel word).

- Die kategorisering van ‘n bepaalde sisteem hang grootliks af van die deurdringbaarheid van die grense. In relatief geslote sisteme soos die juridiese sisteem is die sisteem op sigself meer onafhanklik van eksterne invloede en is byvoorbeeld meer self-onderhoudend as wat dit by die gesinsisteem is waarbinne die misdaad gepleeg word.

- ‘n Oop sisteem daarteenoor, benodig insette vanuit ‘n eksterne omgewingsbron (die wederkerige insette en uitsette het ‘n invloed op beide die sisteem en die omgewing). Hierdie uitruilings kan vertikaal sowel as horisontaal plaasvind en impliseer ‘n veelheid van moontlike veranderinge. Lewende sisteme is volgens Von Bertalanffy (1971) oop sisteme met deurdringbaarheid en energie-uitruiling.

  Die kenmerke van ‘n oop sisteem vergestalt ook in die onderhawige studie die afhanklikheid van en interaksie tussen die onderskeie spesialissisteme (velde) op vertikale vlak en die horisontale hiërargiese beoordeling van die impulsmoordevaluerings deur die regsgesag.

- Volgens Miller (1978) bestaan daar ‘n hiërargiese ordening van sisteme wat strek vanaf betreklik enkelvoudige tot multi-dimensionele sisteme. Jordaan en Jordaan (1998) sluit by hierdie gedagte aan as hulle die volgende hiërargiese sisteemindeling soos voorgestel deur Sundberg, Tyler en Taplin, voorhou:

  i) supra-nasionale sisteme;
  ii) samelewingsisteme;
  iii) organisasiesisteme;
  iv) groepsisteme;
  v) organismiese sisteme;
  vi) orgaansisteme; en
  vii) selsisteme (die mees primêre vlak).

  Bronfenbrenner het in die sewentigerjare ‘n ekosistemiese model ontwikkel (Swart & Pettipher, 2005). Ekologie dui volgens hierdie navorser op die verbintenis tussen ‘n lewende organisme en die omgewing. Hoewel die grense tussen die sisteme wat hy onderskei nie altyd duidelik is nie, bestaan daar wel begrensde kontekssisteme in sy werk (Swart & Phasha, 2005). Dit kan met vrug in die teoretiese konteks van die sisteembenadering gebruik word, naamlik Ekosisteme ► Mikrosisteme ► Mesosisteme ► Makrosisteme ► Kronosisteme. (Hierdie hiërargiese indeling word meer breedvoerig in die volgende hoofstuk toegepas en geïllustreer).

- Grensafbakening: Grense as ‘n sisteemeienskap is ‘n belangrike begrip in die sisteemteorie. Grense is nie noodwendig geografies van aard nie, maar kan in sosiale patrone of bepaalde wyses van geordenheid vergestalting vind (Van Rensburg, 1975). Sisteme kan meervoudige doelwitte en ‘n veelheid van oorhoofse funksies hê en bemoeilik soms die begrensing.

  So bly elke vakgebied wat in die regsmilieu funksioneer steeds ‘n sisteem in eie reg, met ‘n eiesoortige afgebakende identiteit, ongeag die voortdurende

kruisbestuiwing met ander sisteme. Grensafbakening (in die geval van psigoforensiese werk), benewens die noodsaaklikheid daarvan vir die onderskeie tussensisteme (ander vakdomeine), maak die identifisering van leemtes en ‘n spesialiswerkswyse soveel meer betekenisvol.

- Ekwilibrium / ewewig en die voortdurende strewe daarna is ‘n verdere sleutelbegrip in die bespreking van sisteme. Elke sisteem verskaf voortdurend inligting en energie aan die omgewing (ander sisteme) en ontvang weer inligting in die vorm van insette vanuit die omgewing. Individue as sisteme staan byvoorbeeld in verhouding tot ander (byvoorbeeld ‘n gesin, gemeenskap of kultus) en dien sodanig as energie-invoerders aan die ander sisteme wat op hul beurt ‘n soortgelyke funksie vervul.

  Hierdie energie omsluit beide fisiese en psigiese energie en manifesteer hoofsaaklik in menslike gedrag en optrede. Binne hierdie voortdurende sirkelgang streef elke sisteem (individu) na ‘n toestand van ekwilibrium wat dus nie outonoom bewerkstellig kan word nie, maar deur die insette van ander sisteme beïnvloed word (De Villiers, 2000). Die vraag in die onderhawige studie sal wees watter energie-invoer gelei het tot impulsiewe emosionele opwekking (die oortreding), tot watter versteuring dit in die samelewingsekwilibrium gelei het en aanleiding gee tot onder andere strafversagtende en -verswarende omstandighede.

- Volgens Schoeman et al. (1983) behoort sistemiese tyd ook teoreties in ag geneem te word. Hierdie outeurs beskou die begrip as synde betrekking te hê op die periode wat ‘n aanvang neem sodra ‘n proses geaktiveer is of alternatiewelik as die periode waartydens ‘n bepaalde struktuur bestaan. Tyd verloop egter progressief, beweeg vorentoe en lei daartoe dat entropie toeneem (De Villiers, 2000). Die energie in die sisteem is dus toenemend minder beskikbaar vir bruikbare omsetting van insette na uitsette.

Entropie is egter wel omkeerbaar wanneer insette aan ‘n sisteem gelewer word. Tyd is ingebed en vorm die sentrale aanname in die onderhawige studie in soverre dit kan dui op voorafbeplanning of dit andersyds as impulsoptrede geklassifiseer kan word.

- Die selfsisteem en ander hoërordesisteme soos die supra-nasionale sisteme beskik elkeen oor ‘n bepaalde kultuur wat De Villiers (2000) as geskiedenis beskryf. Die kultuur verskil van sisteem tot sisteem en hierdie verskille behoort deurlopend in ag geneem te word tydens navorsing. Bergh en Theron (1999) noem in hierdie verband dat die kultuur van ‘n sisteem ook ‘n uitwerking het op die selfsisteem se gesondheid, nie slegs in die sin van ‘n binne-inset nie, maar ook as ‘n uitset van ander sisteme waardeur die selfsisteem omring word.

  Die waarde van die begrip “kultuur“ is in die ondersoek van impulsmoorde geleë in die voorkoms van gewoonlik eenmalige atipiese optrede teenoor ‘n kultuur van gewoontemisdadigheid, asook geïdentifiseerde kultuurverwante faktore en buite-insette wat sistematies opbou tot finale destruktiwiteit.

‘n Model gegrond op die sisteemteorie (as agtergrondvertrekpunt binne die ontwikkelingsnavorsingsparadigma) gee erkenning aan die wisselwerking tussen die onderskeie subsisteme waardeur laasgenoemde omgeef word. Oosthuizen (2008, pp. 226, 227) wys daarop dat lewe nie in isolasie bestaan of beoordeel kan word nie, maar voorkom *“… within the intersection contexts of their lives*” en dat die “… *interrelations between different systems, as well as the parts of a system cannot be denied*”. So ’n benadering vereis ‘n tipering van die sirkelgang, interaksie en patroon binne en tussen die onderskeie sisteme (Grobbelaar & Schoeman, 1980).

Met bogenoemde fokus as vertrekpunt hou die sisteembenadering ook bepaalde dieperliggende implikasies vir die forensiese sielkunde as navorsingsveld in. Die forensiese sielkundige word gereeld blootgestel aan die wisselvallige aard van

interne (individuele) invloede wat in hierdie sistemiese benadering inpas en soos volg prakties geïllustreer kan word:

Die veronderstelling in die sisteemteorie is dat die individu ’n ondergeskikte rol in die groter (wisselwerkende) holistiese geheel speel (Gerber 1998; Hepworth & Larson, 1982), maar terselfdertyd ook as (kleiner) subsisteem funksioneer en kwalifiseer. Die groter geheel bestaan uit interafhanklike onderlinge komponente. Die individuele sisteem (in hierdie studie die ondersoeker, regslui, ander professies, ens.) vorm hiermee ’n kennelike parallel: dit is ’n (biologiese) sisteem *per se* en ook ’n sisteem in eie reg, met eie paradigmatiese, onafhanklike denkelemente en bepaalde intrapsigiese vertrekpunte of metateorieë.

In die wisselwerking wat tussen die individu en ander sisteme plaasvind, word daar voortdurend andere denkwyses en “ongeskrewe” oriëntasies (vanaf al die betrokke sisteme) tot die groter verhouding gevoeg. Die ordelikheid en algehele funksionering van sisteme (insluitend die kleiner individuele sisteem) word egter nie net deur hierdie eksterne veranderlikes beïnvloed nie, maar ook deur interne (intrapsigiese) (denk)invloede.

Dit lei tot verskeie spekulatiewe moontlikhede by hierdie sisteem (soos ’n persoonlike vooropstelling, gelowe, ’n bepaalde ingesteldheid en selfs mites en politieke oriëntasies). Dit is identifiseerbaar in herhalende gedrag of gedragspatrone en is ’n proses van geleidelike ontknoping en afwenteling (in byvoorbeeld hofverrigtinge). Hierdie gedrag is volgens Vivier (2009) ’n refleksie op “reëls” wat die bepaalde (sub)sisteem se optredes en reaksies reguleer.

Soos dit noodsaaklik is om die kenmerke en “reëls” van die groter sisteem te begryp, is dit eweneens noodsaaklik om ag te slaan op die kenmerke en aannames van elke kleiner sisteem waarmee die forensiese ondersoeker te doen kry (dit, terwyl ‘n holistiese beskouing steeds gehandhaaf word). Dit sluit argumentsonthalwe verskillende denkwyses in wat in verskillende intra-kontekste kan eggo.

Die volgende dien as voorbeelde:

- Vanuit ’n politieke perspektief kan ’n aangeklaagde enersyds as ’n visioenêre *struggle* ikoon inspireer en andersyds (in skrille kontras en vanuit ’n ander denkraamwerk) as ’n veroordeelde terroris beskou word. In die geval van ’n impulsmoord mag die familie van die oortreder die daad rasionaliseer as frustrasiegedrewe en dat dit deur die slagoffer ontlok is, terwyl die familie van die slagoffer die oortreder as aggressor verwerp.

- So mag vroulike aanklaers byvoorbeeld ook ’n groter weersin hê in die aanvaarding van impulsgedrewe gedrag as verweer by manlike moordenaars in die geval van ’n vroulike (mishandelde) beskuldigde.

- Die vyandigheid teenoor geweldplegers wat polisiebeamptes vermoor, kan onmiskenbaar meer prominent na vore tree in die polisiesubkultuur as die geval teenoor alledaagse publieke moordenaars. Dieselfde houding mag teenoor die impulsmoordenaar aangewakker word deur instansies (as ’n bepaalde subkultuur in die gemeenskap) wat geweld teenoor vroue propageer.

- Daar kan ook sprake wees van “mikro-subsisteem”-gedrag en -denke wat byvoorbeeld manifesteer in die polisie se “oorhantering” van geweldenaars. Soortgelyke kritiek teenoor en selfs subjektiewe veroordeling van die impulsmoordenaar kan voorkom in versetoptredes deur sekere belangegroepe tydens hofverskynings - selfs alvorens ‘n hofbevinding gemaak is.

- ’n Bepaalde morele ingesteldheid in ’n bepaalde subsisteem kan ook verdraagsaamheid vir immorele gedrag in die hand werk: so kan die wetgewer (die regering van die dag as subsisteem en die individue daarby betrokke) meer verdraagsaam wees teenoor witboordjiemisdrywe wat deur amptenary gepleeg word as wat dit andersyds deur die opposisiepartye getolereer word. Manlike impulsmoordenaars wat oor tyd aan ekstreme en

onnatuurlike spanningsdruk in verhoudings blootgestel was, kan (as subsisteme) ‘n drukgroep vorm om groter verdraagsaamheid jeens hul (gedwonge) immorele optrede in byvoorbeeld paroolaansoeke te vestig.

- Xenofobiese reaksies kan in dieselfde idioom minder konflik en ondersoek ontlok in yl bevolkte gebiede (en insgelyks polisiedenke temper) as wat dit die geval in stedelike gebied is. Soortgelyke verminderde fokus kan by impulsmoorde voorkom wat in afgeleë plattelandse gebiede gepleeg is en dit gerieflik as bloot nog ’n moord aangeteken word. Tendense en veranderlikes verbandhoudend met die impulsiewe aard daarvan word nie ondersoek en beskryf nie. Die metateoretiese oriëntasie betreffende impulsmoorde in bepaalde tradisioneel Afrika-lande verklaar in dieselfde idioom waarom die kleiner sisteem (die individuele wetstoepassingsbeampte) die manlike outoriteitsposisie so hoog aanslaan dat aggressie jeens die onderdanige huweliksmaat in ’n mate getolereer word.

In die groter geheel ontwikkel hierdie diverse ingesteldheid (binne intra-kontekste) vanweë die verskillende metateoretiese premisses wat by die individu bestaan. Dit laat die ondersoeker met die siening dat absolute en oorvereenvoudige aannames nie in die onderskeie kleiner sisteme bestaan nie, maar dat ’n eie en diverse denkraamwerk binne elke sisteem teenwoordig is en uitkristalliseer in verskillende reëls en optredes wat voortdurend deur die forensiese sielkundige in ag geneem moet word.

4.2.8 Gevolgtrekking

Dit is inderdaad ’n noodsaaklikheid om in die geval van ontwikkelings-ontwerp-intervensie weg te beweeg van die begrip van lineêre veroorsaking ten gunste van die ondersoek van ’n verskynsel soos misdaad. In die geval van die primêre selfsisteem sal dit die impulsoortreder self wees, tesame met byvoorbeeld die verhouding waarin dit gepleeg is, die regsbeskouing van so ‘n oortreding, die

gesinslede en die gemeenskap se rol en beïnvloeding en ander makrosisteme soos staatinstellings. Die sielkunde word dus nie net as ’n holisties kennis-sisteem geken nie, maar innerlike psigiese dinamika asook ander omgewings- en verhoudingsubsisteme word eweneens as bydraes tot die impulsoortreding geag.

Die sisteembenadering verskuif dus die klem vanaf die gans verskillende paradigmatiese eng mediese en lineêre oorsaaklikheidsmodel na die wisselwerkende energie tussen sisteme (insluitend ander vakgebiede en kollaterale sisteme verbandhoudend met die misdryf). Indien forensiese sielkundige navorsing vanuit ’n oop sistemiese benadering (met transmissie tussen verskeie ander spesialisvelde) onderneem word, sal dit die wetenskaplike voetspoor van ander sisteme tot die ontwikkeling van ’n intervensie-evalueringsmodel behoorlik belig.

In die onderhawige ondersoek is reeds aangetoon dat die bydraes van psigoforensiese deskundiges ondoeltreffend blyk te wees en dat dit moeilik ‘n fenomeen soos impulsmoorde kan verklaar. Verskeie bruikbare (en ook minder doelmatige) ontwikkelingsevalueringsmodelle is bespreek. Bepaalde riglyne in die onderskeie ontwikkelingsmodelle gestel sal nietemin gevolg word om ‘n forensiese evalueringsmodel daar te stel wat as nuwe paradigma sal dien en wat erkenning sal geniet in howe sowel as by ander forensiese sielkundiges.

‘n Eiesoortige psigoforensiese evalueringsmodel vir impulsmoorde sal dus ontwikkel word en breedvoerig in Hoofstuk 5 bespreek word. Die ontwikkelingsproses betreffende die evaluering van impulsmoordenaars, asook innovasietegnieke, stappe en metodes sal ook bespreek word.

Hoofstuk 5

Die ontwikkeling van ‘n psigoforensiese evalueringsmodel vir impulsmoordenaars vanuit ’n ontwikkelingsnavorsingsperspektief

5.1 Inleiding

Mullen (1994) argumenteer dat intervensie-ontwerp nie rigied is nie en voorsiening maak vir die benutting van reeds bestaande kennis insake modelle. Dit kan op vindingryke wyse benut en aangepas word vir die skepping van nuwe modelle wat Mullen as ‘n eiesoortige intervensiemodel beskou. Die ontwerp van so ‘n evalueringsmodel vir impulsmoordenaars (met die sisteemteorie as vertrekpunt) is as sirkulêre proses onderneem. Die fokus val in die besonder op die praktiese aanwending van die innovasie binne die konteks van ontwerp, toepassing en evolusie.

Hoewel die onderskeie modelle sekerlik ’n veelvoud van navorsingsopsies tot gevolg het, val die behoefte aan ‘n eiesoortige proses van intervensie-ontwikkeling en -ontwerp steeds op. Só ‘n model behoort bestaande leemtes in psigoforensiese evaluerings te identifiseer en behoort te kan dien as ‘n evalueringsintervensie vir straftoemeting en toerekenbaarheid by impulsmoordenaars. Die onderskeie fases en stappe wat gevolg is, word vervolgens bespreek:

5.2 ’n Eie geïntegreerde evalueringsmodel vir impulsmoordenaars

5.2.1 Inleiding

Die fases in die ondersoeker se model is ‘n samevoeging van die kernelemente van bestaande modelle en lê die grondslag vir ‘n evalueringsmodel vir impulsmoordenaars. In retrospek beskou, is al die betrokke fases nie noodwendig

eenmalig beskryf en in die onderhawige navorsing toegepas nie, maar wel met verloop van tyd ontwikkel en deurlopend in die regsproses geëvalueer. Dit is grootliks die gevolg van die feit dat die model oor ‘n periode ontwikkel is.

Ten einde ‘n evalueringsmodel saam te stel is ‘n groep van 15 deelnemers wat skuldig bevind is aan impulsmoorde by hierdie studie betrek. Hierdie deelnemers se inligting (soos dit oor tyd bekom en in geargiveerde dokumentasie na elke hofsaak vervat is) is ontleed. Elke hofsaak betreffende hierdie impulsmoorde was, soos elke psigoforensiese evaluering, ‘n sistemiese intervensionele eksperiment. Dit strook dan ook met die argument van Du Toit (2005) dat, in die ontwerp van ‘n intervensie, die betrokke sisteme, ten opsigte van die uitkoms, nooit die status van onafhanklike veranderlikes sal bereik nie. Die stukrag van hierdie werkswyse is daarin geleë dat dit tegelyk verskeie fases omsluit het in die voortdurende “hofsaak-tot-hofsaak ondersoek en toepassing” om dit so teen stagnering te verskans.

‘n Lineêre stapgedrewe navorsingsproses (soos in die bespreekte modelle voorkom) sou die ondersoeker in die onderhawige geval die geleentheid ontsê om voortdurende veranderinge en nuwe moontlikhede en aanpassings in ‘n sistemiese raamwerk te ontgin.

Die ontwikkelingsfases van só ‘n model bly egter steeds gegrond op die funksionele elemente van bostaande modelle:

5.2.2 Fases in die ontwikkeling van ’n evalueringsmodel vir impulsmoordenaars

Die fases van dié model was eerstens die inwin van inligting en die analisering en beoordeling van bestaande navorsingsprobleme. Dit is opgevolg met die praktifisering van die ontwerp, die ontwikkelingsfase en diffusie.

Die onderskeie fases en metodes kan skematies soos volg uiteengesit word:

Tabel 5.1 Fases in die evalueringsmodel van impulsmoordenaars:

Fases	**Metode**
Fase 1 : **Inwin van inligting en probleemontleding:** **Analisering & beoordeling van bestaande navorsing en probleme**	i) Die leemtes ten opsigte van die omskrywing en definiëring van impulsmoorde is in die literatuur geïdentifiseer; ii) Geargiveerde gevallestudies is met behulp van die bestudering van deskundige verslae en hofdossiere van persone wat skuldig bevind is, gedoen ten einde tendense en verklaringsmodelle te identifiseer; iii) Ten einde bestaande evalueringsmodelle te beskryf en te evalueer, is ’n literatuurstudie onderneem; iv) Inligting is by ander dissiplines oor evaluerings-metodes, leemtes en aanbevelings bekom.
Fase 2 : **Herdefiniëring en ontwerp van die hulpmiddel**	Na afloop van Fase 1 is ‘n tentatiewe evalueringsmodel ontwikkel deur: i) die tentatiwiteit van die ontwerp deurgaans voorop te stel; ii) die voorlopige ontwerp met sielkundiges en ander dissiplines soos proef- en paroolbeamptes en maatskaplike werkers te bespreek en terugvoering te inkorporeer.
Fase 3 : **Ontwikkelingsfase**	i) Wysiging van die voorlopige model is gedoen deur die inkorporering van terugvoer van die verskillende dissiplines; ii) Hervoorlegging van die model is aan sielkundiges, regslui en maatskaplike werkers gedoen om leemtes en sterkpunte aan die tentatiewe evalueringsmodel te identifiseer; iii) Na terugvoering van die ander dissiplines is wysigings aangebring en die evalueringsmodel aangepas ten einde tot ’n finale evalueringsmodel te kom.

Fase 4 : **Disseminasie: diffusie**	Alhoewel hierdie fase nie deel van hierdie studie uitmaak nie, is dit van nut om enkele beplande metodes uit te lig ten einde die gebruik van die model as evalueringsproses te bevorder: i) produkbemarking deur middel van professionele tydskrifartikels, die Internet, opleidingseminare en werkswinkels; ii) opleiding aan sielkundiges rakende die bruikbaarheid van die evalueringsmodel deur CPD-kursusse; iii) lesings by die Departement van Justisie ten einde die aard en nut van die evalueringsmodel aan regslui bekend te stel; iv) die skryf van 'n opleidingsraamwerk.

Die model en toepassing daarvan as evalueringstegniek word vervolgens bespreek:

5.2.2.1 Fase 1: Inwin van inligting en probleemanalise: Analisering en beoordeling van bestaande navorsing en probleme

Hierdie fase word beskou as 'n pre- of inleidende navorsingsfase en handel oor die identifisering van probleme en leemtes in die praktyk. Dit kry beslag in kennisverwerwing en –analise en handel oor kennisontginning. Dit is uiteraard 'n langsame proses en is vervleg met die ondersoeker se bewuswording van die omvang van die probleem, die daaruit voortspruitende behoefte aan verandering en beplanning. Tesame met probleemidentifisering vorm konsepformulering ook inherent deel van hierdie ontplooiingsproses. Tydens hierdie fase word 'n breë koers vir ontwikkeling aangedui. Dit alles vind plaas in die soeke na 'n werkbare antwoord in die vorm van 'n innovasie. Die vraag ontstaan dus hoe die probleem rondom impulsmoorde en die behoefte aan 'n innovasie gepresenteer het:

- Die navorser is oor die bestek van jare versoek om in die hoedanigheid van geregistreerde sielkundige betrokke te raak in hofgedinge waarin verskeie

kriminele en sivielregtelike aangeleenthede ter sprake was. As beide konsultant en evaluerende sielkundige was die volgende leemtes in die psigoforensiese veld opvallend: die afwesigheid van forensiese sielkunde in howe, asook die leemtes in dié tipe evaluerings, waar dit wel plaasgevind het. Voorts het die kompleksiteit van impulsmoorde en die gebrekkige begrip daarvoor, tot uiteenlopende verklarings en wanopvattings gelei wat in geen geringe mate verwarring in regskringe tot gevolg gehad het.

- Die historiese apatie van en ook ’n tekort aan sielkundiges het in die algemeen ’n wesenlike leemte in hierdie verband tot gevolg gehad; meer bepaald in die geval van impulsmoorde waar die unieke en eiesoortige psigologiese aard van hierdie oortreders nie altyd in die regsproses verantwoord is nie. Gebrekkige opleiding (in terme van supervisie asook voortgesette opleiding) bestaan en hierdie verskynsel word ook nie werklik in die literatuur beskryf nie. Hierdie leemte het as verdere aansporing gedien om die bydraes van psigoforensiese sielkundiges te verhoog.

- Ten einde tendense by en verklarings vir impulsmoorde te vind is 15 gevallestudies se geargiveerde lêers bestudeer. Dit het bestaan uit onderhoudproses- en kliniese notas, dossiere, hofverslae, hof-kommentaar, psigometriese inligting, ens. Hierdie lêers en verslae is bekom by die navorser se privaatpraktyk en die benutting daarvan is eties verantwoordbaar synde die inhoud daarvan na die hofgedinge in wese publieke domein is. Hierdie aspek word volledig in Hoofstuk 6 bespreek.

- Ten einde die evalueringsmodel te ontwikkel en leemtes te identifiseer, is deurlopend op die terugvoering van veral ander sielkundiges, maatskaplike werkers, deelnemers en regslui staatgemaak. Hierdie terugvoering was rakende die bruikbaarheid van die model.

Grondige kennis van hierdie leemtes, sowel as die gebrekkige aard van die psigoforensiese bydraes in die algemeen, is aangevul deur volgende:

i) Die bestudering van die realiteit en gebreke soos dit in die howe voorgekom het. Hierdie vorm van observasienavorsing het meegebring dat die ondersoeker uiteenlopende hofverrigtinge bygewoon het ten einde as waarnemer die regskwessies in die algemeen en later impulsmoorde in besonder, te beoordeel.

   As onafhanklike waarnemer in hooggeregshowe, kon patrone en gebreke in bepaalde regsaangeleenthede geïdentifiseer word. Dit sluit in gebrekkige regsprotokol, die oordrewe gebruik van vakterminologie, onvoldoende konsultasies met ander dissiplines en die afwesigheid ten opsigte van die identifiseer van wigte en teenwigte in vonnisopsies en –voorstelle. Die psigodinamika verbonde aan impulsmoorde word selde met regsbegrippe en –kriteria in verband gebring.

ii) Deur deel te wees van ’n span deskundiges (bestaande uit ’n psigiater, ’n kriminoloog, ’n korrektiewe toesig beampte en ’n maatskaplike werker) wat landwyd getuig het in geweldverwante strafsake, is ’n groter mate van ewewigtigheid in verslagdoening verseker.

iii) Die ondersoeker se etiese optrede is verseker deur die kontemporêre wyse van algemene forensiese evaluering (op nasionale en internasionale vlak) ooreenkomstig literatuurondersoeke en die regulatoriese voorskrifte van die Suid-Afrikaanse Sielkundevereniging en die Beroepsraad vir Sielkunde, te ondersoek. Die voorskrifte en handelingsaanwysers van ander professies is ook in ag geneem.

iv) In die literatuurstudie is aanvanklik grootliks op internasionale hofsake gekonsentreer omrede impulsmoorde as fenomeen hoofsaaklik slegs buite Suid-Afrika as vertakking van die psigiatrie en kriminologie erken en omskryf is. Hierdie braak plaaslike psigoforensiese studieveld (en veral die beperkte beskikbaarheid van plaaslike literatuur), is grootliks verander deur die

baanbrekerswerk van drie navorsers wat die psigologiese en regskomponente in bepaalde regsprosesse ontleed het:

- Lambrecht (2005) en Nel (2007) het onderskeidelik ’n proefskrif en ’n magisterverhandeling oor ’n fenomeen soos tydelike nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid die lig laat sien.

- Ten opsigte van metodologie het Van Rensburg (2001) met ontwikkelingsnavorsing as sentrale paradigma, ‘n psigojuridiese span-evalueringsmodel ontwerp om egskeidingsdispute te hanteer.

In bogenoemde navorsing is nie net leemtes geïdentifiseer nie, maar prakties werkbare voorstelle is as rigtinggewers gemaak.

v) Tekortkominge rondom en begrip vir die verskynsel van impulsmoord is nie slegs in nasionale literatuur geïdentifiseer nie, maar ook in die plaaslike psigoforensiese veld: situasies het ontstaan waarin die getuienis van ’n deskundige, asook die wyse van evaluering in howe bevraagteken is. Enkele gevalle bestaan selfs waar deskundiges se bydraes in die hof verwerp is. Die wyse van evaluering en gebreke in die getuienis wat in die algemeen aangebied is, is deur die ondersoeker geanaliseer. Hierdie leemtes is as kritieke areas in die ondersoeker se navorsing beskou en is daar gepoog om nie soortgelyke foute te dupliseer nie.

Bogenoemde verkenningsfase het gelei tot die ontwikkeling van ’n meer vaste strategie, naamlik die ontwerp van ’n voorlopige evaluerings-/innovasiemodel.

5.2.2.2 Fase 2: Herdefiniëring en ontwerp van ’n evalueringshulpmiddel

5.2.2.2.1 Inleiding

In hierdie fase gaan dit oor die tentatiewe ontwerp van ‘n evalueringsmetode. Hierdie noodsaak moes deur bepaalde metodiek-gedrewe handelinge geoperasionaliseer word. Die sentrale doelwitte tydens hierdie fase was om die die behoefte aan die evaluering van impulsmoordenaars deur die ontwikkeling van ‘n voorlopige psigoforensiese evalueringsmodel, te ondervang. In hierdie proses is die tentatiwiteit van die model voortdurend voorop gestel, terwyl die samestelling van so ‘n model voortdurend met die insigte van en interaksie met ander professionele kundiges (subsisteme) verwesenlik is.

Die interaktiwiteit tussen ander dissiplines is geskoei op sistemiese denke en het in hierdie navorsing die volgende beslag gekry:

5.2.2.2.2 Algemeen Sistemiese benadering

Ontwikkelingsnavorsingsmodelle het waardevolle bydraes gelewer tot veral die daarstelling van psigotegniese intervensies (Nel & Nel, 1993; Rothman & Thomas, 1994; Rothman,1980; Van Rensburg, 2001). Coughan en Collins (2001) handhaaf egter die kritiek van Heron en noem die verteenwoordigende aard van die inhoudelike en die *waarde* van die navorsing vir andere, maar in soverre dit die *metode* van navorsing betref, bly die individuele ondersoeker steeds die alleen- en primêre besluitnemer. Kollektiewe beplanning en aksieplanne is afwesig. Koöperatiewe navorsing daarteenoor, omvat volgens hierdie outeurs ‘n “… *fully participatory process designed to develop a shared understanding of the subjective-objective experience of both*” (Coughan & Collins, 2001, p. 507). Die samewerking van ander belanghebbende partye (sisteme) verseker dat ‘n breër spektrum van inligting ingesamel word.

Mede-verantwoordbaarheid vir die model word geïmpliseer vanweë ’n proses van deelnemende intervensie-ontwikkeling. Die aangaan van so ’n pakt tussen verskillende sisteme het ’n voordeel: indien die evalueringsmodel oor trefkrag in die howe beskik, sal die instellings wat daartoe bygedra het, ook baat vind deur die aanvaarding daarvan. Bogenoemde lei tot die vraag: Watter ander sisteme/ dissiplines moes betrek word om ’n karakter van deelnemendheid te verseker?

Tabel 5.2 Skematiese voorstelling van lewende sisteme soos aangepas uit De Villiers (2000)

Sisteemvlak	**Sisteme betrokke**
Mikrovlak	Die oortreder vorm die primêre sisteem
Mesovlak	Diegene verbonde aan die oortreder op ’n nabye en intieme vlak, dit wil sê kleiner maatskaplike sisteme byvoorbeeld die gesinslede, families, lewensmaats, vriende, kollegas, kinders en ouers van die oortreder
Makrovlak	Die gemeenskap (as ekosisteem en omgewing) bestaande uit ’n netwerk van interaktiewe verhoudings. Die maatskaplik-ekonomiese en politieke omgewing van die oortreder word hierby ingesluit
Nasionale en supra-nasionale sisteme	Die regbank, wetgewer, beleidmakers en hoër vlak organisatoriese groepe en organisasies soos die vervolgingsgesag, korrektiewe en polisiedienste en professionele liggame maak deel uit van hierdie vlak

Met voorgemelde inklusiewe sistemiese raamwerk is die tentatiewe modelontwerp uitgebrei met die volgende diverse sistemiese insette:

5.2.2.2.3 Diverse sistemiese insette

i) In egskeidingsgedinge, bedrogsake en strafsake waarin geweldsmisdaad ter sprake is, word in die reël deskundiges vir die staat, soms vir die hof *per se* of vir die verdediging aangewys. So ’n deskundige span kan uit vele deskundiges bestaan. ’n Uitvloeisel hiervan is dat psigoforensiese-, maatskaplike, en psigiatriese verslae sowel as die verslae van korrektiewe en paroolbeamptes vir beoordeling beskikbaar was. Probleme, verskille en patrone wat op grond van hierdie verslae geïdentifiseer is, is bygevoeg tot die reeds bekende vraagstukke rondom die algemene en ook eiesoortige hofevaluerings van impulsmoorde.

ii) Die beperkte omvang van beskikbare kollaterale inligtingsbronne (insluitend inligting verkry van die slagoffers) is ook as probleem in verslagdoening geïdentifiseer en in gesprekke met regsgeleerdes opgeneem. So is konsultasie met die slagoffer(s) of familie van die slagoffers(s) as noodsaaklike voorvereiste gestel, omdat straf en vergelding as twee belangrike pilare van vonnisoplegging, nie objektief beoordeel kan word as die verwagtinge van die samelewing - insluitende dié van die slagoffer(s) - nie in ag geneem word nie. Voorts maak sodanige konsultasies dit moontlik om die omvang van die psigiese of fisiese skade by die slagoffer(s) te bepaal en is dit inderdaad as noodsaaklike element van die tentatiewe evalueringsmodel geag.

iii) Die praktiese uitvoerbaarheid van die ontwerpontwikkeling is gekenmerk deur eenvoud en is in die volgende beliggaam: die evaluering van impulsmoordenaars is uitsluitlik deur die ondersoeker onderneem (die dienste van ’n psigometris is soms wel betrek) en gevolglik het dit nie noemenswaardige personeelbeplanning en logistieke reëlings genoodsaak nie. Konsultasies het in die sielkundige se spreekkamer of in plekke van

aanhouding plaasgevind en gewoonlik is genoeg grasie deur die howe toegelaat om die evaluering uit te voer.

iv) Namate die aanvraag na die psigoforensiese evaluering van impulsmoordenaars toegeneem het, is versoeke om beskuldigdes van verskeie kulture te evalueer ook ontvang. Opvallend was veral die kompleksiteit van diegene wat nie geskroom het om kulturele en inheemse Afrikagewoontes en gelowe - soos die rol van tradisionele geloofsgenesers (*sangomas)* - as uitsluitlike oorsake vir hul impulsiewe en nie-deurdagte misdadige optrede, voor te hou nie. Hierdie praktyke word deur die Gewoontereg gedek en vereis ŉ totaal ander benaderingswyse, dog word ooreenkomstig die kontemporêre regsprekende en wetgewende prosesse beoordeel.

Hierdie terrein is fundamenteel ingrypend verskillend van dié van die kriminele reg en leemtes is nie net in die praktyk geïdentifiseer nie, maar verdere toepassingsmoontlikhede en veral die uitbou van die bestaande evalueringsmodel om ook in hierdie sfeer van toepassing te wees, is voortdurend in gedagte gehou.

v) Wat die etiese beginsels ten opsigte van psigoforensiese evaluerings betref, is die algemene riglyne soos deur die Raad op Geestesgesondheidsprofessies en die Beroepsraad vir Sielkunde voorgeskryf, gevolg. Hierdie riglyne was en is steeds duidelik gebrekkig en die voorskrifte word tot algemene riglyne vir die sielkundige in praktyk verskraal. Dit moes deur internasionale riglyne soos onder meer in die geskrifte van die Amerikaanse, Britse en Australiese Sielkundeverenigings vervat, aangevul word.

vi) Die wyse van evaluering (soos vervat in die voorlopige psigoforensiese verslag en wat deur die deskundige getuienis ontplooi is) is deur die

regspanne en ’n voorsittende beampte (regter of landdros en soms bygestaan deur assessore) in elke saak afsonderlik beoordeel. Die “beoordelaars” was selde dieselfde individue. Die resultate van die evaluering is aanvaar, bevraagteken of selfs verwerp.

Die betroubaarheid, doelmatigheid en geldigheid van die tersaaklike tegnieke en metodes was derhalwe voortdurend onderworpe aan toetsing, terugvoer en evolusie. Sodoende het die ontwikkelingsfase voortdurend toepassing gevind, soveel so dat dit veel eerder as prosesse beskryf kon word.

vii) Kennis is geneem van die rol wat korrektiewe beamptes tydens vonnisoplegging begin aanneem het. Voorts is die volgende regsmening voortdurend in ag geneem: ondanks die bewyslas van die Staat ten opsigte van toerekeningsvatbaarheid by die beskuldigde, behoort laasgenoemde aktief mee te werk in die aanbied van getuienis om ‘n verweer van byvoorbeeld outomatisme en amnesie te steun (*S v Van Niekerk* (84/91) [1991] ZASCA 110; [1992] 1 All SA 158 (A) (20 September 1991). Dit het gelei tot die opskerping van die tentatiewe forensiese evalueringsmodel en is insgelyks met kollegas tydens die voorlopige ontwerpfase bespreek.

viii) Die feit dat die ondersoeker as enkel-praktiserende sielkundige by hierdie evaluerings betrokke geraak het, het impliseer dat met konsekwentheid na bepaalde veranderlikes gekyk is. Dit was dus inderdaad moontlik om sonder oormatige vrees vir afwyking van geldigheidskriteria, patrone en indekse te identifiseer wat met hierdie psigososiale fenomeen gepaard gaan en dit het uiteindelik die ontwerp van ’n tentatiewe evalueringsmodel moontlik gemaak (De Villiers, 2000). Die feit dat die ondersoeker ook die geleentheid gehad het om in hofgedinge oor die bepaalde evaluerings te getuig en tydens kruisondervraging terugvoer te ontvang, het verder nie slegs die betroubaarheid van die innovasie verhoog nie, maar ook tot aanvaarding gelei.

ix) Ten laaste is kommentaar deur die regspanne en uitsprake deur die regbank in die herdefiniëringsfase in ag geneem en in die voorlopige psigoforensiese evalueringsmodel ingesluit. Die doelwit was om die wedersydse verhouding tussen die regspraak en die psigoforensiese werkswyse (wat twee duidelike onskeibare terreine in die onderhawige navorsing vorm) op so 'n wyse te betrek dat dit tot die aanvaarding van die voorlopige evalueringsmodel sou lei.

Meelopend met die sistemiese interafhanklikheid tussen die onderskeie dissiplines en veranderlikes, is die tentatiewe evalueringsmodel saamgestel as nuwe evalueringsintervensie vir die volgende teikengroep:

5.2.2.2.4 Die deelnemers / kliëntsisteem

Omdat impulsmoorde nie voorspel kan word nie en nie in reëlmaat voorkom nie, moes die evalueringshulpmiddel met verloop van tyd ontwikkel, toegepas en aangepas word. 15 geargiveerde deelnemers wat vir die navorsing gekwalifiseer het, is spesifiek geïdentifiseer as diegene wat tereg gestaan het op moord(e) en waar bevind is dat elemente van outomatisme, verminderde wilsbeheer en nie-gepremediteerde optredes (dit wil sê impulsiwiteit) voorgekom het. Moordenaars wat nie impulsief opgetree het nie en die moord met 'n mate van voorafberedenering en -beplanning uitgevoer is, is nie by die studie ingesluit nie.

Deelnemers wat derhalwe in hierdie ondersoek betrek is, is in howe gevonnis, die wyse van psigoforensiese evaluering is deur die betrokke regspanne sowel as die voorsittende beampte aanvaar en die ondersoeker kon sodoende daarin slaag om die optrede van die moordenaar as impulsmoord te laat kategoriseer. Die uitvoerbaarheid van die evalueringmodel is met verloop van tyd en na die afhandeling van elke hofsaak waar impulsmoorde ter sprake was, beoordeel.

Bepaalde rigtinggewers was gesprekke met kollegas, onafhanklike waarneming tydens hofverrigtinge en die beoordeling van bepaalde deskundiges se getuienis deur howe. Hierdie evalueringsmodel is dus kollektief saamgestel en is, met progressiewe aanpassings, lewensvatbaar gemaak. Dit is in wese gedryf deur groepsaanspreeklikheid, gereelde ondersoeke, bestekopname, toetsing en voortdurende aanpassing wat uit die interaksie tussen die regspleging as instelling en ander vakwetenskappe voortvloei.

Die vraag na die ontwikkeling van ’n finale evalueringsmodel (nadat dit weer aan die betrokke verbandhoudende sisteme voorgehou en aangepas is), kan vervolgens gevra word.

5.2.2.3 Fase 3 : Ontwikkelingsfase

Dit handel in hierdie fase oor die gewysigde model (na hervoorlegging aan ander dissiplines) en die toepassing van die finale produk. Die finale model is saamgestel op grond van die bevindinge soos weerspieël in afgehandelde straf-evaluasies en as produk van voortdurende terugvoering / evolusie wat uit die voorafgaande fase ontstaan het. Die verslag van die forensiese sielkundige - gegrond op die inligting wat in die model vervat is – is deur die hof aanvaar en/of beide regspanne was *ad idem* ten opsigte van die inhoud van die verslag, die getuienis en die aanbevelings daarin en is as basis vir ’n pleitooreenkoms benut. Die uiteindelike toepassing van die evalueringsmodel het erkenning geniet as innovasie onder mede-sielkundiges en ander forensiese deskundiges.

Dit is vervolgens belangrik om na die elemente van hierdie evalueringsmodel te kyk:

5.2.2.3.1 Die elemente van ‘n evalueringsmodel vir impulsmoordenaars

Hierdie fase kan tereg as die *axis mundi* – dit wil sê die middelpuntsoekende kragte van die navorsing, waarin teorie in praktyk gestalte kry en tot uitvoerbaarheid kom - beskou word. Teen hierdie agtergrond is ‘n eie geïntegreerde evalueringsmodel vir impulsmoordenaars saamgestel:

5.2.2.3.1.1 Etiese oorwegings en stelrëels

Die psigoforensiese sielkundige behoort in die evaluering van impulsmoorde deur die volgende etiese aspekte gelei te word:


1. Bepaal of die verwysing binne die ervaringsveld van die sielkundige val.
2. Vermy ten alle koste om die rol van terapeut te vertolk en/of waardeoordele uit te spreek.
3. Kry die skriftelike toestemming en opdrag by die kliënt en die verwysende regsbron om die persoonlike inligting te mag gebruik .
4. Klaar die rol van die psigoforensiese sielkundige met die regspan uit (of laasgenoemde as getuie vir die staat of die verdediging optree, of dit ‘n moordsaak, ‘n parool- of ‘n borgaansoek is en of die sielkundige bloot as konsultant aangewys word).
5. Die strategie van die regspan met betrekking tot ‘n moontlike pleitooreenkoms met die staat moet eweneens bespreek word, of die sielkundige in só ‘n geval ‘n “skikkingsbenadering“ eerder as ‘n breër “oorsigdenkbenadering“ moet volg.
6. Onderhandel die terme van die geldestruktuur en die wyse van betaling.
7. Klaar die vertroulikheidaspek (soos die beperkinge en priviligie) met die kliënt uit.
8. Beklemtoon dat die sielkundige verslag ná die hofgeding nie meer ‘n vertroulike dokument is nie, maar inderdaad ‘n publieke dokument word en derhalwe beskikbaar is vir moontlike publikasie in die pers.
9. Verseker dat evalueringsvrae beantwoord word deur die American Psychological Association (APA) se voorskrifte betreffende die gemengde metode van ontwerp en inligtingversameling te volg (American Psychological Association, 2010).

Die psigoforensiese sielkundige behoort by die volgende stelreëls te hou:

1. Bevestig waar die plek van aanhouding is en tref logistieke reëlings (kontakpersone en lokale by plekke van aanhouding moet bekom word).
2. Verkry sperdatums ten opsigte van die verslag en die datums van die verhoor.
3. Verkry insae in beskikbare deskundige verslae (van byvoorbeeld psigiaters, maatskaplike werkers en kriminoloë).
4. Klaar met die regspan uit of gesamentlike voorverhoorsamesprekings tussen die deskundiges gevoer gaan word.
5. Bepaal met behulp van die ondersoekbeampte of vorige oortredings teen die beskuldigde gedokumenteer is.
6. Bepaal met behulp van die ondersoekbeampte of vorige bevele (byvoorbeeld in terme van die Wet op Gesinsgeweld) teen die beskuldige uitgereik is.
7. Bekom ‘n Curriculum Vitae van die oortreder indien moontlik Dit is ten einde byvoorbeeld stabiliteit of wisselvalligheid in die werksgeskiedenis, sowel as die kontakbesonderhede van werkgewers, te identifiseer.
8. Verkry agtergrond- en historiese inligting.
9. Indekse: Identifiseer bepaalde indekse en tendense wat in die algemeen met impulsmoorde geassosieer word. Identifiseer ‘n strategie en funksionele werkswyse waarooreenkomstig hierdie indekse geverifieer kan word.

Benewens bogenoemde stelreëls moet die psigoforensiese sielkundige ook aan die relevante neergelegde nasionale en internasionale etiese standaarde verbonde aan hierdie professie voldoen.

Die belangrikste bronne, aksies en hulpmiddele wat bovermelde rigtingwysers opvolg, is die volgende:



Hierdie bronne van inligting en middele word vervolgens meer volledig bespreek.

5.2.2.3.1.2 Meervoudige kollaterale inligtingsbronne

Kollaterale inligtingsbronne vorm ’n integrale deel van die psigoforensiese evalueringsverslag en getuienis. Dit kan algemene inligting, aannames sowel as weergawes van die beskuldigde, steun of weerlê. ’n Lys van kollaterale kontakbesonderhede wat deur die ondersoekende sielkundige verlang word, behoort in samewerking met die prokureur en die kliënt saamgestel te word. Hierdie lys is tentatief en kan aangevul word namate nuwe inligting tydens die evaluering na vore kom. Die bronne wat geraadpleeg is, moet duidelik aan die hof voorgelê word. Die volgende is van die belangrikste bronne waar inligting betreffende die geskiedenis, persoonlikheid, gedrag, funksionering in verskeie lewensfere en gewoontes van die beskuldigde, bekom kan word (en dit is insgelyks so deur die ondersoeker in die onderhawige ondersoek geraadpleeg):

- leraars;
- nabye familie en gesinslede;
- kollegas, werknemers of leerkragte;
- slagoffers en hul nabye familie;
- staatsgetuies (verkry eers toestemming by die aanklaer);
- skoolrekords;
- mediese, hospitaal- , apteek- en opnamerekords;
- personeel van die SAPD en DKD wat op ’n gereelde basis kontak met die beskuldigde het. Hierdie beamptes kan inligting ten opsigte van die beskuldigde se gedrag in aanhouding, eerlikheid, berou, aanpassing in die gevangenis en bereidwilligheid tot samewerking, verskaf. Dit mag ook in bepaalde gevalle van waarde wees om inligting by mede-aangehoudenes te bekom.

Dit is ’n fundamentele voorvereiste om insae in die saakdossier (meer spesifiek die verklarings van potensiële getuies) te bekom en sorg te dra dat evalueringsverslae van ander deskundiges en rolspelers vir beoordeling beskikbaar is. Die

sielkundige moet nou reeds bedag wees op die identifikasie en ondersoek van prodromale simptome of tekens; dit wil sê aanvangstekens en vroegtydige aanduiders en voorspellers van impulsmoord.

Die volgende inligting wat gewoonlik in die saakdossier geliasseer is, was vir die ondersoeker van onskatbare waarde:

i) die datum, tyd en plek van die misdryf;
ii) foto's en opmetings van die moordtoneel;
iii) verklarings van potensiële getuies;
iv) sketse van die moordtoneel deur byvoorbeeld ballistiese deskundiges;
v) mediese verslae betreffende die alkoholvlak van die oortreder en die slagoffer;
vi) die aard van die liggaamlike beserings;
vii) die ondersoekbeampte (wat gewoonlik eerste op die toneel is) se waarneming van die toneel, die ligging van die oorledene(s) en die geestestoestand van die beskuldigde;
viii) transkripsies van byvoorbeeld telefoniese gesprekke tussen die beskuldigde en die SAPD-lede of nooddienste;
ix) die beskuldigde se verklaring (indien dit afgeneem is); en
x) bevindinge van die nadoodse ondersoek.

- Uit ervaring is gevind dat 'n kenmerk van hierdie impulsmoordfenomeen die onverwagse, eksplosiewe en kortstondige aard van die moordenaar se optrede is en dat dít juis in gedrag vergestalt. Die haalbaarheid van 'n besoek aan die fisiese omgewing waar die moord plaasgevind het of die verkryging van 'n terreinplan moet aandag kry. Daaruit kan bepaalde aksies afgelei word wat die ongekontroleerde aard van die beskuldigde se gedrag staaf of weerlê (byvoorbeeld hoe ver die beskuldigde tussen vertrekke beweeg het om 'n wapen te bekom, of die slagoffer oor 'n afstand gevolg is en of die moord voorafgegaan en opgevolg is deur ander komplekse en

doelgerigte beplanning en tussenhandelinge). Hierdie tipe van inligting vorm later die grondslag van die sielkundige se getuienis, veral in soverre dit ook betrekking het op die bevestiging of weerlegging van die teenwoordigheid van impulsiwiteit.

- Sonder ŉ terreinplan en in die geval van ŉ beskuldigde wat nie in aanhouding is nie, is ŉ *in vivo* ondersoek aangewese. Daartydens word die moordtoneel saam met die beskuldigde besoek en word van laasgenoemde verwag om by wyse van improvisasie, herroeping en nabootsing, die moordstappe sistematies op die toneel te herkonstrueer.

5.2.2.3.1.3 Hipoteses, vrae en afleidings

Die ondersoeker het op grond van die literatuurstudie en inligting wat in onderskeie hofsake (waarin die ondersoeker die evaluerende sielkundige was) tentatiewe afleidings gemaak en vrae en hipoteses geformuleer. Dit is verder aan die hand van die dossier en onderhoude met omstanders, oorlewendes en polisiebeamptes ondersoek. Dit is ook saamgestel na gelang van vrae wat gereeld in hofsake na vore gekom het (en nie noodwendig in die literatuurondersoek gevind is nie). Die vertrekpunt was dat die impulsmoord sonder voorafbeplanning gepleeg is en dat die volgende vrae van die evaluerende sielkundige by hierdie aanname sou aansluit en die antwoorde dit ook sal steun:

i) Hoeveel tyd het verloop voordat die beskuldigde die aangeleentheid gerapporteer het;
ii) Wat was die beskuldigde se gemoedstoestand ten tye van die aanmelding van die oortreding : beredeneerd, kalm of psigies geskok en verward?
iii) Waar was die moordwapen aanvanklik: toegesluit in ŉ kluis of gedra in ŉ skede waar dit derhalwe geredelik beskikbaar was vir impulsiewe gebruik? In eersgenoemde geval sal dit verskeie willekeurige wilshandelinge verg om die wapen te bekom en sluit dit impulsiwiteit grootliks uit.

iv) Waar is die wapen gevind: byvoorbeeld versteek, skoongemaak of steeds langs die liggaam van die slagoffer?

v) Hoeveel projektiele is afgevuur en oor watter tydspan?

vi) Was daar enigsins pogings deur die beskuldigde om direk na die impulsoptrede hulp aan die slagoffer te verleen en/of is van die toneel gevlug?

vii) Was die ligging van die slagoffer se wonde: goed gelokaliseer soos byvoorbeeld kopskote, van agter gevuur of was dit kenmerkend van ’n swak groepering as gevolg van verminderde werklikheidsbesef, verswakte beheer en outomaties-gedrewe optrede deur die beskuldigde?

viii) Wat was die rol van middelgebruik in die moord?

ix) Wat was die algemene temas van vorige dreigemente soos blyk uit die verklarings?

x) Was daar moontlike teenwoordigheid of afwesigheid van vrese by die slagoffer as gevolg van dreigemente? ‘n Ontleding van die karakteromskrywing en funksionering in die kontemporêre wêreld van die beskuldigde en bowenal die beskuldigde se openbaring, erkenning of verduideliking aan die eerste getuie op die toneel.

xi) Is feite opgesluit in die sketsplanne en foto’s wat die werkswyse en aksies van die beskuldigde onherroeplik vaslê? Die posisionering van die slagoffer, die groepering van die afgevuurde projektiele op die toneel, die hoeveelheid oorblywende ammunisie in die wapen en die trajek van die projektiele is byvoorbeeld selfbeskrywend en behoort ten alle koste met die beskuldigde se verklaring en feitebasis in verband gebring te word.

xii) Was insae in die verslae van ander deskundiges verrykend deurdat dit die chronologie van gebeure (soos dit met verloop van tyd deur die beskuldigde aan elkeen weergegee en moontlik aangepas is) vergelykbaar gemaak het met die inligting wat deur die ondersoeker self bekom is? Teenstrydighede kon dui op die onwaarskynlike juistheid daarvan en moes uitgeklaar word. ’n Multidimensionele beeld kon derhalwe uit hierdie verslae van die oortreder sowel as die misdaad self gevorm word.

xiii) Kon inligting wat in verslae vervat was, later as besprekingspunt in die gesamentlike deskundige vergadering benut word? Dit het ook as riglyne tydens die voorbereiding vir konsultasies met die oortreder gedien. Dit het ook kredietwaardigheid verskaf aan die sielkundige se getuienis indien ander verslae ook bestudeer is en ooreenstemmings in die onderskeie verslae aangetoon kon word.

Die opvolgende bydrae deur die forensiese sielkundige word geaksentueer in die meer gestruktureerde strategie wat die administrasie van toetse insluit:

5.2.2.3.1.4 Sielkundige toetse

Ten spyte van kritiek teen psigometriese toetse is die forensiese sielkundige verseker van die potensiële gebruik van ruim alternatiewe meetmiddels in die forensiese omgewing. Dit is mits hierdie hulpmiddels met versigtigheid hanteer word en dit aan etiese standaarde beantwoord. Met die aanwending van hierdie ryk diversiteit behoort eerder ‘n én-benadering as ’n óf-beleid gevolg te word: gebrekkige toetsing maak dit soms moeilik om aannames te bewys of te weerlê en is dikwels ’n bron van kritiek in die howe. ’n Omvattende toetsbattery skakel daarteenoor nie slegs kritiek uit nie, maar verminder ook risiko’s. Sou die sielkundige nie werklik nut in die afneem van ’n bepaalde toets sien nie, kan dit so in die verslag gestel word. Die volgende toetse is as deel van die finale ontwikkelingsfase op die onderskeie deelnemers geadministreer:

i) Toetse vir die bepaling van psigopatologie

Van kardinale belang is eerstens dat, ten einde die toerekeningsvatbaarheid van die beskuldigde te bepaal, behoort die moontlike bestaan van ’n psigopatologiese toestand vasgestel te word. Hoewel die Minnesota Multi-Phasic Personality Intervention (MMPI) by uitstek geskik vir hierdie doel is, is dit ’n uitsonderlike lang inventaris en word dit dikwels ten koste van ander toetse afgeneem.

Dit is derhalwe van pas om opnuut alternatiewe te oorweeg : die Millon Clinical Multiaxial Inventory-III (MCM-lll) is ŉ bondiger instrument, bevat 22 skale en volgens Millon, Millon en Roger (1994, pp. 3, 4) is dit eweneens aangepas vir die diagnosering van psigopatologie soos dit in die APA Klassifikasiesisteem gereflekteer word: "… *has been aligned even more explicitly with the most recent official diagnostic schema, the DSM IV" (*American Psychiatric Association, 2000*).* Die wetenskaplike begronding van hierdie toets word soos volg saamgevat: "*… numerous studies using the MCM-1 and MCM-11 supported their generalization, dependency, and accuracy of diagnostic scale cut-off scores and profile interpretation*".

Die identifisering of uitskakeling van verskeie psigopatologiese toestande wat oor die algemeen met impulsiewe geweld geassosieer word (Kaliski, 1993; Painuly 2005; Sayar 2000) kan met behulp van hierdie toets gedoen word. Die MCMI-III profiele sluit genoemde toestande, asook ernstige kliniese sindrome in. Skale om te bepaal of die beskuldigde tot distorsie soos die oorbeklemtoning van simptome of die voorgee van skynwelsyn (*faking good*) geneig is, bestaan ook. In die bespreking van impulsmoorde is verder maniese fases en bepaalde kliniese persoonlikheidsfaktore en –patrone daarmee in verband gebring.

Prinsloo (1992) verwys na die E-vorm van die 16 PF-vraelys en verklaar dat dit fundamenteel dieselfde faktore as die Clinical Analysis Questionnaire (CAQ) meet. In die onderhawige studie is gedeelte 2 (CAQ II) van laasgenoemde vraelys gebruik. Hierdie vraelys meet ook psigopatologiese patrone by toetslinge. Krug (1980, pp. 1, 2) verwys in hierdie konteks na die volgende: "… *measurement of pathological important syndromes and deviant behavior patterns …"* en *"… six factor analytic validation studies the items were successively refined and improved".*

Die bepaling van die impulsmoordenaar berou, stres, selfverwyt, psigopatiese afwykende gedrag en suspisie is faktore wat in die onderhawige studie van belang

is. ‘n Parallel word ook getrek tussen impulsiwiteit en sensasiesoeke; ‘n dimensie wat deur die CAQ gemeet word (Hollander & Evers, 2001). Ruimte bestaan ook om ongeldige toetsresponse ooreenkomstig distorsietellings te bepaal en dit in getuienis aan te bied.

Angs en depressie is dikwels ’n voorafgaande toestand asook ’n gevolg by impulsmoorde. Die Beck-Depressie-skaal (Beck, 1978) en die IPAT-angsskaal (Cattell, Scheier, & Madge, 1968) is algemeen aanvaarde kliniese instrumente en maak die wetenskaplike meting van hierdie twee veranderlikes moontlik. Eersgenoemde instrument is deur A. Beck ontwikkel en bestaan uit 21 meervoudige keusevrae. Die subskale is van belang omdat dit onder meer temas soos die impulsoortreder se gemoedstoestand, skuldgevoelens, selfkritiek en selfstrafwens meet.

Die mees resente navorsing ten opsigte van die meting van depressie by nie-kliniese deelnemers met behulp van hierdie skaal, is so onlangs soos in 2008 deur Osman, Barrios, Gutierrez, Williams en Bailey (2008) gedoen. Beck se toepassingswaarde in die RSA konteks word deur Roberts (2002) bespreek.

Wat impulsmoorde betref; is die intra-subtoetsresponse enersyds van belang. Dit is omrede die aspekte wat ‘n bepaalde siektebeeld kan steun (soos sosiale isolasie, lae esteem/selfagting en seksuele funksionering) behandel en andersyds as geheelbeskouing op depressie en selfverwyt (as determinante van berou) kan dui. Depressie kan ook die impulsmoordenaar se geheue beïnvloed (Sadock & Sadock, 2003). Sayar et al. (2000) sluit hierby aan en verklaar dat impulsiewe aggressie dikwels voorkom in geestestoestande soos depressie met gepaardgaande spanning.

Die IPAT-angsskaal word ook deurlopend op internasionale sowel as plaaslike vlak gebruik om angs in die algemeen en ook die onderlinge verweefdheid en wyses van manifestasie van hierdie angs te meet. Wat opval is die goeie navorsing

onderliggend aan, sowel as die duidelike uiteensetting en item-samestelling van hierdie instrument. Dit meet voorts simptomatiese/bewuste angs. ’n Telling vir onbewuste/verborge angs wat by die toetsling teenwoordig is, kan ook bereken word (Cattell 1968).

Bovermelde behoort in die geval van impulsmoordenaars, saam met ander faktore van die IPAT-angsskaal (soos gebrekkige ego-kragte, spanning en agterdog by die oortreder) ontleed te word (Sayar 2000). Hierdie skaal gee ook ‘n aanduiding van bewuste en onbewuste angsvlakke wat in verband gebring kan word met die oortreder se insig in simptome (tydens vonnis-oplegging) en ook die verwagte reaksie op verwerping. Sadock en Sadock (2003) dui ook aan dat angs geheuefunksies kan beïnvloed.

ii) Toetse vir die meting van intelligensie

Intelligensie verwys na verskeie kognitiewe vaardighede, maar veral die vermoë om nuwe inligting aan te leer, dit weer te gee en by nuwe omstandighede aan te pas. Gebrekkige intelligensie (soos in die geval van swaksinnigheid) by die impulsmoordenaar kan begrip vir en aanpassing in nuwe situasies bemoeilik en bydra tot verminderde en selfs algehele ontoerekeningsvatbaarheid.

Wat die meting van intelligensie betref, is die SA Wechsler Volwasse Intelligensie-skaal (WAIS-III) die mees voor die hand liggende instrument. As ’n vermoede ten opsigte van die moontlike subnormale intellektuele vermoëns van die beskuldigde bestaan, is die gebruik van hierdie instrument ononderhandel- baar. Vanweë die tyd wat die administrasie van hierdie toets in beslag neem, word aanbeveel dat die Raven’s Progressiewe Matrikse andersyds as alternatief gebruik word. Dit geld veral waar intellek van die impulsmoordenaar bloot as nog ’n indeks of veranderlike aan die hof voorgehou gaan word.

Raven, Raven en Court (1998) verwys na die volgende: "... *this test is designed to provide a reliable estimate of a person's capacity to think clear when allowed to work steadily and undisturbed … It covers the whole range of intellectual development … as a good measure of cognitive functioning, the various Matrixes tests are often employed as marker variables and as the best available measures of general intelligence*". Dié outeurs brei voorts soos volg uit: "… *when compared with other measures of intellectual ability, they are preferred because of their suitability in cross-cultural contexts".* (Purchase, 2010, p. 8). Navorsing wat tussen 2001-2002 deur die Kinderleidingkliniek in die Vrystaat gedoen is, beskryf dit as 'n nie-verbale toets met 'n "… *proven record of excellence dating from 1938 …*" wat die volgende voordele inhou: dit is nie kultuurgevoelig en diskriminerend nie, vereis die minimum instruksies en is koste- en tydeffektief (Kinderleidingkliniek, Vrystaat Provinsie, 2002, p. 1).

iii) Toetse vir die bepaling van die persoonlikheid van die oortreder

Persoonlikheid maak dit moontlik om te voorspel hoe 'n persoon in 'n bepaalde situasie gaan reageer en, belangriker vir die hof, wat die samestelling van die oortreders se psigiese eienskappe is en hoe dit in bepaalde situasies sal manifesteer. Dit help onder meer met die bepaling van vonnisopsies en rehabilitasie.

Persoonlikheidstrekke van die beskuldigde kan met behulp van die Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys (16 PF) gemeet word. Hierdie toets word breedvoerig in die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (1983) se riglyne vir die toepassing van die 16 PF, asook in Karson en O'Dell (1976) se werke beskryf. Dit is in 1949 deur Cattell ontwikkel en die doel is om persoonlikheid- en gedragvoorspellings, gegrond op 'n stel gestruktureerde items, te maak (Prinsloo 1992). Prinsloo (1992) het na gelang van die behoefte wat in Suid-Afrika ontstaan het, 'n 16-PF SA 92 ontwikkel en gestandaardiseer.

Met hierdie toets kan trekke wat met impulsmoordenaars geassosieer word op ’n kontinuum aangestip word en met die psigodinamiese faktore van die oortreder se persoonlikheid in verband gebring word. Hierdie persoonlikheidsfaktore by die impulsmoordenaar kan voorts met dieselfde trekke van die slagoffer (soos bekom in kollaterale inligting) vergelyk word om die verhoudingsdinamika te belig. Ooreenkomste word byvoorbeeld getref tussen meetbare faktore op hierdie vraelys soos ekstroversie, prikkelbaarheid, ongeduld en impulsiwiteit (Hollander & Evers, 2001), asook die frustrasietoleransie van die impulsmoordenaar (Carson 1996, p. 324). Sadock en Sadock (2003) verwys na swak ego- en superego-ontwikkeling (wat die misdadige element kan verklaar) en assosieer dit met aggressie en irrasionele impulsiwiteit.

Dié toets maak ook voorsiening vir die identifikasie van ’n geneigdheid tot ’n beter of swakker voorstelling deur die oortreder (‘n aspek wat die “eerbaarheid” van die oortreder se response kan steun of andersom).

iv) Toetse vir die bepaling van die eerlikheid van die oortreder

Die debat rondom die eerlikheid van die oortreder se response kan bygelê word deur die gebruik van die *MCMI* en die *16 PF*–vraelyste se positiewe en negatiewe distorsietellings (Motivational Distortion-skale). Hierdie metings kan (indien dit op moontlike distorsie dui) aangevul word met die Malingering-skaal van Schretlen, Wilkins, Van Gorp en Bobholz (1992). Om dit te bevestig kan die Memorisering: 15 items van Lezak (1995) as verdere bruikbare instrument benut word. Dit is noodsaaklik om al die resultate / inligting wat by die impulsmoordenaar bekom is altyd teen die agtergrond van die volgende moontlike wanvoorstellings te beoordeel:

- nabootsing: waar die oortreder simptome naboots;
- afleiding (*decoying*): waar die klem op valse en bykomende inligting geplaas word ten einde die fokus van die ondersoek te verplaas;

- wankonstruksie: wat onderliggend aan die voorgee, versinning en fabrisering van byvoorbeeld ’n psigose is. Tesame hiermee kan positiewe wanvoorstelling in die vorm van ontkenning, die minimalisering van probleme en die vergroting van die impulsoortreder se bekwaamhede, ook voorkom (Hall & Pritchard, 1996).

Die ondersoeker het die volgende strategie in gedagte gehou: impulsmoordenaars wat geneig tot die verdraaiing van die waarheid is, verneem dikwels na die aard van hul prestasies op die toetse (Hall & Pritchard, 1996). Uit ervaring is vasgestel dat hierdie oortreders ook geneig is om inkonsekwente simptome/-misdaadpatrone aan te bied. Hul staan dikwels ook krities teenoor indiepte navrae. Verklarings moet ook gesoek word as ’n meer as die normale aantal vrae in vraelyste weggelaat word.

v) Toetse vir die bepaling van regulering, beheer en impulsiwiteit

Die begrip impulsiwiteit (soos in Hoofstuk 2 uiteengesit en soos dit tydens impulsmoorde vergestalting vind), moet noodwendig ruimte laat vir gelyklopende begrippe soos selfregulering, setel van beheer en impulsbeheer:

- Die Self-Reguleringsvraelys - SRV (Self-Regulatory Questionnaire – SRQ) is deur Brown, Miller en Lawendowski (1999) ontwerp om selfreguleringsprosesse deur middel van ’n selfvoltooiingsvraelys te meet. Met verloop van tyd is hierdie vraelys herhaaldelik bygewerk en hersien, sodat die toetsling se response uiteindelik geklassifiseer kan word as synde aanduidend van intakte, matige of verswakte selfregulering.

  Die psigometriese beginsels en metodologiese implikasies van die SRV word breedvoerig deur bogenoemde navorsers, asook Kanfer (1970); Aubrey, Brown en Miller (1994) bespreek. In die onderhawige studie is reeds aangetoon dat impulsmoord ‘n atipiese en oordrewe reaksie is. Dit

word in bepaalde omstandighede en as gevolg van die swak regulering van emosies en gedrag, by die moordenaar ontketen.

Brown et al. (1999) toon aan dat selfregulering ongedaan gemaak kan word deur verskeie veranderlikes soos die foutiewe evaluering van inligting, snellerfaktore en die assessering en implementering van optrede. Die verwagting in hierdie studie is vervolgens dat (vanweë die atipiese aard van impulsmoorde) diegene andersins en in die algemeen oor voldoende selfreguleringspotensiaal beskik. Derefinko, De Wall, Metze, Walsh en Lynam (2011) verwys na impulsiewe geweld en die verband met sensasiesoeke en min voorafbesinning.

- Die setel van beheer is ’n wyer begrip as regulering en impulsiwiteit en word as ’n sentrale komponent van die persoonlikheid beskou. Dit sluit persepsies betreffende die oorsake en redes vir gebeure in die individu se lewe in. Kortom, beantwoord dit die vraag of eksterne faktore (soos die noodlot) of interne selfgedrewe kragte (soos persoonlike pogings) die toetsling se heil bepaal. Rotter het sover terug soos 1960 hierdie begrip ondersoek en dit is deur latere navorsing deur Marsh en Richards (1986) uitgebrei. Die mees bekende vraelys bly steeds die 13-item gedwonge-keusevraelys: Rotter Setel van Beheer.

Breet (2008) het die verwantskap tussen enersyds ‘n interne-, eksterne setel van beheer en andersyds fisiese en verbale aggressie ondersoek en veral ‘n verwantskap tussen ‘n eksterne setel van beheer en verbale aggressie gevind. Sy bring vervolgens ook skolegeweld in verband met ‘n eksterne setel van beheer by leerlinge. Die verwantskap tussen aggressie, woede en ‘n eksterne setel van beheer word ook deur Le Roux (2010) gesteun. Cartwright (2002) se *rage-type murders* en oorgekontroleerde intra-psigiese persoonlikheidstruktuur en gevolglike verhoogde kwesbaarheid, pas hierby in en behoort met bogenoemde instrument bepaal te word. Ludsin en

Vetten (2005, p. 169) is meer spesifiek en meld dat selfbeheer kan faal en heftige impulsiewe reaksies kan volg. Beheer oor optrede word tydens die pleeg van impulsmoorde aan die omgewing en eksterne stimuli afgestaan terwyl interne meganismes en beheermaatreëls verswak.

Bartol (1995, p. 266) vind in hierdie verband steun in Berkowitz se siening van impulsiewe geweld waarvolgens persone soms gewelddadig reageer, nie omdat die optrede met bepaalde positiewe of negatiewe gevolge in verband gebring word nie, maar omdat die individu deur interne en eksterne faktore daartoe gepredisponeer word: "… *because situational stimuli have evoked the response (they) are predisposed or set to make in that setting*".

- Impulsiwiteit of anders gestel, 'n gebrek aan impulskontrole, word gekenmerk deur nie-deurdagte optrede en roekelose besluitneming. Dit gaan in die meeste gevalle gepaard met woede en geweld. Die forensiese sielkundige sal sy /haar verantwoordelikheid versaak as hierdie karaktertrek nie gemeet word nie. Barratt het reeds in 1965 'n instrument ontwerp (die Barratt's Impulsiwiteitsskaal - BIS) waarmee impulsiwiteit gemeet kan word en met aanpassings met verloop van tyd, is dit ook in die forensiese omgewing getoets (Barratt, 1965; Kaliski, 1993).

In hierdie konteks is deur regter Langford (*Western Agricultural Insurance Company v Brown R*: Supreme Court in Mohave County, Case no.95-CV-404) verwys na: "... *an irrational impulse"* (p. 2) en tegelyk ook na die bestaan van: "… *the irresistible impulse"* as gevolg van spanning (p. 4). Die atipiese aard van die impulsmoordenaar se optrede vorm deel van bogenoemde spanningstoestand/beeld en eersgenoemde kan met die BIS vasgestel word.

vi) Projeksietoetse vir die bepaling van die oortreder se onbewuste gevoelens

Projeksietoetse verskil van die gestruktureerde “pen-en-papier-toetse” deurdat dit minder gestruktureerd is en onbewuste wense, denke, houdings en gevoelens van die oortreder meet. Die Onvoltooide Sinnetoets is ’n projeksie en uitdrukkingsmedium wat die impulsmoordenaar toelaat om wense, vrese, angs en ’n velerlei ander emosies uit te druk (Purchase, 2010) wat dikwels nie in gestruktureerde toetse na vore kom nie. Dit bied ’n “venster” tot die impulsmoordenaar se denke en gevoelens.

In hierdie konteks verwys Lambrecht (2005, p. 37) in sy analise na outomatisme en dat die “… *die dader nie op bewuste gewaarwording handel nie, maar op die prikkels van die onderbewussyn*”.

Die Tematiese Appersepsie-toets (TAT) is ’n verdere “storie-vertel” projeksie-hulpmiddel waarvan bepaalde kaarte die impulsmoordenaar stimuleer om deur middel van kreatiewe denke, gevoelens oor die toekoms, verhoudings, frustrasie-hantering, doelwitbereiking, motivering en seksualiteit te formuleer (Du Toit & Piek, 1974). Die forensiese sielkundige behoort nie noodwendig die benutting van ’n projeksietegniek in die evaluering van impulsmoorde agterweë te laat as die moontlikheid van kulturele diskriminasie en vraagstukke in die evaluering ontstaan nie. In so ’n geval kan die TAT vir Zoeloe-sprekendes (TAT-Z) wel met uiterste versigtigheid en met diskresie as plaasvervanger gebruik word (Erasmus, 1982).

In die geval van sommige impulsmoorde word die oortreder se seksuele oriëntasie en aanpassing ook bevraagteken en soms as ’n bydraende motief tot die klagstaat gevoeg. Die enigste hulpmiddel wat in hierdie konteks gebruik kan word, is die Seksuele Aanpassing- en funksioneringstoets (SAFT) wat deur Olivier (1985) ontwerp is. Hierdie projeksie-instrument neem die kompleksiteit van die impulsmoordenaar se seksualiteit in ag en maak die vasstelling van seksuele

disfunksie (wat soms as verhoudingsprobleem met die slagoffer in hofsake na vore kom) moontlik.

Forensiese sielkundiges is geneig om die Menstoets (DAP) en die Rorschach inkkladtegniek (ongestruktureerd) as projeksie-tegnieke af te neem en dit kwalitatief en kwantitatief te interpreteer. Die verduideliking is dikwels dat dit nie skade kan berokken nie. In die literatuur word egter vernietigende kritiek teenoor hierdie twee projeksietegnieke gelewer en word dit selfs as ‘n vrugtelose oefening afgemaak (Jenson, 1965; Shaffer, Duszynski, & Thomas, 1984). Die gebruik daarvan is volgens Garb (1999) nie geskik in forensiese werk nie.

Soortgelyke kritiek (waarop die evaluerende sielkundige voortdurend bedag moet wees) word op die ander projeksietegnieke soos die TAT as diagnostiese instrument gelewer, sodat (Ziskin & Faust, 1995) voorstel dat dit verkieslik tot navorsingsdoeleindes beperk word.

vii) Die bepaling van die vyandigheidsvlak van die oortreder

Die toepassingswaarde van die Vyandigheid-en-Rigting-van-Vyandigheids-vraelys (VRVV) vir die meting van vyandigheid en die manifestasie van aggressie, is oor jare in navorsingswerke beskryf (Gaine, Foulds, & Hope, 1967; Miller & Hafner, 1989). Hierdie skaal bestaan uit 51 items wat uit die MMPI ontleen en saamgestel is. Grobler (1993) het hierdie instrument op ’n Suid-Afrikaanse populasie gestandaardiseer.

Benewens die totale vyandigheidstelling wat by die impulsmoordenaar bereken kan word, word ook die rigting-van-vyandigheid tesame met vyf verskillende subskale van aggressie, gemeet. Impulsmoorde word dikwels geassosieer met diegene wat geneig is om aggressie te onderdruk en volgens die psigoanalitiese verklaring daarvan, in bepaalde omstandighede tot uitbarsting te kom. Die motivering vir die afneem van hierdie vraelys word ook gesteun in die bevindinge

van Amore et al. (2008) wat ‘n verband tussen vyandigheid, vyandige suspisie en beide verbale en fisiese geweld gevind het.

Die wyse waarop vyandigheid hanteer word (deur internalisering of na buite gerigte vyandigheid) is ook van waarde, aangesien die psigoanalitiese denkskool glo dat energie ontlaai moet word deur die proses van katarsis anders kan dit lei tot destruktiwiteit (Ferrrari 2003; Frost, 2006).

5.2.2.3.1.5 Onderhoude en observasie

- Onderhoude

Dit is gevestigde gebruik om inligting by die verwysende regspan te bekom. Dit neem reeds ’n aanvang na die verwysing van die kliënt, die uitspel van die rol wat die sielkundige in die regstrategie en –proses gaan vertolk en word deurgevoer tot by die konsultasies voor die psigoforensiese getuienislewering. In genoemde onderhoude is die voortdurende vordering met die evaluering bespreek, vrae wat mag ontstaan, is geopper, inligting wat deur die verdedigingspan openbaar gemaak is, is bestudeer en die moontlikheid van ’n pleitooreenkoms is ondersoek.

Hoewel dit as vreemd en soms selfs as teenproduktief vir die beskuldigde se saak beskou is, is waardevolle en geloofwaardige inligting tydens onderhoude met die regspan vir die staat, ontsluit. In so ’n geval is meer insig en ’n wyer perspektief bekom in van die handelwyses van die beskuldigde soos dit deur getuies uitgewys is, asook die verweer en ook die vonnisopsies wat die opponerende regspan in gedagte gehad het. Hierdie inligting het die tipe sielkundige toetse wat afgeneem is en ook die bronne van inligting bepaal.

Deeglike kliniese onderhoude is ook met die beskuldigdes gevoer. Ten einde *rapport* te bewerkstellig is aanvanklik eerder gebruik gemaak van ’n semi-gestruktureerde wyse van onderhoudvoering (Elkonin, Foxcroft, Roodt, & Astbury,

2001) as ’n formele en gestandaardiseerde onderhoud. Tydens hierdie onderhoude is baie staatgemaak op die ervaring van die ondersoeker, veral betreffende die waarneming en interpretasie van nie-verbale of inkongruente gedrag by die oortreder. Hoewel verskeie eenvormige doelwitte uit die onderhoudvoering kan ontstaan, hang laasgenoemde hoofsaaklik af van die tipe en aard van die oortreding(s).

Inligting is onder andere bekom ten opsigte van die oortreder se agtergrond, demografiese en werkgeskiedenis, sielkundige geskiedenis, psigososiale ontwikkeling, verhoudingslewe, gewoontes, vorige oortredings en kwalifikasies. Later is oorgegaan tot ’n meer indiepte, dinamiese en vloeibare benadering ten opsigte van gebeure omringend tot die onderhoud. Hierdie inligting was van kardinale belang en is in opvolgende onderhoude (asook met ander inligtingsbronne) geverifieer.

Die onderhoude het ook die sielkundige van eersterangse kennis en insig voorsien betreffende die geestestoestand van die oortreder. Hier het dit merendeels gehandel oor die kliënt se oriëntasie, voorkoms, spraak, emosionele en intellektuele status. Voorts is die moontlike teenwoordigheid van akute (*ictal*) toestande, psigotiese simptome en neuropsigologiese simptome bepaal. Vorige behandeling en verwante medikasie-gebruik is ook vasgestel en geobserveer.

- Observasies

Observasies van die oortreders agter byvoorbeeld eenrigtingglasfasiliteite was selde moontlik. Die ondersoekende sielkundige het derhalwe merendeels staatgemaak op *in vivo* - observasie en waarneming. Kliniese indrukke en toetsgedrag was van kardinale belang. Dit is weerspieël in onder andere die oortreder se houding, spraak, higiëne/fisiese voorkoms en oriëntasie.

Die impulsmoordenaar se funksionering is voorts in die vorm van geheue ten opsigte van voorafgaande en direk opvolgende moordgebeure, algehele verstandelike fokus en wakkerheid (ten tye van die oortreding en die onderhoud), asook besluitnemingsvermoë (in die algemeen en tydens die oortreding), beoordeel. Daar is gelet op potensiële wanvoorstelling en die impulsmoordenaar se tipiese responsstyl ten tye van die onderskeie konsultasies (of dit byvoorbeeld samewerkend, ontkennend of oordrewe van aard was).

Bovermelde is finaal in verband gebring met die onderliggende gemoedstoestand, moontlike psigopatologie en psigiese funksioneringsvlak van die oortreder (beide voor en na die oortreding).

Deduktiewe observasie-afleidings het dit moontlik gemaak om bepaalde evalueringsinstrumente saam te stel, om te bepaal of die oortreder enigsins formeel geëvalueer kan word en of hy sy dade toegereken kan word. Gefokusde observasietegnieke het voorts gelei tot die formulering van hipoteses insake die oortreder se funksionering, aspekte rakende berou of verskalking, regulerings-, motoriese en sensoriese funksies, asook emosionele en intellektuele status.

Hierdie fase word afgesluit deur die samevatting van bogenoemde inligting in ‘n psigoforensiese verslag. Hierdie verslag verskil in wese van ‘n teoretiese (en by implikasie ook ander sielkundige) verslae deurdat dit fokus op die probleemstelling en hoe die geïdentifiseerde probleem benader en hanteer is (Ackerman, 2006; Naudè 2005; White, Day, & Hackett, 2007). Hierdie verslaginhoud word gekenmerk deur die voortdurende verifiëring van hipoteses, die inagneming van die gehoor wat dit gaan benut en ‘n aanvaarbare en gepaste struktuur (APA, 2010).

Die uitvoering van die disseminasiefase sal in die toekoms (ná voltooiing van hierdie navorsingsprojek) voltooi word en ’n raamwerk van hoe hierdie fase in die praktyk gestalte sal kry, word kortliks beskryf

5.2.2.4 Fase 4 : Disseminasie: diffusie

Hierdie fase hou verband met die eindresultaat van die psigoforensiese evalueringsmodel en hiertydens word voorbereiding getref om die intervensie in die praktyk van toepassing te maak (Herbs, 2002). In hierdie verband verwys Coughlan en Collins (2001, p. 515) na die volgende: "… *research model has to include decisions about how the findings will be disseminated to others …*"

Die implementering van die innovasie is net so belangrik soos die psigososiale doel en die bespreking daarvan in die literatuur. Die bevestigde bevindinge moet weerspieël wat in wese bereik is en wat die waarde van die intervensie vir die vakwetenskap inhou. Die fokus moet deurgaans op die deel van inligting en die aanwakker van 'n lewendige debat tussen mede-sielkundiges en regsgeleerdes gerig wees ten einde ruimte vir verdere ontwikkeling te laat. Dit word gedoen met die doelwit om beter begrip, terugvoer en moontlike toekomstige wysiging aan die model te verseker.

Die skryf van die navorsingsverslag is een van die belangrikste en eerste stappe in hierdie finale fase van verspreiding. Tekortkominge, aanbevelings vir implementering en toekomstige wysigings word in Hoofstuk 8 voorgestel. Die finale evalueringsmodel van die model sal die volgende vervat:

i) dit sal vir verdere kommentaar aan kollegas en regsgeleerdes beskikbaar gestel word; 'n handelsaktiwiteit wat in wese reeds oor jare bewustelik deel van die ontwerp was;
ii) die samestelling van 'n werkboek;
iii) opleiding aan regslui en sielkundiges by kongresse (vir die kwalifisering van voortgesette ontwikkeling);
iv) die voortbestaan van die intervensie sal met aksiestappe gedefinieer en met toekomstige riglyne (Coughlan & Collins, 2001) afgerond word. Die volgende disseminasiestappe sal gevolg word:

Tabel 5.3 Disseminasiestappe aangepas uit Fawcett, Suarez-Balcazar, White, Paine, Blanchard en Embree (1994):

Fase 1 : PRE-DISSEMINASIEFASE

- Standaarde vir gebruikers van die model word daargestel
- Die produk moet voorberei word vir verspreiding
- ‘n Naam word gekies waaronder die produk versprei / geïdentifiseer kan word
- ‘n Pryskatalogus word saamgestel

Fase2 : IDENTIFISERING VAN ‘N POTENSIëLE MARK

- Hierdie mark kan plaaslike of internasionaal wees. Die marksegment kan individueel of korporatief wees.

Fase 3 : DIE SKEP VAN ‘N BEHOEFTE

- Advertensie en demonstrasie word gedoen.

Fase 4 : TEGNIESE ONDERSTEUNING EN EVOLUSIE GENIET VOORRANG EN DIE MODEL WORD OP ANDER SIELKUNDIGE TERREINE TOEGEPAS

- Die klem verskuif vanaf die benutting van die evalueringsmodel vir impulsmoordenaars na ander strafregtelike sake soos witboordjiemisdade.
- Evolusie en voortdurende aanpassing aan die model word deur terugvoering aangemoedig.
- Tegniese ondersteuning en opleiding word verskaf.

Tydens die bemarkingsfase sal voortdurend daarteen gewaak word om nie teenkanting en wrewelrige aksies by kollegas en howe te bewerkstellig deur radikaal-anderse evalueringspatrone te propageer nie. Tydens hierdie bemarkingsfase sal ook voortdurend beklemtoon word dat geen evalueringsmodel foutloos is nie en dat die menslike geneigdheid om te fouteer (*humanum est errare*) selfs in howe aanvaar word.

5.3 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die rasionaal vir ’n eiesoortige model vir die evaluering van impulsmoordenaars as praktiese noodsaaklikheid bespreek. In die geval van ontwikkelings-ontwerp-intervensie is wegbeweeg van die gedagte van eendimensionele veroorsaking tydens die ondersoek van ’n verskynsel soos impulsmoord en is ’n holistiese sisteembenadering gevolg deurdat die interaksie tussen die sielkunde dissipline en ander dissiplines as vertrekpunt aanvaar is.

Die skepping van so ’n model is onderskraag deur fundamentele stelreëls, die premisse voortspruitend uit die literatuurondersoek, asook die benutting van inligtingsbronne soos kollaterale bronne, die saakdossier, sielkundige toetse en gesprekke met die regspanne. Ooreenkomstig die gedagte van evolusionêre ontwikkeling van die ontwikkelingsnavorsingsmodel, is aanpassings aangebring en die produk is opgevolg en verfyn tot die huidige evalueringsmodel.

Die eindresultaat spreek van ’n doelbewuste en sistematiese samestelling van evalueringskriteria wat deurlopend geherevalueer is en die toets van die regspleging en die sielkundeprofessie moes slaag. Die eindproduk soos in hierdie hoofstuk beskryf, is as geldig en doelmatig deur regslui bevind.

Ten laaste is dit belangrik om te bepaal welke indekse en tendense in die teikengroep/deelnemers geïdentifiseer kan word wat behulpsaam kan wees met

die klassifikasie van impulsmoordenaars. ’n “Demonstrasie” van hierdie indekse sal met behulp van gevallestudies gedoen word.

Hoofstuk 6

‘n Evalueringsmodel vir impulsmoordenaars: praktiese toepassingsriglyne.

6.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is enersyds om die evalueringsmodel vir impulsmoordenaars in ‘n werkbare en doelmatige raamwerk aan te bied. Andersyds is die doel om die toepassing daarvan (aan die hand van bepaalde stappe wat die huidige ondersoeker gevolg het) in voorvonnis verslagformaat en met behulp van toepaslike aanhalings uit regpsigologiese hofverslae, te illustreer. Laasgenoemde word in Engels aangebied omdat die howe dit so verkies – en selfs in bepaalde gevalle daarop aandring. Hieruit is die essensiële temas geïdentifiseer en is dit ‘n maatplaat vir soortgelyke toekomstige evaluerings.

Die sentrale temas wat die huidige ondersoeker geïdentifiseer het, is eerstens die voorkennis van die evaluerende sielkundige, vervolgens die inagneming van bepaalde aspekte soos die geskiedenis van die oortreder, die kliënt-sielkundige-kontrak, die inwin van inligting, die kliniese onderhoud en die administrasie en interpretasie van toetse. Die *modus operandi* en die strafverswarende en –versagtende faktore moet opgevolg word met ‘n finale beredenering en opinie. Die onderskeie afdelings word bespreek en geïllustreer en die sielkundige kan teen hierdie agtergrond, inligting in die verslag en of ten tye van getuielewering, aanbied.

Voordat die versoek vir ‘n psigoforensiese evaluering en ‘n bepaalde juridies aanvaarde werkwyse bespreek word, moet die psigoforensiese sielkundige enersyds oor bewese kennis beskik, maar andersyds ook vertroud wees met die voorafgaande proses wat tot so ‘n evaluering lei. Dit kan grafies soos volg voorgestel word:

- Versoek vir psigoforensiese evaluering

Die evaluering vind plaas by:

a) instansies van aanhouding → gevangenis
a) instansies van aanhouding → psigiatriese hospitaal

b) die sielkundige se spreekkamers

c) by die woning van die oortreder as deel van die inligtinginsamelingsproses en *in vivo* beoordeling

↓

Die evaluering op grond van die model behoort volgens bepaalde stappe gedoen te word:


- Stap 1: Die evaluerende sielkundige behoort te verseker dat hy of sy oor voldoende vakkundige kennis beskik om as hofdeskundige te kwalifiseer.

- Stap 2: Die kontraktuele fase:
  - Die voorafbeplanningsfase: Die voorevalueringstelreëls moet as riglyne benut word
  - Die kontraktuele ooreenkoms moet opgestel en die inligtingsessie gehou word
  - Die voorgeskiedenis moet bekom word
  - Die rede vir verwysing moet uitgeklaar word

- Stap 3: Insameling van inligting
  - Biografiese, historiese en demografiese inligting moet ingewin word
  - Dokumente en inligtingsbronne moet geraadpleeg en aangeteken word
  - Die noodsaaklikheid van ‘n besoek aan die moordtoneel moet ondersoek word
  - Meningsvorming behoort deur indrukke en waarnemings ondersteun te word
  - Voorafgaande stressors behoort geïdentifiseer te word
  - Die sielkundige moet die modus operandi van die oortreder ondersoek
  - Die opbouende spanning moet geïsoleer word
  - Psigometriese toetse moet afgeneem en nagesien word

- Stap 4 Integrasie van inligting
  - Die toetsresultate moet geanaliseer en geïnterpreteer word
    Kliniese bevindinge moet gemaak word met inagneming van die toetsresultate, indrukke, observasie en ander inligting hierbo verkry
  - Kliniese bevindinge moet met strafversagtende faktore in verband gebring word
  - Kliniese bevindinge moet met strafverswarende faktore in verband gebring word

- Stap 5 Samestelling van verslag en aanbevelings
  - Identifiserende besonderhede moet verskaf word
  - ‘n Inleidende gedeelte moet saamgestel word.
  - Die verslag moet bestaan uit inligting wat betrekking het op die verlede, die hede en die toekoms



Figuur 6.1 Voorverhoor psigoforensiese evaluering: vloeidiagram

In die geval van algehele ontoerekeningsvatbaarheid en/of die beskuldigde se onvermoë om verhoor te word, word die evaluerende sielkundige na 'n bondige evalueringsformaat in 6.3 verwys. Die oorblywende stappe in bogenoemde vloeidiagram (wat betrekking het op die beskuldigde wat sy dade toegereken en derhalwe verhoor kan word) kan prakties soos volg uiteengesit word:

6.2 Evalueringstappe van die model

Die volgende prakties geïllustreerde stappe behoort as uitvloeisel van die saamgestelde evalueringsmodel beskou en gevolg te word:

6.2.1 Stap 1 : Beoordeel die deskundige se vakkundige kennis

Vakkundige kennis maak dit moontlik vir die forensiese sielkundige om deur die hof as deskundige getuie aanvaar te word. ‘n Gebrek daaraan sal maak dat die sielkundige as ekspertgetuie gediskwalifiseer word en die getuienis ‘n kans staan om onder betoog verwerp te word.

Hierdie kennis word opgedoen deur opleiding, kwalifikasies en registrasie by bepaalde professionele rade en instansies. Verdere bydraende aspekte is ervaring, forensiese publikasies en gereelde blootstelling aan hofwerk. Dit sluit ervaring in forensiese werk en getuielewering in beide lae- en hoëprofiel sake in.

Die aanstelling as assessor in hofsake, hofevaluasies vir die staat sowel as vir die oortreder en die supervisie van onervare forensiese sielkundiges, kan ‘n beeld van objektiwiteit en bekwaamheid by die voorsittende beampte laat. Opleiding aan die hand van forensiese seminare, werkwinkels en voortgesette opleidingsprogamme kan ook die vakkundige kennis en blootstelling van die forensiese sielkundige verbreed.

6.2.2 Stap 2 : Die kontraktuele fase

- **Voorafbeplanningsfase: beklemtoon die voorevalueringstelreëls**

Die rigtinggewers (etiese en stelreëls) soos in 5.2.2.3.1.1 vervat, verseker enersyds deeglikheid en vertolk andersyds ‘n noodsaaklike rol in die strukturering van die werkswyse. Dit sal voorts die sielkundige vrywaar teen latere beskuldigings

en of selfs klagtes. Dit is veral die aanvanklike ooreenkoms tussen sielkundige en kliënt wat noodsaaklik is in die voorafbeplanningsfase:

- **Hou ‘n inligtingsessie en sluit ‘n kontraktuele ooreenkoms**

Voordat die evaluering in aanvang neem, is dit wenslik dat die forensiese sielkundige die beskuldigde / oortreder inlig oor die volgende:

- die evalueerder se beroep (en kwalifikasies indien dit verlang word);

- deur wie die evaluering versoek is;

- dat die evaluering sal geskied met laasgenoemde party(e) se mede-wete;

- wanneer so ‘n versoek gerig is;

- dat die doel van die evaluering hoofsaaklik is om die hof behulpsaam te wees met ‘n psigoforensiese verslag en vonnisopsies;

- dat die verslag vir die doel van latere getuienislewering/ pleitooreenkoms benut sal word;

Die beskuldigde/oortreder behoort die geleentheid gebied te word om vrae te vra en onsekerhede uit te klaar.

Die kontraktuele ooreenkoms kan soos volg daaruit sien:

Tabel 6.3 Voorbeeld van kontraktuele ooreenkoms (Die outeur, 2011):

Psigoforensiese evaluerings

Datums van evaluering:

XXX (*die verwysingsbron)* het op … (*die datum*) versoek dat … (*die forensiese sielkundige*) ’n voorverhoor/-vonnis psigoforensiese evaluering op … (*die beskuldigde*) doen. Die kliënt is breedvoerig ingelig ten opsigte van die redes vir so ’n evaluering (insluitend die implikasie van verwere soos geestesongesteldheid en tydelike ontoerekeningsvatbaarheid). Dit is voorts verduidelik dat die evaluering waarskynlik oor meer as een dag sal strek en gefinaliseer sal word met ’n forensiese sielkundige verslag en moontlike getuienislewering. Hierdie verslag sal aan die staat sowel as die regspan vir die verdediging voorgelê word. Die kliënt is die geleentheid gegun om onsekerhede op te klaar.

Geteken: Sielkundige ..... Kliënt .....

Vervolgens moet identifiserende besonderhede bekom word.

- **Bekom identifiserende besonderhede en die voorgeskiedenis**

Naam van oortreder:
Geboortedatum:
Chronologiese ouderdom:
Geslag:
Huwelikstatus:
Datums van evaluering:
Datum van oortreding:
Tydperk sedert oortreding:
Tydperk in aanhouding:

Klagtes:
Plek van aanhouding:
Verwysingsbron:
Huistaal:

Die verslag bevat verder die verwysingsrede(s).

- **Klaar die rede vir verwysing uit**

Die klagtes waarop die oortreder tereg staan of reeds aan skuldig bevind is, moet in die verwysingrede ingesluit word. Dit is soms nadat die oortreder reeds skuldig gepleit het en soms waar ‘n pleit nog aangebied of bevinding nog gemaak moet word. Die volgende is voorbeelde van verwysingsredes soos dit in die huidige ondersoeker se model benut is:

Gevallestudie 1:

“On 18 May 2005 Mr xxx shot his wife (to whom he had been married since 1997), as well as her cousin. He pleaded guilty on two charges of murder. A pre-sentence psychological report was requested by his legal team.”

Gevallestudie 2:

“xxx faces charges of murder: that upon or about 2 May 2006 and at or near Westdene, Gauteng he unlawfully and intentionally killed xxx by shooting him. He is also accused of possessing a firearm: a 9mm Star caliber semi-automatic without a license, of assaulting zzz by hitting/slapping him with open hands and of pointing a firearm at another person.

Die rede vir verwysing moet met relevante inligting in die verslag opgevolg word.

6.2.3 Stap 3 : Insameling van inligting

- **Verkry biografiese, historiese en demografiese inligting**

Hierdie is ‘n samevoeging van inligting wat vir verslagdoeleindes by die oortreder, asook by ander inligtingsbronne verkry moet word. Dit het betrekking op die familie-, persoonlike geskiedenis en verhoudingslewe van die oortreder:

Tabel 6.4 Genogram van oortreder:

1. Familiesamestelling /Genogram van die oortreder

- sibbeposisie;
- kwalifikasies en werksgeskiedenis van ouers en sibbe;
- kriminele geskiedenis van gesinslede;
- moontlike psigopatologie in gesin of nabye familie.

2. Persoonlike geskiedenis van oortreder

- omgewing waarin grootgeword;
- ontwikkelingsgeskiedenis;
- omstandighede betreffende die oortreder se kinderjare;
- opvoedingsvlak, ook tersiêre onderrig;
- hoogste skoolgraad geslaag (hoofstroom- of spesiale skoolonderrig);
- skoolvordering en enige graad wat herhaal is;
- rebelse en opponerende gedrag op skool en of dissiplinêre en gesagsprobleme skoolaanpassing bemoeilik het;
- werksgeskiedenis;
- bronne van inkomste;
- godsdiensverband;
- ontspanning & stokperdjies;
- sielkundige geskiedenis en behandeling tot dusver;
- sielkundige en mediese evaluerings en ondersoeke;
- psigiatriese en mediese geskiedenis;

- huidige diagnoses en medikasie;
- sosiale gewoontes insluitend middelgebruik – periode wat gebruik word, die bepaalde substans (insluitend kaffeïengebruik), behandelingsregime insluitend behandelende geneesheer en/of sielkundige;
- samewerking ten opsigte van behandeling;
- vorige oortredings en/of interdikte;
- ander noemenswaardige omstandighede of besonderhede.

3. Verhoudingslewe van die oortreder

- huwelikslewe, getroud, geskei ens. en aantal kinders en/of afhanklikes;
- romantiese en sosiale verhoudings.

Bogenoemde inligting moet nie net in ’n feitelike konteks of as agtergrond aangehaal word nie, maar behoort as deel van die groter argument ingesluit te word tydens veral vonnisopsies. Die volgende dien as enkele voorbeelde:

Faktore	**Bespreking**
Opvoedkundige vlak	Die opleidingsvlak behoort later tesame met die beskuldigde se aspirasiepeil toegelig te word. Probleme in die verwesenliking van aspirasies behoort bespreek te word
Beroepslewe	Breedweg is die stabiliteit of wisselvalligheid van die beskuldigde se werkgeskiedenis van belang en word dit as vertrekpunt geneem vir toekomstige funksionering
Verhoudingslewe/-ervaring	Die blootstelling aan sowel as die aard, omvang en intensiteit van verhoudings kan as moontlike verklarings vir impulsiewe reaksies dien

Huwelikstatus	Die rol en funksies van die beskuldigde in huweliksverband (en verpligtinge teenoor afhanklikes), kan vonnisopsies bepaal
Stokperdjies / Ontspanning	Die gebalanseerdheid van die beskuldige se lewe word hierin weerspieël
Sosiale gewoontes	Rookpatrone, alkoholgebruik en middelmisbruik en die rol daarvan in die misdaad moet beoordeel word. Middelafhanklikheid beïnvloed ook rehabilitasie en behoort in die voorstelle aan die hof in ag geneem te word
Voorgeskrewe medikasie	Die uitwerking van medikasie op die beskuldigde se optrede moet beoordeel word. As gedragwetenskaplike is die ideaal dat die medikus wat medikasie voorgeskryf het en die apteker gekonsulteer word
Vorige traumas	Klaar uit of daar merkwaardige psigiese traumas of neurokognitiewe beserings (soos breinbeserings) was
Psigoseksuele ontwikkelingsgeskiedenis	Identifiseer geslagsrolidentifikasieprobleme of probleme met betrekking tot fisiese en seksuele prestasie en vertroue
Verantwoordelikheidsin	’n Algehele beoordeling van die beskuldigde se pligsbesef en hoe dit oor jare gemanifesteer het, moet gedoen word
Maatskaplik-ekonomiese omstandighede	Hierdie omstandighede behoort herlei te word na die psigiese impak daarvan op die individu, soos moontlike swak rolmodellering en portuurgroepdruk

Mediese toestande	Toestande soos diabetes, Alzheimer se siekte en frontalekwabbreinbeserings kan gedrag en geheue beïnvloed en speel ook ’n rol in die aanhoudingsopsies
Finansiële aspekte	Kan die beskuldigde slagoffervergoeding of die betaling van ’n boetevonnis bekostig?
Religie en sosio-kulturele aspekte	Die betrokkenheid van die beskuldigde by kerk-, gemeenskaps- en kulturele aktiwiteite en moontlike leierskapsrolle illustreer persoonlikheidsaspekte

Die vertrouenskloof tussen die sielkunde en die regte kan nie oorbrug word sonder die raadpleging van eksterne bronne van inligting nie.

- **Raadpleeg belangrike dokumente en kollaterale bronne**

Die volgende dokumente is belangrik en behoort sover moontlik bekom en binne die konteks van die oortreding aangebied te word:

- Getuigskrifte;
- Polisieverklarings;
- Notas;
- Uitttreksels uit dagboeke, e-posse en telefoonboodskappe;
- Hofbevele.

Lys vervolgens die bronne van kollaterale inligting in die verslag by wie inligting telefoniese bekom is. Dui ook die kontaknommers aan sowel as die professie van die bron of die verbintenis van laasgenoemde met die oortreder.

Die volgende is enkele voorbeelde (uittreksels) uit die huidige ondersoeker se navorsing. Dit is bekom uit geargiveerde inligting wat oor tyd van die onderskeie deelnemers saamgestel is. Die wyse waarop dokumente en die onderhoude met kollaterale bronne in die forensiese verslag aangedui kan word, is soos volg:

"The following collateral information was obtained and consulted for assessment purposes:

- *interim protection order: the applicant was xxx (ID: 641424 0155 08 1) and the respondent was Mr xxx. Mrs xxx stated the following: ...*
- *on 31 July 2007, Mr xxx (mobile contact number) was interviewed: he had transported the accused in his taxi for more than three (3) years. He is aware of the longstanding conflict between the accused and his wife;*
- *a letter from the treating medical practitioner of the accused;*
- *a suicide note written on 2 May 2006 by the wife of the accused;*
- *a summary of Mr xxx's oath;*
- *a letter of referral to a clinical psychologist by his medical doctor and a discussion with the psychologist (dr yyy (mobile contact number);*
- *an affidavit in support of bail application: Mr xxx ..;*
- *a prescription for chronic medication;*
- *the curriculum vitae of the accused;*
- *a letter from his employer confirming his position and post description;*
- *a letter from his clergyman confirming his involvement in church activities;*
- *confirmation of the pivotal role which he fulfilled in the community: he is the chairperson of the Rotary club (West Rand) and of the Church League;*
- *a letter received from Mr xxx's (mobile number) present girlfriend. She was also interviewed on 7 June 2005 and confirmed the contents of her letter ;*
- *collateral information obtained from the sister of the accused, xxx: she describes the accused as a quiet child with only a few friends, not aggressive, always at home and not participating in formal sporting activities. She saw the accused on the evening of the alleged transgression at 19:00 at his house. He did not show any signs of being depressed, but mentioned that he was going to consult with his sangoma.*

Besliste kliniese standpunte is aanvaarbaar omdat die evaluerende sielkundige daardeur vaardighede en ervaring benut om waarnemings te maak.

- **Besoek aan moordtoneel**

'n Besoek aan die moordtoneel maak dit dikwels makliker om die modus operandi te begryp. Die ligging van die wapen op die toneel, die kluis, sleutels en die slagoffer kan alles herlei word na die willekeurigheid van handelinge en meer spesifiek of die moordenaar geneig was om soos 'n outomaat op te tree. Die vraag is of daar doelmatig en met verskeie tussenkomste opgetree is (byvoorbeeld deur die kluis oop te sluit en daarna van vertrek tot vertrek te loop) en/of gedrag andersins impulsief was. 'n Sketsplan van die toneel kan van nut wees vir die hof.

- **Verseker juiste meningsvorming deur middel van waarneming en indrukke**

Die onderstaande faktore het met verloop van tyd as rigtingwysers in die psigoforensiese evalueringsmodel na vore getree. Die menings en waarnemings is van belang en help die hof om tot 'n geheelindruk van die beskuldigde te kom. Die volgende faktore en verbandhoudende vrae kan as raamwerk in die verslag dien:

Tabel 6.5 Indrukke en waarnemings

Faktore	**Bespreking**
Samewerking tydens die ondersoek	Was die beskuldigde ontkennend en onwillig om samewerking te gee tydens ondersoeke?
Oriëntasie	Beoordeel die volgende: die oortreder se verwardheid, letargie, wakkerheid, lomerigheid of gedisoriënteerdheid

Insig en regskennis	Die besef van die impak wat optrede op andere gehad het, begrip vir die dryfvere en psigiese prosesse agter die impulsmisdaad en algemene insig in regspleging. Identifiseer die beskuldigde se vermoë om die regsproses te volg en ŉ bydrae tot sy eie verweer te maak
Hoër geestesfunksies soos intellek, taal en kognitiewe vermoëns (soos geheue)	Kategoriseer die omvang, aard en kwaliteit van die beskuldigde se kognitiewe prosesse soos sy geheue en aandaggerigtheid
Geestestoestand ten tye van die evaluering, asook voor en na die moord	Was ‘n goeie werklikheidsbesef en logiese optrede of elemente van verwarring en disoriëntasie in gesprekke teenwoordig?
Vlak van bewustheid en persepsies	Is die gedagtegang van die oortreder vertroebel en is illusies, wanpersepsies of hallusinasies teenwoordig?
Voorkoms	Is die oortreder netjies en gepas geklee? Beoordeel persoonlike versorging en higiëne
Spraak	Beoordeel artikulasie, vaagheid, selfinisiëring en tempo
Persoonlik, gemoed en houding	Notuleer die gemoedstoestand en optrede (byvoorbeeld kalm, joviaal, labiel, gedisinhibeerd, toepaslik, gereserveerd, geïrriteerd, angstig, moedeloos, selfblamerend of afgestomp)

Waarnemings dien as vertrekpunte om die realiteit en omringende omstandighede (insluitende buitengewone stressors) te ontleed.

- **Identifiseer voorafgaande stressors**

Die impulsdaad spruit suiwer en alleen uit voorafgaande presipiterende stressors voort wat dwing na ontlading. Moontlike stressors wat so 'n misdryf voorafgegaan het, behoort geïdentifiseer te word. Die volgende dien as illustrasie en voorbeelde van hoe en watter stressors in verslae van deelnemers in hierdie studie aan die hof voorgehou is:

Gevallestudie 1:

"At the time of the murder he was frustrated by the following:

- He was unhappy with his wife's way of reasoning: she indicated that he should drop the charges.
- The man accused of raping his daughter unexpectedly assaulted his daughter by hitting her with a vase. This occurred in the presence of the rapist's elderly parents.
- The mother and role model of the child, refused to accompany them to the sexual transgressor's home and the police.
- His child was in desperate need of psychological assistance and this was not provided.
- When confronted about the situation he reasoned as follows: "… *my tax money used to help the victim … not me and my baby … he contravened the law … the best way was to reopen the case*". (Apparently the sexual transgressor was not found guilty on statutory rape. He received a fine for assault)".

Gevallestudie 2:

The perpetrator was exposed to the following stressors over a period of time:

- the fact that the boyfriend of the deceased had apparently slept over one night;
- she made him believe that he was the only man dating her;
- there were no previous cues indicating possible infidelity on her side – this was totally unexpected;
- he regarded her as a respected Christian. He could not reconcile this with her lies;
- he had been the "*therapist and counselor*" in her life (sat many hours through the night

to help her with her emotional disharmony and to work through her previous abusive relationship). It was totally unexpected for her to have been involved in an affair;

- financial distress and the sequestration of the family;
- a lack of emotional support from his family despite his cry for help;
- illness in the family;
- him being part of a personnel retrenchment plan;
- frustrations, physical and psychological burnout (he was a single parent and solely responsible for the minor);
- her continued gambling habits, irresponsible patterns of socialisation and neglect of the children; and
- finally her brutal attack on him after abusing him verbally".

Stressors lei tot die sistematiese verbrokkeling van die psigiese beheerstrukture van die individu en dra by tot bepaalde optrede wat as die *modus operandi* beskou word. Die *modus operandi* verwys na die bepaalde misdaadmetode.

- **Ontleed en beskryf die *modus operandi***

Die aanloop (gegrond op die voorafgaande spanningstoestand en emosionele ontlading) en die latere verloop van gebeure voorsien die basis vir die evaluering sowel as die verhoor en kan bydra tot die wysiging van persepsies oor impulsmoorde.

Gesien vanuit die regbank se perspektief en veral waar 'n pleitooreenkoms aangegegaan word en getuienis derhalwe nie noodwendig voor die hof sal dien nie, is die sistematiese en gedetailleerde beskrywing van die oortreding van wesenlike belang. Die fokus moet hier val op handelinge voor sowel as gedurende die pleeg van die misdaad. Voorbeelde word in gevallestudies 1 en 2 aangebied :

Gevallestudie 1:

Modus operandi and aspects pertaining to the murder:

The following information was obtained from Mr xxx with regard to the murder:

He found out that his wife had seen a s*angoma / inyanga* (someone in xxx), who apparently "… *built his house*" – putting muti and making marks in his house. (Family members confirmed the aforementioned during a recent consultation, but believed that that the person whom they consulted was a priest). The accused was convinced that the *sangoma* and his wife (and also her cousin) were "… *out to get me*". If this was a standard procedure for blessing the house, which would be in the interest of all the parties, the *sangoma* would not have kept everything secret. The following added to his distress:

- the consultation which the deceased and her cousin had, was not initially known to Mr xxx;
- the accused believed that the cousin contributed to the fact that a *sangoma* was consulted;
- Mr xxx was emotionally upset and angry with both his wife and her cousin. He described that they were engaged in an argument and that he accused the cousin of interrupting the family's life by supporting his wife in consulting a traditional healer. He also felt threatened at one stage;
- he has partial amnesia and is not certain whether she wrapped herself in a blanket before or after the shooting, but recalls that she was covered in a blanket. He described the following: "*I shot her in her room … not sure … one or more shots … I was angry with her …*"

Gevallestudie 2:

Modus operandi and aspects pertaining to the murder:

The incident occurred on 31 December 2008 at approximately 12:00 (the docket needs to be obtained to verify the specific date and hour). He was visiting his girlfriend xxx;

The accused used to carry a firearm when visiting *xxx's* place of abode at *Boschkraal* (near *Soccer City*). The reason for this was the criminal activities in the area and the fact that she was living alone. On his way back home and, as he was passing *Spar*, he saw the victim and his brother in a pickup. The brother had gone shopping and the victim was alone in the pickup;

"… *ek groet hom … ek vertel hom … kan jy onthou jy het my kind verkrag…he said no… ek vra sy naam … hy sê Peter … die man hy maak my dom … hy maak my dom … hy vertel my stories* …" (meaning that he was upset and wanted to leave the scene);

He then indeed left the scene but apparently met someone whom he knew. They previously had had a drink together. "… *ek vertel die mannetjie van die storie … die man hy maak my naar ... hy het my kind verkrag en voor my geslaan ... nou hy loop vry ...*". His friend apparently then instigated him by asking: "… *why didn't you give the man a klap*?". Mr xxx has only vague recall and does not clearly remember turning back. He mentioned that he experienced a plethora of emotions at the time: "… *ek raak kwaad … unhappy … hy het my naar gemaak … ek sien hom en voorheen ek het bietjie probeer vergeet van die storie … baie kwaad*". He also felt that the whole situation was unfair: "… *it was totally unfair and unjustifiable*". He then went back and found the victim standing next to the pickup. He recalls cocking his weapon and shooting the standing man: he pulled the trigger and shot him once. It seems as if the victim sustained a head injury (this needs to be confirmed in the docket). The victim apparently fell down. Upon standing up, he started running;

The accused then followed him: "… *hy hardloop na die ander winkel*". At this stage, his main idea was to shoot the victim again. He however has no recall of emptying the cartridge on the victim. He later found that he had fired an additional six (6) shots. This happened in the shop. After the victim fell down, the accused turned around and went to the nearby shopping centre where he phoned the SAPS. He was arrested the same day".

Die aanwesigheid van die onderskeie stressors en die kulminering daarvan in 'n bepaalde *modus operandi*, moet as rigtingwyser in die verslag uitstaan.

- **Isoleer die kumulatiewe opbou van spanning en gevolglike ontlading**

Beskryf die sistematiese opbou van inherente spanning en die vlietende impulsiwiteit van die *modus operandi* waarin dit uiteindelik gekulmineer het:

Gevallestudie 1:

- "*various stressors were identified in this report, which contributed to Mr xxx gradually building up an emotional state which ended in a emotional "storm", a decline in self-control and in the self-regulation of affect and behavior. He perceived the situation and the presence of a man in his bedroom as maltreatment, degrading, intentional and aversive. He acted in accordance with these emotions and without normal logical, rational and deliberate forethought.*

- *Mr xxx was nevertheless able to distinguish between right and wrong and to act accordingly. He however experienced a temporary emotional cataclysmic arousal and experienced a diminished capability of judgement. This explains his psychogenic amnesia with regard to certain events on that day"*.

Gevallestudie 2:

- *"...various stressors were identified, which contributed to Mr xxx cummulatively building up an emotionally aroused state, which culminated in an emotional cataclysmic "storm", accompanied by a noteworthy decline in resitance, control and self-regulation. He perceived the situation and the poor assistance from the relevant institutions as intentional, unprofessional and degrading. He acted in accordance with the above interpretation and emotions, without planning and the necessary restraint. His mind was clouded and his judgment impeded."*

Die vraag is steeds of bogenoemde *modus operandi* en stressors in so 'n mate aanwesig en onder wilsbeheer was dat die oortreder sy dade toegereken kan word. Psigometriese toetse en latere kliniese bevindinge speel hierin 'n sleutelrol.

- **Psigometriese toetse: Stel 'n toetsbattery saam**

Psigometriese toetse moet afgeneem en nagesien word.

Die volgende dien as voorbeeld van toetse wat afgeneem behoort te word:

Tabel 6.7 Psigometriese toetse

Datums	**Battery van toetse en kontrolelys**
5 Mei 07	**Die meting van psigopatologie**: Millon Clinical Multiaxial Inventory-III (MCM-lll): Hierdie instrument bevat 22 skale en is volgens Millon, Millon en Roger (1994) aangepas vir die diagnosering van psigopatologie soos dit in die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie se Klassifikasiesisteem gereflekteer word. Die identifisering of uitskakeling van voorafbestaande en heersende psigopatologiese toestande (wat inspeel op die toerekeningsvatbaarheid, vonnis en rehabilitasie van die impulsmoordenaar) kan met behulp van hierdie toets gedoen word. Soos in hoofstuk 2 aangetoon, is die teenwoordigheid van psigoses, gedrags- en persoonlikheidsversteurings en middelmisbruik belangrike determinante in hierdie studie. Skale om te bepaal of

	die beskuldige tot distorsie soos die oorbeklemtoning van simptome of die voorgee van skynwelsyn (*faking good*) geneig is, bestaan ook. Beck-Depressieskaal: Hierdie skaal is ‘n algemeen aanvaarde kliniese instrument en maak die bondige wetenskaplike meting van depressie deur middel van 21 meervoudige keusevrae, moontlik (Beck, 1978). Dit onderskei welke verbandhoudende depressiesimptome (wat onder provokasie tot impulsiwiteit aanleiding kan gee) by die impulsmoordenaar bestaan. Die subskale is van belang omdat dit onder meer temas soos die impulsmoordenaar se gemoedstoestand, skuldgevoelens, mislukkings, selfkritiek en selfstrafwens meet. Anders as in die geval met konvensionele moordenaars, is berou en skuldgevoelens ‘n tema wat dikwels by impulsmoordenaars voorkom. Clinical Analysis Questionnaire (CAQ): Hierdie vraelys meet bepaalde psigopatologiese patrone by toetslinge. Krug (1980, pp. 1-2) verwys in hierdie konteks na die volgende: ”*…measurement of pathological important syndromes and deviant behavior patterns…” en “…six factor analytic validation studies the items were successively refined and improved”.* Die meting van berou, suspisie, angs, selfverwyt, psigopatiese afwykende gedrag en suspisie is faktore wat in die onderhawige studie van belang is. Ruimte bestaan ook om ongeldige toetsresponse ooreenkomstig distorsietellings te bepaal. Angsskaal : die IPAT-angsskaal word gebruik om angs in die algemeen en ook die onderlinge verweefdheid en wyses van manifestasie van hierdie angs te meet. Dit meet voorts simptomatiese/bewuste angs. ‘n Telling vir onbewuste/ verborge angs wat by die toetsling teenwoordig is, kan ook bereken word (Cattel, Scheier, & Madge, 1968). Angs is selde by die gewoontegewelddenaar teenwoordig en is eerder ‘n voortvloeisel by die impulsmoordenaar. **Toetse vir die meting van intelligensie** Progressiewe Matrikse; Raven’s Progressiewe Matrikse van Raven, Raven, & Court (1998). Purchase (2010) verwys na die kruis-kulturele gebruikswaarde en die omvang van intellektuele ontwikkeling wat dit meet. Intelligensie behoort teruggevoer te word na die aanspreeklikheid, oordeel, hofbydraes en vermoë tot rasionele beredenering en besluitneming van die oortreder.

	Persoonlikheidstoetse Sestien-Persoonlikheidsfaktor *(*16 PF-SA 92*)*: Die doel van hierdie toets is om persoonlikheids- en gedragvoorspellings, gegrond op ‘n stel gestruktureerde items, te maak (Prinsloo 1992). Met hierdie toets kan aspekte wat dikwels met impulsmoordenaars geassosieer word, soos gewetenswroeging, impulsiwiteit, angs, egosterkte, introversie en selfsentimentontwikkeling, op ‘n kontinuum aangestip word. Dit kan met die psigodinamiese faktore van die oortreder se persoonlikheid en van die betrokke misdryf in verband gebring word. Dié toets maak ook voorsiening vir die identifikasie en meting van ‘n geneigdheid tot ‘n beter of swakker voorstelling deur die toetsling. **Toetse vir die bepaling van eerlikheid** Die Malingering-skaal van Schretlen et al. (1992) en die Memorisering: 15 items van Lezak: wanvoorstelling soos doelbewuste verskalking is problematies in psigoforensiese evaluasies, aangesien dit aspekte soos blaamwaardigheid en vonnisopsies kan beïnvloed. Inkonsekwentheid in response en aanduidings van moontlike distorsies op gestruktureerde vraelyste van die impulsmoordenaar kan die evalueerder noop om bogenoemde Malingeringskale af te neem en dit met observasies (insluitend deur mediese en verpleegpersoneel) in verband te bring. **Meting van impulsiwiteit, beheer en regulering** Die Selfreguleringsvraelys - SRV (Self-Regulatory Questionnaire – SRQ): hierdie vraelys is deur Brown et al. (1999) ontwerp om selfreguleringsprosesse deur middel van ‘n selfvoltooiingsvraelys te meet. Selfregulering (of ‘n gebrek daaraan) staan sentraal in hierdie studie. Rotter Setel van Beheer: Hierdie is ‘n 13-item gedwongekeuse-vraelys wat setel van beheer meet (Rotter, 1966). ‘n Interne setel van beheer impliseer dat beheer uitgeoefen word oor ‘n persoon se lewe deur eie besluitnemings en andersyds bestaan ‘n eksterne setel van beheer indien ‘n persoon glo dat sy lewe deur eksterne kragte beheer word. Dit handel oor faktore buite die impulsmoordenaar se beheer of interne selfgedrewe kragte (soos die impulsmoordenaar se persoonlike pogings) en hoe dit bygedra het tot die moordenaar se onbesonne optrede.

	Barratt Impulsiwiteitsskaal - BIS): Barratt het reeds in 1965 ‘n instrument ontwerp (die Barratt Impulsiwiteitsskaal - BIS) waarmee impulsiwiteit gemeet kan word en met aanpassings oor tyd, is dit ook in die forensiese milieu getoets (Barratt, 1965; Kaliski,1993). Impulsiwiteit of anders gestel, ‘n gebrek aan impulskontrole, word gekenmerk deur nie-deurdagte optrede en roekelose besluitneming deur die oortreder. Dit gaan in die meeste gevalle gepaard met woede en geweld; optrede wat dikwels met impulsmoorde gelyk gestel word. Die forensiese sielkundige sal sy/ haar verantwoordelikheid versaak as hierdie karaktertrek, as belangrike veranderlike by impulsmoorde, nie gemeet word nie. **Projeksietoetse** Onvoltooide Sinnetoets (Rotter & Rafferty,1950), Tematiese Appersepsietoets-TAT (Du Toit & Piek, 1974; Murray, 1943), TAT vir Zoeloe-sprekendes – TAT-Z (Erasmus, 1975) en die Seksuele Aanpassing- en Funksioneringstoets – SAFT (Olivier,1985). Hierdie tegnieke is projeksiehulpmiddels waarvan bepaalde kaarte en onvoltooide sinsnedes die toetsling stimuleer om gevoelens oor baie aspekte soos die toekoms, verhoudings, frustrasiehantering, doelwitbereiking, motivering en seksualiteit te formuleer. Hoewel die geldigheid van hierdie instrumente dikwels en tereg in howe bevraagteken word (vergelyk die kritiek in 5.2.2.3.1.4 vi), kan die evaluerende sielkundige gekritiseer word indien slegs van selfbeoordelingsvraelyste gebruik gemaak word. Ondanks kritiek, postuleer aanhangers van projeksietegnieke dat dit die bepaling van nie-deursigtige en onbewuste voorkeure, behoeftes en ongesteldhede van die impulsoortreder kan identifiseer. **Vyandigheidsmeting** Vyandigheid- en Rigting-van-Vyandigheidsvraelys (VRVV): hierdie skaal bestaan uit 51 items. Benewens die totale vyandigheidstelling wat bereken word, word ook die rigting van vyandigheid tesame met vyf verskillende subskale van aggressie, gemeet (Caine, Foulds, & Hope, 1967). Vyandigheid staan sentraal in potensiële geweld. Die rigting waarin geweld by die impulsmoordenaar gekanaliseer word (byvoorbeeld deur middel van internalisering) kan antwoorde verskaf vir die onvoorspelbare plofbaarheid wat by impulsmoorde teenwoordig is.

6.2.4 Stap 4: Integrasie van inligting

- **Bespreking van die toetsresultate**

Die evaluerende sielkundige behoort slegs resultate en bevindinge aan te haal wat relevant tot die saak is. In hierdie verband word verwys na die hubris wat tydens die oortreding ontstaan en meer spesifiek hoe daar in Tabel 2.1 met die vergelyking tussen hierdie impulsiewe drif en gepremediteerheid omgegaan word. Die profielsamestelling van impulsmooordenaars in Hoofstuk 8 behoort verder in die bespreking van die resultate beliggaam te wees.

Dit noodsaak die sielkundige om spesifiek na onder andere faktore soos intelligensie, psigopatiese afwyking, streshantering, introversie, aggressie, skuldgevoel/ berou, seksuele afwykings, impulsiwiteit, psigopatologie en setel van beheer te kyk. Sentrale temas wat verbandhoudend met die saak is, moet, soos dit uit die saamgestelde voorbeeld blyk, eweneens veelseggend wees:

Die volgende dien as voorbeeld van hoe die toetse en resultate van ‘n deelnemer in hierdie studie in die psigoforensiese verslag aan die hof voorgehou is:

Mr XXX performed as follows on the *Ravens Progressive Matrixes:*

- *Ravens:* IQ: 97 - low average.

From the personality tests, as well as additional questionnaires, the following conclusions were evident:

- severe depression was measured on the *Beck Depression Scale* as well as the *New York University (NYU) School of Medicine Depression Scale;*

- on the *MCMI*, he tended to exaggerate problems (this test was completed towards the end of 2008 whilst he was still abusing alcohol and therefore various accompanying pathological conditions were present. This could also be seen as a cry for help). On the clinical patterns and syndromes, he measured high on the following:

- schizoid personality: This personality pattern is characterized by a lack of desire and an incapacity to experience either pleasure or pain. Mr xxx tends to be listless, distanced and asocial;

- he measured low on the personality dimension: antisocial personality. It is unlikely that he may exploit his environment for self-gain, that he is irresponsible and impulsive and that he is insensitive to the needs of others;

- self-defeating personality: focusing on his very worst features, he may assert that he deserves being shamed and humbled;

- borderline personality: he experiences intense moods punctuated by recurring periods of dejection and apathy;

- anxiety: high scorers, such as Mr xxx often report feeling either vaguely apprehensive or specifically phobic;

- somatoform disorder: he expresses psychological difficulties through somatic channels;

- dysthymia: hgh scorers like Mr xxx remain involved in everyday life, but have been preoccupied over a period of years with feelings of discouragement or guilt, lack of initiative, low self-esteem and frequent self-deprecatory comments.

- on the *16PF*, the following was measured:

  - he is emotionally changeable, easily affected by feelings and emotionally less stable. He is tense and anxious;

  - he is shy, serious, introspective and silent;

  - he is conforming and measured high on superego strength;

  - he is intuitive, tender-minded and sensitive;

  - he is suspicious, sceptical and distrustful;

  - he is sensitive to social rules and pedantic.

- Profile: he is likely to adhere to the rules and values of the society in which he lives. He prefers order and dislikes confusion. He sets high standards to himself and feels inadequate if these requirements are not met. Constant exposure to external stressors and threatening situations may result in psychological exhaustion. He is shy and cautious and he feels insecure and apprehensive. When he is exposed to extensive pressure, he does not always handle it effectively (tension and anxiety are not canalised effectively). He blames himself when things go wrong. He values moral standards more than being free to gratify his own desires.

- themes of sadness, a lack of mental focus, stress, difficulty adhering to life's demands, emotional shock and being heartbroken (*pelu yaka ibuthluku*) are present in his *TAT* responses.

- no significant impulsivity was measured on the *Barratt's Impulsivity Scale- BIS-2*;

- a score of nineteen (19) was measured on the *HDHQ* (the population cut-off point is between 15 and 20). He tends to direct his hostility inwards;

- the following responses on the *Incomplete Sentences Blank* are worth mentioning:

  - I feel: "*not good*";

  - at home: "*I do read things like Bibles and papers about law*";

  - I regret: "*what I've done to this victim because it was totally unintended*";

  - my greatest fear: "*is to go to jail*";

  - my nerves: "*are nervous because I must still go to court and jail also*";

  - he thinks that people are merciless;

  - he sets high demands to himslef and others.

- on the *CAQ* he measured low on *Psychopathic Deviation,* implying that he is more inhibited than the average person. He is not a sensation seeker. He also measured high on *Guilt and Resentment*: This as the aspect of depression associated with a sense of having commited the unpardonable and experiencing a sense of utter worthlessness. He is troubled by feelings of guilt and is self-critical;

- intact and high self-regulation capacity was measured (self-regulation is the ability to develop, implement and flexibly maintain planned behavior to achieve goals. The self-regulatory process implies general principles of behavioural self-control. Self-regulation may falter, being displayed for instance, in an inability to formulate a plan, to search for options and/or to trigger changes);

- internal *Locus of Control* was measured (Locus of Control refers to an individual's perception about the underlying main causes of events in his/her life. A locus of control orientation is a belief about whether the outcomes of our actions are contingent on what we do (internal control orientation) or on events outside our personal control (external control orientation));

- additional test and information: in general, the *MMPI-2* profile was found to be invalid. This could be because of test resistance or him being uncooperative and faking bad. The possibility of dyslexia and/or random responding should also be considered.

> It also seems (according to the *Schizophrenia (Sc) Sale*) that disordered thinking and possibly even poor contact with reality is present. Indications of being expansive and grandiose with distractibility and confusion was also measured (on the *Hypomania (Ma) Scale*). This could be due to him abstaining from alcohol and that he had only recently (apparently days before the consultation under review) received an antabuse implant.

Die administrasie en interpretasie van die battery van psigometriese toetse behoort (tesame met die omringende omstandighede) so hanteer te word dat dit steeds met vonnisopsies in verband gebring kan word, sonder dat die forensiese sielkundige pertinent aanbevelings in hierdie verband op skrif maak (vonnis-aanbevelings lok dikwels kritiek uit by howe omdat dit die prerogatief van die hof is. Dit kan wel tydens die getuienis in die hof beredeneer word indien die hof dit verlang).

Kliniese bevindinge moet gemaak word met inagneming van die toetsresultate, indrukke, observasie en ander inligting hierbo verkry. Hierdie bevindinge moet vervolgens met verswarende en versagtende omstandighede in verband gebring word. Die evaluerende sielkundige moet argumente ter strafversagting en strafverswaring aanbied. Dit laat die diskresie by die hof om, ooreenkomstig die reëls van geregtigheid en met inagname van die vonnisopsies, hierdie faktore deur die deskundige uitgewys, in ag te neem of te verwerp.

- **Formuleer die kliniese bevindinge**

Hierdie formulering behoort in samehang met die oortreder se toerekeningsvatbaarheid (6.3) beoordeel te word. Dit dui aan of die oortreder die klagtes teen hom of haar verstaan en begrip toon vir die redes vir die evaluering. Volg hierdie bevinding op met die volgende:

Tabel 6.6 Kliniese indrukke:

1. Kliniese indrukke en toetsgedrag:

- oriëntasie;
- geskatte vlak van intellektuele funksionering;
- spraak;
- houding;
- taakoriëntasie;
- fisiese voorkoms;
- moontlike psigotiese simptome soos:
  - taktiele-,
  - visuele-,
  - ouditiewe hallusinasies voor of na die oortreding.
- simptome verbandhoudend met neurologiese toestande soos epilepsie.

2. Neurosielkundige funksionering

- Geheue;
- Konsentrasie;
- Aandaggewing/leervermoë.

3. Wanvoorstelling

Die evaluerende sielkundige behoort in besonder te handel met moontlike voorbereide inligting (‘n “verhaal“) wat die beskuldigde tydens konsultasie wil oordra, sowel as moontlike redes om wanvoorstellings te maak, verdedigend op te tree en die sielkundige met wanvoorstellings op die psigometrie (distorsie) te laat. Die tipiese responsstyl van die beskuldigde (soos eerlikheid, swakker of beter voorstelling of gemengde response) en die graad van wanvoorstelling kan benut word om verdere hipotese te formuleer.

4. Gemoedstoestand:

4.1 Simptome van depressie:

- aptyt;
- toekomsvisie en die moontlike taan van belangstelling;

- seksuele funksionering en libido;
- gemoed;
- energievlakke;
- hopeloosheid;
- dryfkrag;
- behoefte aan sosiale interaksie;
- selfmoordideasies;
- kognisie soos besluitnemingsvermoë en konsentrasie;
- skuldgevoel;
- selfwaarde.

4.2 **Angstoestande** soos byvoorbeeld : PTSV

- die herbelewing van traumatiese gebeure insluitend die moord;
- vermydende gedrag wat met die trauma geassosiseer word;
- verhoogde opwekking.

4.3 Enige ander tekens van psigopatologie soos ‘n organiese breinsindroom, psigogene repressie of dissosiasie, psigoses of suiwer wanvoorstelling (of ’n kombinasie van voorgemelde).

- **Die toetsresultate en kliniese bevindinge moet met strafversagtende faktore in verband gebring word**

Strafversagtende omstandighede moet die oortreder sigself asook die sisteem (samelewing) waarin die daad gepleeg is en die makrosisteem (die juridiese beskouing daarvan), in ag neem. Aspekte soos berou, voorafgaande spanning en frustrasies moet beoordeel en aangetoon word. Beoordeel voorts of die daad beplan is, wat die traumatiese gevolge op die slagoffer se familie is en of ‘n geskiedenis van gewelddadigheid bestaan.

Die volgende dien as voorbeeld van potensiële versagtende aspekte soos dit in ‘n deelnemer se hofverslag aangebied is:

Gevallestudie 1:

- “*the strong support which the accused provided for his family;*
- *he is still makes a monthly contribution to their financial maintenance;*
- *he is more than willing to assist the family of the victim with, for instance, the cost of medical and psychological treatment;*
- *his guilt and remorse;*
- *he phoned the ambulance service, as well as the SAPS. He handed himself over, he co-operated with the police and also pleaded guilty;*
- *the accumulated stress to which he was subjected over years;*
- *the fact that he had not planned the event over any period of time;*
- *the nurturing and perfectionistic nature of his personality;*
- *his emotional state (the mood disorder of depression), which contributed to an impaired sense of responsibility and control;*
- *the fact that he has no history of physical abuse;*
- *him hoping in vain that the necessary steps would be taken against the victim for his sexual transgression. He brooded overt the insufficiency of the SAPF;*
- *the fact that he never envisaged having the capability of committing such a murder with his weapon (this did not enter his mind and he was a weapon owner for more than 15 years);*
- *the whole ordeal was psychologically very traumatic to him, a fact which also manifests in his test battery results;*
- *he placed a high premium on the moral values of his family (values which the rapist did not respect);*
- *he fears revenge from the victim’s family – an anticipation and burden that will haunt him for years”.*

Gevallestudie 2:

- "*He was extremely upset about the fact that his wife had told him to move out after they had problems. This pattern was repeated at least four (4) times;*

- *the accused believes that his ex-wife changed drastically after she started taking medication. She was apparently more "don't care" and was no longer the conservative woman he had married. This was upsetting to him;*

- *his wife's alcohol abuse and gambling pattern also upset him;*

- *he placed a high premium on financial stability. To the best of his knowledge his wife grew up in a wealthy environment and she was more liberally inclined towards financial matters. This was a source of frustration to him;*

- *Mr xxx insisted that the couple receive therapy in order to improve their marriage. This however did not have an immediate beneficial effect;*

- *he shows remorse, is self-critical and wishes that he had rather left the premises on the specific evening of the incident. He formulated the following: "… wish that I could turn back the clock" and has also gained some insight: "… looking at the situation in hindsight … I should have ended the relationship long ago". He also measured high on remorse in the CAQ;*

- *he has a stable work history (he was never dismissed because of poor behaviour or performance). He is still employed as a senior manager;*

- *he is intelligent and possesses above average abilities;*

- *he is in need of psychotherapy and rehabilitation;*

- *he does not pose a threat to society: his previous outburst of violence is a-typical to his character. He also did not measure high on the Hostility and Direction of Hostility Questionnaire (HDHQ);*

- *Mr xxx repeatedly referred to him doubting himself (being subject to low esteem, self-criticism and uncertainty). Her remarks were degrading to him and a blow to his esteem. He described that she regularly bombarded him with accusations such as: "… I wasn't earning enough … and I was pathetic"; This made him feel even more inadequate and worthless;*

- *Psychopathology: He became extremely tense, nervous and developed psychosomatic complaints.For instance, developed a rash over his body and was also depressed. He started using Zilift (an antidepressant) and also sought counseling;*

- *he was in a state of high emotional arousal and confusion at the time of the incident: on the one hand, he thought that the marriage was salvageable and that it could be normalised whilst on the other, he was bitter, jealous and found it unacceptable that*

an unknown man was in his bedroom;

- *if he really had wanted to shoot the other parties concerned, the family or both, it seems as if this was indeed possible, because apparently there were thirteen (13) rounds of ammunition left in the firearm;*
- *this is his first transgression;*
- *it is unlikely that the incident will be repeated: he is not a habitual criminal.".*

- **Die toetsresultate en kliniese bevindinge moet met strafverswarende omstandighede in verband gebring word**

Soos in die geval van versagtende omstandighede moet verswarende omstandighede ook die enkele (sub)sisteem (die oortreder), asook die groter sisteem (die samelewing waarin die oortreder funksioneer en die regsanksies daarin vervat) in ag neem. Die volgende dien as voorbeeld van potensiële verswarende faktore:

- *"the gruesome nature of the offence;*
- *the fact that he (the accused) did not seek professional help in time;*
- *despite his initial attempt to solve the case, he then acted impulsively and took the law into his own hands;*
- *after shooting the victim, the victim fled the scene, yet he followed him;*
- *the whole traumatic incident was unnecessary and unasked-for;*
- *he is intelligent and had the potential as well as the mental ability to react less destructively;*
- *he displayed little consideration for the victim's life and was intent on killing him;*
- *the trauma through which he has put the families;*
- *after shooting the victim, Mr xxx assaulted his wife. This was unnecessary and unasked-for because the couple were already separated at the time. She was also defenseless. He knew that his actions were wrong;*

- *Mr xxx was also involved in an extra-marital relationship;*
- *the statement by his friend, Mr aaa, who mentioned earlier that the accused also threatened to shoot him;*
- *he should have come to terms with the poor prognosis of the marriage;*
- *the trauma through which he and his wife had put the children over years with conflict and general marital disharmony being at the order of the day;*
- *he should have left the house on that specific day. It remains inexplicable why he fetched his weapon;*
- *the increase in violent and impulsive murders in the Republic of South Africa".*

6.2.4 Stap 5: Samestelling van verslag en aanbevelings

Die voorvonnis verslag moet in verstaanbare taal geskryf word en hoogdrawende vakkundige taalgebruik moet vermy word. Die volgende formaat behoort gevolg te word:

- Verskaf identifiserende besonderhede.

- Formuleer 'n bondige inleiding tot die verslag (wat 'n opsommende oorsig van die evaluering behels) en verwys na die psigoforensiese aspekte wat in die verslag bespreek word.

- Die uitgebreide verslag:

  i) dit behels inligting rakende die persoon se verlede (soos dit hoofsaaklik in stappe 2 en 3 bekom is);
  ii) die huidige bevindinge (blaamwaardigheid, risiko-faktore en die sielkundige toetse behoort in samehang met die kliniese indrukke bespreek te word); en

iii) aspekte rakende die toekoms (soos rehabilitasie, slagoffervergoeding en residivisme).

- In laasgenoemde stap moet teenstrydighede beredeneer word, bevindinge met die misdaad in verband gebring word en dit beteken dit dat die inhoud waarskynlik gereeld herskryf sal word.

- Bespreek die bronnelys en relevante hofsake.

Die aanbieding van ‘n bronnelys is opsioneel, terwyl die verwysing na relevante hofsake ononderhandelbaar is. Die interaksie tussen die sielkunde en die reg as outonome vakgebiede word onderstreep in die sielkundige se bestudering en inagneming van relevante ander hofuitsprake en literatuur waarin impulsmoorde (en die dinamieke daaragter) belig word. Die volgende is rigtinggewende uitsprake en verbandhoudende literatuur wat die sielkundige kan benut om wedersyds insluitende gemenedelers te bespreek:

Tabel 6.8 Relevante hofsake en verbandhoudende literatuur:

Tydelike nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid:

- *S v Calitz* 1990 (1) SACR 119 (A)
- *S v Eadie* (1) 2001 (1) SACR 172 (C)
- *S v Potgieter* 1994 (1) SACR 61 (A)
- *S v Wiid* 1990 1990 (1) SACR 561 (A)

Die rol van die deskundige in hofverrigtinge:

- *Michael v Linksfield Park Clinic* (2001) (3) SA 1188 (SCA)
- *Bolitho v City & Hackney Health Authority* (1998) AC 232 (H)

Verbandhoudende literatuur:

- Nel, P. W. (2007). *Toerekeningsvatbaarheid in die Suid-Afrikaanse strafreg*. Ongepubliseerde Magisterverhandeling. Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Bartol, C. R., & Bartol, A. M. (Eds.). (2006). *Current perspectives in forensic psychology and criminal justice*. London: Sage

- **‘n Finale formulering**

‘n Kombinasie van noemenswaardige geskiedkundige faktore en gebeure, toetsresultate, omstandighede wat die misdaad omgeef en die misdryf *per se* vorm die inleiding in hierdie fase. Die evaluerende vrae moet deur middel van ‘n inklusiewe benadering beantwoord word en veral om hierdie moord van gepremediteerde moord te onderskei. Die fokus val laastens veral op aspekte wat die hof in ag gaan neem met die onderskeie vonnisopsies. Dit sluit ‘n opinie hieroor en die begronding van so ‘n opinie in.

Hierdie finale formulering van inligting kan ooreenkomstig ’n kontrolelys gedoen word (afwykings daarvan geskied ooreenkomstig die waarnemings wat gedoen word). Hierdie kontrolelys vorm die skelet van finale psigoforensiese straftoemetingsverslag en die bepaalde veranderlikes moet met faktore (soos bespreek in die onderhawige lys) in verband gebring word. Daarmee kan bewyse aangevoer word ter begronding van ’n bepaalde siening deur die sielkundige. Enkele voorbeelde van premisses wat daarin vervat kan word, word in Tabel 6.9 aangebied:

Tabel 6.9 Rigtinggewende faktore in die formulering van ‘n finale opinie:

Faktore	**Bespreking**
Pleit	Is die hof in vertroue geneem en toon die beskuldigde berou deur ’n goed voorafberedeneerde pleit van skuldig of volstaan die beskuldigde by ’n pleit van onskuldig?
Gemeenregtelike aspekte	Is tradisionele oortuigings, kulturele kontekste en (by)gelowe soos die rol van toorkuns en *sangomas* teenwoordig?

Moraliteit	Verwys na die beskuldigde se sin vir reg en verkeerd; dit wil sê vatbaarheid vir gewetenswroeging
Stressors / psigiese snellers	Verwys na die spanningsbelaaide insidente wat oor tyd opgebou het en ook onverwagte stressors wat tot 'n "emosionele ontploffing" kon lei
Voorbedagte rade/beplanning	Bestaan bewyse van voorafberedeneerde beplanning?
Dwang/Intimidasie	Is die handeling onder eksterne druk uitgevoer of het dit uit eie beweging voortgespruit?
Strafbelewenis	Hoe het die beskuldigde sy/haar aanvanklike aanhouding beleef en watter tipe reaksie word verwag in die geval van permanente gevangenskap?
Toekomsverwagtinge	Het die beskuldigde 'n *laisser-faire* houding ingeneem of is rehabilitasie en verryking deur middel van studies of programme 'n werkbare alternatief?
Hervormbaarheid	Rehabilitasie is een van die drie hoekstene van vonnisoplegging. Identifiseer faktore soos berou, boetedoening, veranderinge en karaktertrekke wat rehabilitasie kan versterk. Wat is die kans vir herhaling van die misdryf?
Gemeenskapsverwagtinge	Bepaal of partye betrokke in die saak vergelding voorstaan en of aangedring word op tronkstraf
Berou	Berou dui op spyt, 'n kentering, selfverwyt en selfveragting en kom voor in skrywes, uitsprake sowel as dit waarvoor die beskuldigde pleit. Hierdie aspek kan ook getoets word. Bespreek of berou geveins of eg is

Persoonlikheidsaspekte	Verwys na aspekte soos selfbeeld, egokragte, lokus van beheer, spanningshantering, inhibering, psigopatologie en gewetenswroeging
Verswarende en versag-tende omstandighede	Die mate van verminderde toerekeningsvatbaarheid moet ook opgeweeg word teen die verswarende omstandighede

Aanbevelings vir behandeling en of verdere ondersoek kan gedoen word. Die verslag word afgesluit met die evaluerende sielkundige se handtekening en kwalifikasies. ‘n Curriculum vitae behoort as bylaag tot die verslag aangeheg te word (dit bevestig die deskundigheid van die ondersoeker).

Wat verdere aanbevelings betref, behoort die volgende invalshoek in gedagte gehou te word: sielkundiges word benut om te bepaal of ’n impulsmoordenaar geestesgesond is (kyk (ii) in Diagram 6.1): of hy / sy oor die vermoë beskik om tussen reg en verkeerd te onderskei en om ooreenkomstig daardie vermoë op te tree. Met hierdie fokus kan die volgende gekondenseerde raamwerk aangebied word:

6.3 Bepaal of die impulsmoorde gegrond is op algehele ontoerekeningsvatbaarheid vanweë psigopatologie

In die geval van beweerde nie-toerekeningsvatbaarheid as gevolg van psigopatologie, word die beskuldigde gewoonlik na ‘n psigiatriese instansie verwys en vorm die sielkundige evaluering terselfdertyd deel van ‘n multi-dissiplinêre span-evaluering. ‘n Bevinding word ooreenkomstig afdelings 77, 78 & 79 van die Strafprosewet, 51 van 1977 gemaak en kan soos volg daaruit sien:

Tabel 6.1 Verslagdoening: toerekeningsvatbaarheid (De Wet, Plomp & Gauché, 2008):

I .....(the forensic psychologist) declare that .....(the accused) detained at .....(the psychiatric institution) under Regulation (1) of the Mental Health Care Act, no 17 of 2002 and according to..... (the spesific court order) was evaluated and observed. The examination consisted of psychometric tests and clinical interviews. Medical tests were also available.

- The following psychological diagnosis was made: ...
- The accused has insight / no insight into his transgression.
- At the time of the alleged offence he did not suffer / suffered from a mental disorder or mental defect which affected his ability to distinguish between right and wrong. A disorder did not / did affect or influence his ability to act in accordance with this ability.
- The accused is capable / incapable of understanding court procedures.
- He is mentally capable / incapable of contributing meaningfully to his defence.

Signed..... Client.....

Registered psychologist Dates ...../.....

Indien die oortreder ten tye van die impulsmoord wel aan ‘n psigopatologiese toestand gely het :

i) wat bygedra het tot ‘n onvermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei;
ii) en/of aan ‘n geestestoestand gely het wat die vermoë beïnvloed het om dienooreenkomstig hierdie onderskeidingvermoë op te tree,

moet dit insgelyks so aan die hof voorgehou word. Dit is nuttig om in hierdie verband ‘n diagnose te maak en byvoorbeeld soos volg daarop uit te brei:

Tabel 6.2 Voorbeeld van diagnose en graad van belemmering:

Axis	DSM IV Diagnosis
I	● Clinical disorder: Mood disorder Alcohol abuse
II	● Narcissistic Personality Disorder Use of denial
III	● Endocrine & Metabolic diseases
IV	● Educational problems & job loss ● Coping: past – moderate ● Coping: present- poor
V **GAF** Degree of impairment (absent, minor, moderate, marked or extreme)	60 Social functioning – extreme Adjustment to stress – moderate Motivation and focus – extreme Activities of daily living – marked

Die evaluerende sielkundige behoort die volgende in gedagte te hou: in bepaalde gevalle word impulsmoord beskou as “strafbare mansslag“ met verminderde (en in sekere gevalle totaal afwesige) weerstandsvermoë en toerekenbaarheid. Die parallel tussen die twee verwere van, óf verminderde óf algehele tydelike ontoerekeningsvatbaarheid, word gevind in die individu se gemoedstoestand en tydens die kwaadwillige uitvoering van die misdryf (*mens rea)*.

ŉ “Emosionele uitbarsting” / kataklisme met gevolglike psigogene amnesie (dus met ŉ psigologiese en nie ŉ organiese oorsaak nie) word in so ŉ geval as verweer geopper. Hierdie impulsiewe geweld (gewoonlik gesneller deur frustrasie en opbouende spanning) vorm deel van hierdie eiesoortige verweer. Die oortreder kan dan soms nie verantwoordelik gehou word vir sy of haar optrede nie (of andersins is verminderde morele blaamwaardigheid teenwoordig).

Die vraag ontstaan of die oortreder ten tye van die misdryf aan buitengewone stressors (en gevolglike so ŉ intense mate van innerlike emosionele disharmonie en emosionele opwekking) blootgestel was, dat sy/haar oordeel (kognisie) en

beheer oor sy/haar aksies (konasie) verminder of selfs totaal vertroebel is. Dit berus by die forensiese sielkundige om die graad van blaamwaardigheid in hierdie tipe moorde te beoordeel, te identifiseer en binne die konteks van die misdryf en ooreenkomstig bogenoemde evalueringsmodel te verklaar. Sielkundige en emosioneel verwante determinante kan inderdaad georden word en ‘n bepalende rol in vonnisoplegging by nie-gepremediteerde moorde speel.

6.4 Samevatting

‘n Raamwerk waarbinne die forensiese sielkundige impulsmoorde kan benader en evalueer, is aangebied en lei tot ‘n nuwe koers met nuwe uitdagings. Dit is gebaseer op teoretiese premisses soos in die voorafgaande hoofstukke bespreek. Dit beteken dat die inhoud as gepas en ter sake deur die betrokke regslui beskou sal word en ‘n *coup d’oeil* as aansporing tussen die partye sodoende verseker sal word. Die evalueerder word ook binne hierdie raamwerk ruimte vir verdere ontginning gebied.

Die unieke aard van die evalueringsmodel onderskei nie net tussen moord en impulsmoord as verskillende fenomene nie, maar dui ook op ‘n beweging weg van die stereotipes verbonde aan hierdie twee verskynsels in die regsmilieu.

Hoofstuk 7

Profielsamestelling van ’n groep impulsmoordenaars

7.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om met behulp van die model wat vir psigoforensiese evaluerings en hofgetuienis ontwikkel is, die profiele van ‘n groep impulsmoordenaars te ontleed en tendense te bepaal. Gedurende die bespreking van impulsmoordenaars as deelnemers word bepaalde indekse en resultate toegelig soos dit in verskillende gevallestudies geïdentifiseer is. Dit sluit die volgende in: agtergrond- en biografiese inligting persoonlike en verhoudingsaspekte, sosiale gewoontes, kontekstuele faktore, slagofferinligting, sielkundige toetsresultate sowel as voor- en na-kriminele optrede.

7.2 Metode van evaluering

Ten einde tendense by die groep deelnemers te identifiseer is daar gebruik gemaak van geargiveerde hofgevalle wat hofevaluasies, psigometriese toetse, deskundige besprekings, kollaterale inligting, saakdossiere en verslae bevat. In totaal is ‘n groep van vyftien deelnemers by die studie betrek. Hierdie groep deelnemers is in howe gevonnis nadat die wyse van psigoforensiese evaluering deur die betrokke regspanne sowel as die voorsittende beamptes aanvaar is. Die ondersoeker kon sodoende daarin slaag om die optrede van die moordenaar inderdaad as impulsmoord te kategoriseer, synde dit nie-gepremediteerde optredes behels het. Omdat impulsmoorde (anders as konvensionele moorde) nie sonder meer voorspel kan word nie en ook veel minder as eersgenoemde groep moorde voorkom, moes die evaluering oor tyd (en na gelang van elke verwysing deur ‘n regspan) gedoen word. Alle rassegroepe is verteenwordig en die hofverskynings was in bykans al die provinsies in die RSA.

Die evalueringsmodel is na die afhandeling van elke hofsaak beoordeel en aangepas. Die gemiddelde ouderdom van die groep was veertig jaar en aangesien die groep relatief klein was, kan dit nie as ‘n verteenwoordigende steekproef beskou word nie. Die onderhawige resultate is net van toepassing op hierdie betrokke groep oortreders en daar kan hoogstens van tendense gepraat word.

Vanweë die beperkte navorsing in hierdie veld was vergelyking met soortgelyke groepe uiters beperk. Sommige indekse kan wel met die literatuur insake geweld en impulsiwiteit in die algemeen in verband gebring word, terwyl ander nie in die literatuur beskryf word nie en nie voldoende nagevors is nie. Die bepaling van indekse is van belang in veral die voorspelling van oortredings, vonnisoplegging, residivisme en die rehabilitasie van die impulsmoordenaar. Die indekse skep ook ruimte en is riglyne vir verdere navorsing in hierdie veld.

Die bepaalde indekse wat in hierdie studie gebruik kon word, word uitgedruk as persentasies van die groep deelnemers as geheel.

7.3 Onderskeie indekse soos op impulsmoordenaars toegepas


7.3.1 Kinderjare van die oortreder

Suh et al. (2001) het gevind dat ‘n jeugdige ouderdom, hoë vyandigheidstellings op meetinstrumente, ‘n geskiedenis van fisiese geweld en die teenwoordigheid van ‘n ASPV die beste voorspellers vir geweldsmisdadigheid is. Die geografiese omgewing en kindertraumas het nie in hul navorsingsresultate met geweld gekorreleer nie. Die vraag ontstaan hoe hierdie voorspellers by die onderhawige groep deelnemers teenwoordig is?

7.3.1.1 Sosio-demografiese omgewing

'n Studie van die geografiese gebied waarin die deelnemers aan die huidige ondersoek grootgeword het, toon dat die oorgrote meerderheid (73,3%) in 'n landelike omgewing grootgeword het, terwyl net meer as 'n kwart (26,7%) in 'n stad opgegroei het. Hierdie kwalitatiewe bevinding verskil van Suh et al. (2001) se navorsingsresultate wat nie 'n verband tussen geografiese omgewing en geweldenaars kon bepaal nie.

Die meerderheid deelnemers (40%) het hul kinderjare in Gauteng deurgebring, met Noordwes (26,7%) en Mpumalanga (13,3%) in die tweede en derde posisies onderskeidelik.



Figuur 7.1: Provinsies waarin deelnemers grootgeword het

7.3.1.2 Probleemouers en traumatiese kinderjare

'n Kwalitatiewe ondersoek na kindertrauma waaraan die groep deelnemers blootgestel was (insluitend fisiese mishandeling, emosionele trauma en blootstelling aan middelmisbruik in gesinsverband), het bevind dat die grootste aantal deelnemers (73,3%) normale kinderjare beleef het.

Slegs 13,3% is aan fisiese mishandeling blootgestel, terwyl twee deelnemers (13,4%) aan fisiese en emosionele mishandeling in die gesin blootgestel was. Geeneen van die oortreders is aan middelmisbruik in gesinsverband blootgestel nie. Hierdie kwalitatiewe vergelyking en bevinding (dat impulsmoorde gepleeg is in die afwesigheid van noemenswaardige kindertrauma) is nie in ooreenstemming met die literatuur wat onder ander ouerlike verwaarlosing, emosionele deprivasie en die modellering/aanleer van aggressiewe ouerlike gedrag in die gesinsmilieu, as kweekaarde vir latere impulsiewe gedrag beskou nie (Hickey, 2003).

Bepaalde tipe gesinsverhoudings kan ook volgens Carson et al. (1996) en Papapietro en Barbo (2005) tot latere aggressie lei, terwyl Lennings (2004) gewelddadigheid aan onder andere disfunksionele families, psigopatologie by ouers en gesinskonflik koppel. McClellan en Killeen (2000) identifiseer ‘n verband tussen intieme verhoudingsgeweld en gebrekkige emosionele gehegtheid (as kind teenoor gesagfigure by geweldenaars) as verdere faktore.

7.3.1.3 Kriminogene geskiedenis van die oortreder se gesinslede

Geeneen van die deelnemers in die groep se gesinslede het ‘n kriminogene geskiedenis of rekord nie. Vanweë gebrekkige beskikbare navorsing kan hierdie bevinding nie met ander navorsingsresultate vergelyk word nie. Slegs Hickey (2003) en Papapietro en Barbo (2005) identifiseer die aanleer van aggressiewe ouerlike gedrag (wat moontlik met ‘n kriminogene geneigdheid geassosieer kan word) as voorspeller vir latere aggressiewe gedrag.

7.3.1.4 Sosio-ekonomiese status van gesin

Volgens die meeste deelnemers (66,6%) kon hul sosio-ekonomiese status tydens hul kinderjare as armoedig beskryf word, terwyl 33,3% dié status as gemiddeld beleef het. Geen deelnemers kom volgens hul eie oortuigings uit bogemiddeld sosio-ekonomiese omstandighede nie. Hierdie verwantskap tussen lae sosio-

ekonomiese status en aggressiewe misdrywe word deur Carson et al. (1996), Clinard (1974) en die International Centre for Alcohol Policies (2008) erken en is in ooreenstemming met die sosio-ekonomiese faktore wat by die huidige groep deelnemers geïdentifiseer is.

7.3.1.5 Aantal sibbe van die oortreder

Geeneen van die oortreders in die groep was enkelkinders nie. Die meeste oortreders (46,7%) het tussen een en drie broers of susters, 13,3% van die deelnemers het vier tot vyf broers of susters, terwyl 40% van die oortreders uit groter gesinne (5+ sibbe) afkomstig is.

7.3.1.6 Skool- en/of aanpassingsprobleme: rebelsheid of opponerende gedrag

In hierdie groep kon geen (0%) deelnemers geïdentifiseer word met ernstige aanpassingsprobleme of met ‘n geskiedenis van gesagsprobleme of opponerende gedrag as kind en op skool nie. Hierdie bevinding is gebaseer op inligting wat by die deelnemers en ook by kollaterale inligtingsbronne (soos familie en vriende) bekom is. Daar is tewens deelnemers wat geen skoolgrade herhaal het nie en sommige het selfs leierposisies beklee. Een van die deelnemers moes die skool vroeg verlaat, maar dit is ‘n uitsondering en nie aan persoonlike tekortkominge toe te skryf nie.

Hierdie bevinding verskil van die sienings van Hickey (2003) en De Brito et al. (2009). Hulle beskryf kenmerkende gedragsprobleme by kinders wat op die latere ontwikkeling van gewelddadige gedrag en antisosiale persoonlikheidsprobleme kan dui, terwyl Hay en Castle (2000) inderdaad ‘n direkte verband gevind het tussen vroeëre gedragsversteurings en latere aggressie in die deelnemers se volwasse lewensjare.

Volgens August et al. (1983) kan kinder-aggressie as voorspeller dien vir toekomstige gewelddadigheid. Hierdie mening word deur Carson et al. (1996,

pp. 535, 537) gesteun en hulle verwys na ‘n “*oppositional defiant disorder”* wat gekenmerk word deur vyandige gedragsuitinge op ‘n jeugdige ouderdom. Die argument word dus gevoer dat impulsiwiteit teruggevoer kan word na die individu se kinderjare en gekoppel kan word aan die oortreder se opponerende geaardheid. Sodanige gedrag is nie by die groep deelnemers in hierdie ondersoek teenwoordig nie – dog is hul skuldig bevind aan impulsmoord.

7.3.1.7 Aanwesigheid van kinderpsigopatologie

Volgens die inligting wat by die deelnemers en kollaterale bronne bekom is, is geeneen van die deelnemers in die groep as kind met psigopatologie gediagnoseer nie. Geen deelnemer het as kind professionele ingrepe (onder andere opname, psigoterapie of medikasie) ontvang nie.

Hierdie bevindings word nie deur August et al. (1983), Hay en Castle (2000), Lennings (2004), of Weiss (1990) se navorsing gesteun nie. Die genoemde navorsers het byvoorbeeld ‘n verband tussen kinderpsigopatologie (en veral ‘n aandagtekort/hiperaktiwiteitsversteuring – ATHV) en geweld gevind. Die onderhawige bevindings is wel in ooreenstemming met Robins en Price (1991) se navorsingsresultate wat nie impulsiwiteit in die volwasse lewensfase met psigopatologiese kindertoestande soos bepaalde gedragsversteurings en hiperaktiwiteit kon verbind nie.


7.3.1.8 Wetsoortredings as kind

Geeneen (0%) van die deelnemers het as kind hul aan kriminogene gedrag skuldig gemaak nie en almal was dus wetsgehoorsaam. Hierdie bevinding is nie in ooreenstemming met Carson et al. (1996, p. 341) wat geweld onlosmaaklik koppel aan “... *impulsiveness, acting out, and intolerance of discipline…*”, asook aan die siening dat hierdie tipe gewelddadige gedrag reeds op ‘n jeugdige ouderdom voorkom nie. Ten spyte van die onderhawige deelnemers se misdaadvrye kinderjare, is hulle as volwassenes aan ‘n bepaalde geweldsmisdryf (impulsmoord) skuldig bevind.

7.3.2 Volwasse indekse van oortreders

7.3.2.1 Etnisiteit/Rasverspreiding

In die huidige groep deelnemers was die oortreders uit al die rassegroepe in Suid-Afrika afkomstig.



Figuur 7.2: Rasverspreiding uitgedruk in persentasies

Die grootste persentasie deelnemers (46,7%) in dié groep was swart, terwyl blanke deelnemers 40% van die studie uitgemaak het. Bruines en Indiërs het onderskeidelik 6,7% en 6,6% van die oortreders uitgemaak.

Ten opsigte van reeds bestaande navorsing wil dit voorkom of hierdie veranderlike wel internasionaal as deel van etniese- en rassemisdaad-profilering aandag geniet, maar nie wat impulsmoorde betref nie (Bartol & Bartol, 2005). ‘n Vergelyking met die bevindings van die onderhawige studie is dus nie moontlik nie.

7.3.2.2 Geslagtelikheid van oortreders

Mans het 93,3% van die ondersoekgroep uitgemaak, en slegs een van die deelnemers (6,7%) in die groep was vroulik. Hierdie bevinding is in

ooreenstemming met die siening van Di Giacomo en Clerici (2010) dat geslag wel voorspellingswaarde vir algemene geweld het.

7.3.2.3 Oortreder se ouderdom ten tye van die oortreding

Volgens tabel 7.1 hier onder was die jongste deelnemer in die groep tussen 21 en 30 jaar oud. Die meeste impulsmoordenaars (40%) se ouderdomme het tussen 31 en 40 jaar gewissel. Die tweede hoogste aantal oortreders in die groep (26,7%) se ouderdom het tussen 41 en 50 jaar gewissel. Hierdie bevinding verskil van Di Giacomo en Clerici (2010) s'n wat jeugdigheid (tesame met ander faktore soos middelgebruik en gebrekkige impulskontrole) as risikofaktore vir gewelddadigheid identifiseer.

Tabel 7.1 Oortreders se ouderdomme:

Minderjarig	0%
21-30 jaar	6,7%
31-40 jaar	40,0%
41-50 jaar	26,7%
51-60 jaar	13,3%
60+ jaar	13,3%

7.3.2.4 Opvoedingsvlak en skoolkwalifikasie

Die opvoedkundige vlak en kwalifikasies van die deelnemers het gewissel van graad 10 tot 12 (66,7%), tot diegene met tersiêre opleiding (33,3%). Geeneen van die groep was laer as graad 8 gekwalifiseer nie.

Volgens Weiss (1990) korreleer die kwaliteit van die persoon se skoolprestasie (meer bepaald swak skoolprestasie) positief met geweldsmisdadigheid in die algemeen. Ten opsigte van die groep impulsmoordenaars in die onderhawige studie het twee derdes van die deelnemers sekondêre skoolkwalifikasies behaal,

terwyl een derde hulself verder op tersiêre vlak bekwaam het. Geeneen van die oortreders in die groep beskik oor minderwaardige skoolopleidingsvlakke nie en Weiss (1990) se bevindings word derhalwe nie gesteun nie.

7.3.2.5 Werkgeskiedenis

Slegs 13,7% van die deelnemers het onstabiele werkrekords gehad (gereeld van werk verander, vir periodes werkloos en selfs in bepaalde poste afgedank). Die oorgrote meerderheid (87,3%) het vaste werk vir lang periodes gehad en was selde werkloos.

7.3.2.6 Sosiale gewoontes (middelgebruik)

Verskeie outeurs spreek hulself uit oor die interaksie tussen middelgebruik en geweldsmisdade (Butler 2003; Di Giacomo & Clerici, 2010; Federal Bureau of Investigation, 1997; Koss & Gaines, 1993; Swartz & Lurigio, 1999, 2004). Dit blyk dat veral alkohol as sneller dien vir geweld en impulsiwiteit (Lennings, 2004) en volgens Simonds en Kashani (1980) gee die hoeveelheid dwelms wat ‘n gebruiker neem – eerder as die tipe dwelm – aanleiding tot geweldsmisdaad.

Wat middelgebruik betref, is bevind dat die meeste deelnemers in die huidige ondersoekgroep (46,7%) in die algemeen sobere gewoontes handhaaf. Veertig persent van die deelnemers was matige alkoholgebruikers en 13,3% het middels misbruik. Dit is verder insiggewend dat 35,7% van die deelnemers op die dag van die moordinsident in beperkte mate alkohol gebruik het. Voorgenoemde is egter nie in die finale hofgedinge as enigsins bepalende en leidinggewende faktor beskou nie. Middelgebruik in die algemeen en ook ten tye van die misdryf kon in hierdie geval dus nie as primêre voorspeller vir die voorkoms van impulsmoorde dien nie.

7.3.2.7 Seksuele probleme/prestasie

Wat betref subjektiewe kritiek op die deelnemers se seksuele prestasie, is een derde (33,3%) van die deelnemers deur hul lewensmaats gekritiseer as swak seksuele presteerders (disfunksies soos pre-ejakulasie en impotensie). Die res is selde of nooit gekritiseer nie. Navorsingsresultate ten opsigte van die rol wat seksuele funksionering in impulsgeweld speel, kon nie deur die ondersoeker opgespoor word nie.

7.3.2.8 Mediese geskiedenis

Die mediese toestande wat vroeër by 53,3% van die deelnemers gediagnoseer is, sluit onder meer in ‘n vorige hoofbesering, kanker, gesigbeserings, sistemiese klagtes soos ulserasies, ‘n harttoestand en artritis. Die res (46,7%) was gesond. Dit wil voorkom of die rol wat mediese toestande moontlik in die pleeg van impulsmoorde nie bloot agterweë gelaat kan word nie, maar verder ondersoek behoort te word. Die klem behoort op die aard, behandeling, duur en tipe mediese toestand te val.

7.3.2.9 Gebruik van chroniese medikasie (insluitend psigiatriese medikasie)


Net minder as die helfte (46,7%) van die deelnemers het voorgeskrewe chroniese medikasie ten tye van die oortreding gebruik. ‘n Derde van hierdie groep het voorgeskrewe psigiatriese medikasie vir angstoestande en depressie as gemoedversteuring gebruik (die rol van hierdie toestande in impulsgeweld word later bespreek). Die res van die deelnemers wat chroniese medikasie-gebruikers was, het dit vir mediese toestande gebruik.

7.3.2.10 ‘n Geskiedenis van amnesie

Die deelnemers met ‘n geskiedenis van vorige gevalle van amnesie (26,7%) koppel dit aan die volgende voorvalle: alkohol-geïnduseerde amnesie ná ‘n episode van alkoholmisbruik en na ‘n angstoestand met gepaardgaande somatisering. Die meeste deelnemers (73,3%) het egter geen geskiedenis van amnesie nie. (Vergelyk 7.3.3.14 waar die aantal deelnemers (73.4%) geïllustreer word wat selektiewe/gedeeltelike amnesie vir gebeure ten tye van die impulsmoord gehad het). Vanweë die feit dat ‘n geskiedenis van amnesie nie werklik as indeks in geweldsmisdade nagevors is nie, kon vergelykings nie getref word nie.

In *S v Kensley* 1995 (1) SACR 646 (A) word wel steun gevind vir die regsgevolge van voorafgaande episodes van amnesie (ook die afwesigheid daarvan), asook die moontlike oorsake van sulke episodes. Die irrelevansie daarvan word ook beredeneer wanneer die vraag gevra word of die oortreder ten tye van die misdryf tussen reg en verkeerd kon onderskei. Indien ‘n geskiedenis van amnesie by die groep deelnemers teenwoordig sou wees, kan dit slegs ‘n simptoom wees wat by vonnisoplegging in ag geneem word – dit sou nie as verweer dien nie (S v Domoney (90/86) [1986] ZASCA 81 (26 Augustus 1986).

7.3.2.11 Godsdiensbeoefening voor die misdryf



Figuur 7.3: Godsdiensbetrokkenheid van deelnemers

Meer as die helfte (53,3%) van die deelnemers was ten tye van die misdryf nie godsdienstig aktief nie. Slegs 26,7% van die totale groep was gereelde en aktiewe kerkgangers, terwyl 26,7% sporadies en op minder gereelde tye kerkaktiwiteite bygewoon het.

‘n Onverwagte kentering is ook geïdentifiseer: enkele deelnemers (21,4%) het wel na die moord meer aktief by godsdiens betrokke geraak en het byvoorbeeld by huis-selgroepe aangesluit. Een is selfs gedoop.

7.3.2.12 Voorafgaande sielkundige behandeling

Slegs vyf (33,3%) van die deelnemers het nie voorheen professionele ingrepe vir sielkundige probleme ontvang nie. By die res van die vyftien deelnemers (66,7%) is gepoog om psigologiese probleme met behulp van professionele bystand (individuele en verhoudingspsigoterapie, hospitalisering, medikasie en psigiatriese hulp) te verlig.

7.3.2.13 Misdaadgeneigdheid/-geskiedenis


Wat misdaadgeneigdheid as volwassene betref, het die meerderheid (86,7%) van die deelnemers aangedui dat die impulsmoord hul eerste oortreding was en is dit insgelyks so in die hofrekords gestaaf. In twee gevalle (13,3%) is interdikte (betreffende gesinsgeweld) teen die deelnemer bekom. Hoewel dit nie as vorige oortreding of ‘n misdaadrekord gekwalifiseer het nie, is dit as ‘n potensiële geneigdheid tot misdaad getabuleer. Waar ‘n interdik ooreenkomstig die Wet op Gesinsgeweld uitgereik is, is dit egter nie afgedwing nie en het die klaagster (die latere slagoffer) en haar kinders ten spyte van so ‘n bevel steeds by die oortreder gebly. Hierdie bevel is ook nie later deur die hoërhof teen die oortreders gehou nie.

7.3.3 Kontekstuele faktore

Kontekstuele determinante verteenwoordig die agtergrond waarteen die impulsmoord afspeel. Aggressie en impulsiwiteit setel nie slegs in die individu as aangeleerde of oorerflike eienskap nie, maar word ook deur kontekstuele faktore ontlok (Bartol & Bartol, 2005). Dit is verder duidelik dat meer as een kontekstuele faktor gelyktydig by ‘n bepaalde deelnemer ‘n rol kon gespeel het. So kan die oortreder byvoorbeeld tydens die pleeg van die daad ‘n verskeidenheid van emosies beleef en kan die daad deur meervoudige snellers voorafgegaan word. Die volgende tersaaklike omstandigheidsfaktore is in ag geneem:

7.3.3.1 Verhouding tussen oortreder en slagoffer

Ongeveer twee derdes (60%) van die oortreders was seksueel intiem betrokke by hul slagoffer toe die misdryf gepleeg is. Die res (40%) was òf in die proses van ‘n egskeiding, reeds geskei, òf in saamblyverhoudings sonder seksuele intimiteit, maar met beloftes van potensiële hereniging. Dit is noemenswaardig dat die slagoffer in slegs ‘n enkele geval onbekend aan die oortreder was en dat hierdie verhouding ook meer formeel van aard was. Die res van die verhoudings was informeel, passievol en die meerderheid moorde was intieme impulsmoorde.



Figuur 7.4: Oortreder-/slagoffer-verhouding

- ❖ Een van die deelnemers was geskei maar het weer ‘n saamblyverhouding met die oorledene begin, terwyl die oorledene ook in die geheim ‘n saamblyverhouding met haar nuwe vriend gehad het.

- ❖ In een geval was daar ‘n saamblyverhouding wat platonies was, terwyl die slagoffer skynbaar ‘n liefdesverhouding begeer het.

Bogenoemde bevindings word in die literatuur gesteun. Impulsmoorde en impulsgeweld kom dikwels voor in intieme saamblyverhoudings (Cilliers, 2009; Craissati, 2005; Edens & Douglas, 2003; Jooste, 2005; Pienaar; 2009; Rosenberg 1992). Exner en Thurstone (2009, p. 9) verwys na “*love killings”* en impulsmoord is volgens Cartwright (2002), Derefinko et al. (2011) en Dobash et al. (2004) unieke tipe “nabye moorde” met bepaalde patrone. Dit is ook gemeensaak dat die meeste Suid-Afrikaners vermoor word deur persone wat kennisse is (Jewkes, Levin, & Penn-Kekane, 2003).

7.3.3.2 Tydsduur van die verhouding tussen oortreder en slagoffer

Twee derdes (66,6%) van die verhoudings waarbinne moorde gepleeg is, het onderskeidelik tussen een en drie jaar (33,3%) of langer as tien jaar (33,3%) geduur. Ongeveer 13% van die moorde is gepleeg in verhoudings wat tussen vier en ses jaar geduur het, en bykans 7% van die moorde is gepleeg in verhoudings met ‘n tydsduur van tussen ses en tien jaar.

Tabel 7.2 Tydsduur van verhouding tussen slagoffer en oortreder, gemeet in jare:

0-1 jaar	13,3%
1-3 jaar	33,3%
4-6 jaar	13,3%
7-10 jaar	6,7%
10+ jaar	33,4%

7.3.3.3 Persoonlikheidsaspekte van die slagoffer: kollaterale bronne

Inligting is waar moontlik by familie en vriende van beide die oortreder en die slagoffer bekom. Die hoogste indeks (66,7%) by die slagoffers het betrekking gehad op oneerlikheid in hul verhouding met die oortreder, terwyl 53,3% seksueel ontrou en ook vyandig en afsydig teenoor die oortreder was. Bykans die helfte (46,7%) was emosioneel funksioneel en geestesgesond, terwyl ‘n derde van die slagoffers tot middelmisbruik (meer bepaald alkohol) geneig was. In ‘n mindere mate (13,3%) was die slagoffers verknog aan hul families en was die oortreder oortuig dat sy gesag daardeur ondermyn word. ‘n Ewe groot persentasie (13,3%) van die slagoffers het hoë finansiële eise aan die oortreder gestel en laasgenoemde met finansiële skuld agtergelaat.

Tabel 7.3 Karakterisering van slagoffer deur oortreder:

Oneerlik	66,7%
Seksuele ontrouheid	53,3%
Vyandig en krities teenoor oortreder	53,3%
Geestesgesond	46,7%
Middelmisbruik	33,3%
Oormatig geheg aan familie	13,3%
Verkwister en ‘n finansiële las	13,3%
Psigopatologies	6,7%

Min navorsing bestaan ten opsigte van bogenoemde slagoffer-indekse. Die psigiese letsels wat deur die geweldenaar oor tyd op slagoffers in intieme verhoudings gelaat word, word wel in *Osland v The Queen (1998)* High Court of Australia 75 en *R v Babsek (1998)* QCA 116 [Supreme Court of Queensland – Court of Appeal] beskryf. Verhoudingsontrouheid, vyandigheid en oneerlikheid kan by die groep deelnemers as snellers beskou word, terwyl emosies soos noemenswaardige angs en/of geestesongesteldheid nie as indekse by die slagoffers teenwoordig was nie.

7.3.3.4 Gemoedstoestand van oortreder voor die moord

Die meeste deelnemers (80%) was beide teleurgesteld en woedend ten tye van die impulsmoord. Gevoelens van verworpenheid (by 60% van die deelnemers), jaloesie (40%) en suspisie (40%) is ook deur hulle ervaar. Meer as die helfte (53,3%) van die deelnemers was voorts ook verras met die optrede van die slagoffer. Hierdie verrassingselement was waarskynlik verantwoordelik vir die gevoelens van teleurstelling. ‘n Relatief klein persentasie van die oortreders (26,6%) was bevrees.

Tabel 7.4 Gemoedstoestand van die oortreder:

Teleurgesteld	80,0%
Woedend	80,0%
Verwerp	60,0%
Verras	53,3%
Jaloers	40,0%
Suspisieus	40,0%
Hartseer	33,3%
Bevrees	26,6%

7.3.3.5 Die aard van die moord

Die meeste moorde (73,3%) het in die privaatheid of nabyheid van die oortreder/slagoffer se woning plaasgevind, terwyl 26,7% in die openbaar gepleeg is. Geen van die slagoffers is in hul werkmilieu vermoor nie.

7.3.3.6 Seksuele aanranding op slagoffer voor of ná die moord

Ludsin en Vetten (2005) toon aan dat gewelddadigheid in verhoudings ‘n fisiese, seksuele, sielkundige en verbale oorsprong kan hê. Die vraag ontstaan in watter mate hierdie indekse by die betrokke groep deelnemers teenwoordig is.

Uit die onderhawige studie blyk dit egter dat geeneen van die slagoffers vóór of ná die insident seksueel aangerand is nie.

7.3.3.7 Snellers wat misdaad voorafgegaan het

Die meeste verhoudings (60%) is gekenmerk deur die kumulatiewe opbou van konflik tussen die partye en dit het (waarskynlik saam met ander veranderlikes) tot ‘n finale konfrontasie (by 73,3% van die deelnemers) bygedra. Ontrouheid (53,3%), of meer spesifiek die oortreder se oortuiging dat die slagoffer ontrou is, het verder ‘n rol gespeel. (Mense pas dikwels hul gedrag aan by hul persepsie van wat in ‘n verhouding gebeur.)

Onder “ander faktore” (20% van die deelnemers) ressorteer redes soos dat die oortreder nie sy sin gekry het nie (sy eggenote het byvoorbeeld ‘n tradisionele geneesheer sonder sy goedkeuring gekonsulteer) en onwaarskynlike faktore soos ‘n slagoffer se patetiese en jammerhartige ingesteldheid.

Tabel 7.5 Reaktiewe snellers:


Direk voorafgaande konfrontasie	73,3%
Langstaande eskalerende konflik tussen partye	60,0%
‘n Reaksie op ontrouheid	53,3%
Jaloesie	40,0%
Ander	20,0%
Kulturele faktore soos bygelowe	13,3%

Die sistematiese opbou van spanning in die verhouding is in ooreenstemming met soortgelyke regsbeskrywings (*S v Ingram* 1995 (1) SACR 1 (A) en *S v Smith* 1990 (1) SACR 130 (A)). In leidinggewende hofuitsprake soos S v Wiid 1990 (1) SASV 561 (A) en *S v Eadie (1)* 2001(1) SAVS 172 (K) word wel verwys na geïsoleerde ekstreme provokasie en snellers, maar die groter spektrum en ander bepalende

snellers word nie gedek nie. Dit is dus nie werklik vergelykbaar met die bevindings in die onderhawige studie nie.

7.3.3.8 Die aantal wonde/beserings aan die slagoffer(s)

Die meeste slagoffers (46,6%) is eenmalig noodlottig gewond. Die laagste persentasie (6,6%) het betrekking op situasies waar deelnemers hul slagoffers tussen vier en vyf wonde toegedien het. Dieselfde getal deelnemers (46,6%) as eersgenoemde groep het hul slagoffers meer as twee wonde toegedien, terwyl 26,6% tussen twee en drie wonde en 20% tussen ses en sewe wonde toegedien het. In bepaalde gevalle is verskeie skote afgevuur, maar die slagoffer(s) is nie deur al die projektiele getref nie.




Figuur 7.5: Aantal wonde toegedien deur oortreders

Hierdie bevindings is enersyds in ooreenstemming met Bartol (1995) se beskrywing van impulsmoorde as nie net impulsief nie, maar as ‘n refleksiewe daad met gepaardgaande outomatisme (dit wil sê verswakte wilsbeheer). Andersyds word dit ook gesteun in *S v Wiid* 1990 (1) SASV 561 (A), waar regter Goldstone verwys na die afvuur van sewe skote deur die beskuldigde en dat dit dui op “onbeheersde optrede”. In *S v Smith* 1990 (1) SACR 130 (A) word die afvuur van drie skote met ‘n onbeheersde “emosionele storm” in verband gebring.

7.3.3.9 Die metodiek van die moord

Die meeste oortreders (in 60% van die gevalle) het vuurwapens gebruik, gevolg deur messe (in 26,7% van die gevalle) waar steekwonde toegedien is. Derdens is slagoffers gewurg of met ‘n stomp voorwerp aangeval (6,7% en 6,6% onderskeidelik). Die geneigdheid van impulsmoordenaars om vuurwapens te gebruik kom ook voor in nasionale hofuitsprake soos *S v Di Blasi* 1996 (1) SACR; 1 (A); *S v Kalogoropoulus* 1993 (1) SACR 12 (A) en *S v Wiid* 1990 (1) SASV 561 (A). In bepaalde gevalle sal die oortreder self die slagoffer aan die brand steek.



Figuur 7.6: Die wyse waarop die moord gepleeg is

7.3.3.10 Reaksie van die oortreder direk na die moord


Die meerderheid van die deelnemers (73,3%) het emosioneel geskok voorgekom, 40% het berou geverbaliseer en 33,3% het hul onskuld beklemtoon deur blaamverplasing. In een geval (6,6%) het die oortreder op die toneel probeer selfmoord pleeg deur homself herhaaldelik met ‘n mes te steek.

Tabel 7.6 Reaksie van oortreder na die moord:

Emosionele skok en verwarring	73,3%
Berou	40,0%
Blaamverplasing	33,3%
Selfmoordpoging	6,6%
Woede	6,6%

Hierdie bevinding is in ooreenstemming met regsgesag. Ten opsigte van die post-trauma-reaksies word in *S v Wiid* 1990 (1) SASV 561 (A) na die oortreder (wat onskuldig bevind is aan moord op die oorledene) se toestand as verward verwys en word daar genoem dat sy nie by haar volle bewussyn was nie.

7.3.3.11 Die oortreder se samewerking met SAPD



Figuur 7.7: Mate van samewerking met SAPD

'n Klein persentasie (6,6%) van die deelnemers het geen samewerking aan ondersoekbeamptes gegee nie en het byvoorbeeld op regsverteenwoordiging aangedring en nie spontaan inligting gedeel nie. Daarenteen was 73,4% bereid tot algehele samewerking om die ondersoek tot 'n punt te bring. Hulle het byvoorbeeld

direk na die moord versoek dat die polisie gekontak word, hulself oorgegee en selfs inligting spontaan met die ondersoekbeampte gedeel. Die res (ongeveer 20%) was meer passief en selektief en het slegs gedeeltelike samewerking verleen.


7.3.3.12 Pleit: Skuldig of onskuldig

Veel meer deelnemers (87,7%) het skuldig gepleit as diegene wat by ‘n pleit van onskuld volstaan het (13,3%).

7.3.3.13 Versteuring van die moordtoneel

Slegs 6,7% van die deelnemers het ingemeng met die bewyse op die moordtoneel, soos byvoorbeeld om van ‘n wapen te probeer ontslae raak. Daarteenoor het 93,7% van die deelnemers die misdaadtoneel onversteurd gelaat.

7.3.3.14 Amnesie ten opsigte van gebeure



Figuur 7.8: Graad van amnesie

In hofsake soos *S v Ingram* 1995(1) SACR 1 (A), *S v Nursingh* 1995 (2) SASV 383 (N), *S v Kensley* 1995 (1) SACR 646 (A) en *S v Potgieter* (1994) SACR 61 (A) word die interaksie tussen amnesie en impulsmoorde beskryf. Outeurs soos Bartol en Bartol 2005 steun ook argumente oor voorgenoemde wisselwerking. Amnesie

word volgens Lambrecht (2005) en Nel (2007) dikwels by bepaalde moorde as verweer aangevoer.


Die interpretasie van die bevindings van die huidige studie steun hierdie verband tussen amnesie en impulsmoorde gedeeltelik: drie van die deelnemers (20%) het algehele en langdurige amnesie ten opsigte van die pleeg van die moord en omringende gebeure gehad, 73,4% het op die langtermyn selektiewe amnesie ten opsigte van gebeure ondervind, terwyl slegs 6,6% die gebeure helder ten tye van die onderhoude kon herroep. Die langdurige gedeeltelike amnesie met betrekking tot gebeure ten tye van die moord (en die oorsaak daarvan) is eweneens in ooreenstemming met die beskrywings van die voorsittende regters in bogenoemde hofsake.

Die voorafgaande faktore sluit funksioneel aan en vorm ‘n samehangende geheel met die volgende psigometriese indekse:

7.3.4 Psigometriese indekse

Die verskillende indekse wat in die battery van psigometriese toetse vervat is, is veelledig, multipolêr en verskeie indekse kan gelyktydig by deelnemers voorkom. Hierdie indekse word vervolgens geïllustreer en bespreek (met inagneming van die feit dat weinig soortgelyke studies tot dusver onderneem is):

7.3.4.1 Raven se toets: Intelligensievlakke van die deelnemers



Figuur 7.9: Deelnemers se intelligensievlakke

‘n Klein persentasie van die deelnemers (6,7% en 13,3% onderskeidelik) beskik oor bogemiddelde en ondergemiddelde intelligensie. Die res van die deelnemers (80%) het gemiddelde tellings op Raven se intelligensietoets behaal. Ten opsigte van intelligensie maan Fountoulakis et al. (2008) dat die risiko van onder andere lae intelligensie nie in geweldpleging geïgnoreer moet word nie, maar verbind hulself nie ten opsigte van meer bepaalde tendense nie.

Voorts word in *Western Agricultural Insurance Company v Brown R*: Supreme Court in Mohave County (Case no. 95-CV-404) verwys na intellektuele veranderinge (“*derangement of his intellect*”) ten tye van die oortreding, inaggenome om nie veel ag te slaan op die oortreder se algehele vlak van intellektuele funksionering.

7.3.4.2 16PF-vraelys: Introversie en ekstroversie

Die meerderheid van die deelnemers (46,7%) kon nie as introverte of ekstroverte getipeer word nie en hulle het gemiddelde staneges op die 16PF-persoonlikheidsvraelys behaal. Die persentasie introverte (20%) en ekstroverte (33,3%) was in die minderheid.


Hierdie kwalitatiewe bevinding verskil van Kaliski (1993) s’n. Hy het gepropageer dat introverte in ‘n groter mate deur negatiewe terugvoer, soos byvoorbeeld straf, beheer word en derhalwe meer geneig is tot impulsiwiteit in bepaalde situasies. Bartol en Bartol (2005) bespreek sogenaamde “*sudden murders*” en koppel dit ook aan introversie en oorgekontroleerdheid. Daarteenoor trek Hollander en Evers (2001) ‘n parallel tussen impulsiwiteit, geweld en onder andere ekstroversie. In die huidige groep deelnemers was dit nie moontlik om ‘n verband tussen impulsmoord en introversie of ekstroversie te identifiseer nie.

7.3.4.3 16PF-vraelys: Ego-sterkte van deelnemers

Slegs 13,3% van die deelnemers het bogemiddelde (voldoende) tellings vir ego-sterkte behaal. Drie-en-dertig (33,3%) se ego-ontwikkeling was onvoldoende en 53,3% van die deelnemers het gemiddeld ten opsigte van ego-ontwikkeling gemeet. Bykans drie keer meer deelnemers se egosterkte was derhalwe onvoldoende in vergelyking met diegene met goed ontwikkelde/voldoende egosterkte.

Hierdie interpretasie stem deels ooreen met dié van Sadock en Sadock (2003) wat die werke van Aichhorn en Fenichel aanhaal en verswakte impulsbeheer met swak ego-ontwikkeling in verband bring nie. Dit word eweneens gesteun in Lennings (2004, p. 6) se beskouing van impulsiewe geweld as die gevolg van "*a crucial weakening of ego controls*". Die vraag ontstaan of verbrokkelde ego-funksies (*S v Nursingh* 1995 (2) SASV 383 (N)) moontlik kortstondig ten tye van die pleeg van die impulsmoord teenwoordig was en die grense van die ego net tydelik getransendeer is (Moskowitz, 2004; Sadock & Sadock, 2003). Ego-kragte (soos gemeet deur die 16PF-vraelys) dui op 'n algemene faktor en kan derhalwe slegs tentatief as voorspellingswaarde by die huidige groep deelnemers beskou word.

7.3.4.4 16PF-vraelys: Dominansie teenoor onderdanigheid



Figuur 7.10: Deelnemers se metings ten opsigte van dominansie

Die meerderheid (53,4%) van die deelnemers is geneig tot onderdanigheid, terwyl ‘n onbeduidende persentasie (6,6%) dominante persoonlikheidstrekke vertoon. In *S v Potgieter* 1994 (1) SACR 61 (A) word nie net verwys na die “*ill treatment*” van die slagoffer deur die oortreder nie, maar ook hoe dominansie en oorheersing op hierdie unieke tipe moorde inspeel. Ludsin en Vetten (2005), asook Doumas, Pearson, Elgin en McKinley (2008) voer aan dat gewelddadigheid neerkom op ‘n “wyse van beheer”. Hierdie veranderlike (wat neerkom op dominansie en onversetlikheid) is nie in die onderhawige groep deelnemers teenwoordig nie.

7.3.4.5 16PF-vraelys: Impulsiwiteit teenoor soberheid

Geeneen van die deelnemers het hoë tellings op impulsiwiteit behaal nie. Een derde (33,3%) van die deelnemers het hoë tellings op soberheid behaal, terwyl die res (66,7%) gemiddeld op die impulsiwiteitskontinuum gemeet het. Met die eerste oogopslag stem hierdie tendens nie werklik ooreen met Bartol (1995, p. 265) se omskrywings van impulsmoord nie, naamlik as “… *resulting from the impulsive, spur-of-the-moment, and unpredictable acts of enraged individuals. The person who savagely assaults and sometimes kills is operating on impulse.”* Dit kom voor of Bartol homself nie werklik verbind ten opsigte van meer langstaande en gevestigde patrone van impulsiewe geneigdheid (soos gemeet deur die 16PF) nie, maar kommentaar beperk tot ‘n kortstondige, impulsiewe episode. Hierdie geïsoleerde en gefragmenteerde impulsiwiteit kan wel steeds met willekeurigheid gepaard gaan (*S v Calitz* 1990 (1) SASV 119 (A)). In die onderhawige studie is geen noemenswaardige impulsiwiteit (as ‘n voorspelbare persoonlikheidsfaktor) gemeet nie, dog het die deelnemers willekeurig, maar impulsief moord gepleeg.

7.3.4.6 16PF-vraelys: Gewetensontwikkeling


Slegs 6,6% van die deelnemers meet laag op gewetenswroeging. Die res (93,4%) se tellings was soos volg: 26,6% het hoë tellings op hierdie persoonlikheidsdimensie behaal, terwyl twee derdes van hierdie groep gemiddelde

tellings op super-ego-ontwikkeling gehad het. Hierdie tendens verskil van Wood et al. (2009, p. 1) se interpretasie dat geweldenaars oor min gewetenswroeging beskik en dat "… *persons who commit violent crimes find the acts to be intrinsically pleasurable.*"

7.3.4.7 16PF-vraelys: Emosionele sensitiwiteit teenoor gehardheid

Die oorgrote meerderheid deelnemers (60%) het gemiddeld presteer op die emosionele sensitiwiteits- of gehardheidskontinuum, terwyl die res (40%) hoog meet op emosionele sensitiwiteit. Geen (0%) deelnemer is as emosioneel gehard getipeer nie.


7.3.4.8 16PF-vraelys: Suspisie/agterdog



Figuur 7.11: Vlak van deelnemers op suspisie

Die meeste deelnemers (46,7%) het gemiddelde tellings vir jaloesie/afguns behaal. Ewe groot gedeeltes van die res (26,6%) het onderskeidelik bogemiddelde en lae tellings op hierdie persoonlikheidsfaktor gemeet.

7.3.4.9 16PF-vraelys: Naïwiteit




Figuur 7.12: Vlak van naïwiteit by deelnemers

Sestig persent van die deelnemers het gemiddeld op naïwiteit gemeet, terwyl ewe groot gedeeltes van die res (20%) onderskeidelik lae en hoë tellings behaal het.

7.3.4.10 16PF-vraelys: Skuldgeneigdheid

Bykans die helfte (46,6%) van die deelnemers was geneig tot skuldgevoelens, terwyl daar by geen deelnemer (0%) ‘n lae geneigdheid tot skuldervaring gevind is nie. Die grootste gedeelte van die deelnemers (53,4%) meet gemiddeld op hierdie persoonlikheidsfaktor. Die relatief groot aantal deelnemers (46,6%) wat tot skuldgevoelens geneig is, verskil van Wood et al. (2009) se siening dat geweldenaars plesier put uit geweld en ‘n aptyt daarvoor ontwikkel.

7.3.4.11 16PF-vraelys: Beheer van spanning-/frustrasie



Figuur 7.13: Mate van spanningsbeheer by deelnemers

Hoewel die meeste deelnemers (66,8%) gemiddelde tellings op hierdie persoonlikheidsindeks (naamlik die vermoë om spanning en frustrasie te beheer) behaal het, is dit opvallend dat 26,6% van deelnemers aangetoon het dat hulle oor verswakte vermoë beskik om spanning suksesvol te beheer. Slegs 6,6% beskik oor meganismes vir voldoende spanningsbeheer.

Hierdie bevinding verskil in ‘n mate van dié van navorsers soos Hickey (2003) wat geweld koppel aan intrapsigiese konflikte met gepaardgaande verswakte spannings- en frustrasiebeheer, asook Ferrari, Erp en Tornatzky (2003) wat oordeel dat intra-psigiese energie in bepaalde situasies tot destruktiwiteit kan lei.

7.3.4.12 16PF-vraelys: Spanningsvlakke

Meer as die helfte (53,3%) van die deelnemers het ‘n hoë geneigdheid tot spanning gehad. Die res (46,7%) het gemiddelde spanningsvlakke gemeet, terwyl geen deelnemers lae spanningsvlakke vertoon het nie. Hierdie bevinding strook

met hofuitsprake waarin ekstreme spanning en senuagtigheid beklemtoon word (*S v Laubscher* 1988 (1) SA 163 en *S v Ingram* 1995 (1) SACR 1 (A)).

7.3.4.13 Geneigdheid tot distorsie soos gemeet op die 16PF en CAQ-vraelyste en die *MCMI*

Die meerderheid (93,3%) van die deelnemers se distorsietellings op die 16PF was binne perke, terwyl daar by slegs een deelnemer ‘n geneigdheid tot positiewe distorsie was (‘n MD-telling van 9 is gemeet). Al die CAQ-protokolle (*Clinical Analysis Questionnaire*) was geldig. Gemeet op die *MCMI (Millon Clinical Multiaxial Inventory)* was 33,3% van die deelnemers geneig om probleme te oorrapporteer, terwyl 6,6% simptome oorbeklemtoon het. Ten spyte van hierdie geneigdheid op Skale Z en X onderskeidelik, was geen deelnemer (volgens die Y-skaal) geneig tot ‘n beter voorstelling van hom- of haarself nie. In slegs een geval (6,6%) het daar vraagtekens oor die moontlike geldigheid van die profiel bestaan. (Doelbewuste misleiding en wanvoorstelling is in hierdie geval met die afneem van ander toetse uitgeskakel).

Hierdie bevinding impliseer dat 93,4% van die *MCMI*-protokolle (volgens die V-skaal) geldig was. Dit is ‘n kernbevinding wat ook in *S v Potgieter* 1994 (1) SACR 61 (A) ondersoek en belig word.

7.3.4.14 *MCMI*: Kliniese Persoonlikheidspatrone

Hickey (2003) verwys na ‘n verband tussen persoonlikheidsprobleme en ‘n geneigdheid tot impulsiewe woede. Kamphuis en Emmelkamp (2005) verklaar dat dit inderdaad moontlik is om intieme gewelddadigheid op grond van veral ‘n vermydende persoonlikheidsversteuring te voorspel. Cartwright (2001, 2002) verwys na ‘n narsissistiese eksoskelet en ‘n verwantskap tussen impulsmoord en ‘n rigiede persoonlikheidstruktuur. Die bydraende oorsake van psigopatologiese toestande soos depressie word andersyds ook erken.

Hare (1999), Mauricio et al. (2007) en Maden (2007) se navorsing in hierdie verband het veral ASPV ingesluit – beide as indeks en met voorspellingswaarde vir geweld. Op hul beurt isoleer Goldenson et al. (2007) afhanklikheid en antisosiale gedrag as faktore om geweld te voorspel. Die vraag ontstaan in welke mate hierdie ernstige kliniese persoonlikheidspatrone by die onderhawige groep deelnemers voorgekom het.

Tabel 7.7 Metings van deelnemers op die kliniese persoonlikheidspatrone as persentasies uitgedruk:


Afhanklike	78,5%
Vermydende	78,5%
Depressiewe	71,5%
Selfdegraderende	71,5%
Skisoïde	57,0%
Passief-aggressiewe	28,5%
Aggressiewe	6,6%
Antisosiale	0%
Histrioniese	0%
Kompulsiewe	0%
Narsissistiese	0%

Die navorser se interpretasie van wat by die groep deelnemers in hierdie navorsing bevind is, bring die volgende aan die lig: die kliniese persoonlikheidspatrone wat by die meeste deelnemers gemeet is, is die afhanklike (78,5%), vermydende (78,5%), depressiewe (71,5%) en selfdegraderende (71,5%) patrone. Benewens passief-aggressiewe (28,5%) en skisoïde persoonlikheidspatrone (57%) het geen deelnemer hoë tellings op enige van die ander kliniese persoonlikheidspatrone behaal nie. Die hoë metings wat op depressiewe persoonlikheidspatrone en gepaardgaande aggressiewe impulsiwiteit behaal is, is in ooreenstemming met die literatuur (Carson 1996; Sayar 2000).

Geeneen van die deelnemers het hoë tellings op antisosiale en narsissistiese persoonlikheidspatrone gemeet nie en die huidige groep deelnemers pas nie in by die profiel van tipiese (beplande) moorde nie (Cartwright, 2001; Edwards 2003; Goldenson et al., 2007; Maden, 2007; Papapietro & Barbo, 2005; Sadock & Sadock, 2003).

Hoë tellings is voorts ten opsigte van skisoïde en selfdegraderende persoonlikheidspatrone by die groep deelnemers gevind, maar kon van vanweë gebrekkige navorsing ten opsigte van hierdie tendense nie met ander navorsingsresultate vergelyk word nie. Dit is wel opvallend dat die groep persoonlikheidspatrone waarop deelnemers in hierdie studie hoë tellings behaal het (bv. afhanklike, vermydende en selfdegraderende persoonlikheidspatrone) onder andere deur rigiditeit, sosiale inhibisie, konflikvermyding en nie-selfgeldenheid gekenmerk word. Hierdie hoedanigheid verklaar moontlik die plofbare, onvoorspelbare en impulsiewe aard van hul optrede. Dit kom voor of Hickey (2003) se algemene siening dat persoonlikheidsprobleme met impulsiwiteit in verband gebring kan word, wel verder as moontlike tendens ondersoek behoort te word.

7.3.4.15 *MCMI*: Ernstige psigopatologie



Figuur 7.14: Persentasie deelnemers met ernstige psigopatologie


Meer as ‘n vyfde (21,5%) van die deelnemers het hoë tellings op grensgraad-persoonlikheidspatologie (GPV) behaal, terwyl ‘n ewe groot persentasie oortreders (14,2%) onderskeidelik skisotipies en paranoïes was.

Die relatief lae metings op GPV by die groep impulsmoordenaars stem nie werklik ooreen met Edwards et al. (2003), Goldenson et al. (2007), Fountoulakis et al. (2008), Mauricio et al. (2007) en Sansone et al. (2007) wat gewelddadige optrede inderdaad met GPV assosieer nie. Ten opsigte van skisotipiese persoonlikheidspatologie en geweld is daar nog ‘n braak navorsingsveld en is vergelykings nie moontlik nie. Bartol en Bartol (2005) se siening dat kriminele gedrag met ernstige paranoïese gedrag geassosieer kan word, word ook nie deur hierdie bevindings gesteun nie.

Outeurs soos Sadock en Sadock (2003) beskryf die paranoïese persoonlikheidsversteuring (PPV) as kenmerkend van wantroue en die gepaardgaande teenwoordigheid van woede en irritasie. Die deelnemers in hierdie studie het relatief laag op al drie bogenoemde psigopatologiese toestande gemeet, en tog is hul skuldig bevind aan impulsmoord.

7.3.4.16 *MCMI*: Kliniese sindrome

Kliniese sindrome behels die volgende: angs, somatoforme versteuring, bipolêre versteuring, distemie, alkohol-afhanklikheid, dwelm-afhanklikheid en post-traumatiese stresversteuring (PTSV). Geen deelnemers het hoë tellings op bipolêre versteuring of dwelm-afhanklikheid behaal nie. Wat die ander kliniese sindrome betref, is die volgende persentasies behaal:



Figuur 7.15: Persentasie deelnemers met hoë tellings op die kliniese sindrome van die *MCMI*


'n Groot aantal deelnemers (86,6%) het hoë tellings op beide distemie en angs behaal. Die derde hoogste aantal deelnemers (40%) was diegene wat aan 'n PTSV ly. Slegs 26,6% is geneig tot somatisering en 13,3% se alkoholgebruik was hoog, met moontlik selfs 'n afhanklikheidskomponent. (Hoewel hierdie voorafgaande sindrome kan wees, kan dit uiteraard ontstaan het as gevolg van die oortreder se situasie en vrees vir vervolging).

Carson et al. (1996) en Sayar et al. (2000) sluit aan by hierdie bevindings en verklaar dat impulsiewe aggressie dikwels in geestestoestande soos depressie (distemie) met gepaardgaande spanning en angs voorkom.

Kaliski (1993) boekstaaf bepaalde vorms van middel-intoksikasie, wat meestal ook met impuls-diskontrole vereenselwig kan word. Di Giacomo en Clerici (2010) identifiseer risikofaktore vir gewelddadigheid en sluit alkohol en middelgebruik in as belangrike peilers. Barbaree, et al. (1983), Koss en Gaines (1993), Simonds en Kashani (1980), asook Taylor, Walton en Young (1973) steun die wisselwerking tussen alkoholmisbruik in bepaalde situasies en seksuele geweld.

Soortgelyke verbande is tussen seksuele geweld en ander middelmisbruik gevind (Novak, McDermott, Scott, & Guillory, 2007). In die onderhawige studie het min van die deelnemers enige middels gebruik en word bogenoemde bevindings dus nie gesteun nie.

7.3.4.17 *MCMI*: Ernstige kliniese sindrome




Figuur 7.16: Persentasie deelnemers met ernstige kliniese sindrome

Major depressie (53%) staan prominent uit as kliniese sindroom, met heelwat minder deelnemers wat denk- (13,3%) en delusionele versteurings (13,3%) vertoon het. Volgens Carson et al. (1996) kan depressie geweld voorafgaan, terwyl Sadock en Sadock (2003) onder andere verwys na skisofrenie wat met gewelddadigheid in verband gebring kan word. Skisofrenie word dikwels gekenmerk deur denkversteurings en delusionaliteit. Deelnemers in die huidige studie het laag op hierdie sindrome gemeet. Die gemete depressie by die groep deelnemers is wel in ooreenstemming met die verwagte impulsiewe optrede soos beskryf word in *S v Di Blasi* 1996 (1) SACR 1 (A), waar die oortreder vir meer as ‘n jaar voor die skiet-insident aan depressie gely het.

Bartol en Bartol (2005) haal ook die werk van Seligman en trek ‘n parallel tussen aangeleerde hulpeloosheid en depressie, wat tot onttrekking vanuit die situasie of andersyds tot impulsiewe moord kan lei.


7.3.4.18 *HDHQ*: Vyandigheidsvlakke



Figuur 7.17: Vyandigheid en rigting-van-vyandigheid

Geen noemenswaardige verskil is tussen die deelnemers met hoë en diegene met lae vyandigheidstellings gemeet nie. Meer vermeldingswaardig is die feit dat veel meer deelnemers (73,3%) hul vyandigheid internaliseer, terwyl slegs 26,7% hul vyandigheid na buite rig. Die lae na-buite gerigte vyandigheidstellings verskil van navorsing wat propageer dat ‘n hoë vyandigheidstelling wel oor voorspellingswaarde beskik (Suh et al., 2001).

7.3.4.19 *IPAT-angsskaal*: Angsvlakke (simptomaties of onbewus)



Figuur 7.18: Angsvlakke en aard van angs

Soos hierbo aangetoon, het die meeste deelnemers hoë angsvlakke gemeet. Hierdie tendens is bevestig deur toepassing van die IPAT-angsskaal waarin slegs 16,6% deelnemers lae tellings en soveel soos 83,4% hoë tellings behaal het. Meer noemenswaardig is dat 90% van diegene wat hoë angstellings gehad het, ook hoog op bewuste asook onbewuste angs gemeet het. Dit steun Cartwright (2001, 2002) se siening dat psigopatologiese toestande soos angsversteurings ‘n bydraende rol in impulsmoorde kan speel.

7.3.4.20 Selfreguleringsvraelys (SRV) *(Self-Regulation Questionnaire – SRQ)*: Selfregulering

Die een helfte (50%) van die deelnemers het aangetoon dat hul selfreguleringsfunksies oor die algemeen intakte was terwyl die res onvoldoende selfregulering op die vraelyste aangetoon het. Hierdie bevindings is deels in ooreenstemming met die literatuur. Davidson et al. (2000, p. 591) brei in hierdie verband uit en praat tereg van “*faulty emotion regulation”* wat volg op kognitiewe verwarring en opwekking. Redding (2006) sien dit as ‘n ongewone gebrek aan beheer in unieke emosionele omstandighede.

Selfregulering is vir Bartol en Bartol (2005) die verfyning van kognitiewe strukture en begrippe, en diegene met gesofistikeerde strukture kan gedrag op ‘n hoër vlak beoordeel as diegene met beperkte strukture. Hierdie self-reguleringsisteme kan egter in bepaalde situasies as rigtinggewende riglyne faal en tot destruktiwiteit aanleiding gee. Hier val die klem deurgaans op impulsiwiteit wat geassosieer word en verweef is met ’n bepaalde affektiewe toestand van opwekking, gepaardgaande met veral verswakte kognisie, beheer en selfregulering.

Onvoldoende selfbeheer kan die oorsaak wees van onder meer probleme met woedebeheer en impulskontrole (Baumeister 2007; Tangney, Baumeister, & Boone, 2004). Ludsin en Vetten (2005) is meer spesifiek en verklaar dat wanneer selfbeheer faal, heftige patologiese impulsiewe reaksies kan volg.

7.3.4.21 *Barratt Impulsiveness Scale (BIS)*: Impulsiwiteit

Di Giacomo en Clerici (2010) identifiseer onder andere gebrekkige impulskontrole as ‘n risikofaktor vir gewelddadigheid. In ‘n hofuitspraak – *S v Eadie (1)* 2001(1) SAVS 172 (K) – word die wisselwerking tussen impulsiewe diskontrole en ekstreme provokasie ondersoek, terwyl daar in *Western Agricultural Insurance Company v Brown R*: Supreme Court in Mohave County, Case no. 95-CV-404 verwys word na onweerstaanbare impulsiwiteit wat op spanning volg.

Bartol (1995, p. 266) beskryf hierdie impulsiwiteit as “*mindless, impulsively striking out … automatically”.* Geen deelnemer in die huidige ondersoekgroep het hoog op impulsiwiteit gemeet nie. Inteendeel, impulsiwiteitstellings het tussen laag en gemiddeld gevarieer: 46% deelnemers se tellings was laag, terwyl 54% gemiddelde impulsiwiteitstellings behaal het. ‘n Verband kon derhalwe nie tussen hoë impulsiwiteitstellings en impulsmoorde gevind word nie. Hierdie bevinding skep wel ruimte vir verdere beredenering en vir die vraag of selfs gemiddelde impulsiwiteitstellings moontlik kan lei tot eenmalig en selektief gesnellerde destruktiewe impulsiwiteit in bepaalde verhoudings en situasies?


7.3.4.22 *Lokus van Beheer-Vraelys*: Setel van beheer

Die Lokus van Beheer-Vraelys (LBV) is op die deelnemers toegepas en bykans twee derdes (60%) van hulle se setel van beheer was intern geleë, 20% se lokus van beheer was ekstern geleë, terwyl die oorblywende 20% se wyses van beheer nie klassifiseerbaar was nie. Bartol en Bartol (2005) verwys na die werke van Berkowitz en verklaar dat gewelddadige impulsiwiteit dikwels nie ontstaan as gevolg van 'n geantisipeerde gewin nie, maar omrede dit deur eksterne kragte en situasionele stimuli beheer en ontlok word. Die rol van hierdie eksterne invloede en die beheer wat dit op die dader uitoefen, blyk uit die onderhawige studie nie groot te wees nie.

7.3.4.23 *CAQ, 16PF* en *Onvoltooide sinnetoets*: Berou/Selfverwyt

Dit blyk uit hul response op die psigometriese toetse dat al die deelnemers (100%) tydens die evaluasie berou en selfverwyt geprojekteer en gemeet het.

7.3.4.24 *Rosenberg-selfbeoordelingskaal*: Selfagting



Figuur 7.19: Selfagting van deelnemers (uitgedruk in persentasie)

Slegs 6,7% van die deelnemers beskou hulself as individue met gesonde selfagting; 53,3% se selfagting was negatief en die res se tellings op die Rosenberg-selfbeoordelingskaal was gemiddeld.

7.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die onderskeie hoofstroomindekse wat met impulsmoorde en -moordenaars verband hou op 15 deelnemers van toepassing gemaak. Hierdie veranderlikes is met behulp van die ontwikkelde evalueringsmodel en oor jare tydens die forensiese evaluerings van hierdie moordfenomeen geïdentifiseer en is ook in opeenvolgende hofsake en tydens deskundige getuienislewering toegelig. Geargiveerde inligting van deelnemers is vir doeleindes van hierdie studie ontleed. Die aantal deelnemers moet nie as verteenwoordigende steekproef beskou word nie, maar eerder as ‘n templaat voortspruitend uit die evalueringsmodel.

Inligting betreffende die deelnemers is chronologies as ‘n eenheid en ooreenkomstig kwantitatiewe en kwalitatiewe ontledings geformuleer en aangebied. Dit is ‘n weerspieëling van die tipering van impulsmoord as eiesoortige fenomeen in hierdie groep deelnemers, en met aksente wat verskil van dié van gewone moord. Die aanbieding sluit bepaalde momente en omstandighede in wat as aannames en tendense in die literatuur met impulsmoord geassosieer word. Weinig navorsingsresultate bestaan ongelukkig waarteen die bevindinge van die deelnemers vergelyk kon word. Meer indiepte navorsing word voorgestel.

Die emosionele klimaat en kontekstuele faktore wat gewoonlik tydens impulsmoorde aanwesig is, word weerspieël in die regsbegrip van ‘n “emosionele inploffing”. Die ondersoeker het derhalwe die omstandighede ontleed waarbinne emosies, opbouende stressors en snellers, asook beheer oor emosies hoogty vier. Dit is gedoen ooreenkomstig vier gesinkretiseerde indekse: die kinderjare, die volwasse jare, en kontekstuele en psigometriese indekse van die oortreder en die moorddaad sigself. Saam skep hierdie indekse die beeld van ‘n vorm van onvoorspelbare destruktiwiteit wat atipies aan die oortreder is.

Van die mees insiggewende gevolgtrekkings wat deur die navorsing geïdentifiseer is, was die volgende: drie keer meer deelnemers (waarvan die ouderdomme

merendeels tussen 31 en 50 jaar gewissel het) het onvoldoende ego-ontwikkeling gehad. Hulle was meestal angstig, het aggressie geïnternaliseer en was eerste oortreders. Hulle het sobere gewoontes gehandhaaf en skool- en/of aanpassingsprobleme as kind was afwesig. Berou het gewoonlik na die moord gevolg en samewerking met die SAPD was kenmerkend. Meer as 50% het: i) aangetoon dat hul oor onvoldoende selfreguleringsfunksies beskik ii) het voorafgaande mediese toestande gehad, en meer as twee derdes het professionele bystand vir sielkundige probleme ontvang. (Die aard en duur van hierdie toestande moet verder ondersoek word alvorens afleidings gemaak word). Woede en teleurstelling het die moord by die meeste deelnemers voorafgegaan en dit is finaal gesneller deur konfrontasie (by 73,3% van die deelnemers). Langdurige selektiewe amnesie vir gebeure was by 73,4% van die deelnemers teenwoordig. ‘n Variasie van persoonlikheidspatrone en psigopatologie is by die oortreders gemeet. (Van die gemete sequelae - soos die onderskeie kliniese sindrome - kan egter ‘n gevolg wees van die situasie waarin die oortreder hom of haar na die moord bevind het en moet met versigtigheid geïnterpreteer word).

Bogenoemde bevindings is strydig met en bevraagteken die siening dat impulsmoord deurgaans aan gewone gewelddadige en gepremediteerde moord gelyk gestel kan word; ‘n beskouing wat moontlik aangepas moet word met verdere navorsing en pragmatiese oorwegings.

In Hoofstuk 8 word die mees relevante bevindings van hierdie ondersoek bespreek, asook addisionele aanwysers wat toevallig in die forensiese evalueringsproses geïdentifiseer is. Leemtes word uitgewys en aanbevelings word gemaak.

Hoofstuk 8

Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

8.1 Inleiding

Die toename in geweldsmisdaad in Suid-Afrika wek kommer (Altbeker, 2006, 2007). Dit sluit misdade soos moorde in (Reddy 2003, 2010). Impulsmoord as ’n geweldsdaad word dikwels as sinoniem met geweldsmisdaad in die algemeen beskou, sonder om die komplekse en eiesoortige aard daarvan in ag te neem. Eersgenoemde kom voor in unieke situasies en vereis dus ook ‘n unieke evalueringsbenadering, vandaar die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie om ’n forensies-sielkundige evalueringsmodel vir impulsmoorde te ontwikkel. Dit is voorafgegaan deur impulsmoorde vanuit verskeie perspektiewe te verklaar en ook na die psigoforensiese evaluerings in die algemeen (en meer bepaald ten opsigte van impulsmoorde) te kyk. Die forensiese sielkundige word hiermee toegerus om die hof by te staan met ‘n verantwoordbare evaluering van impulsmoorde.

In hierdie hoofstuk word die belangrikste bevindings en gevolgtrekkings van die huidige studie bespreek. Dit maak dit moontlik om sinvolle tematiek te formuleer, leemtes aan te spreek en aanbevelings vir toekomstige studies te maak.

8.2 Gevolgtrekkings voortspruitend uit die studie

In die bespreking wat volg, word impulsmoord as geweldsmisdaad en die determinante van hierdie verskynsel as eerste doelstelling bespreek. Die forensiese sielkundige se status in die algemeen en dan meer spesifiek dié professie se bydrae in die evaluering van impulsmoordenaars (gegrond op die aannames van ‘n ontwikkelingsnavorsingsmodel) word as opvolgende doelstelling belig.

‘n Eiesoortige juridies-erkende ontwikkelingsnavorsingsmodel vir die evaluering van impulsmoorde is ontwerp. Die indekse en profiele van toepassing op ‘n groep van 15 deelnemers (impulsmoordenaars) word in die finale fase met behulp van geargiveerde gevallestudies evalueer.

8.2.1 Impulsmoord as geweldsmisdaad

Geweldmisdade vorm deel van “misdaad teen die lewe” en word beskou as ‘n skending van die samelewingsnorm (Cronjè et al.,1976; Labuschagne & Eksteen, 1992). So ’n handeling hou regsgevolge in (Van der Walt, 1973; Tshiwula, 1998; Venter, 1977) omrede ‘n delik gepleeg is (Syman, 2002). Die interaksie tussen geweld en ’n misdaad lei tot spekulasie oor die begrippe geweld, vyandigheid, aggressie en aggressiwiteit. Dit word soms lukraak gelykgestel.

In soverre dit hierdie navorsing aangaan, behoort geweld egter eerder geïsoleerd beoordeel word, omdat dit slegs bestaan in die aanwesigheid van krag, wat vir doeleindes van hierdie bevindings nie tot fisiese krag beperk is nie, maar ook ’n sielkundige en verbale grondslag kan hê (Ludsin & Vetten, 2005). Dit dui op die verwaarlosing of verbreking van ’n gebod, is by implikasie misdadig en betrek (direk of indirek) ’n slagoffer of slagoffers.

Die klassifikasie van misdadige gedrag, wat vanuit nasionale en internasionale perspektiewe bespreek is, lei tot die vraag oor die volledigheid asook leemtes ten opsigte van misdaadklassifikasie. Die ondersoeker verwys in hierdie studie na die gekompartementaliseerde teoretiese aannames en verskillende invalshoeke (Edens & Douglas, 2006; Williams III & McShane, 1994). ’n Herbesinning is derhalwe noodsaaklik.

Wat geweldsmisdaad betref, is die internasionale kategorisering (Federal Bureau of Investigation, 2006) bespreek, naamlik moord en manslag; verkragting; roof; en aanranding met die doel om ernstig te beseer, asook dié misdade wat dwang of

dreigement van dwang bevat. Laasgenoemde delik kan ook teen eiendom gepleeg word (Colorado Bureau of Investigation, 2005). Die risiko moet dus bestaan dat fisiese krag teen ‘n persoon of eiendom gebruik gaan word.

Die unieke verskynsel bekend as impulsmoord is aanhoudend in die spervuur in die howe. Dit ontlok enersyds kritiek omdat aangevoer word dat dit ’n begrip is wat deels uit regsterminologie oorgeneem is. Andersyds val die fokus wel op die sielkundige dinamika onderliggend aan die verskynsel, terwyl dit ook aan bepaalde regskriteria moet voldoen.

Oorkoepelend word die indruk soms geskep dat vraagstukke rondom impulsmoord eenvoudig is en deur dieselfde kriteria van beoordeling en aannames hanteer moet word as gewone, gepremediteerde moord. Dit is en bly in sommige howe, sowel as op geesteswetenskaplike terrein, egter ’n vae begrip en omsluit ’n verskeidenheid verklarings en gedragsmanifestasies wat in die literatuurstudie ontleed is.

In die tabulering (Tabel 2.1) van die verskille tussen impuls- en konvensionele moorde, is die min eienskappe wat hierdie twee fenomene gemeen het veral opvallend. Verskille kom meer bepaald na vore in die omvang en tempo van impulsmoord, wat merendeels op ‘n kleiner skaal en slegs sporadies voorkom. Hierdie moorde neig om deur onwaarskynlike individue in bepaalde tipes situasies gepleeg te word. Dit gaan gepaard met intervalle van verstandelike helderheid wat afgewissel word deur periodes van (selektiewe) amnesie en werklikheidsbreuk.

Waar beplande moorde gewoonlik gepleeg word deur individue wat geneig is tot gewoontevormende aggressie (Bartol, 1995; Schonborn, 1975) en dikwels oor ’n misdadige profiel beskik (Dobash et al., 2009; Dobash 2004; Henshel & Silverman, 1975), lei die impulsmoordenaar gewoonlik ’n konvensioneel-voorspelbare lewe (Cartwright, 2002). Hierdie onderskeid verg ’n transformerende denkparadigma wat kan lei tot die differensiëring van hoofstroom-gepremediteerde moorde.

’n Ontleding van die determinante wat die verskynsel van impulsmoord ten grondslag lê, dui op die algemene neiging om dit as sinoniem met psigogene amnesie, outomatisme, dissosiasie, realiteitsbreuk, passie en verhoudingskonflik te beskou. Die beoordeling daarvan behoort egter ook veelvuldige psigososiale, sielkundige en persoonlikheidsdeterminante – veral die neiging tot impulsiwiteit – as oorsake in te sluit (Alswang & Van Rensburg, 1995; Hollander & Evers, 2001; White, 2001). Emosioneel-affektiewe verklarings soos woede (Cartwright, 2001), sensasiesoekende geweld (Schmitz, 2003) en aggressie (Englander, 2007) behoort hierby gevoeg te word, terwyl die verskil tussen hierdie fenomeen en passiemoorde ook onderstreep behoort te word.

Rhee en Waldman (2002) se postulering ten opsigte van biochemiese veranderlikes soos die invloed van serotonienbane op impulsiwiteit, asook die rol van sosiale leer (Kaliski, 1993) is as gedeeltelike oorsake vir impulsiewe aggressie bespreek. Die begrip impulsief, impliseer dat selfregulering en selfbeheer ook in ag geneem moet word (Ludsin & Vetten, 2005; McCullough & Boker, 2007; Schmeichel & Baumeister, 2004; Von Rosenstiel, Kehr, & Bles, 1999). Selfregulering behels onder andere wilsterkte, selfkontrole en deursettingsvermoë en kan inderdaad kriminogene geneigdheid verlaag. Dit verskil egter van individu tot individu en funksioneer in concerto met verskeie ander belangrike veranderlikes.

Om oorsake in konteks te beoordeel is die rol van die volgende fisiologiese faktore ook teen die agtergrond van konsensus in die literatuur as potensiële dryfkragte aanvaar: breinletsels (Hollander & Evers, 2001) en breinstrukture (Posner, 2007); neurosielkundige toestande en impulsiewe gedrag (Ito et al., 2007); en veral ‘n antisosiale persoonlikheidsversteuring (ASPV) en versteurings verwant aan impulsiwiteit soos depressie, ‘n onderbroke eksplosiewe versteuring (OEV), bepaalde psigoses, middelgebruik en ‘n grensgraadpersoonlikheidsversteuring (GPV).

In die geval van impulsmoord moet egter voortdurend gevra word of die oortreder oor die geestesvermoë beskik het om tussen reg en verkeerd te onderskei (dit wil sê oor selfstandige handelingsvermoë en denke beskik het) en of daar elemente van ontoerekeningvatbaarheid (*non sequitur*) te sprake was. Hierdie vermoë word in die lig van die vermoë van ’n redelike persoon beoordeel, met ander woorde dat ’n normaal funksionerende individu van die standaarde van redelikheid afgewyk het. Is die daad dus met volle insig gepleeg of verminderde of totaal afwesige insig? Kan die oortreder vanweë sielkundige of mediese redes aan sy/haar verpligtings verbonde gehou word of nie. In bepaalde gevalle word redelikheid, oordeel en insig aangetas en vertroebel deur subjektiewe faktore soos emosies. Dit kan dus ‘n rol kan speel in die optrede van die oortreder deur by te dra tot ’n afname in die vermoë tot vryewilsvorming. Dit speel ook ’n rol in die gepaardgaande vermoë om gedrag ooreenkomstig ’n bepaalde besef, insig of oorweging te rig. Verminderde of selfs totaal afwesige morele blaamwaardigheid kom ter sprake.

In sy gevolgtrekking lewer die ondersoeker kritiek op die gebruik van enkele eng verklarings en neem die posisie in dat impulsiewe aggressie ’n komplekse aard het wat nie geredelik aan die hand van enkelvoudige faktore verklaar kan word nie. Verskillende risikofaktore is by impulsiewe aggressie ter sprake. Gepredisponeerde kwesbaarheid (soos biofisiese en genetiese determinante) vind inderdaad ook kollektief neerslag in impulsiewe aggressie en word versterk deur eksterne stressors en aangeleerde gedrag in die individu se omgewing. Hierdie faktore tree in wisselwerking met biochemiese en persoonlikheidsveranderlikes en lei tot bepaalde impulsiewe gedrag.

Al hierdie determinante beïnvloed voorts ander werklikhede soos die bepaling van toerekeningsvatbaarheid, prognose en ook die vonnisoplegging van oortreders . Derhalwe moes ondersoek gedoen word na die oortreder se verlede, persoonlikheid en die konteks waarin gebeure afgespeel het. ’n Eiesoortige en

nuwe psigoforensiese evaluering moes dus gedoen word teen die agtergrond van die huidige status van die forensiese sielkunde.

8.2.2 Psigoforensiese evaluerings en getuienis

Wat die forensiese sielkunde se bydrae as vakgebied betref, is aandag geskenk aan die omskrywing daarvan, asook die status wat dit in die literatuurondersoek beklee. Hierdie redelike braak terrein van die sielkunde is verweef met die juridiese sisteem (Sageman, 2003). Kritiek is uitgespreek omdat forensiese sielkundiges oor jare internasionaal in verskeie vertakkings van die vakgebied opgelei kan word, terwyl só ’n diverse spesialiteitsveld en bepaalde regulatoriese funksies tot onlangs bykans afwesig was in Suid-Afrika.

Hierdie veld is vanuit ’n internasionale en veelkantige hoek bekyk. Outeurs soos Felthous (2000); Gutheil (2002) en Menzies et al. (1980) skep ’n somber en minder gunstige beeld van die professie, terwyl Morey en Quigley (2002) dit as potensieel meer positief beoordeel. Daar is steun gevind vir Allan en Louw (2001) wat bevind het dat daar ’n landwye negatiewe persepsie bestaan by regsgeleerdes oor die “onvoldoende” hofbydraes van forensiese sielkundiges.

Die wisselwerking met en aansien van ander deskundige forensiese velde, asook die forensiese paradigma versus die terapeutiese paradigma is belig. Psigoforensiese evaluerings laat ongelukkig ruimte vir foutering en agterstande en skep bepaalde dilemmas wat slegs met vernude maatreëls oorbrug kan word. Die verwagte nuwe denke en evalueringsmodel behoort in samehang met die regsposisie van die forensiese sielkundige te geskied. Dit is derhalwe noodsaaklik om die hofprosedures, asook die hofkundigheid van die forensiese sielkundige en die onderskeie rolspelers voortdurend in hierdie proses in ag te neem.

Kennis behoort ook geneem te word van die spesialisterreine van die psigoforensiese deskundige, aangesien verskillende evalueringskriteria ter sprake

is. Wat strafsake betref, is ’n praktiese beoordelingsraamwerk vir kriminele aanspreeklikheid as vertrekpunt voorgestel en verskillende beoordelingskriteria is geformuleer. Dit het gelei tot die noodsaaklike beskouing van algemene (maar eenvormige) beginsels en standaarde onderliggend tot psigoforensiese (voorvonnis) evaluerings. Die plek van psigometriese toetse (die kritiek en die meer gunstige sienings daaroor) is as onlosmaaklike deel van hierdie evalueringsproses omlyn.

Die onkunde en dilemmas rondom ‘n psigoforensiese evalueringsraamwerk skep ’n behoefte aan ’n objektiewe intervensiemodel en veelvuldige metodes van inligtingversameling en -beoordeling. Hierdie agtergrond het gelei tot ondersoeker se ontwikkeling van ’n eiesoortige evalueringsmodel vir die beoordeling van impulsmoorde. Vervolgens is na die uniekheid van ’n evalueringsmodel gekyk met ontwikkelingsnavorsing as navorsingsontwerp.

8.2.3 Ontwikkelingsnavorsing

’n Literatuurondersoek het die ondersoeker gelei tot die gevolgtrekking dat bestaande fundamentele en selfs toegepaste navorsing nie werklik geskik is vir ontwikkeling van ’n evalueringsmodel vir die beoordeling van impulsmoordenaars nie. Ontwikkelingsnavorsing is derhalwe gebruik om die geleidelike verloop (proses) van ontwikkeling te omskryf en die ontdekkende aard van hipotese-ondersoek in Hoofstuk 2 te moontlik te maak.

Die grondbeginsels onderliggend aan ontwikkelingsnavorsing beantwoord die vraag na die funksionaliteit daarvan in die realistiese oplossing van navorsingsvraagstukke. Die verfyning van algemene ontwikkelingsnavorsing het gelei tot intervensienavorsing wat as paradigma kon dien om die uitkoms van ’n intervensie (in hierdie geval ‘n psigoforensiese evalueringsmodel) te toets en aan te pas.

Verskeie bestaande ontwikkelingsnavorsingsmodelle is ondersoek en ontleed en die fases daarvan is bespreek. Dit is opgevolg met ’n kritiese beskouing van elke ontwerp. In die meta-analise van die teorie is leemtes geïdentifiseer soos verwarring tussen fases en probleme om die stappe van die onderskeie modelle te skei. Die feit dat ‘n uitvoerbare evalueringsintervensie nie noodwendig as produk volg nie, is tot hierdie kritiek bygevoeg.

Die behoefte aan ’n konvensionele en simplistiese evalueringsmodel vir die evaluering van impulsmoorde het hieruit op die voorgrond getree en gelei tot die skep van ’n eie geïntegreerde sintese (wat steeds gegrond is op elemente van die intervensie-, ontwerp- en ontwikkelingsparadigma, maar wat ook die algemene sisteemteorie as metateorie insluit).

Die historiese aannames verbonde aan en kenmerke van sistemiese denke het veral betrekking op die ingewikkeldheid, eiesoortigheid en kringloopbeïnvloeding van sisteme. Die hiërargiese ordening is – tesame met bovermelde – met die psigoforensiese werk en die wisselwerking met ander professies in verband gebring en ook so geïllustreer.

Hoewel die onderskeie modelle verskillende permutasies en variante bied en ook bepaalde ankerfases het, is daar ’n gebrek aan ’n eiesoortige metateorie. Die blote duplisering van een van hierdie modelle vir die evaluering van impulsmoorde sou mank gaan aan volledigheid, derhalwe is ’n eiesoortige geïntegreerde evalueringsmodel geskep. Die huidige praktiese model is gebaseer op die ontwikkelingsnavorsingsparadigma.

8.2.4 Die ontwikkeling van ’n psigoforensiese evalueringsmodel vir impulsmoorde vanuit ’n ontwikkelingsnavorsingsperspektief

’n Psigoforensiese evalueringsmodel vir impulsmoordenaars (met die sisteemteorie as vertrekpunt) is ontwerp. Dit is ’n samevoeging van die kernelemente en fases

van bestaande ontwikkelingsmodelle en veral Rothman en Thomas (1994) se navorsingsparadigma van intervensie-ontwerp en ontwikkeling. Laasgenoemde outeurs het die behoefte aan geïntegreerde navorsing met praktykgerigte toepassingsmoontlikhede raakgesien en ontwerp- en ontwikkelingsnavorsing as navorsingsbenadering voorgestel.

De Vos et al. (2011), Monette et al. (1998) en Van Rensburg (2001) toon dat hierdie metodologie met vrug toegepas kan word, aangesien dit hierdeur moontlik is om die mees effektiewe metodes en intervensies te benut om die wesenlike probleem van litigasie-evaluering vir die forensiese sielkundige te ondervang.

Die toepassing van ontwikkelingsnavorsing in die ontwerp van ’n eie geïntegreerde psigoforensiese evalueringsmodel kan kortliks soos volg voorgestel word:

Tabel 8.1 Die fases van die ontwikkelingsnavorsingproses soos van toepassing op die huidige navorsing:

Fase van die ontwikkelingsnavorsingproses	**Tersaaklike hoofstuk**
Fase 1: Die inwin van inligting, probleem-analisering en projekbeplanning	• **Hoofstuk 1** Inleidende motivering vir die studie. Dit sluit die probleemstelling, doelstellings, metode van ondersoek en vooruitskouing in
Fase 2: Die versameling en sintese van inligting: Literatuurstudie	• **Hoofstuk 2** Impulsmoord as geweldmisdaad. Determinante van impulsmoorde en regskwessies word bespreek • **Hoofstuk 3** Psigoforensiese evaluering en getuienis • **Hoofstuk 4** Ontwikkelingsnavorsing

Fase 3: Ontwerp van die evalueringshulpmiddel	• **Hoofstuk 5** Die ontwerp van ‘n psigoforensiese evalueringsmodel vir impulsmoorde insluitend: - Praktyknavorsing oor tyd - Bespreking met forensiese en juridiese deskundiges - Voortdurende aanpassing van die model
Fase 4: Evaluering en ontwikkeling	• **Hoofstuk 6** ’n Evalueringsmodel vir impulsmoordenaars • **Hoofstuk 7** Die kwalitatiewe beoordeling van impulsmoordenaars (wat lei tot die profielsamestelling)
Fase 5: Disseminasie	• **Hoofstuk 8** Gevolgtrekking, samevatting, aanbevelings en stappe om die instrument te versprei en op ander velde toe te pas

Bogenoemde raamwerk dui die onderskeie vertrekpunte aan vanwaar impulsmoorde beskou en geëvalueer is. Hierdie ontwikkelingsnavorsingsmodel is relevant; dis nie eensydig slegs aan die sielkunde verbonde nie, maar saamgestel met die inagneming van ander velde en werklikhede (soos die psigiatrie, maatskaplike werk en die regstelsel). Die model berus op ‘n sisteem-teoretiese perspektief en word voortdurend aan vernuwing onderwerp. Die beginsels van die algemene sisteemteorie soos beskryf in die werke van Averill en Nunley (1993) en Miller (1978) is bespreek en (deur middel van voorbeelde) van toepassing gemaak op die forensiese sielkundige se werkswyse, misdaad in die algemeen en ook impulsmoorde.

Die evalueringsmodel is as doelmatig deur verskeie regsgeleerdes bevind en die aksent was op alle in-wisselwerking-verkerende sisteme (Grobbelaar & Schoeman, 1980), insluitend ander forensiese kundiges, regslui, en ook korrektiewe, polisie- en paroolbeamptes.

Die navorsingsproses (sien Tabel 8.1) het opeenvolgende en ’n sirkulêre benadering (Van Rensburg, 2001) oor ’n bepaalde tydgleuf nagevolg. Dit het verskeie fases tegelyk in die voortdurende “hofsaak-tot-hofsaak”-ondersoek verreken. Die ondersoeker se benadering het literatuurnavorsing as vertrekpunt aanvaar, daarna het ‘n aksieplan, die implementering van die aksieplan en die deurlopende evaluering en aanpassing van hierdie plan gevolg. Hieruit het ’n meer aanvaarbare vierfasige ontwerp ontwikkel, naamlik:

- ’n Voor-navorsingsfase (inligtingontginning, probleemanalise, literatuur-studie en ‘n ondersoek na 15 geargiveerde gevallestudies);

- die herdefiniëring en ontwerp van ‘n evalueringshulpmiddel (praktifisering met tentatiwiteit voorop gestel);

- die ontwikkelingsfase met voortdurende intervensie-evaluering en eliminering of toevoeging van inligting; en

- ’n Disseminasiefase, dit wil sê diffusie en disseminasie.

Voortgesette toekomstige monitering, opleiding en teoretiese suiwering is hierby inbegrepe. Hierdie model is uiteraard onderworpe aan vernuwing en sal slegs blywende waarde hê indien dit in die toekoms volgehoue evolusie kan ondergaan.

Die finale evalueringsmodel het ontwikkel uit die ondersoeker se eie stel van teoretiese aannames en sy fokus op verskeie misdaadverwante inhoude en agtergronde. Die genoemde fokus sluit onder andere oorvleueling met ander vakgebiede in, die waarneming van patrone en gebreke in bepaalde regsaangeleenthede, psigoforensiese evaluerings, literatuurnavorsing, hofuitsprake en meervoudige kollaterale inligting. Dit is vervolgens in ‘n etiese raamwerk beoordeel en beskryf.

Voortvloeiend uit bogenoemde is praktiese en toepassingsriglyne saamgestel vir die psigoforensiese sielkundige wat impulsmoordenaars evalueer.

8.2.5.1 ’n Evalueringsmodel vir impulsmoordenaars: toepassingsriglyne

Die doel was om ‘n doelmatige evalueringsraamwerk vir die beoordeling van impulsmoordenaars daar te stel. Die fokus was aanvanklik op die voorkennis van die psigoforensiese sielkundige, die geskiedenis van die oortreder en die oortreder-sielkundige-kontrak. Daarna is begin met die inwin van inligting, die kliniese onderhoud en die afneem van psigometriese toetse. Die inligting is geïntegreer deur inagneming van die psigometriese resultate, die identifisering van verswarende en versagtende omstandighede en die koppeling daarvan aan die bevindings in die verslag.

Sodanige voorvonnis verslag moet benewens identifiserende besonderhede en ’n inleidende gedeelte, ook bestaan uit inligting ten opsigte van die verlede, hede en toekoms van die oortreder en sy/haar daad. Dit word met finale bevindings en aanbevelings afgesluit.

’n Verslaggewingformaat is aan die hand van verskeie tabelle en voorbeelde voorgestel en geïllustreer. Voorsiening is daarin gemaak vir onderafdelings soos demografiese inligting en inligtingsbronne, asook vir waarnemings, indrukke en meningsvorming. Die begrip “nie-beplande optrede” is deur middel van verskeie kollaterale bronne en geverifieerde inligting nader gebring aan die regsbegrip van impulsmoord. Die sistematiese inwin van inligting en die wyse van uiteensetting in die voorbeelde maak dit moontlik om hierdie verskynsels in samehang met omringende (en wisselwerkende) gebeure en veral die opbouende spanning te verstaan.

Die interaksie tussen veranderlikes soos stressors, die *modus operandi,* die opbou van spanning en die ontlading, is in die onderskeie verslae belig. Ruimte is ook

gelaat vir kliniese bevindings, die geestestoestand van die oortreder en psigometriese verklarende inligting.

'n Evalueringsverslag sal onvolledig wees sonder die aanbied van verswarende en versagtende omstandighede, die stawing daarvan aan die hand van hofsake en 'n finale formulering. Uit voorgenoemde kan bepaal word of die beskuldigde bevoeg of onbevoeg is om verhoor te word en wat die redes vir die bevindings is (deur byvoorbeeld impulsmoorde gegrond op algehele ontoerekeningsvatbaarheid vanweë psigopatologie te onderskei van impulsmoorde gepaardgaande met verminderde of algehele ontoerekeningsvatbaarheid). Konkrete riglyne is voorgestel vir die hantering van beide gevalle.

8.2.6 Die profielsamestelling van impulsmoordenaars

8.2.6.1 Algemene tendense

Slegs algemene tendense is geïdentifiseer wat tydens die forensiese evaluerings na vore gekom het. Die inleidende evalueringskriteria, soos juridies en psigologies vereis, is opgevolg met en uitgebrei deur gesinkretiseerde indekse wat in die literatuur met impulsmoorde geassosieer word en wat tot 'n persoonlikheids-disintegrasie / "-inploffing" kon lei. Die belangrikste bevindings ten opsigte van die profiel van die deelnemers in die huidige studie word vervolgens bespreek.

Ooreenkomstig die denkraamwerk wat uit die literatuurstudie blyk, sou verwag word dat die deelnemers wat afkomstig is uit 'n lae sosio-ekonomiese omgewing 'n sterker neiging tot geweld en impulsmoord sou hê. Die omstandighede rondom die impulsmoorde in hierdie ondersoek lei tot die volgende insigte: die meeste deelnemers (66,6%) in die onderhawige studie beskou inderdaad hul sosio-ekonomiese status tydens hul kinderjare as armoedig. Dit gaan hier oor diegene wat in sosio-ekonomies gedepriveerde (onderdrukte) en minderbevoorregte omgewings grootgeword het (Mercy & Saltzman, 1989). Wat die deelnemers se

volwasse sosio-ekonomiese status betref, moes afleidings gemaak word: ongeveer 2/3 van die volwasse oortreders beskik oor senior sekondêre skoolkwalifikasies (een derde is selfs verder op tersiêre vlak bekwaam). Geeneen van die oortreders het agterlike skoolopleidingsvlakke nie en 87,3% het stabiele werkrekords gehad het – faktore wat eerder geassosieer word met ten minste gemiddelde sosio-ekonomiese status (in die deelnemers se volwasse lewe). Kennis is ook geneem van bykans al die impulsmoordenaars wat self vir hul regskostes betaal het en nie deur instansies soos die Regshulpraad verwys is nie. Daaruit is eweneens afgelei dat hul sosio-ekonomiese status tydens die misdryf nie armoedig was (soos dit die geval met die gewoonte geweldenaar is nie). ’n Beperkte parallel kan dus getrek word tussen deelnemers se opleidingsvlak, werkgeskiedenis, sosio-ekonomiese status tydens die misdryf en impulsmoord. Armoedig kinderjare kan ook meer geredelik daarmee verbind word. Die resultate van die huidige studie strook met Dobash et al. (2004) se siening dat impulsmoordenaars konvensioneel en ook beroepstabiel is en dat hulle eenmalig en in buitengewone omstandighede onvoorspelbaar wederregtelik optree.

Die groep deelnemers het grotendeels in landelike gebiede in Gauteng grootgeword. Sosiale faktore soos gebrekkige opleiding en werkloosheid word dikwels met landelike gebiede geassosieer word. Die vraag ontstaan of impulsmoorde voortspruit uit die lae sosio-ekonomiese status van die gesin wat met landelike omgewings geassosieer word en of ‘n veelheid van faktore daartoe aanleiding gee? Verder herskryf die armoedige sosio-ekonomiese status van die gesin ook die toekoms van die lede daarvan op die een of ander stadium deurdat dit kan bydra tot gevoelens van minderwaardigheid en die lae gemete selfagting van die deelnemers?

Geeneen van die deelnemers se gesinslede (of die deelnemers self) het kriminele rekords nie. Nie een het as ’n alleenkind grootgeword nie en geeneen het aanpassingsprobleme gehad of aan psigopatologie gely nie. Impulsmoorde is dus in die afwesigheid van noemenswaardige kindertrauma en/of psigopatologie

gepleeg. Dieselfde geld vir die kriminogene geskiedenis en rekord van die oortreder se gesinslede, asook skoolaanpassingsprobleme by die oortreder as kind. Dit lei tot die siening en retrospektiewe insig dat psigopatologie, aanpassingsprobleme en die afwesigheid van ’n kriminogene geskiedenis by die familielede van ’n individu ook nie ’n waarborg is dat ’n impulsmoord nie in die toekoms deur so ’n individu gepleeg sal word nie. Geeneen van die ondersoekgroep het hul as kind aan kriminogene gedrag skuldig gemaak nie, dog het dit hul nie gevrywaar van die pleeg van ’n latere impulsmoord nie.

Die meerderheid impulsmoordenaars is mans tussen die ouderdom 31 en 40, afkomstig uit die blanke en die swart rassegroepe. Vrouens sterf gereeld onder die hand van mans: ’n aansienlike mate van trefsekerheid word verkry deur mans eerder as vroue as impulsmoordenaars te stereotipeer. Die samestelling van die groep oortreders was heterogeen en alle rassegroepe in Suid-Afrika is verteenwoordig. Die grootste persentasie deelnemers (ongeveer die helfte) was swart, terwyl blanke deelnemers die tweede posisie beklee.

Die voorkoms van Indiër- en Bruin-impulsmoordenaars is wel merkwaardig laer as in eersgenoemde twee rassegroepe, maar hierdie feit kan waarskynlik aan die demografiese en interprovinsiale bevolkingsverspreiding gekoppel word.

Dit is insiggewend dat middelmisbruik ook nie as noemenswaardige veranderlike teenwoordig was nie. ’n Klein minderheid het ’n geskiedenis van middelmisbruik, maar slegs ongeveer een derde het alkohol op die dag van die oortreding gebruik (hoewel dit tydens hofuitsprake as van mindere belang beskou is). Die bevinding is nie in lyn met dié van Butler et al. (2003); Di Giacomo en Clerici (2010); Swartz en Lurigio (1999, 2004) nie, aangesien hulle almal die verwantskap tussen middelgebruik en geweld beskryf. In die geval van algemene geweldsmisdaad is daar ‘n toenemende bewustheid dat oortredings veral deur bendes gepleeg word wat middels misbruik en dan hierdie gewoontes in gevangenskap voortsit.

Ongeveer een derde van die deelnemers is deur hul lewensmaats as swak seksuele presteerders beskou, ongeveer die helfte was medies gesond en min of meer dieselfde persentasie het voorgeskrewe medikasie gebruik. Meer inligting insake die aard en duur van die siektetoestand en tipe medikasie wat gebruik is, sal van waarde wees. Voorts behoort in meer breedvoerige navorsing vasgestel te word watter siektetoestand wel inspeel op verhoudings.

In die literatuurbespreking van impulsmoorde, is dit as sinoniem met amnesie beskryf. Die deelnemers wat wel ’n voorafgaande geskiedenis van amnesie beskryf het, het dit nie as psigogeen of as ’n uitvloeisel van ’n “psigiese ineenstorting” aangetoon nie. Die meeste deelnemers het geen (voorafgaande) geskiedenis van amnesie nie.

Twee derdes van die proefpersone het voor die trauma professionele hulp in die vorm van terapie ontvang. Hierdie bevindings wyk af van dié van Barber et al. (2008) wat nie behandelingsregimes (soos psigiatriese hulp met antidepressante) in hul ondersoekgroep kon bewys nie. Die vraag wat nietemin hieruit voortspruit, is of professionele raadpleging potensiële impulsmoordenaars kan identifiseer en blywende veranderings kan bewerkstellig wat impulsmoord sal voorkom?. Die onvermoë om die potensiële impulsmoordenaar te identifiseer en by te staan mag lei tot ’n sinisme ten opsigte van die bydraes wat deur hulpprofessies gelewer kan word.

Die meeste impulsmoordenaars was eerste oortreders. In twee gevalle is interdikte (kragtens die Wet op Gesinsgeweld, Wet 133 van 1933) teen die oortreders bekom en die aanrandings wat in nabye verhoudings by ‘n beperkte aantal van die deelnemers voorgekom het, het in ieder geval wederkerig tussen die betrokke partye plaasgevind. Die doel van hierdie siftingsproses (om impulsmoordenaars met ’n kriminele rekord van dié daarsonder te onderskei) was om vas te stel of daar waarheid steek in die wye rapportering van die vermoede dat ’n kindermisdaadgeskiedenis gaandeweg aanleiding kan gee tot herhaaldelike

volwasse misdadigheid en dat ’n geweldsfenomeen soos impulsmoord daarby ingesluit kan wees (Dobash, 2004). In die onderhawige studie is gevind dat daar by die deelnemers geen sprake is van ‘n “kriminele loopbaangeskiedenis” nie (soos dikwels by die gewoontegeweldenaar voorkom) en die tipiese oortreder in hierdie geval tereg as ’n verantwoordelike tipe manlike persoon met pligsbesef beskou kan word. In die navorsing van Dobash et al. (2004, pp. 577-578) word in hierdie verband verwys na: “… *men who kill an intimate woman partner are just ordinary men who, in a moment of extreme passion or under extreme provocation, ‘just snap’… They are not robbers, thieves, or ‘hard’ men with a history of criminal activity ... who kill in the context of a lifetime of crime* ...”. Daar kan wel ook met reg aanvaar word dat die afwesigheid van vorige interdikte en huweliksgeweld nie impliseer dat toekomstige impulsmoorde nie sal plaasvind nie.

Wat kontekstuele faktore betref, is bevind dat die meeste oortreders ten tye van die moord intiem by die slagoffers betrokke was, met die tydsduur van die verhoudings óf betreklik kort óf langdurig van aard. Op ’n paradoksale manier het hulle (die oortreders) die lewe van hul geliefdes geneem. Die meeste van die verhoudings wat op impulsmoord uitgeloop het, is deur eskalerende konflik oor tyd gekenmerk wat uiteindelik in ’n finale konfrontasie gekulmineer het. Hierdie tendens word ook as noodsaaklike snellers in regsgesag beskryf (*S v Wiid* 1990 (1) SASV 561 (A) en *S v Smith* 1990 (1) SACR 130 (A)). Dit was ná die ontwikkeling van psigiese snellers soos langdurige konflik, ontrouheid en oneerlikheid. Dit is direk voorafgegaan deur psigiese teleurstelling en woede met opvolgende skok. Die onaanvaarbare maar gereelde parallelle wat tussen impuls- en passiemoorde getref word, word hierdeur versterk en lei tot die aanname dat impulsmoord oënskynlik tot nabye en deels onvervulde passievolle verhoudings beperk kan word.

Verskille is tussen die slagoffers van moorde en impulsmoorde geïdentifiseer. In voorafbeplande moorde was die slagoffer dikwels kwesbaar en aan omstandighede uitgelewer (en was dié moorde dikwels opportunisties), terwyl die

groep impulsmoordenaars in hierdie studie se slagoffers meestal aan hul bekend was en ’n nabye verbintenis met die moordenaar gehad het.

Die meeste moorde is in die privaatheid of nabyheid van die betrokke partye se wonings gepleeg. Oënskynlik is impulsmoord ‘n fenomeen wat in ’n nabye verhouding, vinnig en met swak selfbeheer uitgevoer word. Indien die oortreder se emosionele opwekking enigsins in afsondering geskied, sal dit waarskynlik lei tot byvoorbeeld ’n beplande besoek aan die slagoffer se werkplek; dít sou dan optrede wees wat *per se* voorbedag is en nie kwalifiseer vir die etiket van impulsmoord nie. Wat die tydsberekening van hierdie tipe moorde betref, kan dit as omgewingspesifiek en as “op-die-ingewing-van-die-oomblik” getipeer word.

Seksualiteit, met ander woorde sekondêre gewin, bevrediging en seksuele aanranding op die slagoffer (soos dit alom in konvensionele moorde voorkom), het nie onmiddellik voor of na die moord gepresenteer het nie. Voorgenoemde is voorspelbaar afwesig in die onderhawige navorsing. Dit blyk ook dat seksuele drif of -aggressie geensins ’n rol in die pleeg van die misdryf gespeel het nie.

Impulsmoorde word volgens die inligting van die betrokke groep deelnemers gekenmerk deur ‘n onversteurde misdaadtoneel. ’n Wankelrige betoog vir ’n impulsmoord met verminderde toerekeningsvatbaarheid sou inderdaad bestaan as die moordenaar doelbewus gepoog het om die misdaadtoneel te herskep. Dit sou ’n verwronge beeld van beide impulsiwiteit en berou skep.

Vuurwapenbeskikbaarheid het waarskynlik die moorde vergemaklik, terwyl dit andersyds ook lyk of daar in die afvuur van die projektiele en die toedien van die aantal steekwonde ’n element van ongekontroleerdheid of outomatisme teenwoordig was (hoewel alle skote nie altyd die slagoffer getref het nie). Wat vuurwapengebruik betref, word die bevindings gesteun deur die beskouing dat ontluikende konflik kan lei tot die impulsiewe aanwending en benutting van ’n beskikbare wapen. Die nuwe vuurwapenwet (Wet op Vuurwapenbeheer, Wet 60

van 2000) verwoord die beperking van wapens in sterk en duidelike terme en in die huidige bevindings wil dit voorkom of ’n saak vir ’n “wapenspesifieke” moord inderdaad uitgemaak kan word. Die beperkings in die genoemde wet word dus gesteun.

’n Stemming van ongelukkigheid, verwarring en berou was kenmerkend direk na afloop van die moorde teenwoordig. Dit strook met Barber et al. (2008) se bevindings dat 59% van mans (uit ‘n studie van 1 503 gevalle) wat hul lewensmaats gedood het, emosioneel getraumatiseer was en daarna ook hul eie lewens geneem het. Emosionele skok blyk kenmerkend van hierdie tipe moord te wees (*S v Wiid* 1990 (1) SASV 561 (A)).

Die meerderheid oortreders (73,4%) kan die moordgebeure oor die langtermyn slegs gedeeltelik herroep. Die wisselwerking tussen die trauma en (selektiewe) amnesie is in ooreenstemming met regsgesag soos *S v Kensley* 1995 (1) SACR 646 (A) en *S v Potgieter* (1994) SACR 61 (A).

In die huidige studie het die meeste deelnemers skuldig gepleit en met die SAPD saamgewerk. Samewerking het op verskillende wyses uitgekristalliseer: die aanmelding van die saak; die feit dat die oortreder nie van die toneel gevlug het nie; verklarings en uitwysings wat gemaak is, asook ’n pleit van skuldig waardeur die hof in die oortreder se vertroue geneem is. ’n Pleit van onskuldig is in bepaalde gevalle aangeteken omdat die oortreder nie detail van die gebeure kon herroep nie, eerder as synde ‘n poging om op tegniese gronde onskuldig bevind te word. Voorgenoemde is deur die howe as aanduidend van berou beskou.

8.2.6.2 Psigometriese indekse

Die volgende psigometriese indekse waaraan deelnemers onderwerp is, is ter sprake: Die meeste deelnemers beskik oor gemiddelde intellektuele vermoëns, derhalwe kan gebrekkige verstandelike vermoëns nie as (gedeeltelike) verskoning

vir die misdaad of as rede vir verminderde morele blaamwaardigheid aangebied word nie. Die vertrekpunt is dus dat, gegewe die oortreder se intellektuele funksioneringsvlak, daar voldoende verstandelike vermoë ten tye van die misdryf moes bestaan om insig en begrip binne die omstandighede te openbaar. ’n Vertroebeling van hierdie kognitiewe vermoëns kon egter die affektiewe bedryfstelsel (soos in die literatuur bespreek) van die oortreder beïnvloed het. Die gemete gemiddelde intellektuele vermoëns dui voorts daarop dat die oortreder 'n begrip vir en bydrae tot hofverrigtinge sou kon maak.

Gevolgtrekkings gegrond op die resultate van die 16-PF(SA-92)-vraelys behels kortliks die volgende:

Die meerderheid van die ondersoekgroep was geneig tot onderdanigheid, terwyl ’n onbeduidende klein persentasie dominante persoonlikheidstrekke vertoon het. Die meeste deelnemers was dus nederig, inskiklik en beïnvloedbaar. (Hierdie trekke kan lei tot oorafhanklikheid in verhoudings, asook gebrekkige selfgelding en die opkrop van gevoelens. Sien ook die resultate van die MCMI-III).

Bykans drie keer meer deelnemers se egosterkte was onvoldoende (ondergemiddeld tot gemiddeld) in vergelyking met diegene met goed ontwikkelde/voldoende egosterkte. Hierdie interpretasie stem deels ooreen met die literatuur wat verswakte impulsbeheer met swak ego-ontwikkeling in verband bring (Lennings, 2004). Verbrokkelde ego-funksies kan oënskynlik kortstondig ten tye van die pleeg van die impulsmoord voorkom en kan andersins meer langdurig presenteer en ook bydra tot amnesie vanweë dissosiasie (*S v Nursingh* 1995 (2) SASV 383 (N)).

Geeneen van die ondersoekgroep het hoë tellings op impulsiwiteit behaal nie. ’n Derde was eerder sober en swygsaam, terwyl die res (twee derdes) gemiddelde tellings op die impulsiwiteitskontinuum behaal het.

Die groep impulsmoordenaars was geneig tot gewetenswroeging wat elemente van moraliteit en pligsbesef insluit. Dit strook met die wyse waarop berou later manifesteer: hulle reaksie vloei voort uit hoër persoonlikheidsfunksies naamlik superego-ontwikkeling en –sterkte.

Daar moet onderskei word tussen oortreders wat skaam en ingetoë is (dit wil sê emosioneel sensitief vir bedreigings) en diegene wat ongebonde en emosioneel gehard is. Impulsmoordenaars neig meer na eersgenoemde pool van hierdie persoonlikheidsdimensie en hul brutale optrede is in die lig hiervan atipies aan hul aard. Die deelnemers het oor die algemeen ‘n geneigdheid tot skuldgevoelens, is bevrees, bekommerd en vol selfverwyt. Hulle verskil van diegene wat selfgenoegsaam is en met selfvoldaanheid optree. (Hierdie persoonlikheidstrek dien moontlik as een van die praktiese verklarings vir hul later destruktiewe gedrag – hulle is, tesame met ander persoonlikheidskonstellasies, te bevrees en onseker om met nuwe en meer effektiewe konflikhanteringsgedrag te eksperimenteer. Hulle is gewoonlik ook verbaas indien potensiële ander hanteringsopsies ná die moord aan hulle uitgewys word).

Hul verhoogde spanningsvlakke en verswakte beheer vind weerklank in oorspanning, prikkelbaarheid, en verminderde wilskrag met laer selfsentiment. Spanning kan verlammend op die oortreder sowel as die verhouding inwerk en kan inderdaad as voorspeller vir bykans enige wanoptrede dien.

’n Verband tussen distorsie en doelbewuste verkeerde voorstellings enersyds en ’n impulsmoord andersyds kon nie gevind word nie. Die groep deelnemers was opreg in die weergee en invul van inligting en doelbewuste distorsies (’n aspek waarvan die forensiese sielkundige deeglik moet kennis neem tydens die evaluasie van konvensionele moordenaars) was nie by hierdie deelnemers teenwoordig nie.

Die kliniese persoonlikheidspatrone wat by die meeste deelnemers op die MCMI-III gemeet is, is afhanklike, vermydende, depressiewe, selfdegraderende en skisoïde persoonlikheidspatrone. Dit is noemenswaardig dat geen deelnemer hoë tellings op enige van die ander kliniese persoonlikheidspatrone - wat dikwels met konvensionele gewelddade geassosieer word - soos antisosiale, histrioniese en selfs narsissistiese persoonlikheidspatrone, behaal het nie. Anders as wat dit dikwels die geval met gepremediteerde moorde is, het geen deelnemer in hierdie studie hoog gemeet op antisosiale persoonlikheidspatrone (verbandhoudende met ASPV) nie. Hierdie indeks is ook bevestig deur die lae tellings wat deelnemers op psigopatiese deviasie van die *CAQ*-vraelys en die antisosiale kliniese persoonlikheidspatroon van die MCMI behaal het. Individue wat hoog op die dimensie psigopatiese deviasie meet, is sensasiesoekend en minder geïnhibeerd as diegene wat laag daarop meet. Omtrent al die deelnemers in die onderhawige studie het laag op hierdie dimensie gemeet, wat dui op geïnhibeerdheid en die feit dat hulle kritiek moeilik verwerk. Dit mag, in samehang met ander faktore, die deelnemers se hewige reaksie op kritiek en verwerping verklaar.

Die hoë metings wat op depressiewe persoonlikheidspatrone behaal is, is wel in ooreenstemming met die literatuur (Carson, 1996; Sayar, 2000). Die hoë tellings op skisoïde, afhanklike en selfdegraderende persoonlikheidspatrone kon vanweë gebrekkige beskikbare navorsing nie met ander resultate vergelyk word nie. Hierdie groep persoonlikheidspatrone word deur sosiale afsydigheid/inhibisie, nie-selfgeldenheid, rigiditeit en konflikvermyding gekenmerk. Diegene se sosiale vaardighede is onder verdenking en konflikhanteringswyses is rigied, vandaar die plofbare en onvoorspelbare aard van hul optredes onder ekstreme spanningsdruk/provokasie. Die huidige groep deelnemers pas oor die algemeen nie in by die profiel van tipiese (beplande) moorde nie (Cartwright, 2001; Edwards 2003; Goldenson et al., 2007; Maden, 2007).

Die relatief lae metings op GPV en paranoïese gedrag by die groep impulsmoordenaars stem ook nie werklik ooreen met die bevindinge van

byvoorbeeld Goldenson et al. (2007) en Bartol en Bartol (2005) wat gewelddadige optrede inderdaad met onderskeidelik GPV en paranoia assosieer nie. Dit is wenslik om na die onderliggende dinamika en kenmerke van die onderskeie psigopatologiese toestande te kyk ten einde die verband met impulsmoorde te probeer verstaan: i) GPV gaan onder andere gepaard met gemoedfluktuasies, angs, woede en ’n preokkupasie om affeksie te verseker ii) paranoïese persoonlikheid word onder andere gekenmerk deur agterdog, wantroue en hipersensitiwiteit. Albei hierdie toestande hou verband met inherente onsekerheid, rigiditeit, ’n mate onstabiliteit en gebrekkige sosiale blootstelling en vaardighede. Onstabiele interpersoonlike verhoudings kan ontstaan as gevolg van hierdie innerlike onstabiliteit en oorreaksies kan op kritiek volg. Hoewel van hierdie dinamika wel by die groep deelnemers teenwoordig was, blyk dit nie ‘n uitvloeisel van GPV of paranoia te wees nie en moet na ander moontlike determinante gesoek word.

Geen deelnemer het hoë tellings op dwelm-afhanklikheid behaal nie. Dit verskil derhalwe van die literatuur (Di Giacomo & Clerici, 2010) waarin middelmisbruik onlosmaaklik aan geweld gekoppel word. Wat die gemete hoë angs en depressie by die deelnemers betref, word die volgende steun in die literatuur gevind: Sayar et al. (2000) verklaar dat impulsiewe aggressie dikwels in psigologiese versteurings soos depressie met gepaardgaande spanning en angs voorkom. In hierdie geval word distemie as ’n vorm van langdurige depressie wat onder meer gekenmerk word deur apatie en skuld beskou en angs met gepaardgaande rusteloosheid, fobiese gedrag en fisiese klagtes. Hierdie bevinding strook dan ook met die literatuur (hoewel die vraag voortdurend gevra moet word of hierdie toestande moontlik reeds voor die insident teenwoordig was en of dit ’n uitvloeisel van die omstandighede van die deelnemer is).

Die teenwoordigheid van PTSV is ook nie vreemd nie en kom voor in die herbelewing van die trauma (hetsy die moord, arrestasie, of beeld soos in die dossier weergegee). Kortliks beteken dit dat die deelnemers oënskynlik in ’n

spektrum van kliniese sindrome verval het en dat daar ’n simbiotiese verhouding tussen veral angs, depressie en in bepaalde gevalle ’n PTSV bestaan. Wat die ernstige kliniese sindrome betref, kan veral major depressie hierby gevoeg word (meer as die helfte ly daaraan).

Die volgende gevolgtrekkings is gegrond op diverse psigometriese subskale:

- die deelnemers aan die huidige studie was oor die algemeen nie vyandiggesind nie. Hierdie persoonlikheidstrek vorm die kernverskil met die persoonlikheidsprofiel van konvensionele moordenaars. Die beperkte vyandigheid wat teenwoordig is en in ieder geval verskans en geïnternaliseer (73,3% deelnemers het na-binne-gerigte-tellings op die HDHQ). Dit word nie na willekeur as aggressiewe momente (soos in die geval van die konvensionele moordenaar) in verhoudings ontplooi en gedemonstreer nie. Die navorser is egter daarvan oortuig dat hierdie na-binne-gerigte-vyandigheid later kan lei tot ‘n ontsluiering en impulsiewe ontbloting van opgekropte emosies, met fatale gevolge;

- soos ui die MCMI-III dit blyk ‘n gegewe te wees dat die deelnemers angstig is en dat hierdie sindroom op beide bewustelike en onbewustelike (indirekte) vlakke van die Ipat-angsskaal manifesteer. Uiteraard kan hierdie hoë tellings moontlik in verband gebring word met die afwagtende verhoor and antisipasie van toekomstige vonnismoontlikhede. Alvorens afleidings gemaak word behoort kollaterale inligting (soos deskundige verslae en onderhoude) aandui in welke mate hierdie angstige geneigdheid reeds voor die moord teenwoordig was;

- wanneer oor die onderliggende oorsake van impulsmoorde besin word, kan selfreguleringsfunksies en impulsiwiteit moontlik ook as bydraende veroorsakende faktore aangetoon word. Die een helfte van die deelnemers het aangetoon dat hul selfreguleringsfunksies onvoldoende was terwyl

ongeveer 50% van die deelnemers ten minste gemiddelde impulsiwiteitstellings behaal het. Die vraag ontstaan hoe hierdie algemeen geldende persoonlikheidsdimensies in spanningsvolle omstandighede (soos tydens impulsmoorde) moontlik as beheermaatreëls kan faal en aanleiding kan gee tot impulsiewe destruktiwiteit? Die verdere vraag is in hoe ’n mate hierdie metings moontlik ‘n gepredisponeerheid tot eenmalige en intense verswakte beheer en impulsiwiteit by die groep deelnemers veroorsaak het?;

- bykans twee derdes van die groep deelnemers se setel van beheer was intern geleë. Dit wil voorkom of die oortreder se gedrag moontlik eerder onderworpe is aan die innerlike reguleringselemente van die menslike karakter as aan uiterlike faktore, wat beteken dat hulle eerder deur interne as eksterne faktore beheer word. ’n Verklaring vir die impulsmoord mag wees dat, ten spyte van ’n interne setel van beheer by die deelnemer, die voorafgaande provokasie of die teleurstelling (Tabelle 7.4 & 7.5) moontlik van so ’n intense aard was dat beheer afgestaan is aan eksterne faktore;

- deelnemers wat oortree het, is daarna berouvol. Die paradoks is skreiend: ’n kontras tussen liefde en woede, die impulsiewe neem van ’n lewe net om daarna tot die jammerlike besef te kom dat inderdaad nie sonder die bepaalde party geleef kan word nie ;

- impulsmoordenaars se selfagting is onder verdenking en bevindings toon dat slegs ’n klein persentasie in wese oor gesonde selfagting beskik. Dít, tesame met die lae metings op dominansie, weerlê veralgemenings oor die magsug van mans. Die impulsmoordenaar hanteer skynbaar sy lae selfagting redelik goed (vandaar die afwesigheid van ’n vorige misdaadgeskiedenis), maar dit kan later die katalisator wees vir onverwagte destruktiwiteit.

8.2.6.3 Terloopse bevindings

Aanvullend tot bogenoemde is die volgende terloopse bevindings ook gemaak:

- geen hof het bevind dat die oortreder gedryf is deur sekondêre seksuele of monetêre gewin nie. Die motief was bloot om die slagoffer se lewe te neem. Dit verskil van die gewoontemisdadiger (soos ‘n reeksmoordenaar) waar moord, roof en verkragting dikwels gelyklopende motiewe kan wees;

- alle moorde is deur die oortreder alleen gepleeg en geen sprake van samespanning is bewys nie. Dobash et al. (2009, p. 194) verwys daarna as individuele “*out of the blue*” moorde en dit weerlê die siening dat impulsmoord aan gewone gepremediteerde moord gelyk gestel moet word;

- ’n interessante perspektief wat terloops in die studie na vore kom, is die volgende: omtrent al die oortreders het hoog gemeet op konserwatisme (faktor Q1: 16PF-SA92-vraelys). ’n Hoë telling op hierdie persoonlikheids-faktor impliseer dat die toetsling gevestigde idees eerbiedig en verdraagsaam is ten opsigte van tradisie en heersende samelewingsnorms (dit is die teenoorgestelde van vrydenkende en liberale individue). Dit impliseer ’n aanhang van die bekende en gerespekteerde waardes (wat waarskynlik meer met tradisionele as stedelike oortuigings in verband gebring kan word) en sluit ook ’n mate van engheid en ‘n gebrek aan ondersoekende gedrag in. Dit wil voorkom of ’n bedreiging ontstaan wanneer hulle met radikaal teenstrydige optrede (soos byvoorbeeld die ontrouheid of verwerping van hul lewensmaats) te doen kry. Die patroon van reaksie is nie heeltemal duidelik nie, maar klaarblyklik verkrummel dit wat voorheen in engheid en behoudendheid bestaan en in stand gehou is in tye van emosionele oplewing en gedwonge verandering. Dit lei tot ’n psigiese disintegrasie.

’n Beter begrip vir die verskynsel van impulsmoord en die rol van die forensiese sielkunde in die identifisering en voordra daarvan in die howe, maak dat hierdie studie ook op verskeie ander maniere ’n nuttigheidsfunksie kan vertolk.

8.3 Bydraes van hierdie studie

Die bydrae van die onderhawige navorsing kan in die volgende saamgevat word:

- die literatuur-aanbieding kan deur forensiese sielkundiges benut word om as vertrekpunt te dien tydens die evaluering van geweldsmisdade;
- ’n nuwe model vir misdaadklassifikasie is ontwerp;
- ’n wesenlike onderskeid is tussen konvensionele en impulsmoorde getref;
- die dryfvere agter impulsmoorde kan as verwysingsraamwerk dien wanneer kollaterale inligting ingewin moet word;
- die psigoforensiese evalueringsmodel kan as hulpmiddel en praktykmodel dien vir die evaluering van impulsmoordenaars. Die foute wat die debutant forensiese sielkundige kan begaan, behoort verminder te word wanneer die evalueringsmodel as rigsnoer gebruik word;
- ’n selfhelp-aksie-kontrolelys is opgestel wat ten tye van evaluerings benut kan word om sodoende foute te beperk;
- die noodsaaklikheid van ’n oop-sisteem-benadering in die forensiese sielkunde en die waarde van skakeling met ander dissiplines is ingeskerp;
- die regselemente en vereistes van die omgewing waarbinne die psigoforensiese sielkundige tydens evaluerings en die aanbied van getuienis moet werk, is belig;

- die ontwikkelingsnavorsingsmodel kan benut word om soortgelyke misdaadmodelle (vir byvoorbeeld witboordjiemisdadigers) saam te stel;

- ’n toekomsperspektief vir psigoforensiese evaluerings/hofbydraes is ontwikkel.

8.4 Leemtes en aanbevelings

Soos dit die geval is by alle menslike aktiwiteite, is hierdie studie ook onderworpe aan kritiek en veel kan gedoen word om die nut van toekomstige navorsing oor die onderwerp te verhoog. Aanbevelings berus dikwels juis op kritiek teen die eie navorsing:

- voortgesette en uitgebreide navorsing word voorgestel ten einde meer deelnemers en ook diegene wat uit laer sosio-ekonomiese groeperings afkomstig is (en dikwels nie die fooie van ‘n deskundige kan bekostig nie) as ondersoekgroep te betrek;

- meer vroulike deelnemers behoort by navorsing betrek te word ten einde te bepaal of dieselfde aanwysers as wat by mans van toepassing is, ook vir hulle geld;

- kennis is geneem van die jaarlikse internasionale veldtog: “16 dae van aktivisme teen geweld teenoor vrouens en kinders”. Soos in die studie uiteengesit, bestaan daar eweneens geweld teenoor mans, maar die aanmeldingsyfer is skynbaar laag. Mans sowel as vroue wat die slagoffers en beoefenaars van geweld is, behoort in verdere studies betrek word;

- in die onderhawige studie is daar hoofsaaklik op fisiese geweld gefokus. Navorsing behoort ook gedoen te word om die omvang en implikasies van ekonomiese geweld (soos afdreiging) en psigologiese geweld te bepaal;

- die regte is ’n bewysgedrewe vakgebied en laat moeilik ruimte vir impulsmoorde wat op grond van tradisionele, kulturele en geloofsoortuigings gepleeg word. Verskeie vrae en leemtes bestaan nog waar rasionele denke te staan kom teenoor bygeloof en tradisie. Die probleem verg verdere ondersoek;

- die toepassingswaarde van die evalueringsmodel behoort ondersoek en aangepas te word om ook as innoverende hulpmiddel in ander strafsake te dien;

- duidelike, identifiseerbare en gereguleerde etiese vereistes moet vir forensiese sielkundiges daargestel word. Psigoforensiese sielkundiges se status moet deur beroepspesifieke opleiding en deurlopende monitering aangespreek word;

- hofuitsprake waarin psigoforensiese deskundiges gediskrediteer word, behoort vir kommentaar deur ’n professionele liggaam vir sielkundiges beskikbaar gestel te word;

- die teoretiese komponent van forensiese werk behoort by universiteitsillabusse ingesluit te word en ’n gevorderde gestruktureerde psigoforensiese kursus vir nagraadse studente aan ’n universiteit is eweneens nodig;

- dienslewering moet aansluit by die behoefte van die wetgewer. Sleuteldoelwitte in die psigoforensiese werkswyse is dienslewering aan die kliënt (mikrosisteme) en die regspleging (mesosisteem). Indirek word die gemeenskap (die makrosisteem) ook gedien, omdat dit help met die bekamping en voorkoming van misdaad. Voortdurende skakeling met ’n netwerk van sisteme word dus vereis;

- die proses van evaluering is evolusionêr van aard en behoort deurlopend aangepas en verbeter te word. Onreëlmatighede en verouderde inligting moet

met vernuwende denke vervang word en by wetswysigings aangepas word; en

- die gemete aanwysers is aangebied met die veronderstelling dat verabsolutering nie altyd moontlik of wenslik is nie en dat voortdurende verdere navorsing nodig is.

8.5 Slot

Daar is in die onderhawige navorsing gepoog om impulsmoord as geweldsmisdaad te ondersoek en te verklaar. In die ontleding het die ondersoeker verder gepoog om ’n onderskeid tussen konvensionele en impulsmoorde te tref. Impulsmoord reduseer tot geweld as gevolg van ’n drif en verswakte beheer en ondeurdagte optrede volg daarop. Die implikasie is dat dit afsonderlik staan van gewoontehandelinge en ook voorafmeditering. Die argument berus op die beginsel van ‘n skielike en onverwagte emosionele ontlading wat opeens opvlam en dan verdwyn om deur spyt opgevolg te word.

’n Psigoforensiese evalueringsmodel is aan die hand van ontwikkelingsnavorsing as aanname saamgestel en in die howe getoets. Dit sluit funksioneel aan en vorm ’n samehangende geheel met persoonlikheids-, kontekstuele en psigometriese faktore wat deel van die profielsamestelling van impulsmoordenaars uitmaak. In hierdie proses is tendense geïdentifiseer.

Die kans dat ’n impulsmoordenaar dié tipe gedrag sal herhaal, is weglaatbaar klein, maar moet verder nagevors word met die oog op die voorspelling daarvan en die proses van rehabilitasie wat aanbeveel moet word. Met voortdurende aanpassings en opleiding kan die psigoforensiese sielkundige ‘n voortgesette en wesenlike bydrae tot hierdie komponent van die litigasieproses lewer.

BRONNELYS

Abele, J. R. (2003). *Emotional distress: Proving damages*. Tucson: Lawyers & Judges Publishing Company.

Ackerman, M. J. (2006). Forensic report writing. *Journal of Clinical Psychology, 62*(1), 59–72.

Alda, E., & Cuesta, J. (2010). A comprehensive estimation of costs of crime in South Africa and its implications for effective policy making. *Journal of International Development, 23*(6), 1–10.

Allan, A., & Louw, D. A. (2001). Lawyers' perception of psychologists who do forensic work. *South African Journal of Psychology, 31*(*2*), 12–20.

Alswang, J., & Van Rensburg, A. (1995). *New English usage dictionary*. Johannesburg: Hodder & Stoughton.

Altbeker, A. (2006, November). *Why is crime in South Africa so uniquely violent?* Paper and transcription of discussion presented at Harold Wolpe Memorial Trust's 55th open dialogue. Cape Town, Iziko Museum.

Altbeker, A. (2007). *A country at war with itself: South Africa's crisis of crime.* Jeppestown: Jonathan Ball.

American Heritage Dictionary of the English language (4th ed.). (2004). Houghton: Houghton Mifflin Company.

American Psychiatric Association. (2000). *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders* (DSM-IV-TR) (4th ed., Text Revision). Washington, D.C.

American Psychological Association. (2010). *Ethical Principles of Psychologists and Code of Conduct.* Washington D.C.

American Psychological Association. (1994). Guidelines for child custody evaluations in divorce proceedings. *American Psychologist, 49*(7), 677–680.

Anderson, C. A., & Bushman, B. J. (2002). Human aggression. *Annual Review of Psychology, 53,* 27–51.

Archer, R. P. (2003). Editor's introduction to a special issue on the topic of forensic assessment. *Assessment, 10*(4), 317.

Armour, M. P. (2006). Experiences of co victims of homicide: implications for research and practice. In C. R. Bartol & A. M. Bartol (Eds.), *Current perspectives in forensic psychology and criminal justice* (pp. 133–139). London: Sage.

Arrigo, B. A., & Shipley, S. L. (2005). *Introduction to forensic psychology: Issues and controversies in law, law enforcement and corrections*. (2nd ed.). New York: Elsevier Academic Press.

Aubrey, L. L., Brown, J. M., & Miller, W. R. (1994). Psychometric properties of a self-regulation questionnaire (SRQ). *Alcoholism: Clinical & Experimental Research, 18,* 429.

August, G., Steward, M., & Holmes, C. (1983). A four-year follow-up of hyperactive boys with and without conduct disorder. *British Journal of Psychiatry, 143,* 192–198.

Australian Academy of Science. (2006). *Bitumen battles – the phenomenon of road rage*. The Australian Foundation for Science.

Australian Psychological Society Ltd. (2008). Retrieved May 3, 2009, from http://www.psychology.org.au/community/specialist/forensic/

Bailey, K. D. (1987). *Methods of social research* (3rd ed.). New York: The Free Press.

Bailey-Dempsey, C., & Reid, W. J. (1996). Intervention research and development. *Research on Social Work Practice*, *6*(2), 208–228.

Bannan-Ritland, B. (2003). The role of design in research: The integrative learning design framework. *Educational Researcher*, *32*(1), 21–24.

Barbaree, H. E., Marshall, W. L., & Yates, E. (1983). Alcohol intoxication and deviant sexual arousal in male social drinkers. *Behavioral Research and Therapy, 21*, 365–373.

Barber, C. W., Azrael, D., Hemenway, D., Olson, L. M., Nie, C., Schaechter, J., & Walsh, S. (2008). Suicides and suicide attempts following homicide. *Homicide Studies, 12*(3), 289–297.

Barratt, E. S. (1965). Factor analysis of some psychometric measures of impulsiveness and anxiety. *Psychological Reports, 16*, 547–554.

Barratt, E. S. (1991). Measuring and predicting aggression within the context of a personality theory. *Journal of Neuropsychiatry and Clinical Neurosciences*, *3,* 35–53.

Bartol, C. R. (1995). *Criminal behavior: A psychosocial approach* (4th ed.). New York: Prentice Hall.

Bartol, C. R. (2006). Resilience and anti-social behavior. In C. R. Bartol, & A. M. Bartol (Eds.), *Current perspectives in forensic psychology and criminal justice* (pp. 79–92). London: Sage.

Bartol, C. R., & Bartol, A. M. (2005). *Criminal behavior: a psychosocial approach.* (7th ed.). NJ: Pearson Prentice Hall.

Bartol, C. R., & Bartol, A. M. (Eds.). (2006). *Current perspectives in forensic psychology and criminal justice*. London: Sage.

Basoglu, C., Semiz, U., Oner, O., Gunay, H., Ebrinc, S., Cetin, M., Sildiroglu, O., Algul, A., Ates, A., & Sonmez, G. (2008). A magnetic resonance spectroscopy study of antisocial behaviour disorder, psychopathy and violent crime among military conscripts. *Acta Neuropsychiatrica, 20*(2), 72–77.

Baumeister, R. F., & Vohs, K. D. (2007). Self-regulation, ego-depletion, and motivation. *Social and Personality Psychology Compass*, *1,* 1–14.

Baumeister, R. F., Vohs, K. D., & Tice, D. M. (2007). The strength model of self-control. *Current Directions in Psychological Science*, *16*(6), 351–355.

Beck, A. T. (1978). *Beck depression inventory*. Philadelphia: Centre for Cognitive Therapy.

Bergh, Z.C., & Theron, A.L. (1999). *Psychology in the work context*. Cape Town: Oxford University Press.

Best, M., Williams, M., & Coccaro, E. F. (2002). Evidence for a dysfunctional prefrontal circuit in patients with an impulsive aggressive disorder. *Proceedings of the National Academy of Science*, *99*(12), 8448–8453.

Breet, A.E. (2008). *Die verwantskap tussen die persepsie van aggressie en lokus van kontrole van adolessente seuns.* Ongepubliseerde Magisterverhandeling. Universiteit van Johannesburg, Johannesburg.

Broomhall, L. (2005). Acquired sociopathy: A neuropsychological study of executive dysfunction in violent offenders (New South Wales*). Psychiatry, Psychology and Law, 12*, 367–387.

Brown, J. M., Miller, W. R., & Lawendowski, L. A. (1999). *The self-regulation questionnaire.* Sarasota, FL: Professional Resources Press.

Burchell, E. M., Milton, J. R. L., & Burchell, J. M. (1983). *South African criminal law and procedure (*2nd ed.*)*. Cape Town: Juta & Co.

Burchell, J., & Milton, J. (2000). *Principles of criminal law* (2nd ed.). Cape Town: Juta & Co.

Butler, T., Levy, M., Dolan, K., & Kaldor, J. (2003). Drug use in an Australian prison population. *Addiction Research and Theory*, *11*, 89–101.

Cambridge English Dictionary. (1990). London: Grandreams.

Caine, T. M., Foulds, G. A., & Hope, K. (1967). *Hostility and direction of hostility questionaire*. London: University of London Press.

Carson, R. C., Butcher, J. N., & Mineka, S. (1996). *Abnormal Psychology and Modern Life* (10th ed.). New York: Harper Collins.

Cartwright, D. (2001). The role of psychopathology and personality in rage-type homicide: A review. *Sabinet, 31*(3), 12–19.

Cartwright, D. (2002). *Psychoanalysis, violence and rage-type murder*. New York & Hove: Brunner-Routledge.

Cattell, R. B., Scheier, I. H., & Madge, E. M. (1968). *Handleiding vir die IPAT-angsskaal.* Pretoria: Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Staatsdrukker.

Carver, C. S., & Scheier, M. F. (1982). Control theory: A useful conceptual framework for personality, social, clinical and health psychology. *Psychological Bulletin,* 92, 111–135.

Central Statistics Office (CSO). (2008). *Irish crime classification system* (ICCS).

Cilliers, S. (2009, 11 Mei). *SA vroue se kans 6x groter om deur maat vermoor te word*. Ontsluit op 1 September 2011 by http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2009/05/11/B1/4/scgeweld.html

Cloete, M. G. T. (1982). Maatskaplike grondslae en voorkoming van geweld. In J. van der Westhuizen (Red.), *Geweldsmisdaad in Suid-Afrika* (pp. 53–78). Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Coccaro, E. F., & Danehy, M. (2006). Intermittent explosive disorder. In E. Hollander & D. J. Stein (Eds.), *Clinical manual of impulse-control disorders* (pp. 19–38). Arlington: American Psychiatric Publishing.

Collins English Dictionary – Complete and unabridged. (2003). United Kingdom: Harper Collins.

Colman, A. M. (2001). *Oxford dictionary of psychology*. Oxford: University Press.

Colorado Bureau of Investigation. (2005). *Crime in Colorado 2001*. Uniform crime definitions. Retrieved April 14, 2008, from http://cbi.state.co.us/dr/cic2kl/definitions.htm

Conroy, M. A. (2006). Report writing and testimony. *Applied Psychology in Criminal Justice, 2*(3), 237–260.

Corrigan, P. W., & McCracken, S. G. (1997). Intervention research: Integrating practice guidelines with dissemination strategies – a rejoinder to Paul, Stuve, and Cross. *Applied and Preventive Psychology, 6*(4), 205–209.

Coughlan, F.J., & Collins, K.J. (2001). Participatory developmental research: a working model. *International Social Work. 44,* 505-518.

Craissati, J. (2005). Sexual violence against women: A psychological approach to the assessment and management of rapists in the community. *Journal of Community and Criminal Justice*, *52*(4), 401–422.

Cronjè, G., van der Walt, P.J., Retief, G.M., & Naudè, C.M.B. (1976). *Die Jeugoortreder in die gemeenskap.* Studieboekreeks no. 1, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Cowburn, M. (2010*).* Invisible men: Social reactions to male sexual coercion: Bringing men and masculinities into community safety and public policy. *Critical Social Policy*, *30*(2), 225–244.

Davidson, R. J., Putnam, K. M., & Larson, C. L. (2000). Dysfunction in the neural circuitry of emotion regulation: A possible prelude to violence. *Science, 289*, 591–594.

De Brito, S. A., Mechelli, A., Wilke, M., Laurens. K. R., Jones, A. P., Barker, G. J., Hodgins, S., & Viding, E. (2009). Size matters: Increased grey matter in boys with conduct problems and callous-unemotional traits. *Brain, 132*(4), 843–852.

De Villiers, R. H. (2000). *Verliesverwerking na ontvalling: 'n Psigo-ontwikkelingsprogram vir adolessente*. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

De Vos, A. S., & Strydom, H. (2011). Intervention research. In A. S. de Vos, H. Strydom, C. B. Fouché, & C. S. L. Delport. (Eds.), *Research at grass roots for the social sciences and human services professions* (4th ed.), (pp. 473–490). Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A. S., Strydom, H., Fouché, C. B., & Delport, C. S. L. (Eds.). (2011). *Research at grass roots for the social sciences and the human service professions* (4th ed.). Pretoria: Van Schaik.

De Wet, J. C., & Swanepoel, H. L. (1985). *Die Suid-Afrikaanse Strafreg*. (4de uitgawe). Durban: Butterworth.

De Wet, P. H., Plomp, J. A., & Gauché, L. (2008). *Psigiatriese verslag*. Gevalnommer CC753/05. Hospitaalnommer GP4655821. Pretoria: Weskoppies.

Derefinko, K., De Wall, C. N., Metze, A. V., Walsh, E. C., & Lynam, D. R. (2011). Do different facets of impulsivity predict different types of aggression? *Aggressive Behavior*, *37*(3), 223–233.

Di Giacomo, E., & Clerici, M. (2010). Violence in psychiatric inpatients. *Rivista di Psichiatria*, *45*(6), 361–364.

Dobash, R. E., Dobash, R., & Cavanagh, K. (2009). "Out of the blue". Men who murder an intimate partner. *Feminist Criminology*, *4*(3), 194–225.

Dobash, R. E., Dobash, R., Cavanagh, K., & Lewis, R. (2004). Not an ordinary killer – Just an ordinary guy. When men murder an intimate woman partner. *Violence against Women, 10*(6), 577–605.

Dolan, M., Deakin, W. J. F., Roberts, N., & Anderson, I. (2002). Serotonergic and cognitive impairment in impulse aggressive personality disordered offenders: Are there implications for treatment? *Psychological Medicine, 32,* 105–117.

Doumas, D. M., Pearson, C. L., Elgin, J. E., & McKinley, L. L. (2008). Adult attachment as a risk factor for intimate partner violence: the “mispairing partners” attachment styles. *Journal of Interpersonal Violence*, *23*(5), 616–634.

Dowden, C., Bennell, C., & Bloomfield, S. (2007). Advances in offender profiling: a systematic review of the profiling literature published over the past three decades. *Journal of Police and Criminal Psychology, 2*(1), 44–56.

Doyle, M., Lewis, G., & Brisbane, M. (2008). Implementing the short-term assessment of risk and treatability (START) in a forensic mental health service. *Psychiatric Bulletin,* November, *32*(11), 406–408.

Du Plessis, A. (2005, February). *Violent crime levels in South Africa – an overview of available data*. Presentation at the conference on A new Decade of Criminal Justice in South Africa – Consolidating Transformation. Western Cape.

Du Toit, S. I., & Piek, J. P. (1974). *Die tematiese appersepsie-toets: ‘n Hulpmiddel vir die sielkundige.* Kaapstad: H&R-Academica.

Du Toit, W. J. (2005). *Statutêre assessering van kinderslagoffers van kriminele seksuele gedrag: ‘n Gestalt terapeutiese riglyn*. Ongepubliseerde Magister-verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Dussich, J. P. J. (2008). Editorial: Explaining and treating violent behavior. *International Journal of Offender Therapy and Comparative Criminology*, *52,* 131–132.

Edens, J. F., & Douglas, K. S. (2006). Assessment of interpersonal aggression and violence: Introduction to the special issue, *Assessment, 13*(3), 221–226.

Edwards, D. W., Scott, C. L., Yarvis, R. M., Paizis, C. L., & Panizzon, M. S. (2003). Impulsiveness, impulsive aggression, personality disorder and spousal violence. *Violence and Victims*, *18*(1), 3–14.

Eley, T., Lichtenstein, E., & Stevenson, J. (1999). Sex differences in the etiology of aggressive and non-aggressive antisocial behavior: Results from twin studies. *Child development, 70,* 155–168.

Elkonin, D., Foxcroft, C., Roodt, G., & Astbury, G. (2001). The use of assessment measures in various applied contexts. In C. Foxcroft & G. Roodt (Eds.), *An introduction to psychological assessment in South African context.* (pp. 265–294). Oxford: University Press.

Ellis, L. (1991). Monoamine oxidase and criminality: Identifying an apparent biological marker for antisocial behavior. *Journal of Research in Crime and Delinquency, 28,* 227–251.

Englander, E. K. (2007). *Understanding violence* (3rd ed). New York: Lawrence Erlbaum Associates.

Erasmus, P.F. (1982). Tematiese appersepsietoets (tat-z). Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Pretoria: V&R.

Exner, D., & Thurstone, W. F. (2009). Understanding “passion killing” in Botswana: An investigation of media framing. *Journal of International Women’s Studies, 10*(4), 1–16.

Fawcett, S. B., Suarez-Balcazar, Y., White, G. W., Paine, A. L., Blanchard, K. A., & Embree, M. (1994). Conducting intervention research – The design and development process. In J. Rothman & E. J. Thomas (Eds.), *Intervention research*: *design and development in human science* (pp. 25–56). New York: Haworth Press.

Fazel, S., & Grann, M. (2006). The population impact of severe mental illness on violent crime. *American Journal of Psychiatry. 63*(8), 1397–1403.

Federal Bureau of Investigation. (1997). *Uniform crime reports – 1996.* Washington, D.C: U.S. Government Printing Office.

Federal Bureau of Investigation. (2000). *Uniform crime reports – 1999.* Washington, D.C: U.S. Department of Justice.

Federal Bureau of Investigation. (2006). *Uniform crime reports – 2006.* Washington, D.C: Criminal Justice Information Services Division.

Felthous, A. R. (2000). Diminished capacity: Subterfuge or just defense? *American Academy of Psychiatry and the Law, January 2000, 25*(1), 10–11.

Fenton, W. S. (2000). A programmatic approach to socially complex intervention development. *The Journal of Mental Health Policy and Economics*, *3*, 113–114.

Ferrari, P. F., Erp, A. M. M., & Tornatzky, W. (2003). Accumbal dopamine and serotonin in anticipation of the next aggressive episode in rats. *European Journal of Neuroscience*, 17, 371–378.

Florida Department of Corrections. (1997). *Sentencing Guidelines, 1996-1997*. Annual Report.

Fountoulakis, K. N., Leucht, S., & Kaprinis, G. S. (2008). Personality disorders and violence. *Current Opinion in Psychiatry*, *21*(1), 84–92.

French, L. A. (1992). Understanding impulsive aggression among children and youth. *Journal of Police and Criminal Psychology, 8*(1), 20–24.

Friese, M., & Hofmann, W. (2009). Control me or I will control you: impulses, trait self-control, and the guidance of behavior. *Journal of Research in Personality, 43,* 795–805.

Frost, L. E. (2006). A forensic evaluator's guide to the Texas legal system. *Applied Psychology in Criminal Justice, 2*(3), 5–28.

Gaine, T. M., Foulds, G. A., & Hope, K. (1967). *Manual of the hostility and direction of hostility questionnaire (HDHQ)*. London: University of London Press.

Garb, H. (1999). Call for a moratorium on the use of the Rorschach inkblot test in clinical and forensic settings. *Assessment, 6*(4), 313–317.

Garland, D. (1991). *Punishment and the modern society*. Oxford: Clarendon Press.

Gerber, P. B., Nel, P. S., & Van Dyk, P. S. (Eds.). (1998). *Human resources management* (4th ed.). Johannesburg: Thomson.

Goldenson, J., Geffner, R., Foster, S. L., & Clipson, C. R. (2007). Female domestic violence offenders: Their attachment security, trauma symptoms, and personality organization. *Violence and Victims, (22)*5, 532–545.

Gordin, J. (1998). *Eugene de Kock: a long night's damage. Working for the apartheid state.* Saxonwold: Contra Press.

Gouws**,** L. A., Louw, D. A., Meyer, W. F., & Plug, C. (1979). *Psigologiewoordeboek*. Johannesburg: McGraw.

Grann, M., & Lángström, N. (2007). Actuarial Assessment of Violence Risk. *Criminal Justice and Behavior, 34*(1), 22–36.

Greenberg, S.A., Otto, R.K., & Long, A.C. (2003). The Utility of Psychological Testing in Assessing Emotional Damages in Personal Injury Litigation. *Assessment*, *10*(*4*), 411-419.

Greene, A. F.; Coles, C. J., & Johnson, E. H. (1994). Psychopathology and anger in interpersonal violence offenders. *Journal of Clinical Psychology*, *50*(6), 906–912.

Grisso, T. (1987). The economic and scientific future of forensic psychological assessment. *American Psychologist, 42,* 831–839.

Grisso, T. (1996). Pretrial clinical evaluations in criminal cases. *Criminal Justice and Behavior, 25*(1), 90–106.

Grobbelaar, S. W. P., & Schoeman, J. H. (Eds.). (1980). *Benaderings in maatskaplike werk.* Pretoria: Academia.

Grobler, A. (1993). *'n Literêre en statistiese ondersoek na die gebruikswaarde van die HDHQ as 'n persoonlikheidsevalueringsvraelys*. Pretoria: SAP Instituut vir Gedragwetenskappe – Bedryfsielkundige Dienste.

Gutheil, T. G. (2002). The psychiatric expert witness. *Psychiatric Times, 19*(4), 1–2.

Guy, R. F., Edgley, C. E., Arafat, I., & Allen, D. E. (1987). *Social research methods: Puzzles and solutions*. London: Allyn and Bacon.

Haag, A. M. (2006). Ethical dilemmas faced by correctional psychologists in Canada. *Criminal Justice and Behavior, 33*(1), 93–109.

Hall, H. V., & Pritchard, D. A. (1996). *Detecting malingering and deception: Forensic distortion analysis (FDA).* London: St Lucie Press.

Hampton, R. L., & Gelles, R. J. (1994). Violence toward black women in a nationally representative sample of black families. *Journal of Comparative Family Studies, 25,* 105–119.

Hare, R. D. (1999). Psychopathy as a risk factor for violence. *Psychiatric Quarterly, 70*, 3, 181–197.

Hay, D. E., & Castle, J. (2000). Toddlers' use of force against familiar peers: A precursor of serious aggression? *Child Development, 71*, 457–468.

Health Professions Council of South Africa (HPCSA). (2008). Retrieved August 31, 2011, from http://www.hpcsa.co.za/comm_archive_2008.php

Heilbrun, K., & Collins, S. (1995). Evaluations of trail competency and mental state at the time of the offense: report characteristics. *Professional Psychology: Research and Practice, 26,* 61–67.

Heilbrun, K., Marczyk, G. R., DeMatteo, D., Zillmer, E. A., Harris J., & Jennings, T. (2003). Principles of forensic mental health assessments: Implications for neuropsychological assessment in forensic contexts. *Assessment, 10*(4), 329–343.

Henshel, R. L., & Silverman, R. A. (1975). *Perception in Criminology*. London: Columbia University Press.

Hepworth, D. H., & Larson, J. (1982). *Direct social work practice: Theory and skills.* Illinois: The Dorsey Press.

Heron, J. (1996). *Co-operative inquiry: Research into the human condition.* London: Sage.

Herbst, A.G. (2002). *Life maps as technique in a social group work programme for young adults with hiv/aids*. Unpublished doctoral thesis. NWU, Potchefstroom.

Hickey, E. W. (2003). The tangled web of animal abuse: the links between cruelty to animals and human victimization. *The American Journal of Psychiatry*, *22,* 1431–1435.

Hodge, R. S. (1945). The impulsive psychopath: A clinical and electro-physiological study. *Journal of Mental Science, 91*, 472–477.

Hoffmann, L. H., & Zeffert, D. T. (1998). *The South African law of evidence* (4th ed.). Durban: Butterworth.

Holcomb, W. R., & Ahr, P. R. (1988). Arrest rates among young adult psychiatric patients treated in inpatient and outpatient settings. *Hospital and Community Psychiatry*, *39*(1), 52–57.

Holland, E., Baker, B. R., Kahn, J., & Stein, D. J. (2006). Conceptualizing and assessing. In E. Hollander & D. J. Stein (Eds.), *Clinical Manual of Impulse Control Disorders,* Washington DC: American Psychiatric Publishing.

Hollander, E., & Evers, M. (2001). New developments in impulsivity. *Lancet, 358*, 949–950.

Hur, Y., & Bouchard, T. J. (1997). The genetic correlation between impulsivity and sensation seeking traits. *Behavior Genetics*, *27*(5), 455–463.

Institute for Security Studies. (2001). South Africa: World crime capital? *Nedbank ISS Crime Index*, 5, *1,* January – February. Retrieved September 1, 2011, from www.iss.co.za/pubs/CrimeIndex/01Vol5no1/World.html

International Centre for Alcohol Policies (ICAP). (2008). *Alcohol and violence: exploring patterns and responses*. Washington, DC.

Ito, M., Okazaki, M., Takahashi, S., Muramatsu, R., Kato, M., & Onuma, T. (2007). Sub acute postical aggression in patients with epilepsy. *Epilepsy and Behavior*, *10*(4), 611–614.

Jenson, A. R. (1965). Review. In O.K. Buros (Ed.), *Sixth Mental Measurement Yearbook.* Highland Park, NJ: Gryphon Press.

Jewkes, R. K. (2002). Intimate partner violence: Causes and prevention. *Lancet, 20*, 359(9315), 1423–9.

Jewkes, R. K., Abrahams, N., & Mathews, S. (2009). *Preventing rape and violence in South Africa: Call for leadership in a new agenda for action*. Medical Research Council (South Africa). Policy brief, November.

Jewkes, R. K., Levin, J. B., & Penn-Kekane, L. (2003). Gender inequalities, intimate partner violence and HIV preventive practices: Findings of a South African cross-sectional study. *Social Science and Medicine, 56*(1), 125–134.

Jezova, D., Skultetyova, I., Tokarev, D. l., Bakos, P., & Vigas, M. (1995). Vasopressin and oxytocin in stress. *Annuals of New York Academy of Sciences*, *29*(771), 192–203.

Jooste, T. I. M. (2005). *Gesinsgeweld: 'n Kriminologiese ondersoek.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Jordaan, W. J., & Jordaan, J. J. (1998). *Mense in konteks* (3de uitgawe), Johannesburg: Heinemann.

Jordan, K., Schlenger, W. E., Fairbank, J. A., & Caddell, J. M. (1999). Prevalence of psychiatric disorders among incarcerated women. *Archives of General Psychiatry*, *53*, 513–519.

Kaliski, S. Z. (1993). *Sensation seeking, impulsivity and violence in schizophrenics found unfit to stand trial*. Pretoria: Human Sciences Research Council.

Kamphuis, J. H., & Emmelkamp, P. M. G. (2005). 20 Years of research into violence and trauma: Past and future development. *Journal of Interpersonal Violence*, *20*(2), 167–174.

Kandel, E., & Freed, D. (1989). Frontal lobe dysfunction and anti-social behavior: A review. *Journal of Clinical Psychology*, *45*(3), 404–413.

Kanfer, F. H. (1970). Self-monitoring: Methodological limitations and clinical applications. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, *35*, 148–152.

Karson, S., & O'Dell, J. W. (1976). *Clinical use of the 16PF*. Illinois: Institute for Personality and Ability Testing.

Katz, D., & Kahn, R. (1996). *The social psychology of organizations*. New York: Wiley.

Kehr, H. M., Bless, P., & Von Rosenstiel, L. (1999). Self-regulation, self-control and management training transfer. *International Journal of Educational Research*, *31,* 487–493.

Kenny, D. T., & Press, A. L. (2006). Violence classifications and their impact on observed relationships with key factors in young offenders. *Psychology, Public Policy, and Law*, *12*, 86–105.

Kernberg, O. (1970). Factors in the psychoanalytic treatment of narcissistic personalities. *Journal of the American Psychoanalytic Association*, *18*, 51–85.

Kilpatrick, D. G. (2004). What is violence against women? Defining and measuring the problem. *Journal of Interpersonal Violence*, *19*, 1209–1234.

Kinderleidingkliniek: Vrystaat. (2002). Standardization of the Raven's colored progressive matrices (CPM) for the South African population 2001 – 2002. *Ongepubliseerde Dokument*. Bethlehem, Vrystaat Provinsie.

Kleyn, D., & Viljoen, F. (2010). *Beginnersgids vir regstudente* (4de uitgawe). Claremont: Juta & Kie.

Knoetze, I. (2007). *'n Regsvergelykende studie van deskundige getuienis in straf- en siviele verhore.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Kocsis, R. N. (2006a). Book review: Introduction to forensic psychology: Issues and controversies in law, law enforcement and corrections (2nd ed.). *International Journal of Therapy and Comparative Crime, 50*, 727–729.

Kocsis, R. N. (2006b). *Criminal profiling: principles and practice*, Totowa, NJ: Humana Press.

Koss, M. P., & Gaines, J. A. (1993). The prediction of sexual aggression by alcohol use, athletic participation, and fraternity affiliation*. Journal of Interpersonal Violence, 8,* 94–108.

Krakowski, M. (2003). Violence and serotonin: Influence of impulse control, affect regulation, and social functioning. *Journal of Neuropsychiatry and Clinical Neuroscience*, *15*, 294–305.

Krug, S. E. (1980). *Clinical analysis questionnaire manual*. Illinois: Institute for Personality and Ability Testing.

Labuschagne, F. J., & Eksteen, L. C. (1992). *Verklarende Afrikaanse woordeboek*. Pretoria: Van Schaik.

Labuschagne, G. N. (2004). Features and investigative implications of muti murder in South Africa. *Journal of Investigative Psychology and Offender Profiling*, *1*(3), 191–206.

Labuschagne, G. N. (2006). The use of a linkage analysis as evidence in the conviction of the New Castle serial murderer, South Africa. *Journal of Investigative Psychology and Offender Profiling, 3*(3), 183–191.

Lambrecht, H. (2005). *'n Ondersoek na nie-patologiese ontoerekenings-vatbaarheid en die regverdiging van die voortbestaan van gesonde outomatisme en ander verwere in die Suid-Afrikaanse Strafreg*. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Landman, W. A., Hill, J. S., Coetzee, R. A., Möller, A. K., & Van Dyk, C. J. (1983). *Navorsingsmetode vir onderwysstudente*. Pretoria: Butterworth.

Lennings, C. J. (2004). Young offenders who kill: A review of five Australian case studies. *International Journal of Forensic Psychology, 1*(2), 1–13.

Leong, G. B. (2004). Commentary: No rational reasons for changing the competency-to-stand-trial standard. *The Journal of the American Academy of Psychiatry and the Law, 32*, 246–249.

Lezak, M. D. (1995). *Neuropsychological assessment*. (3rd ed.). Oxford: Oxford University Press.

Lifschitz, S. (1991). Three views of psychotherapy. In J. Mason, S. Shuda, & J. Rubenstein (Eds.), *From diversity to healing* (pp. 130–146). Pinetown: Robprint.

Lindgren, H. C. (1973). *An Introduction to social psychology* (2nd ed.). New York: John Wiley & Sons.

Logan, C., & Blackburn, R. (2009). Mental disorder in violent women in secure settings: potential relevance to risk for future violence. *International Journal of Law and Psychiatry,* 32, 31–38.

Louw, D. A. (1982). *Inleiding tot die psigologie*. McGraw-Hill, Johannesburg.

Ludsin, H., & Vetten, L. (2005). *Spiral of entrapment: abused women in conflict with the law.* Johannesburg: Jacana Media.

Le Roux, A. (2010). Die oorsake van en bydraende faktore tot eensaamheid – 'n literatuuroorsig. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, *50*(2), 1-9.

Maden, A. (2007). Dangerous and severe personality disorder in need of treatment. *The British Journal of Psychiatry, 190*(49), 8–11.

Marsh, H. W., & Richards, G. E. (1986). The Rotter locus of control scale: The comparison of alternative response formats and implications for reliability, validity and dimensionality. *Journal of Research in Personality, 20*, 509–558.

Mauricio, A. M., Tein, J., & Lopez, F. G. (2007). Borderline and antisocial personality scores as mediators between attachment and intimate partner violence. *Violence and Victims, 22*(2), 139–157.

McClellan, A. C., & Killeen, M. R. (2000). Attachment theory and violence toward women by male intimate partners. *Journal of Nursing Scholarship*, (4), 353–360.

McClintock, F. H. (1963). *Crimes of violence*. New York: Macmillan.

McCullough, M. E., & Boker, S. M. (2007). Dynamic modeling for studying self-regulatory process: An example from the study of religious development of the life span. In A. D. Ong & M. N. M. van Dulmen (Eds.). *Handbook of methods in positive psychology* (pp. 380–394). New York: Oxford.

McElroy, S. L., Soutullo, C. A., Beckman, D. A., Taylor, P., & Keck, P. E. (1998). DSM-IV intermittent explosive disorder: a report of 27 cases. *Journal of Psychiatry*, *59*(4), 203–210.

McElroy, S. L., Soutullo, C. A., Beckman, D. A., Taylor, P., & Keck, P. E. (1999). Recognition and the treatment of DSM-IV intermittent explosive disorder. *Journal of Clinical Psychiatry, 60*(15), 12–16.

Megargee, E. I. (1966). Undercontrolled and overcontrolled personality types in extreme antisocial aggression. *Psychological Monographs, 80*(3).

Meintjes-van der Walt, L. (2001). *Expert evidence in the criminal justice process: A comparative perspective*. Amsterdam: Rozenberg.

Melton, G. B., Petrila, J., Poythress, N. G., & Slobogin, C. (2007). *Psychological evaluation for the courts: A handbook for mental health professionals and lawyers* (2nd ed.). New York: Guilford Press.

Menzies, R. J., Webster, C. D., Butler, B. T., & Turner, R. E. (1980). The outcome of forensic psychiatric assessment. *Criminal Justice and Behavior, 7*(4), 471–480.

Mercy, J.A., & Saltzman, L.E. (1989). Fatal violence among spouses in the United States 1976-85. *American Journal of Public Health*, *79*, 595-599.

Miller, J. G. (1978). *Living Systems*. New York: McGraw-Hill.

Miller, R. J., & Hafner, R. J. (1989). *HDHQ test properties for normal respondents: Personality individual differences*. London: Permacon Press.

Millon, T., Millon, C., & Roger, D. (1994). *Manual for the Millon Clinical Multiaxial Inventory – III*. Minneapolis: National Computer Systems & Dicandrien Inc.

Monette, D. R., Sullivan, T. J., & De Jong, C. R. (1998). *Applied social research: Tool for the human services.* Fort Worth: Harcourt Brace College.

Monroe, R. R. (1970). *Episodic behavioral disorders: A psychodynamic and neurophysiologic analysis*. Cambridge, M.A.: Harvard University Press.

Morgan, M (2002) Insanity standards may vary, but plea rarely succeeds. *Psychiatric News, 19*(*37*), 24-25.

Morey, L. C., & Quigley, B. D. (2002). The use of the personality assessment inventory (PAI) in assessing offenders. *International Journal of Offender Therapy and Comparative Criminology, 46*(3), 333–349.

Morland, N. (1971). *The criminologist*. La Salle, Illinois: Open Court Publishing .

Morris, G. H., Haroun, A. M., & Naimark, D. (2004). Assessing competency competently: toward a rational standard for competency-to-stand-trial assessments. *Journal of American Academy of Psychiatry and Law, 32,* 231–245.

Moskowitz, A. (2004). Dissociation and violence: A review of the literature. *Trauma, Violence & Abuse*, *5*(1), 21–46.

Mullen, E. J. (1994). Design of social intervention. In J. Rothman & E. J. Thomas (Ed.). *Intervention research: design and development for human service* (pp. 165–188). New York: Routledge Taylor & Francis Group.

Muller, D. A. (2006). Criminal profiling: real science or just wishful thinking. In C. R. Bartol & A. M. Bartol (Eds.). *Current perspectives in forensic and criminal justice* (pp. 55–66). London: Sage.

Murray, H. A. (1943). *Thematic apperception test manual*.

National Immigration Project of the National Lawyers Gild, Practice Pointer. (2004, June 2). Boston.

Naudé, H., Du Preez, C. S., & Zwiegers, T. (2005). Forensiese sielkundige verslagdoening in sake van betwiste toesig en beheer oor minderjarige kinders. *Child Abuse Research in South Africa. 6*(2), 56–72.

Neary, D., Snowden, J. S., & Mann, D. M. A. (1990). Dementia of frontal lobe and motor neuron disease. *Journal of Neurology, Neurosurgery, and Psychiatry*, *53*, 353–361.

Nel**,** J. B. S., & Nel, Z. N. (1993). ‘n Geïntegreerde ontwikkelingsnavorsing-model. *Die maatskaplike-navorser-praktisyn, 5*, 12–18.

Nel, P. W. (2007). *Toerekeningsvatbaarheid in die Suid-Afrikaanse strafreg*. Ongepubliseerde Magisterverhandeling. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Nettler, G. (1978). *Explaining crime*. (2nd ed.). New York: McGraw-Hill.

Nettler, G. (1982). *Killing one another*. Cincinnati: Anderson.

Neuman, W. L. (1991). Social research methods: Qualitative and quantitative approaches (3rd ed.). Boston: Allyn & Bacon.

New choice English dictionary. (1999). Scotland: Peter Haddock.

Nicholls, T. L., Brink, J., Desmarais, S. L., Webster, C. D., & Martin, M. (2006). The short-term assessment of risk and treatability (START). *Assessment, 13*(3), 313–327.

Nicholson, R. A., & Norwood, S. (2000). The quality of forensic psychological assessments, reports and testimony: Acknowledging the gap between promise and practice. *Law and Human Behavior, 24*, 9–44.

Nieberding, R. J., Moore, J. T., & Dematatis, A. P. (2002). Psychological assessment of psychiatric outpatients. *International Journal of Offender Therapy and Comparative Criminology, 4*(3), 350–363.

Novak, B., McDermott, B. E., Scott, C. L., & Guillory, S. (2007). Sex offenders and insanity: An examination of 42 individuals found not guilty by reason of insanity. *Journal of American Psychiatry and Law*, *35*(4), 444–450.

Olivier, L. (1985). *Handleiding vir die seksuele aanpassing- en funksioneringstoets*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Omar, B. (2008). Investigating psychologically motivated crimes: The work of the SAPS investigating psychology unit. *SA Crime Quarterly. 25*, 33–38. Retrieved October 5, 2011, from www.iss.org.za/uploads/CQ25OMAR.pdf

Oosthuizen, C. J. (2008). A history of systemic thinking and cybernetic approaches in South Africa. In C. van Ommen & D. Painter (Eds.), *Interiors: A history of psychology in South Africa* (pp. 225–260). Pretoria: Unisa Press.

Osman, A., Barrios, F. X., Gutierrez, P. M., Williams, J. E., & Bailey, J. (2008). Psychometric properties of the Beck depression inventory II in nonclinical adolescent samples. *Journal of Clinical Psychology, 64*(1), 83–102.

Painuly, N., Sharan, P., & Mattoo, S. K. (2005). Relationship of anger and anger attacks with depression: a brief review. *European Archives of Psychiatry and Clinical Neuroscience*, *255*(4): 215–222.

Paris, J. (2005). The development of impulsivity and suicidality in borderline personality disorder. *Development and Psychopathology*, *174*(4), 1091–1104).

Papapietro, D. J., & Barbo, E. (2005). Commentary: Toward a psychodynamic understanding of filicide – beyond psychosis and into the heart of darkness. *Journal of American Academy of Psychiatry and Law, 33*(4), 505–508.

Perry, B. D. (1994). Neurobiological sequelae of childhood trauma: Post-traumatic stress disorders in children. In M. Murberg (Ed.), *Catecholamine function in posttraumatic stress disorder: Emerging concepts* (pp. 253–276). Washington, D.C.: American Psychiatric Press.

Perry, B. D. (1997). Incubated in terror: Neurodevelopmental factors in the "cycle of violence". In J. Osofsky (Ed.), *Children, Youth and Violence*: *The Search for Solutions* (pp. 124–148). New York: Guilford Press.

Peters, J. M., & Murphy, W. D. (1992). Profiling child sexual abusers: Legal considerations*. Criminal Justice and Behavior, 19*(1), 38–53.

Pharos Woordeboek: Afrikaans-Engels, English-Afrikaans. (2005). South Africa: Paarl Print.

Pienaar, A. (2009, March, 07). *MSF cut extreme sexual violence in SA*. Volksblad (Translate). Retrieved August 26, 2011, from http://translate.googleusercontent.com/translate_c?hl=en&prev=/search%3Fq%3DPIE

Pinizzotto, A. J., & Finkel, N. J. (1990). Criminal personality profiling: An outcome and process study. *Law and Human Behavior, 14,* 215–234.

Piotrowski, C. (1999). Assessment practices in the era of managed care: Current status and future directions. *Journal of Clinical Psychology, 55,* 787-796.

Piotrowski, C., Sherry, D., & Keller, J.W. (1985). Psychodiagnostic test usage: A survey of the society for personality assessment. *Journal of Personality Assessment, 49,*115-119

Ploskin, D. (2007). What causes intermittent explosive disorder. *PsychCentral*. Retrieved October 17, 2011, from http://psychcentral.com/lib/2007/what-causes-intermittent-explosive-disorder/

Polivy, J. (1998). The effects of behavioral inhibition: Integrating internal cues, cognitive behavior, and affect. *Psychological Inquiry*, *9*, 181–203.

Ponsford, J. (1995). *Traumatic brain injury: Rehabilitation for everyday adaptive living.* East Sussex: Psychology Press.

Population Health Intervention Research Initiative for Canada. (2010). Canadian Institutes of Health Research: Canada Scientific Council**.**

Posner, M. I., Rothbart, M. K., Sheese, B. E., & Tang, Y. (2007). The anterior cingulated gyrus and the mechanisms of self regulation. *Journal of Cognitive, Affective and Social Neuroscience*, *7*, 391–395.

Poythress, N. G. (1979). A proposal for training in forensic psychology. *American Psychologist, 34,* 612–621.

Prinsloo, C. H. (1992). *Handleiding vir die gebruik van die Sestien-persoonlikheidsfaktorvraelys,* Suid-Afrikaanse 1992-weergawe. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Purchase, B. (2010). *Medico-Legal Report: Smit, W.P*. Unpublished court report. Johannesburg.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. (1983). *Riglyne vir die toepassing, nasien en interpretasie van die 16PF.* Pretoria: Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing.

Raj, R., & Sidhu, B. S. (2011). Tourette's disease with impulse control disorder. Indian Journal of Psychiatry, *53*(1), 66–68.

Raven, J., Raven, J. C., & Court, J. H. (1998). *Raven manual: Section 1 – General overview.* 1998 edition. Oxford UK: Oxford Psychologists Press.

Reber, A. S. (1995). *Dictionary of Psychology*. Suffolk: Clays.

Redding, R. E. (2006). The brain-disordered defendant: neuroscience and legal insanity in the twenty-first century. *American University Law Review*, *56*(1), 51–127.

Reddy, S. P., Panday, S., Swart, D., Jinabhai, C. C., Amosun, S. L., James, S., Monyeki, K. D., Stevens, G., Morejele, N., Kambaran, N. S., Omardien, R. G., & Van den Borne, H. W. (2003). *Umthente Uhlaba Usamila – The South African Youth Risk Behaviour Survey,* 2002. Cape Town: South African Medical Research Council.

Reddy, S. P., James, S., Sewpaul, R., Koopman, F., Funani, N. I., Sifunda, S., Josie, J., Masuka, P., Kambaran, N. S., & Omardien, R. G. (2010). *Umthente Uhlaba Usamila – The 2nd South African Youth Risk Behaviour Survey,* 2008. Cape Town: South African Medical Research Council.

Reid, S. T. (1976). *Crime and Criminology*. Illinois: Dryden Press.

Rhee, S. H., & Waldman, I. (2002). Genetic and environmental influences on antisocial behavior: A meta analysis of twin and adoption studies. *Psychological Bulletin, 128*, 490–529.

Roberts, J. S. (2002). *An action research study of members' experiences of a regional depression and anxiety support group*. Unpublished Magister dissertation. University of Johannesburg, Johannesburg.

Robins, L. N., & Price, R. K. (1991). Adult disorders predicted by childhood conduct problems: Results from the NIMH epidemiologic catchment area project. *Psychiatry, 54,* 116–132.

Roe, D., Ronen, Y., Lereya, J., Fennig, S., & Fennig, S. (2005). Reduction punishment in Israel in the case of murder: Bridging the medico-legal gap. *International Journal of Law and Psychiatry*, *28*(3), 222–230.

Rogers, R. (1997). *Clinical assessment of malingering and deception* (2nd ed.). New York: The Guilford Press.

Rosenberg, M., O'Carrol, P., Powell, K. (1992). Violence is a public health problem. *Journal of the American Medical Association*, *267*, 3071–3072.

Rothman, J. (1980). *Social R & D: Research and development in the human services*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Rothman, J., & Thomas, E. J. (1994). (Ed.*). Intervention research: Design and development for human servic*e. New York: Routledge Taylor & Francis Group.

Rotter, J. B., & Rafferty, J. E. (1950). *The Rotter incomplete sentences blank manual: College form*. New York: Psychological Corp.

Rotter, J. (1966). Generalized expectations for internal versus external control of reinforcements, *Psychological Monographs, 80*, (Whole No. 609).

Rudolph, M. N., & Hughes, D. H. (2001). Emergency assessments of domestic violence, sexual dangerousness, and elder and child abuse. *Psychiatric Service*, *52*(3), 281–286.

Sadock, B. J., & Sadock, V. A. (2003). *Kaplan and Sadock's synopsis of psychiatry, behavioral sciences/clinical psychiatry*. (10th ed). New York: Wolters Kluwer.

Sageman, M. (2003). Three types of skills for effective forensic psychological assessments. *Assessment*, *10*(4), 321–328.

Sansone, R. A., Reddington, A., Sky, K., & Wiederman, M. W. (2007). Borderline personality symptomatology and history of domestic violence among women in an internal medicine setting. *Violence and Victims, 22*(1), 120–126.

Sayar, K., Guzelhan, Y., Solmaz, M., Ozer, O. A., Ozturk, M., Acar, B., & Arikan, M. (2000). Anger attacks in depressed Turkish outpatients. *Annals of Clinical Psychiatry, 12*(4), 213–218.

Schmeichel, B. J., & Baumeister, R. F. (2004). Self-regulatory strength. In R. F. Baumeister & K. D. Vohs (Eds.), *Handbook of self-regulation* (pp. 84–98). New York: Guilford Press.

Schmitz, M. F. (2003). Influences of race and family environment on child hyperactivity and antisocial behavior. *Journal of Marriage and Family*, *65*, 835–849.

Schoeman, W. J., Nel, Z., & Wessels, S. J. (1983). *Die algemene sisteemteorie en kubernetika*. Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Schonborn, K. (1975). *Dealing with violence: The challenge faced by police and other peacekeepers.* Illinois: Charles C. Thomas.

Schönteich, M., & Sekonyane, M. (2002). Restricting the right to shoot. *Human Rights Dialogue* 2.8 (Fall 2002). Public Security and Human Rights.

Schönteich, M. (2000). South Africa's position in Africa's crime ranking. *African Security Review, 9*(4), 1–14.

Schretlen, D., Wilkins, S., Van Gorp, W., & Bobholz, J. (1992). Cross-validation of a psychological test battery to detect faked insanity. *Psychological Assessment*, *4*(1), 77–83.

Seo, D., Patrick, C. J., & Kennealy, P. J. (2008). Role of serotonin and dopamine system interactions in the neurobiology of impulse aggression and its comorbidity with other clinical disorders. *Aggression and Violent Behavior, 13,* 383–395.

Shaffer**,** J. W., Duszynski, K. R., & Thomas, C. B. (1984). A comparison of three methods for scoring figure drawings. *Journal of Personality Assessment, 48*, 245–254.

Shoemaker, D. J. (1990). *Theories of delinquency: an examination of explanations of delinquent behavior* (2nd ed). New York: Oxford University Press.

Siegel, A., & Shaikh, M. B. (1997). Neurotransmitters regulating defensive rage behavior in the cat. *Neuroscience and Biobehavior Reviews*, *21*, 733–742.

Simonds, J. F., & Kashani, J. (1980). Specific drug use and violence in delinquent boys. *American Journal of Alcohol Abuse, 7*(3), 305–322.

Skeem, J. M., Golding, S. L., Cohn, N. B., & Berge, G. (1998). Logic and reliability of evaluations of competence to stand trial. *Law and Human Behavior, 22(5)*, 259–266.

South African Police Service: Information Management. (2007). *Crime in South Africa for April to March 2001/2002 to 2006/2007.* Pretoria: Police Head Office.

South African Police Service. Department of Police (2010). *Crime Statistics: April 2009 – March 2010.* Pretoria: Police Head Office*.*

Spiegel, A. D., & Spiegel, M. S. (1991). Not guilty of murder by reason of paroxysmal insanity: The “mad” doctor vs. “common-sense” doctors in an 1865 trial. *Psychiatry Quarterly, 62*(1), 51–66.

Squire, L. R., & Slater, P. C. (1978). Bilateral and unilateral etch: effects on verbal and nonverbal memory. *American Journal of Psychiatry*, *135*, 1316–1320.

Stanford, M. S., Houston, R. J., Mathias, C. W., Villemarette-Pittman, N. R., Helfritz, L. E., & Conklin, S. M. (2003). Characterizing aggressive behavior. *Assessment, 10*(2), 183–190.

Strauss, E., Sherman, E. M. S., & Spreen, O. (2006). *A compendium of neuropsychological tests – administration, norms and commentary* (3rd ed.). Oxford: Oxford University Press.

Strauss, S. A. (1995). Nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid as verweer in die Strafreg: ‘n Nuwe uitdaging vir deskundige mediese getuies. *South African Practice Management, 16(*4*),* 14–34*.*

Struwig, A. (2006). *‘n Kritiese beskouing van die Keirsey model (vir karakter- en temperamentstipering) vanuit ‘n ekometriese perspektief, in Suid-Afrika.* Ongepubliseerde Magisterverhandeling. Universiteit van Johannesburg, Johannesburg.

Suh, D. H., Chung, S. J., Sohn, C. H., Kim, W. S., Koh, S. H., Hahm, B. J., Cho, S. J., Kim, Y. K., Lee, S. (2001). Factors predicting residivism in six months after release among arrested delinquent adolescents. *Journal of Korean Neuropsychiatric Association, 40* (3), 436-476.

Sunderland, T. (1997). *Trends in violence and aggression*. Paper presented at the 150th Annual Meeting of the American Psychiatric Association. May, Pennsylvania.

Sutherland, E. H., & Cressey, D. R. (1990). *Criminology* (8th ed.). Philadelphia: J.B. Lippincott.

Swart, E., & Pettipher, R. (2005). Family and community partnerships. In E. Landsberg (Ed.), *Addressing barriers to learning: A South African perspective* (pp. 3–23). Pretoria: Van Schaik.

Swart, E., & Phasa, T. (2005). Family and community. In E. Landsberg (Ed.), *Addressing Barriers to learning. A South African Perspective* (pp. 213–236). Pretoria: Van Schaik.

Swartz, J. A., & Lurigio, A. J. (1999). Psychiatric illness and comorbidity among adult jail detainees in drug treatment. *Psychiatric Services*, *50,* 1628–1630.

Swartz, J., & Lurigio, A. (2004). Psychiatric diagnosis, substance use and dependence, and arrests among former recipients of supplemental security income for drug abuse and alcoholism. *Journal of Offender Rehabilitation, 39*(2), 19–38.

Tangney, J. P., Baumeister, R. F., & Boone, A. L. (2004). High self-control predicts good adjustment, less pathology, better grades, and interpersonal success. *Journal of Personality*, *72*, 271–322.

Taylor, I., Walton, P., & Young, J. (1973). *The new criminology*. New York: Harper & Row.

Thomas, E. J. (1981). Development research: A model for intervention innovation. In R. M. Grinnell (Ed.), *Social work research and evaluation* (pp. 590–605). Itasca: F.E. Peacock.

Thomas, E. J., & Rothman, J. (1994). An integrative perspective on intervention research. In J. Rothman & E. J. Thomas (Eds.), *Intervention research: Design and development for human service* (pp. 3–20). New York: The Haworth Press.

Thomson, J. D. S. (2004). A murderous legacy: Coloured homicide trends in South Africa. *Crime Quarterly*, 7. Retrieved August 26, 2011, from http://www.iss.co.za/pubs/CrimeQ/No.7/Thomson.htm

Tshiwula, L. (1998). *Crime and delinquency*. Pretoria: Kagiso.

Turvey, B. E. (2008*). Criminal profiling: An introduction to behavioral evidence analysis* (3rd ed.). Oxford: Elsevier Academic Press.

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. (1995). *Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk.* Kaapstad: CTP Book Printers.

Van der Westhuizen, J. (1982). Algemene aard en voorkoms van geweldsmisdade. In J. van der Westhuizen (Red.), *Geweldsmisdaad in Suid-Afrika* (pp. 9–52). Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Van Rensburg, E. (2001). *Die ontwikkeling van ‘n sielkundige spanbenadering vir die bepaling van beheer, toesig en toegang by egskeidingsdispute*. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Van Rensburg, H. C. J. (1975). *Mediese sosiologie vir verpleegsters*. Pretoria: Academia.

Van Rensburg, P. H. J. J., & Verschoor, T. (1989). Medies-geregtelike aspekte van amnesie. *Tydskrif vir Regswetenskap, 142*(2), 40–55.

Vendemia, J. M. C., Caine, K. E., & Evans, J. R. (2006). Quantitative EEG findings in convicted murderers. *Journal of Neurotherapy, 9*(3), 5–29.

Verster, B. (2009). *’n Gestaltterapeutiese intervensieplan wat gerig is op die kind met ATHV en sy steunstelsels*. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Vivier, Y. (2009). *’n Ouerbegeleidingsprogram vir ouers van ‘n kleuter met gesigsgestremdheid*. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Vold, G. B. (1979). *Theoretical criminology*. Oxford: University Press.

Von Bertalanffy, L. (1950). An outline of general systems theory. *British Journal of Philosophy of Science*, *1*, 134–164.

Von Bertalanffy, L. (1971). *General systems theory*. London: Penguin Press.

Vorster, W. S. (Ed.). (1985). *Views on violence: Proceedings of the ninth symposium of the Institute for Theological Research.* Pretoria: University of South Africa.

Walker, J. S., & Bright, J. (2009). False inflated self-esteem and violence: A systematic review and cognitive model. *Journal of Forensic Psychiatry and Psychology*, *20*(1), 1–32.

Ward, T., Gannon, T., & Vess, J. (2009). Human rights, ethical principles, and standards in forensic psychology. *International Journal of Offender Therapy and Comparative Criminology*, *1*(53), 126–144.

Watkins, C. E., Campbell, V. L., Nieberding, R., & Hallmark, R. (1995). Contemporary practice of psychological assessment by clinical psychologists. *Professional Psychology: Research and Practice, 26*, 54–60.

Weiss, G. (1990). Hyperactivity in childhood. *New England Journal of Medicine, 323,* 1413–1415.

Weiss, R. D., Lamberti, J., & Blackburn, N. (1960). The sudden murderers. *Archives of General Psychiatry, 2*, 670–678.

White Paper for Social Welfare. (1997). Pretoria: Government Printer.

White, D. (2001). Emergency psychiatry. In B. Robertson, C. Allwood, & C. Gagiano (Eds.), *Textbook of psychiatry for Southern Africa* (pp. 372–396). Oxford: University Press.

White, J., Day, A., & Hackett, L. (2007). *Writing reports for court: a practical guide for psychologists working in forensic contexts*. Brisbane: Australian Academic Press.

Whitlock, M., Feix, J., Barnes, L. S., Gerdes, J., Santina, R., & Trageser, B. (2010). *Tennessee Department of Mental Health and Developmental Disabilities: Forensic Evaluator Training Manual*. (14th ed.). Tennessee: Cordell Hull.

Williams III, F. P., & McShane, M. D. (1994). *Criminological theory* (2nd ed.). Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall.

Wolfgang, M. E., & Ferracuti, F. (1967). *The subculture of violence: Towards an integrated theory in criminology.* London: Tavistock.

Wood, P. B., Gove, W. R., & Cochran, J. K. (2009). Motivations for violent crime among incarcerated adults: A consideration of reinforcement processes. Retrieved October 12, 2010, from http://www.doc.state.ok.us/offenders/ocjrc/94/940650G.htm

World Health Organization. (1992). *ICD-10 Classification of mental and behavioural disorders: Clinical descriptions and diagnostic guidelines.* Geneva.

Yellowleer, D., & Edin, M. D. (1876). The plea of insanity in cases of murder: The case of Tierney. *Journal of Mental Science*, *21*, 551–566.

Zapf, P. A., & Viljoen, J. D. (2003). Issues and considerations regarding the use of assessment instruments in the evaluation of competency to stand trial. *Behavior Science and the Law, 21,* 351–367.

Zimmerman, B. J. (2000). Attaining self-regulation: A social cognitive perspective. In M. Boekaerts, P. R. Pintrich, & M. Zeidner (Eds.). *Handbook of Self-Regulation*. (pp. 13–35). San Diego: Academic Press.

Zillmer, E. A. (2003). Introduction to a special issue on psychological and neuropsychological assessment in the forensic setting: Art or science? *Assessment, 10*, 318–320.

Ziskin, J., & Faust, D. (1995). *Coping with psychiatric and psychological testimonies, Vol. 1-3* (4th ed.). Beverly Hills: Law and Psychology.